COLLEGIUM-REEKS

NUWE TAALBOEK

VIR

STANDERDS VII en VIII

DEUR

F. V. LATEGAN

EN

M. C. BOTHA

SKB
439.368
LAT

NUWE TAALBOEK

VIR

STANDERDS VII en VIII

DEUR

F. V. LATEGAN, M.A.

EN

M. C. BOTHA, B.A.

(Dosente aan die Pretoriase Tegniese Kollege)

Drukkers en Uitgewers:
NASIONALE PERS BPK.
Bloemfontein, Kaapstad en Port Elizabeth
1948

REDAKSIE VAN DIE COLLEGIUM-REEKS.

Dr. J. J. Liebenberg, B.A., Dr. Phil. (Voorsitter)
Hoof van Ambagskool, Bloemfontein.

Mnr. A. Geldenhuys, Lektor in Handel,
Kaapse Tegniese Kollege.

Mnr. F. V. Lategan, M.A., Lektor in Afrikaans,
Pretoriase Tegniese Kollege.

Mnr. N. H. Theunissen, B.A., B.Com., Lektor in Afrikaans en Handel,
Witwatersrandse Tegniese Kollege.

Mnr. T. H. van Reenen, B.Sc., (Eng.), (Sekretaris), Lektor in Tegnologie,
Vrystaatse Tegniese Kollege.

BOEKE WAT REEDS GEPUBLISEER IS ONDER HIERDIE REEKS.

No. 1 HANDELSPRAKTYK — A. J. van Rooyen en H. J. Labuscagne (Tweede Druk).

No. 2 PRAKTIESE TIKSKRIF — A. Geldenhuys en Elfrieda Woollacott.

No. 3 PRACTICAL TYPEWRITING — A. Geldenhuys and Elfrieda Woollacott.

No. 4 COMMERCIAL PRACTICE — A. J. van Rooyen and H. J. Labuscagne.

No. 5 TEKENE VIR P.T.S. — T. H. van Reenen.

No. 6 DRAWING FOR P.T.C. — T. H. van Reenen.

No. 7 WISKUNDE VIR P.T.S. — J. J. Eksteen.

No. 8 AN ELEMENTARY COURSE IN SCIENCE I — J. D. Beyers.

No. 9 ENGLISH NATIONAL STD. VI CERTIFICATE — G. Starker and G. van Zyl.

No. 10 SNELTIKOEFENINGE — A. Geldenhuys en Alma von Rapacki Warnia.

No. 11 ENGLISH NATIONAL STD. VII AND VIII CERTIFICATES — H. Hofmeyer.

No. 12 'N ELEMENTÊRE KURSUS IN WETENSKAP I — J. D. Beyers.

No. 13 MASJIENTEKENE — T. H. van Reenen.

No. 14 ENGINEERING DRAWING — T. H. van Reenen.

No. 15 REKENKUNDE- EN MEETKUNDE-TOETSE VIR P.T.S. — L. G. Pike en J. R. Potgieter.

No. 16 ARITHMETIC AND MENSURATION TESTS FOR P.T.C. — J. R. Potgieter and L. G. Pike.

No. 17 ARITHMETIC FOR TECHNICAL AND COMMERCIAL STD. VI — J. Durie.

No. 18 MATHEMATICS FOR P.T.C. — J. J. Eksteen.

No. 19 TYPEWRITING SPEED EXERCISES — Alma von Rapacki Warnia and A. Geldenhuys.

DIE COLLEGIUM-REEKS

Met die Collegium-reeks beoog die redaksie en uitgewers die daarstelling van geskikte leerboeke vir die vakke waarin aan die vakinrigtings van ons land onderrig gegee word. Hierdie beroepsonderwys omvat tegniese Kolleges, Industriële-, handels-, ambag-, huishoud- en landbouskole.

Dat daar op dié gebied 'n behoefte aan doeltreffende handleidings en hulpboeke bestaan, ly geen twyfel nie. Ons belewe 'n nuwe fase in die ontwikkeling van ons volkslewe — sy ekonomiese bewuswording en gevolglike toetreding tot die nywerheids- en handelswêreld. Hierdie ontwikkeling word weerspieël in die groei en toenemende belangrikheid van die inrigtings vir spesiale opleiding en in die jaarlikse aanwassing van die getalle kandidate wat reeds met hul tienduisende aan die tegniese- en handelseksamens deelneem. Suksesvolle toetreding tot nuwe terreine wat die nywerheid en die handel bied, vereis deeglike opleiding, wat weer op sy beurt doeltreffende hulpmiddels vra — goeie leerboeke in eie taal en wat by ons landsomstandighede pas.

Hierdie behoefte laat hom veral geld ten opsigte van leerboeke in die Afrikaanse taal wat gaandeweg ook in die gespesialiseerde vakke sy regmatige plek as voertaal opeis.

Die Redaksie van die Collegium-reeks stel hom dus ten doel om deeglike leerboeke, taalkundig goed versorg vir die verskillende vakke wat in die vakinrigtings geleer word in albei landstale uit te gee. In die uitgee van die boeke streef die uitgewers daarna om deeglikheid van uitvoering met goedkoopte te paar.

Die Redaksie en die uitgewers is daarvan bewus dat hulle 'n veeleisende taak onderneem, maar hulle aanvaar dit in die wete dat hulle in die uitvoering daarvan 'n volksdiens verrig.

Namens die Redaksie.

VOORWOORD

Hierdie taalboek omvat die werk (letterkunde uitgeslote) van Standerds VII en VIII, hoër en laer graad, soos voorgeskryf deur die Unie-onderwysdepartement, die provinsiale onderwysdepartemente en die Universiteit van Suid-Afrika. Die boek wil in die eerste plek aan 'n sterk gevoelde behoefte aan inrigtings onder die Unie-onderwysdepartement voldoen.

Die verskil in die ontwikkelingspeil van leerlinge, asook die verskil in onderwystoestande maak dit onwenslik om die leerstof en oefeninge vir elke kursus te probeer afbaken. Die materiaal word dus soort by soort onder hoofstukke gerangskik en hierdie rangskikking is in 'n groot mate toevallig. Daar is na omvattendheid en verskeidenheid gestreef en, waar dit moontlik is, na 'n geleidelike opklimmende voortgang. Dit bly die taak van die onderwyser om, ooreenkomstig sy persoonlike voorkeur en plaaslike behoeftes of omstandighede, die voortgang by die behandeling van die stof te bepaal en die stof na gelang van die vordering en ontwikkelingspeil van die leerlinge tussen die verskillende kursusse en grade te verdeel.

Hoewel hierdie werk in baie opsigte leiding wil gee, word uitgegaan van die veronderstelling dat die onderwyser 'n aktiewe medewerker is en dat hy moet aanvul waar die boek gesigspunte slegs na vore bring.

Graag wil ons mej. A. F. van Wyk en mnr. W. L. du Plessis van die Pretoriase Tegniese Kollege vir waardevolle hulp en advies bedank.

Wenke en kritiek in verband met hierdie werkie sal deur die skrywers verwelkom word.

F. V. Lategan,
M. C. Botha.

Pretoriase Tegniese Kollege,
Januarie 1943.

INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk		*Bladsy*
1	DIE REDEDELE	8
2	DIE ENKELVOUDIGE SIN	13
3	DIE SAMEGESTELDE SIN	19
4	WOORDORDE EN VOEGWOORDE. (A. Die enk. sin (en hoofsin). B. Voegwoorde by hoofsinne en bysinne)	31
5	SPELLING (en afkortings)	46
6	LEESTEKENS	54
7	STELWERK: *die sin en die paragraaf.* (Beskrywing van voorwerpe, plekke, hoe om iets te doen en waargenome handelinge)	63
8	STELWERK: *die paragraaf* (vervolg). (Skilderende woorde; beskrywing van plekke; kontrasparagrawe)	75
9	STELWERK: *paragrafering* (*bouplan*) *en gesprekke.* (Beskrywing van persone; gesprekke; beskrywing van 'n natuurgebeure)	81
10	STELWERK: *die verhaal* (*of storie*). ('n verhaal, persoonlike ondervinding, verbeeldingsverhaal)	89
11	STELWERK: *die opstel.* (Bou: inleiding, liggaam, slot)	100
12	STELWERK: *die brief.* (Omgangsbriewe en sakebriewe)	109
13	STELWERK: *Telegramme, uitnodigings, passe, getuigskrifte, advertensies, kennisgewings, agendas, notule, programme, beriggies, vorms, besprekinge*	123
14	DIE SELFSTANDIGE NAAMWOORD. (Getal, geslag, verkleinwoorde, soorte snwe.)	136
15	DIE WERKWOORD: (Tye, soorte wwe., vorm, deelwoorde, te en om te)	144

Hoofstuk *Bladsy*

16 DIE BYVOEGLIKE NAAMWOORD. (Attributief en predikatief; e- verbuiging; trappe van vergelyking) 161

17 DIE BYWOORD. Soorte; die gebruik van *toe* 168

18 DIE VOORNAAMWOORD: Soorte; voorsetsel en voornaamwoord 174

19 DIE VOORSETSEL. 182

20 DIE TELWOORD 188

21 DIE LIDWOORD 191

22 WOORDVORMING. (Samestelling, afleiding) .. 193

23 WOORDBETEKENIS EN WOORDGEBRUIK (Sinonieme, antonieme, homonieme, paronieme, en ander) 202

24 WOORDESKAT (en spreeklesse) 207

25 DIE ONTKENNING 213

26 DIREKTE EN INDIREKTE REDE 216

27 IDIOME 227

28 ANGLISISMES, ENGELSE WOORDE EN VERTALING 232

29 PARAFRASE 241

30 DIE UITTREKSEL 247

HOOFSTUK 1

DIE REDEDELE

(Dele van die rede of spraak of taal.)

OEFENING 1.

Johannes staan in die môre vroeg op. **Hy** moet **eers** allerhande **klein** werkies verrig soos, onder andere, hoenders kosgee. **Nadat** hy sy **ontbyt genuttig het**, vertrek hy **dan na** sy werkplek **wat** meer as **twee** myl van die huis af is. Hy moet **hierdie** afstand **helaas** te voet aflê **want** daar is geen busdiens **nie**. Sy **tweede** suster wat naby **die** ouerhuis skoolgaan, stap dikwels **'n** entjie **met** hom saam.

In bostaande stukkie geskrewe taal of rede tref ons 'n hele paar gedagtes aan. Probeer om hulle nou eers een vir een apart te noem. Al dié gedagtes saam maak die geheel uit, naamlik 'n beskrywing van wat Johannes soggens doen. Die gedagtes word elkeen in 'n sin uitgespreek. Skryf die sinne apart neer en let daarop hoe sommige sinne met sekere woordjies aanmekaar gelas word. In elke sin is daar weer afsonderlike woorde en elke woord doen een of ander werk en help dus om saam met die ander woorde die gedagte in 'n sin uit te druk. **Johannes** is bv. die seun se naam, **staan op** sê wat hy doen, **vroeg** sê wanneer hy opstaan, **môre** is die naam, gegee aan 'n sekere tyd van die dag, ens.

Probeer nou om op dieselfde manier te verduidelik watter werk die vetgedrukte woorde hierbo verrig.

OEFENING 2.

Nog meer voorbeelde:

Japie stel die **wip** vir die **vinke**.

Die seun het 'n **begeerte** om **Wagter na Heilbron** saam te neem.

Wat is die funksie van die vetgedrukte woorde? D.w.s. watter werk doen hulle? Dit is name van dinge: **Japie** is die eie naam van 'n sekere seun, **wip** van 'n voorwerp en **vinke** van 'n soort voël. **Wagter** en **Heilbron** is weer die **eie** naam van 'n sekere hond en 'n sekere dorp, terwyl **begeerte** die

naam van 'n gevoel of gedagte is ('n abstrakte, vormlose begrip). Al die vetgedrukte woorde is dus name van iets en word **selfstandige naamwoorde** genoem.

Noem nog meer sulke snwe. op.

OEFENING 3.

Die bediende **spit** in die tuin.
Ons nuwe klasmaat **hakkel** effens.

Wat is die funksie van die vetgedrukte woorde? D.w.s. watter werk doen hulle in die sin? **Spit** sê wat die bediende doen en **hakkel** beskryf 'n toestand van die persoon. Sulke woorde wat vir ons 'n handeling of toestand beskryf is **werkwoorde.**

Noem nog 'n aantal wwe. op.

OEFENING 4.

Hy besit 'n **pragtige** plaas.
Maria is 'n **ywerige** dogter.

In hierdie sinne sê die vetgedrukte woorde vir ons meer van die snwe. **plaas** en **dogter**. Sulke woorde wat vir ons by snwe. iets byvoeg, is **byvoeglike naamwoorde.**

Noem nog 'n klompie bnwe. op.

OEFENING 5.

Die vliegtuig vlieg **vinnig.**
Die sangeres sing **baie mooi.**
Dit is 'n **buitengewoon** dik pyp.

Vinnig en **mooi** sê iets meer van die werkwoorde **vlieg** en **sing.** Woorde wat werkwoorde verder beskryf is **bywoorde. Baie** verduidelik die bywoord **mooi** en is daarom ook 'n **bywoord. Buitengewoon** beskryf weer die bnw. **dik** en is gevolglik ook 'n bywoord. 'n Bywoord sê dus iets meer van 'n werkwoord, maar ook van 'n ander bywoord en byvoeglike naamwoord.

Maak nou nog 'n paar sinne met bywoorde.

OEFENING 6.

Die mense kuier op **Jan se** plaas.
Hulle kuier op **sy** plaas.
„Het Hans so hard geskree?" „Nee!"
„**Wie** het so hard geskree?"

„Dit is **Fanie.**"

Die kruik is vol water; **die kruik** staan op my tafel.

Die kruik **wat** op my tafel staan, is vol water.

Die woorde **hulle, sy, wie,** en **wat** word almal **vir** (in plaas van) die vetgedrukte snwe. gebruik. Sulke woorde is vir-naamwoorde of **voornaamwoorde** (voor beteken vir).

Maak nou op dieselfde manier sinne met die volgende woorde om aan te toon dat hulle ook maar vnwe. is: Mekaar, 'n mens, daardie, sulke, elke, u, ek. Dink aan nog meer vnwe.

OEFENING 7.

Die seuns speel in die tuin / **maar** / die dogters werk in die huis.

Hy trek sy jas aan / **omdat** / dit baie koud is.

Ek sal jou daarmee help / **dus** / moet jy my betaal.

In hierdie drie sinne word daar in elke geval twee kort sinnetjies (afgemerk met balkies) met mekaar verbind en hulle word aaneengevoeg deur **maar, omdat** en **dus,** wat dus **voegwoorde** heet.

Skryf net soveel voegwoorde as moontlik neer en maak sinne daarmee.

OEFENING 8.

Die karperde slaap snags ..... die stal (in).

Ons nuwe prinsipaal woon ..... die skool (naby).

Die klante skuld baie geld ..... die winkelier (aan).

Hier het ons drie sinnetjies wat elkeen 'n gedagte uitdruk, maar in elke geval is daar nog 'n snw. wat ook nog iets met daardie gedagte te maak het (stal, skool, winkelier). Die woordjies **in, naby** en **aan** kan egter **voor** die snwe. gesit word en dan is alles heeltemal duidelik. Sulke woorde wat **voor** 'n snw. gesit word om daardie snw. en die res van die sin te verenig, is **voorsetsels.**

Skryf sowat 30 voorsetsels neer en gebruik hulle in sinne.

OEFENING 9.

My peetvader besit baie skape; byna **sewehonderd.**

Magdalena is **vierde** in haar klas.

Woorde wat hoeveelhede of rangplekke aandui, soos **sewehonderd** en **vierde** word **telwoorde** genoem.

Skryf 'n paar groot getalle in woorde neer.

OEFENING 10.

Die hond het **'n** haas gevang.

Hierdie twee woordjies staan altyd by snwe. en is **lidwoorde**; hulle is m.a.w. lid van die snw.

Skryf tien sinne neer en onderstreep al die lidwoorde daarin.

OEFENING 11.

Ag, die arme mense sukkel baie.

Soe, maar dit is ondraaglik warm.

Die ou man is **helaas** gister oorlede.

Alle woorde, wat soos **ag**, **soe**, **helaas** by of tussen die ander woorde gewerp word om gevoel sterk uit te druk, is **tussenwerpsels.**

Dink aan nog tussenws. en gebruik hulle in sinne.

OEFENING 12.

Benoem die rededele in:

(1) Die hoed het weer deur 'n oop venster geval.
(2) Ek wou hom reghelp, maar helaas, ek was te laat.
(3) Staan regop teen die muur sodat ek jou lengte kan meet.
(4) Daardie goeie daad is meer werd as duisend pond want dit is opreg.
(5) Die onderwyser behandel altyd die werk wat moeilik is, deeglik anders sal sy leerlinge dit nie begryp nie.
(6) Foeitog, jy kan nooit weet wat nog sal gebeur nie.
(7) Hy sal met die vroeë trein vertrek mits hy vyf-en-twintig minute vroeër uit die kantoor kan gaan.

OEFENING 13.

Sê watter soort rededele die volgende woorde is en gebruik elkeen dan in 'n sin:

Help, moed, uitstekende, dikwels, onder, 'n, niemand, stilletjies, mekaar, aangesien, besit, gou, sodat, sonder, pê, neëntiende, nul, Siberië, huiwer, smart, genugtig, lughawe, leuse, verbeter.

OEFENING 14.

EG.

(1) Die boer het 'n nuwe **eg** gekoop. (snw.)

(2) Die boere **eg** hulle lande gereeld. (ww.)
(3) Dit is 'n egte diamant / die diamant is **eg**. (bnw.)
(4) Hy praat heeltemal **eg**. (byw.)

PAS:

(1) Die bediende se **pas** is 'n dag oud. (snw.)
(2) Die hoed **pas** net mooi vir hom. (ww.)
(3) My broer het **pas** hier aangekom. (byw.)

Ons merk dat **eg** en **pas** elkeen verskillende rededele kan wees. Dit blyk uit die betekenis van elkeen in die verskillende gebruike.

Maak met die volgende woorde sinne om aan te toon dat elke woord meer as een soort rededeel kan wees en sê by elke sin watter rededeel die woord daar is:

Loop, deur, eer, slag, sny, wag, merk, rus, kort, steel, las, voor, moor, rol, lui, hoop, laag, sak, sy, skei, knyp, rou, as, toe, nou, balk, meer, kraai, wip, ryk, trou, stoel, kou, vee, korrel, erg.

OEFENING 15.

Kan jy self aan nog meer sulke woorde dink? Skryf nog vyf sulkes neer.

OEFENING 16.

Die gids loop **voor** die besoekers.

Net soos in oef. 8 hierbo sien ons dat **voor hier 'n voorsetsel** is omdat dit voor die snw. besoekers gesit is om dit met die werkwoorddeel van die sin te verenig en alles duidelik te laat wees.

Die lykswa ry **voor**. Die gids loop **voor**.

Net soos by oef. 5 is **voor** in hierdie twee sinne weer **bywoorde** omdat dit meer van die ww. sê. MAAR in:

Die lykswa ry **voor** die motors,

is **voor** 'n voorsetsel nè? Verduidelik dit.

Gebruik nou hierdie woordjies op dieselfde manier as bywoorde en voorsetsels en sê elke slag wat dit is:

Agter, oor, onder, uit, teenaan, deur, om, deuskant, anderkant, langsaam, by, oorkant.

OEFENING 17.

Maak verskillende sinne met onderstaande woorde waarin hulle elke keer dié funksie vervul wat met die genoemde rededeel ooreenstem:

Reguit: byw., bnw.; Troos: snw., ww.; Lei: ww., snw.; Tog: snw., byw., voegw.; Pers: ww., snw., byw., bnw.; Sy: snw., voornw.; Lig: snw., byw., bnw., ww.; Daar: byw., voegw.; Ag: snw., tussenw., telw., ww.; Jong: snw., bnw., ww.; Dooi: bnw., ww.; Trou: snw., ww., byw., bnw; Vlug: snw., ww., byw., bnw.; Vlot: snw., ww., byw; Pootjie: snw., ww.

HOOFSTUK 2

DIE ENKELVOUDIGE SIN

Ons moet loop. Netnou begin die skool. Waar bly Piet? Piet, kom gou!

Hier is 'n stukkie mensetaal (Afrikaans) wat deur 'n seun gepraat is. Dit bestaan uit klanke (wat mens met jou mond uitspreek en as jy skryf, met skryftekens (letters) voorstel). Die drie klanke **o-n-s** saam beteken iets. So 'n **groep klanke met betekenis**, is 'n **woord**. M-oe-t, l-oo-p, n-e-t-n-ou is woorde.

Die drie woorde **Ons moet loop** druk tesame 'n gedagte uit. So 'n **gedagte in woorde uitgedruk**, is **'n sin**. Hierbo het die seun **vier** gedagtes uitgespreek. Hy het vier sinne gebruik. Ons verstaan elkeen van die vier sinne omdat die seun sy woorde so ingespan het dat hulle 'n gedagte uitdruk. **Moet loop ons** is onverstaanbaar. As die woorde só ingespan word, druk hulle nie 'n gedagte uit nie. **Moet loop ons** is nie 'n sin nie maar **onsin**.

As ons gedagtes verstaanbaar in woorde wil uitdruk, moet ons dus leer **hoe** ons die woorde moet inspan.

'n Gedagte kan op verskillende maniere uitgedruk word:

(1) Jan skryf 'n brief — 'n **Mededeling** (sê iets).
(2) Skryf Jan 'n brief? — 'n **Vraag**.
(3) Jan, skryf (dadelik) 'n brief! — 'n **Bevel**.
(4) Mag Jan (tog) 'n brief skryf! — 'n **Wens**.
(5) Daar skryf Jan 'n brief! — 'n **Uitroep**.

OEFENING 1.

1. Druk tien gedagtes in die vorm van 'n **mededeling** in woorde uit.

2. Skryf tien gedagtes in die vorm van 'n **vraag** neer.
3. Tien gedagtes in die vorm van 'n **bevel.**
4. Tien gedagtes in die vorm van 'n **wens.**
5. Tien gedagtes in die vorm van 'n **uitroep.**

Ontleding van die enkelvoudige sin.

Laat ons nou kyk uit watter dele 'n volledige gedagte (sin) bestaan, deur die sin uitmekaar te maak (te ontleed).

Hier is 'n baie eenvoudige sin: Jan skryf.

Hierdie sin bevat: (1) 'n **Onderwerp** (**Jan**), waaroor iets gesê word. Voor jy iets kan sê of 'n opstel kan skryf, moet jy tog eers 'n ding (onderwerp) hê om oor te praat: (2) 'n **Gesegde** (**skryf**) wat iets oor die **onderwerp** (Jan) sê.

'n Sin bestaan dus uit:

(1) 'n **Onderwerp**, d.w.s. 'n ding waaroor jy iets kan sê.
(2) 'n **Gesegde**, d.w.s. wat jy oor die onderwerp sê.

Kyk na hierdie sin:

Al die skape van my pa loop in die boonste kamp. Waarvan word gepraat? Van **Al die skape van my pa** (onderwerp). Wat word daarvan gesê? Hulle **loop in die boonste kamp** (gesegde).

'n Volledige gedagte bestaan dus uit minstens 'n onderwerp en 'n gesegde. So 'n sin met één gesegde en onderwerp noem ons 'n **enkelvoudige sin.**

Groepe woorde soos **by die see, singende kinders, vroeg in die môre, in ons tuin, om te eet**, druk nie 'n volledige gedagte uit nie. Hulle bevat nie 'n onderwerp en gesegde nie, maar is stukkies van sinne, d.w.s. **sinsnedes** of **frases.**

OPMERKING.

Soms word die **onderwerp** nie in die sin genoem nie soos in: „Loop!" Die onderwerp **jy** of **julle** of **u** word verswyg maar is tog in die gedagte van die spreker: „Loop (**jy, julle** of **u**)!"

(3) Die **gesegde** sê baiemaal wat die **onderwerp** doen: **Jan staan.** Nou kan daar in die sin ook nog iets wees ('n persoon of ding) wat direk betrokke is by wat die onderwerp doen — wat ly onder wat die onderwerp **doen:**

Jan slaan die hond.

Ons sien **die hond** is direk betrokke by die slae wat **Jan** gee: hy ondergaan of ly die slae.

Die hond is dus die **direkte voorwerp (lydende voorwerp)** d.w.s. die „ding" (voorwerp) waarop die handeling wat die „onderwerp" verrig, oorgaan.

(4) Daar kan ook nog iemand of iets wees wat belang het by wat die „Onderwerp" doen. **Jan** kon bv. die hond geslaan het omdat sy ma dit wou hê. Sy het dus indirek ook met die handeling wat Jan uitvoer te doen:

Jan slaan die hond vir sy ma.

Sy ma is dus die **indirekte voorwerp (belanghebbende voorwerp).**

Ons het nou al die afsonderlike dele waaruit 'n sin kan bestaan:

Elke sin **moet** 'n **onderwerp** en 'n **gesegde** hê. (Een van die twee kan verswyg wees).

'n Sin kan ook 'n lydende en belanghebbende voorwerp hê.

Die sin kan egter nog verder uitgebrei word (langer gemaak word);

/**Die gehoorsame**/ Jan slaan die /**moedswillige**/ hond /**hard**/ /**met die sweep**/ vir sy /**ongeduldige**/ ma.

Ons sien:

1.	**Die gehoorsame**	is bygevoeg by die	**onderwerp** Jan
2.	**moedswillige**	is bygevoeg by die	**lydende voorwerp** hond.
3.	**ongeduldige**	is bygevoeg by die	**belanghebbende voorwerp** ma.
4.	**Hard**	is bygevoeg by die	**gesegde slaan** (sê hoe).
5.	**Met die sweep**	is bygevoeg by die	**gesegde slaan** (sê waarmee)

Ons het dus stukke by die onderwerp, direkte en indirekte voorwerp en by die gesegde aangelas. Hierdie bygevoegde gedeeltes noem ons **bepalings.**

Die bepalings wat iets van die onderwerp of voorwerpe sê, d.w.s. wat iets meer van naamwoorde sê, noem ons **byvoeglike bepalings.** (Hulle doen mos maar dieselfde werk as gewone byvoeglike naamwoorde.) Die wat iets meer van die gesegde sê (wat uit 'n werkwoord bestaan) noem **ons by-**

woordelike bepalings. (Hulle doen mos maar dieselfde werk as gewone bywoorde.)

'n Paar soorte bywoordelike bepalings:

(1) **Plek:** Die seuns swem **in die rivier.**
(2) **Tyd: Môre** sluit die skool.
(3) **Hoedanigheid:** Die seun leer **mooi.**
(4) **Middel:** Die seun ry **met 'n fiets.**
(5) **Ontkenning:** Ek sal (**nie**) gaan **nie.**
(6) **Toegewing: Ondanks (nieteenstaande) sy siekte** het hy eerste gekom.
(7) **Rede:** Hy is afwesig **weens siekte.**
(8) **Gevolg:** Hy wou nie hoor nie **tot sy spyt.**
(9) **Doel:** Hy eet **om te lewe.**
(10) **Vergelyking:** Jan werk harder **as Piet.**

WENKE:

As die leerling die volgende wenke stiptelik navolg sal hy in staat wees om enige sin sonder moeite te ontleed.

Ontleed in besonderhede:

Danster, ons ou staljong, gaan gee die twee bruin perde elke môre in die dam water.

1. **Gesegde.**
Soek eers die **gesegde** deur te vra: wat word gesê; wat vind plaas?
Antwoord: (iemand) **gaan gee** — gesegde.

2. **Onderwerp.**
Vra VOOR die **gesegde: Wie**? of **Wat**? So: **Wie (wat)** gaan gee?
Antwoord: **Danster (ons ou staljong)** — onderwerp.

3. **Direkte (lydende) voorwerp.**
Vra nou AGTER die **gesegde: Wie**? of **Wat**? So: Danster, ons ou staljong gaan gee **Wat (wie)**?
Antwoord: Water — direkte (lydende) voorwerp.

4. **Indirekte (belanghebbende) voorwerp.**
Vra AGTER die gesegde Vir of aan wie (wat)? So: Danster, ons ou staljong het water gegee **Vir Wie (Wat)**?
Antwoord: Die twee bruin perde — indirekte (belanghebbende) voorwerp.

LET WEL. — Elke keer word van al die dele **wat reeds** gevind is, gebruik gemaak om die volgende onderdeel te vind.

5. **Bepalings.**

Nou bly oor: (i) **elke môre.**

Vra: Waarvan sê dit iets?

Antwoord: Dit sê **wanneer** Danster die perde **gaan** water **gee** — Bywoordelike bepaling van tyd (by gesegde) want soos 'n gewone bywoord sê dit meer van die gesegde.

(ii) **in die dam.**

Vraag: Waarvan sê dit iets?

Antwoord: Van **gaan gee**; **waar** Danster **gaan** water **gee** — Bywoordelike bepaling van plek (by gesegde) want dit sê ook meer van die gesegde, soos 'n gewone bywoord.

Die **byvoeglike bepalings** kan nou ook van die onderwerp en indirekte voorwerp losgemaak word. Hulle sê iets van naamwoorde, soos gewone byvoeglike naamwoorde.

OPMERKING. Let op dat **ons ou staljong** by of in die plek van **Danster** gestel kan word. Ons kan **ons ou staljong** dus ook 'n **bystelling** noem. (Bystellings kan by onderwerpe en voorwerpe staan).

6. **Aanvulling of Komplement.**

'n Paar werkwoorde (veral IS, WAS, WORD) kan nie **alleen** 'n gesegde vorm nie:

Jan is is nog nie 'n sin nie. Die **is** moet **aangevul** of **„kompleet"** gemaak word, bv.

Jan is **siek.**

Siek is dus 'n aanvulling of komplement van die gesegde.

So ook, Jan word **predikant.**

Nog sulke werkwoorde wat aanvullings nodig het is: Skyn, lyk, blyk, bly, heet, vóórkom.

Die enkelvoudige sinne bestaan uit:

	Dele van Sin.	**Beskrywing van Sinsdele.**
1.	gaan gee	Gesegde.
	Danster, ons ou staljong	Onderwerp.
	(ons ou staljong)	Bystelling by die onderwerp.
	water	Direkte voorwerp.

die twee bruin perde	Indirekte voorwerp.
(die twee bruin)	Byvoeglike bepaling by indirekte voorwerp.
(i) elke môre	Bywoordelike bepaling van tyd (by gesegde).
(ii) in die dam	Bywoordelike bepaling van plek (by gesegde).
2. word predikant	Gesegde.
(predikant)	Aanvulling by gesegde.
Jan	Onderwerp.

OEFENING 1.

Ontleed die volgende sinnetjies:

1. Die kat speel. 2. Die kat vang 'n muis. 3 Ons katjie het gister 'n muis gevang. 4. Die klein katjie is geel. 5. Die spelerige katjie klim op die tafel. 6. Hy vang my pen. 7. Die vabondjie maak vir hom 'n nessie tussen my boeke. 8. Daar lê hy heerlik. 9. Op my skoot sit hy baie. 10. My vriend het my die katjie gegee. 11. Dit was 'n mooi present. 12. Die kat sal gou leer om muise te vang. 13. Die muis sal deur hom gevang word. 14. Sy kassie word elke aand in die kombuis gesit. 15. Daarin slaap die katjie lekker warm.

OEFENING 2.

Ontleed die volgende sinne. Gee eers die onderwerp en voorwerp saam met hulle bepalings. Skei dan die byvoeglike bepalings:

1. Stefaans het eindelik sy moedige stryd om die behoud van die skip laat vaar. 2. Van hierdie baanbreker-predikant gee meneer Pieterse, voorheen onderwyser in Kenia, die volgende karakterskets. 3. Aan die oorkant was daar 'n glasdeur met rooi, geel, en blou glasruitjies. 4. Ek het 'n vergeefse poging aangewend om met die oumense 'n geselsie aan te knoop. 5. In die middel van die kamer was daar 'n groot geelhouttafel met gedraaide stinkhoutpote. 6. Ek het dadelik voor die traagbrandende vuurtjie gaan staan om my 'n bietjie te verwarm. 7. Mnr. van Graan, u sal seker eers u hande wil was? 8. Weer het ek 'n vlugtige blik na die donker

ding gewerp. 9. Die neus van die vliegtuig, van pleksieglas gemaak, word stewig aan die romp vasgeskroef. 10. Berge val op my! 11. „Toe, toe Neef, maak oop die hek!" 12. Sou hy dan dalk afgeval het? 13. Rustige nag! 14. Met 'n verskrikte piepgeluid het hy oor die vloer geskarrel en agter die klerekas verdwyn. 15. Wat anders onder die omstandighede kon ek doen?

OEFENING 3.

Bou **vyftien** enkelvoudige sinne en ontleed hulle.

OEFENING 4.

Skryf **vyf** vraag-sinne, **vyf** bevel-sinne en **vyf** wens-sinne neer en ontleed hulle.

HOOFSTUK 3

DIE SAMEGESTELDE SIN

1. Dit is droog. Die skape is nog vet.
2. A. Dit is droog maar die skape is nog vet.

In 1 het ons twee enkelvoudige sinne.

In 2 het ons 'n **samegestelde sin, saamgestel** uit die twee enkelvoudige sinne.

1. **Dr. Malherbe,** /die eerste professor in Afrikaans/ het onlangs afgetree.
2. B. **Dr. Malherbe,** /wat die eerste professor in Afrikaans was/, het onlangs afgetree.

Ons kan ook 'n **samegestelde** sin bou of maak deur een van die dele van die enkelvoudige sin (nl. die onderwerp, of voorwerp, of gesegde, of byvoeglike bepaling of bywoordelike bepaling) in 'n sin met sy eie gesegde te verander, soos in die voorafgaande twee voorbeelde.

Die byvoeglike bepaling by die onderwerp **dr. Malherbe** in 1 het in 2 'n byvoeglike **sin** (met eie gesegde) verander. Sin 2 **het nou meer as een gesegde en is dus 'n samegestelde sin.**

Daar is egter 'n groot verskil tussen die samegestelde sinne 2A en 2B.

Kyk eers na 2B.

Die gedeelte van die ou sin wat nou self in 'n sin verander is **(wat die eerste professor in Afrikaans was)** het afsonderlik, los van die ou sin of **hoofsin**, geen betekenis nie. Dit kan nie alleen staan nie, maar is afhanklik van of ondergeskik aan die hoofsin en dus **onderskikkend** daarmee verbind. Dit is 'n **bysin by** die hoofsin.

Kyk nou na 2A.

2A is gevorm uit twee aparte enkelvoudige sinne. In die samegestelde sinne staan die twee sinne langs of **newens** mekaar: elkeen druk 'n volledige gedagte uit en kan dus alleen staan. Hulle is in die samegestelde sin eenvoudig langs mekaar gerangskik (of **newe** mekaar **geskik**). In 2A is die tweede sin (ook 'n hoofsin) dus **neweskikkend** met die eerste hoofsin verbind.

In 'n samegestelde sin kan dus **enkelvoudige sinne (hoofsinne)** met mekaar verbind wees en ons praat dan van **neweskikkende sinsverband**; of bysinne kan met die hoofsin verbind wees: **Onderskikkende sinsverband.**

1. NEWESKIKKENDE SINSVERBAND.

Om hoofsinne met mekaar te verbind, gebruik ons die volgende suiwer voegwoorde: en, maar en dog, want (of).

(1) Die son skyn warm /en/ die voëls sing lekker.
(2) Die son skyn warm /maar/ die voëls sing nie.
(3) Die voëls sing vrolik /want/ die son skyn lekker.

Die voegwoord kan ook weggelaat word. Dan word daar gewoonlik 'n kommapunt tussen die sinne gebruik (die kommapunt word gebruik om hoofsinne te skei):

(1) Die son skyn warm; die voëls sing lekker.
(2) Die son skyn warm; die voëls sing nie.
(3) Die voëls sing vrolik; die son skyn lekker.

'n Bywoord kan ook gebruik word om die tweede hoofsin met die eerste te verbind:

Die kinders eet eers hulle brood; **daarna** drink hulle hulle koffie.

Die bywoord hoef nie aan die begin van die tweede hoofsin te staan nie. Hy kan op sy gewone plek staan:

Die kinders eet eers hulle brood; hulle drink daarna hulle koffie.

Nog 'n paar voorbeelde van newensgeskikte sinsverband:

(1) Die skoolkinders het op hulle toer baie gesien; ook het hulle baie geleer (hulle het ook baie geleer).
(2) Eers het ons vuurgemaak; daarna (toe) het ons die vleis gebraai.
(3) Piet was lank siek; nogtans het hy in sy eksamen geslaag.

2. ONDERGESKIKTE SINSVERBAND:

Om 'n samegestelde sin te vorm, kan enigeen van die vyf onderdele waaruit 'n enkelvoudige sin bestaan, tot 'n sin met sy eie gesegde uitgebrei word. Let op die volgende:

1. **Byvoeglike bepaling word uitgebrei tot byvoeglike bysin.**

byvoeglike bepaling
Die /*geliefde*/ president het in ballingskap gesterf.
byvoeglike bysin
Die president /*wat deur almal bemin is*/, het in ballingskap gesterf.

2. **Bywoordelike bepaling uitgebrei tot bywoordelike bysin.**

Bywoordelike bepaling
/*Met dagbreek*/ **vertrek ons:**
Bywoordelike bysin hoofsin
/*As die dag breek,*/ /vertrek ons/

In elkeen van bostaande gevalle het ons 'n deel van die ou hoofsin uitgebrei tot 'n bysin (wat dus nog van die hoofsin afhanklik is.)

3. **Onderwerp uitgebrei tot onderwerpsin.**

Onderwerp
(*Dit*)
/*Die verhaal*/ is waar.
Onderwerpsin hoofsin
Dat hy 'n leeu geskiet het, is waar.

4. **Voorwerp uitgebrei tot voorwerpsin.**

voorwerp
Ek sê /*dit*/
(*iets*)
Hoofsin voorwerpsin
Ek sê *dat hy in die stad is*

5. Aanvulling (komplement) van 'n gesegde uitgebrei tot 'n komplementsin (of gesegdesin).

	Komplement.
Jan word	*predikant*
Hoofsin	Komplementsin
Jan word	*wat hy altyd wou wees*

Daar is dus **vyf** soorte bysinne:

1. **'n Byvoeglike bysin** is 'n bysin wat iets meer vertel van 'n **naamwoord** in die hoofsin. (Dit bepaal 'n **naamwoord** in die hoofsin).
   (*a*) Die **man** */wat my pa se plaas gekoop het/*, kom van Krugersdorp.
   (*b*) Die **man** */aan wie my pa sy plaas verkoop het/*, kom van Krugersdorp.
   (*c*) Die **man** */wie se plaas ons gekoop het/*, het in die dorp gaan woon.
   (*d*) Ons staan op die **plek** */waar die slag van Bloedrivier plaasgevind het/*.

   OPMERKING. 'n Byvoeglike bysin staan altyd onmiddellik agter 'n **naamwoord**. 'n Mens kan dus maklik 'n bywoordelike bysin (wat agter 'n gesegde staan) in 'n byvoeglike bysin verander deur 'n **naamwoord** net voor die sin in te skuif:
   (1) Ons **kom** */wanneer julle ons nie verwag nie/. Wanneer julle ons nie verwag nie* is 'n *bywoordelike bysin* wat die werkwoord **kom** bepaal.
   (2) Ons kom die **dag** */wanneer julle ons nie verwag nie/. Wanneer julle ons nie verwag nie* is 'n *byvoeglike bysin* omdat dit nou **dag** ('n naamwoord) bepaal.

2. **'n Bywoordelike bysin** is 'n bysin wat iets meer vertel van die **gesegde** van die hoofsin. (Dit bepaal die **gesegde** van die hoofsin).
   Voorbeelde van die belangrikste soorte bywoordelike bysinne:
   (*a*) Van **hoedanigheid:** Hy **werk** */dat die sweet hom aftap./* (*/asof hy alles in een dag wil klaarmaak/.*)
   (*b*) Van **plek:** Ons **staan** */waar die slag van Bloedrivier plaasgevind het./*
   (*c*) Van **tyd:** */As* (*sodra*) *die son opkom/* **moet** ons **vertrek.**

(*d*) Van **rede (of oorsaak):** Ek **vertrek vroeg** */omdat ek voor donker op die plaas wil wees./*

(*e*) Van **doel:** Ek **vertrek vroeg** */opdat (sodat) ek voor donker op die plaas kan wees./*

(*f*) Van **toegewing:** */Alhoewel ons spelers lig was,/* **het** ons **gewen.**

(*g*) Van **voorwaarde:** Ons **gaan** môre **skiet** */as dit nie reent nie./*

Ons **gaan** môre **skiet** */mits dit nie reent nie./*

(*h*) Van **graad:** Hy *was* **so** *moeg /dat hy nie 'n tree verder kon loop nie./*

(*i*) Van **vergelyking:** Hy **eet** meer */as wat hy afskil./*

(*j*) Van **gevolg:** Dit **het** baie **gereent** */sodat die riviere almal vol was./*

OEFENING 1.

Ontleed in sinne:

1. Dit is die winkel wat afgebrand het. 2. Die winkel wat afgebrand het, is weer opgebou. 3. Die winkel waarby ons koop, het afgebrand. 4. Die winkelier by wie ons koop, se winkel het afgebrand. 5. Die man wie se winkel afgebrand het, ken ons goed. 6. Dit is die winkel waar ons koop. 7. Die stoel waarop jy sit, is deur my oupa gemaak. 8. My vader is gebore in die jaar toe die Eerste Vryheidsoorlog uitgebreek het. 9. Die plek waar die motor afgeval het, word met 'n kruis aangetoon. 10. Hier is die boek waarvan ek jou vertel het.

OEFENING 2.

Soos die vorige:

1. Ons woon waar die groot kafferbome groei. 2. Ons het daar aangekom toe die son net wou ondergaan. 3. Almal was baie moeg omdat die reis lank was. 4. Alhoewel die huisgesin moeg was, het hul nog lank voor die vuur gesit en gesels. 5. Die perskestompe het so lekker in die outydse haard gebrand dat niemand wou gaan slaap nie. 6. Dit het naderhand gelyk asof die klompie hul vermoeienis vergeet het. 7. Andries wou selfs 'n ribbetjie braai as ma dit sou toelaat. 8. Naderhand het die stomp begin uitbrand sodat dit nie meer so lekker was nie. 9. Die huisgenote het gaan slaap

sodat hulle die volgende môre weer vroeg op die been kon wees. 10. Die mense was moeër as wat hulle gemeen het.

3. **'n Onderwerpsin** is 'n bysin wat die onderwerp van die hoofsin is.
   (*a*) **Dat hy 'n flukse seun is,** is seker.
   (*b*) **„Eendrag maak mag"** was die Transvaal se leuse.
   (*c*) Dit is onseker **of hy vandag kom.**
4. 'n **Voorwerpsin** is 'n bysin wat die voorwerp is van die hoofsin.
   (*a*) Ek weet **wat ek nou moet doen.**
   (*b*) Pa vra **waar julle die olie bêre. Dat dit 'n goeie motor is,** kan ek sien.
   (*c*) Oom Karel het gesê: **„Ons kom vir julle kuier."**
5. 'n **Gesegdesin** is 'n bysin wat die aanvulling of komplement van die hoofsin is.
   (*a*) Die man is **wat hy voorgee om te wees.**
   (*b*) Dit skyn **dat hy die waarheid gepraat het.**

   Gesegdesinne voltooi die volgende gesegdes van die hoofsin:

   Is (was), word, skyn, lyk, blyk, bly, heet, voorkom.

(Laasgenoemde drie soorte bysinne word ook **naamwoordelike of selfstandige** bysinne genoem want hulle staan in die plek van naamwoorde.)

WENKE BY DIE ONTLEDING VAN 'N SAMEGESTELDE SIN:

1. Lees die sin noukeurig oor en skryf alle versweë **gedeeltes** in, bv. **Jan werk harder as Piet** (werk).
2. Onderstreep al die **gesegdes**. Die aantal gesegdes gee die aantal hoofsinne en bysinne waaruit die samegestelde sin bestaan.
3. Kyk nou watter **stukke** van die sin **by elke gesegde** behoort. Voegwoorde en leestekens sal jou hier help. 'n Bysin begin gewoonlik met 'n voegwoord. Trek hakies om die verskillende hoof- en bysinne wat jy so van mekaar af losgemaak het (of onderstreep hulle met verskillende soorte strepe).

   (**Toe** ons by die drif *kom*,) (*wou* ons dadelik *deurry*) (**maar** ons *merk* toe) (**dat** die bakenklip, /wat die diepte van die water *aantoon*,/ byna heeltemal toe *is*.)

4. Soek nou eerste die **hoofsin** (of hoofsinne) uit.
   (*a*) Die hoofsin druk die hoofgedagte uit en kan alleen staan.
   (*b*) Hy begin gewoonlik nie met 'n voegwoord nie, want hy is die oorspronklike ou sin en dis die **bysinne** wat met voegwoorde aan hom vasgemaak word.
   (*c*) Die voegwoorde **en, maar, dog, want** verbind altyd 'n hoofsin met 'n vorige hoofsin.
   (*d*) As die gesegde **nie** aan die end van die sin staan nie, is dit 'n hoofsin. (Die gesegdes van bysinne behalwe na **al**, staan altyd aan die end van die sin.)
   (*e*) Die kommapunt (;) word gebruik om hoofsinne te skei.

   In bostaande samegestelde sin, is **wou ons dadelik deurry** die hoofsin. (Dit begin nie met 'n voegwoord nie, en die gesegde staan **nie** aan die end van die sin nie.)
   Daarmee is 'n tweede hoofsin deur middel van **maar** verbind, nl. **maar ons merk toe.**

5. Nou moet ons kyk in watter **verband** die bysin(ne) met die hoofsin(ne) staan. Daar is net vyf moontlikhede: Die bysin kan een van die volgende wees:
   (*a*) **Die onderwerp van die hoofsin.** Vra, om uit te vind of dit die geval is: Wie (wat) **voor** die gesegde van die hoofsin. As die bysin die antwoord op hierdie vraag is, is dit die onderwerp van die hoofsin en dus 'n **Onderwerpsin.**
   (*b*) **Die voorwerp van die hoofsin.** Vra, om uit te vind of dit die geval is: Wat (wie) **agter** die gesegde van die hoofsin. As die bysin die antwoord op die vraag is, is dit die voorwerp van die hoofsin en dus 'n **voorwerpsin.**
   (*c*) **Die aanvulling van die gesegde** van die hoofsin. Kyk of die gesegde van die hoofsin **is, was, sal wees, word, skyn, lyk, blyk, bly, heet, voorkom** is. As dit die geval is, kyk dan of die bysin die aanvulling (komplement) van die gesegde van die hoofsin is. Dit is dan 'n **gesegdesin.**
   (*d*) **'n Byvoeglike bepaling** by die hoofsin (of 'n bysin). Kyk of die bysin iets meer van **'n naamwoord** in

die hoofsin (of bysin) sê. As dit die geval is, is dit **'n byvoeglike bysin.**

(*e*) **'n Bywoordelike bepaling** by die hoofsin (of 'n bysin). Kyk of die bysin iets meer van die gesegde van die hoofsin (of bysin) sê. Dit is in so 'n geval **'n bywoordelike bysin.**

Voorbeeld: Toe ons by die drif kom, wou ons dadelik deurry, maar ons merk toe dat die bakenklip wat die diepte van die water aantoon, byna heeltemal toe is.

Wat is nou die verband tussen die bysin, **Toe ons by die drif kom**, en die hoofsin, **wou ons dadelik deurry**?

Is die bysin

(*a*) Die onderwerp?

Vra: **Wie**? **(wat?)** wou dadelik deurry. Antwoord: **Ons**. Die bysin is nie 'n onderwerpsin nie, want **ons** is die onderwerp.

(*b*) Is dit die **voorwerp**?

Vra: Ons wou dadelik deurry **wat**? **(wie?)**. Die bysin gee nie die antwoord nie. Dit is dus geen voorwerp van die hoofsin en dus geen voorwerpsin nie.

(*c*) Is dit die **aanvulling**?

Nee, want die gesegde **van die hoofsin is nie is, word**, ens. nie. Dus is dit geen gesegdesin nie.

(*d*) 'n **Byvoeglike bepaling**?

Dan moet dit **ons** bepaal want dis die enigste naamwoord in die hoofsin. **Toe ons by die drif kom** sê nie iets van **ons** nie; dus is dit geen byvoeglike bysin nie.

(*e*) 'n **Bywoordelike bepaling**?

Ja, want dit sê wanneer ons **dadelik wou deurry.** Omdat dit die gesegde van die hoofsin bepaal, is dit 'n bywoordelike bysin.

Gaan nou na wat die betrekking van die ander bysinne tot die hoofsin, **maar ons merk toe, is.**

(*a*) **Dat die bakenklip byna heeltemal toe is,** is die antwoord op die vraag: **Maar ons merk toe** wat? (wie?) en is dus 'n voorwerpsin — die voorwerp van **merk** in die hoofsin.

(*b*) **Wat die diepte van die water aantoon** sê iets meer van **bakenklip**, 'n naamwoord, en is dus 'n byvoeglike bysin.

Metode vir die opbreking van 'n samegestelde sin en die verskillende sinne waaruit hy bestaan (algemene sinsontleding):

Bostaande samegestelde sin bestaan uit:

No.	Sinne.	Beskrywing.
A.	Ons wou dadelik deurry	Hoofsin.
a.1.	toe ons by die drif kom	Byw. bysin van tyd, bep. **„wou deurry"** in A.
B.	Maar ons merk toe	Hoofsin
b.1.	dat die bakenklip byna heeltemal toe is	Voorwerpsin, voorwerp van **„merk"** in B.
b.2.	wat die diepte van die water aantoon	Byv. bysin, bep. **bakenklip** in b1.

OEFENING 3.

Ontleed in sinne:

1. Wat ek jou vertel, het net so gebeur. 2. Dat die seuns mooi voetbal gespeel het, is seker. 3. Hoe hy dit alleen reggekry het, bly 'n raaisel. 4. Of Gert die motor sal regkry, sal gou gesien word. 5. Waarom hy alleen die bos ingestap het, sal vir altyd 'n geheim bly. 6. Wanneer die trein aankom, staan op die aankondigingsbord geskryf. 7. Wie wil eet, moet werk. 8. „Nood leer bid," is 'n ou spreekwoord. 9. Dit is twyfelagtig of die buiteband tot in die volgende dorp sal hou. 10. Dit staan vas: die handsak sal nie verloor nie.

OEFENING 4.

Ontleed in sinne:

1. Ek weet wat jy doen. Sê jy dat dit nie so is nie? 2. Pa vra wat die volk op die plaas werk. 3. Ek glo nie dat dit môre sal reent nie. 4. Dat dit môre sal reent, glo ek

nie. 5. Wat ons sonder Jan gaan doen, weet ek werklik nie. 6. Dat die seuns mooi voetbal gespeel het, kan ons julle verseker. 7. Wat hy wou sê, kon ons nooit uitvind nie. 8. Ma laat vra hoe dit met die siekte gaan. 9. Die slagter het verneem of pa hamels het om te verkoop. 10. Hoe ons die som moet maak, het die onderwyser duidelik uitgelê. 11. Die skurk bly wat hy is. 12. My broer is wat ek nooit kan word nie. 13. Ek moet nou word wat ek nooit wou word nie. 14. Die uitslag was wat ek verwag het. 15 Dit lyk of hy sal deurkom.

OEFENING 5.

Soos die vorige:

A. 1. Pa laat vra wanneer oom weer dorp-toe gaan. 2. Toe die doppie klap, lê die bok. 3. Wie uit 'n lopende trein spring, is 'n dwaas. 4. Waar daar 'n wil is, is daar 'n weg. 5. Die berig wat julle gehoor het, is van alle waarheid ontbloot. 6. Die seun is gladnie dom nie; inteendeel, hy is baie slim. 7. My pa wil graag weet hoe laat die diens begin. 8. My broer word wat hy altyd wou wees. 9. Daar ons laat was, het ons gehardloop. 10. Chris het al sy mag ingespan — dog hy kon Casper nie inloop nie.

B. 1. Dit weet ek, Bernard sal nooit soiets doen nie. 2. Waar hy woon, dit weet ek nie. 3. Die man wat die laaste lag, lag die lekkerste. 4. Die dokter het sy bes probeer; hy kon niks doen nie. 5. Hendrik het in sy eksamen geslaag hoewel hy lank uit die skool was. 6. Die mense by wie ons die nag geslaap het, het ons gasvry ontvang. 7. Hy het so hard geval dat hy bewusteloos was. 8. Die opkoms was wat die mense verwag het. 9. Die man gedra hom of hy die baas is. 10 Ek wil weet wie die blom afgepluk het.

C. 1. Die myn het gaan staan sodat die mense sonder werk is. 2. Ek moet 'n nuwe graaf koop want my oue se steel is af. 3. Die kamer waarin ons slaap, was eers die vry-kamer. 4. Tensy julle dadelik loop, sal julle die bus nie haal nie. 5. Die plek is waar ek staan. 6. Dit is waar dat die gevangene ontsnap het. 7. Hy leer fluks sodat hy in die eerste klas kan slaag. 8. Dit lyk of hy die paal sal haal. 9. Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. 10. Wat van ons span gaan word, kan niemand voorspel nie.

OEFENING 6.

(*a*) Bou **tien** samegestelde sinne wat elk uit twee of meer hoofsinne bestaan.
(*b*) Bou **vyf** samegestelde sinne wat elk 'n onderwerpsin bevat.
(*c*) Bou **vyf** samegestelde sinne wat elk 'n voorwerpsin bevat.
(*d*) Bou **vyf** samegestelde sinne wat elk 'n gesegdesin bevat.
(*e*) Bou **vyf** samegestelde sinne wat elk 'n byvoeglike bysin bevat. Lei die byv. bysinne met die volgende in:
Wat; met wie; wie se; waarmee; waar.
(*f*) Bou **tien** samegestelde sinne wat die volgende bywoordelike bysinne bevat:
Van plek, tyd, hoedanigheid, graad, voorwaarde, rede, toegewing, doel, gevolg, vergelyking.

OEFENING 7.

(*a*) Bou samegestelde sinne waarin die woorde **waar** en **dat** die volgende bysinne inlei:
(i) Byw. bysin van plek. (ii) Byv. bysin. (iii) Onderwerpsin. (iv) Voorwerpsin. (v) Gesegdesin.
(*b*) Laat die volgende voegwoorde soveel verskillende soorte bysinne inlei as moontlik:
Toe; wanneer; wie; of; wat.

OEFENING 8.

Verbind die volgende groepe enkelvoudige sinne om samegestelde sinne te vorm en ontleed hulle dan:

(1) Die man se vrou is dood. Hy is weer getroud.
(2) Dit was baie laat. Ons het by die huis aangekom.
(3) Piet het my vertel. Hulle het per motor na die kus gereis.
(4) Dit is die berg. Ons het hom gaan beklim.
(5) Dit het baie gereent. Die paaie was onrybaar.
(6) Hennie sal eerste staan. Dit ly geen twyfel nie.
(7) Die Ossewaens het Eensgevonden in 1938 besoek. Die gevoel was sterk. Eensgevonden moet ook 'n eie Voortrekkerbeweging besit.
(8) Ons het al tevore verduidelik. Die oorlog is ook 'n oorlog tussen die fabrieke. Die oorlog is nie net 'n oorlog tussen die wapens aan weerskante nie.

(9) Daardie nag word Jan wakker. Hy hoor die rooijakkals ver teen die koppie tjank. Daar het hulle hom die vorige dag gekry.

(10) Jan dink. Die rooijakkals het seker weer van die lammers gevang. Hulle kan die ellendige skelm nie in die hande kry nie.

(11) Die jagters ry teen die wind. Die jakkals moet hulle nie ruik nie. Dan kry hulle hom nie in die hande nie.

(12) Oom Tom keer Vossie voor. Hy het Vossie se plan gemerk. Vossie is nou tussen die perde. Die honde is nog ver agter.

(13) Piet was ligter as sy teenstander. Hy het hom tog kafgeloop. Hy was baie ratser.

(14) Ek het in die dorp gekom. Ek het dadelik my vriend gaan vra. Hy moet ons motor kom haal. My vriend het in die dorp gewoon. Ons motor se agteras was af.

(15) My ouers was tog gerus. Hulle het geweet. Ek en my broer is groot maats. Ons het soms rusie gemaak. My ouers het nooit gaan slaap voordat al die kinders tuis was nie.

OEFENING 9.

Brei die volgende enkelvoudige sinne uit tot samegestelde sinne en ontleed hulle dan:

1. Die wêreldbekende generaal het gesneuwel. 2. Met dagbreek het ons vertrek. 3. Ek wil julle ondervindings graag hoor. 4. Ondanks die vreeslike hitte, het die vyand aangeval. 5. Sy verhaal is die grondige waarheid. 6. Hier gaan ons altyd swem. 7. Weens die verskriklike donker nag kon hy sy hand nie voor sy oë sien nie. 8. Ek gaan nieteenstaande die reent. 9. Dit is die verkoopte huis. 10. Vertel my jou toekomsplanne. 11. Met my tuiskoms sal ek jou die geld stuur. 12. Na 'n paar skote word dit stil in die oorkantse fort. 13. Van weë die nabyheid van die vyand is die stad verdonker tot groot ongerief van die bewoners. 14. Die reeds swaar beproefde man moes ook nog die tyding van sy seun se dood verneem. 15. As gevolg van die koue het die eerste vrugte alles doodgeryp.

HOOFSTUK 4

WOORDORDE EN VOEGWOORDE

A. DIE ENKELVOUDIGE SIN (EN HOOFSIN).

Jan (die persoon van wie ek iets wil sê) **leer** (wat ek van hom sê).

Dis die eenvoudigste manier om die woorde in die sin in te span, naamlik **onderwerp eerste, gesegde tweede,** d.w.s., jy noem eers die ding waarvan jy wil praat (onderwerp); dan sê jy iets daarvan (gesegde).

Die **gesegde** kan uitgebrei word:

(1) Jan leer **Afrikaans** (voorwerp).
(2) Jan leer **nou** Afrikaans **op skool.**
(3) Jan leer Afrikaans **wanneer hy in die skool is.**

Die **gesegde** is hier verder **uitgebrei** deur (1) **'n voorwerp,** (2) **bywoordelike bepalings,** (3) **'n bywoordelike bysin** daarby te voeg.

In al hierdie voorbeelde **begin** die sin met die **onderwerp.**

Kyk nou na die volgende sinne wat **nie** met die **onderwerp** begin nie:

1. (*a*) /**Afrikaans**/ **leer** **Jan** op skool (sin begin met **voorwerp**). *g.* *o.*
   (*b*) Afrikaans **John** **learns** at school. *o.* *g.*
2. (*a*) /**Hier**/ **leer** **Jan** Afrikaans. (sin begin met 'n bywoord.) *g.* *o.*
   (*b*) Here **John** **learns** Afrikaans. *o.* *g.*
3. (*a*) /**In die aand**/ **leer** **Jan** Afrikaans. (sin begin met 'n bepaling.) *g.* *o.*
   (*b*) In the evening **John** **learns** Afrikaans. *o.* *g.*
4. (*a*) /Wanneer hy in die skool is/, **leer** **Jan** Afrikaans. (sin begin met 'n bysin.) *g.* *o.*

o. *g.*
(*b*) When he is in school, **John learns** Afrikaans.

Uit hierdie sinne blyk:

As die sin nie met die onderwerp begin nie, (maar met enige ander deel van die sin: voorwerp, bepaling (bywoord of sinsnede) of bysin), **dan staan die gesegde voor die onderwerp.** M.a.w. in **Afrikaans staan die onderwerp of eerste of derde, maar nooit tweede in die sin nie.**

In Engels staan die **onderwerp altyd voor die gesegde** Enige woord of woorde kan **voor** die onderwerp ingeskuif word sonder dat die onderwerp en gesegde van plek verander: die onderwerp bly voor die gesegde staan.

As ons egter in Afrikaans enige woord VOOR die onderwerp inskuif, gaan staan die gesegde ook VOOR die onderwerp.

Kyk na die volgende:

o. *g*(i) (ii)
(*a*) Jan **sal** Afrikaans **leer.**

o. *g*(i) (ii)
Engels: John **will learn** Afrikaans.

o. *g*(i) (ii) (iii)
Jan **sal** Afrikaans **kan leer.**

o. *g*(i) (ii) (iii)
Engels: John will be able to learn Afrikaans.

Opmerking:

As die gesegde uit meer as een werkwoord bestaan, soos hierbo, dan staan net die eerste werkwoord (hulpww.) op die gewone plek van die gesegde. Die ander werkwoord (selfstandige ww.) of werkwoorde kom aan die end van die sin.

As die sin **nie** met die onderwerp begin nie, is dit ook net **hierdie eerste werkwoord wat VOOR die onderwerp gaan staan.** Die res van die gesegde bly aan die end van die sin.

g.(i) *o.* (ii)
/**Op skool**/ **sal** Jan Afrikaans **leer.**

g(i) *o.* (ii) (iii)
Op skool **sal** Jan Afrikaans **kan leer.**

o. *g.*
(*b*) 1. Ons doen eers ons werk. **Ons speel** *dan.*
g. *o.*
2. Ons doen eers ons werk, *dan* **speel ons.**
o. *g.*
(We first do our work, *then* we play.)

Opmerking: In die eerste voorbeeld het ons twee los hoofsinne en die tweede hoofsin begin met sy **onderwerp** waarop dan die gesegde volg. In die tweede voorbeeld begin hierdie hoofsin egter met die bywoord **dan** (wat dit met die eerste hoofsin verbind) en dus staan die gesegde (speel) voor die onderwerp, soos ons reël sê.

g. *o.*
(*c*) 1. Wanneer **vertrek julle**?

Opmerking: Die vraagsin begin **nie** met die onderwerp nie, dus kom die **gesegde voor die onderwerp.**

g. *o.*
When do you leave? (In 'n vraag, soos hier, kry ons in Engels ook die omgekeerde woordorde.)
g. *o.*
2. **Verlaat** (jy) die kamer!
o. *g.*
(You) Leave the room!

Opmerking: In 'n vraag, of 'n bevel, of versoek, begin die sin dikwels, soos hier, **nie** met die onderwerp nie. Dan staan die **gesegde,** volgens reël ook **voor die onderwerp.**

o. *g.*
3. Wie **loop** daar?
o. *g.*
Jy **moet** die deur toemaak.

Opmerking: As die onderwerp egter **eerste** in die vraag of bevel staan, **kom die gesegde,** volgens reël, **na die onderwerp.**

(*d*) Ons gaan **môre** met die motor dorp-toe.
OF **Môre** gaan ons met die motor dorp-toe.

Opmerking: 'n Bywoordelike bepaling van TYD kom altyd voor die ander bywoordelike bepalings.

OEFENING 1 (Eintlik vir Engelssprekendes.)

Herhaal die volgende sinne hardop:

Ek **leer** nou Afrikaans.
Nou **leer** ek Afrikaans.
Ek **leer** op skool Afrikaans.
Op skool **leer** ek Afrikaans.
Ek **sal** op skool Afrikaans **leer.**
Op skool **sal** ek Afrikaans **leer.**
Ek **sal** op skool Afrikaans **kan leer.**
Op skool **sal** ek Afrikaans **kan leer.**
Ek **het** op skool Afrikaans **geleer.**
Op skool **het** ek Afrikaans **geleer.**
Ek **kon** op skool Afrikaans **geleer het.**
Op skool **kon** ek Afrikaans **geleer het.**
Ek **mag** Afrikaans op skool **leer.**
Op skool **mag** ek Afrikaans **leer.**
Afrikaans **word** op skool **geleer.**
Op skool **word** Afrikaans **geleer.**

OEFENING 2.

Sê eers hardop en skryf dan die volgende sinne oor maar begin elke keer met die vetgedrukte woord (bywoord):

(1) Dit is **snags** bitter koud.
(2) Ons gaan **môre** dorp-toe.
(3) Die sirkus kom nie (i) **dikwels** (ii) **hierheen** nie.
(4) Die soldaat kruip (i) **stilletjies** (ii) **nader.**
(5) Die vraagstuk is nie **moeilik** nie.
(6) Die gereedskap lê **oral** rond.
(7) Hulle het **lank** bo-op die berg gerus voordat hulle begin afdaal het.
(8) Hy laai sy geweer **gou** weer.
(9) Ek het **betyds** by die skool aangekom.
(10) Die gras groei hier **welig.**
(11) Die wildeganse vlieg **saans** al met die rivier op.
(12) Jy moet jou werk **eers** klaarmaak voor jy gaan speel.
(13) Die veld word **hiervandaan** baie beter.
(14) Ons moet **soggens** vroeg opstaan om betyds by die skool aan te kom.
(15) Die môrester was **nouliks** op toe ons begin inspan.

OEFENING 3.

Span die woorde in die volgende sinne op hulle regte plekke in:

(1) Nou ek sal julle iets vertel.
(2) Eendag daar was hier kêrels.
(3) Op die veld hulle 'n haas wou vang.
(4) Niks die eerste kon sien nie; die tweede heeltemal doof was; geen woord die derde kon praat nie; geen tree die vierde kon loop nie.
(5) Oor die veld die blinde het gesien draf die eerste die haas. Vir die lamme, die stomme sê dit gou. Gou die kreupele loop die haas in.
(6) Byna onhoorbaar die motor loop.
(7) Voorheen hulle het gewoon hier.
(8) Miskien ek sal vanmiddag by jou kom speel.
(9) Toevallig ek het hom in die straat gekry.
(10) Oombliklik die hond is deur die motor gedood.
(11) Op die plaas die kinders loop kaalvoet.
(12) Saggies die wind begin te waai.
(13) Elke jaar ons gaan na die strand.
(14) Op die sand baie mense speel jukskei.
(15) Op die branders ons ry met 'n branderplank.

OEFENING 4.

Skryf die volgende sinne oor maar begin met die vetgedrukte woorde (bepaling):

(1) Die soldaat kruip **'n bietjie nader.**
(2) Die verkenner was **in 'n oogwink** weg.
(3) 'n Man het **jare en jare gelede** onder 'n boom gelê en slaap.
(4) 'n Vlerkgeklap maak hom **skielik** wakker toe hy wou insluimer.
(5) Hy sien 'n yslike aasvoël **op 'n tak bokant hom** sit.
(6) Hy gooi die aasvoël **met 'n klip.**
(7) Die aasvoël trek **sonder inspanning** die blou lug in.
(8) Die man gaan weer **rustig** lê maar so dat hy die voël kan dophou.
(9) Die voël styg (i) **sonder moeite** (ii) **al hoër en hoër.**

(10) Hy gaan **met groot draaie en swaaie** op tot hy naderhand net 'n stippeltjie in die blou lug is.
(11) Die man sug **hier onder die boom** net eenkeer: „Ag, ek wens ek kon weet hoe hy dit regkry!"
(12) 'n Man het darem **op 'n goeie dag** die geheim opgelos.
(13) Hy het opgelet die voël klap **byna nooit** sy vlerke nie.
(14) Hy kyk toe **oor die vlakte.**
(15) 'n Regop dwarrelwindjie kom **daar** aan.

OEFENING 5.

Soos oefening 3. Let op dat jou sin nou elke keer met 'n bysin begin:

(1) Hy weet **waar Dawid die wortels gegrawe het.**
(2) Pa vra: **„Waar is Klaas."**
(3) Die ou skepsel wou nie glo nie **dat die wêreld rond is.**
(4) Hy het met dolosse gespeel en kleilat gegooi **omdat hy op die plaas groot geword het.**
(5) Ek sal saamgaan **as jy my kom haal.**
(6) Jy moet goed mik **voordat jy die skoot aftrek.**
(7) Julle mag gaan **sodra julle werk klaar is.**
(8) Hy het my hierdie boek present gegee **toe hy weg is.**
(9) Julle moet hier wag **totdat ons terugkom.**
(10) Ons treur nie **solank die lepel in die pappot staan.**
(11) Almal het hard gewerk **nadat die vakansie oor was.**
(12) Jy moet besin **eerdat jy begin.**
(13) Ek hoop jy sal ons besoek **so dikwels as wat jy in die dorp kom.**
(14) Ek sal jou help **ofskoon jy my nie wou help nie.**
(15) Ons het gaan swem **hoewel die water baie koud was.**

B. VOEGWOORDE BY HOOFSINNE EN BYSINNE.

Kyk watter invloed het die **voegwoorde** op die **woordorde** van die volgende drie sinne:

o. g.
1. (*a*) Piet is weg. Ek **doen** die werk alleen.
o. g.
(*b*) Piet is weg *en* ek **doen** die werk alleen.

o. *g.*
2. (*a*) Piet is weg. Ek **doen** daarom die werk alleen.
g. *o.*
(*b*) Piet is weg *daarom* **doen** ek die werk alleen.
o. *g.*
3. (*a*) Piet is weg. Ek **doen** omdat die werk alleen.
o. *g.*
(*b*) Piet is weg *omdat* ek die werk alleen **doen**.

In (1) doen **en** net één werk: dit voeg eenvoudig die twee sinne aanmekaar. Dit is dus 'n **suiwer voegwoord** en daarom het dit **geen invloed** op die woordorde nie.

In (2) is **daarom** 'n bywoord, maar dit word in (2*b*) ook gebruik om die twee sinne saam te voeg. Die tweede **hoofsin** begin dus eintlik met 'n **bywoordelike bepaling** en daarom kom die gesegde **voor** die onderwerp (net agter die bywoord-voegwoord.)

In (3) voeg **omdat** 'n **bysin** aan 'n hoofsin. Die **voegwoord** wat 'n **bysin** inlei, skuif die **gesegde na die einde van die sin.** (Dis duidelik dat die tweede deel van (3*a*) 'n **bysin** is: „omdat ek die werk alleen doen," of „ek doen omdat die werk alleen." Laasgenoemde op sigself maak geen sin uit nie.)

Ons onderskei dus drie groepe voegwoorde:

1 **Suiwer voegwoorde:** *Maak niks* aan die woordorde nie.	2 **Bywoord-voegwoorde:** Trek eerste *gesegde na vore* (tot agter voegwoord)	3 **Bysin-voegwoorde:** Skuif hele *gesegde na end van sin.*
en	daarom	dat
want	dus	wat
maar }	derhalwe	aan wie, in wie, ens.
dog }	toe = daarna (then)	
of (ons was skaars tuis of dit begin te reën.)	daarna	waaraan, waarin, ens.
	dan	toe (when)

òf ..... òf
nòg ..... nòg

tog
ook
nogtans
nietemin

---

nieteenstaande
buitendien
bowendien
dan nog
daarenbowe
daarby
daardeur
hierdeur
gevolglik
derhalwe
anders
intussen
ondertussen
vereers
inteendeel
daarenteen
eindelik
ten laaste
ewenwel
eweneens
anders
selfs
vervolgens,
verder
(al)
egter
mos
nimmer
altans

nòg ..... nòg (nòg het hy my om verskoning gevra, nòg het hy sy mond gehou).

hoe ..... hoe.

wanneer
terwyl
omdat
voordat
nadat
totdat
sodat
opdat
aangesien
(so) ..... dat
alhoewel

---

hoewel
ofskoon
nieteenstaande
daar
aangesien
dewyl
onderwyl
sodra
mits
tensy
ingeval
solank
namate
sedert
asof
hoe
of
waarom
hoekom

SAMEVATTING.

Na 'n voegwoord (behalwe die suiwer voegwoorde) staan die **gesegde** dus òf **eerste** in die sin net agter die voegwoord (soos na 'n bywoord-voegwoord) òf heeltemal **aan die end** van die sin (soos in bysinne) maar nie in die middel van die sin nie.

OPMERKINGS.

(1) As die gesegde uit meer as één werkwoord bestaan, word na 'n bywoord-voegwoord **net die eerste werkwoord** (wat in die gewone plek van die gesegde staan) na vore getrek. Die ander deel van die gesegde bly agter in die sin:

Ons was moeg, dus **het** ons eers **gerus**.

(2) **Inteendeel** is 'n bywoord-voegwoord, maar ons wag altyd 'n oomblik na hierdie voegwoord sodat hy dan nie meer die woordorde beïnvloed nie:

Piet is nie dom nie; **inteendeel**, hy is baie slim.

(3) **Al** lei 'n bysin (van toegewing) in, maar trek tog altyd die gesegde na vore net soos 'n bywoord-voegwoord. Dit is die enigste bysin-voegwoord wat so maak:

Ek sal dit nie doen nie al **staan** jy op jou kop.

Vgl. met: Ek sal dit nie doen nie **hoewel (alhoewel)** jy op jou kop **staan**.

(4) As die voegwoord in die sin weggelaat word of nie voor aan die sin staan nie, bly die woordorde onveranderd:

1. Ek voel moeg, ek **gaan** huis-toe (**dus** weggelaat).
2. Ek voel moeg, ek **gaan** dus kamer-toe (**dus** staan nie voor nie.)
3. Pa sê hy **gaan** huis-toe (**dat** weggelaat).

OEFENING 6.

Verbind die volgende sinne deur middel van die voegwoorde tussen hakies:

(1) Die bobbejane was in die mielielande. Hulle het baie skade gedoen (en).
(2) Die hond wou die haas vang. Die haas was te vinnig (maar).
(3) Piet het geskiet. Dit was mis (dog).
(4) Die dam het gebreek. Die water was te sterk (want).
(5) Jy moet leer. Jy moet die skool verlaat (òf ..... òf).

(6) Die stasiemeester weet daar iets van. Die kondukteur het iets daarvan gehoor (nog ..... nog).
(7) Dit het hard begin reent. Ons moes ophou speel (dus).
(8) Die vader vra eers 'n seën. Almal begin eet (dan).
(9) Die seun is baie swak. Hy doen sy bes (nogtans).
(10) Die boer het gaan veld soek. Dit het op sy plaas gereent (intussen).
(11) Die jong klomp het waatlemoen geëet. Hulle het volkspeletjies gespeel (toe).
(12) Die kêrels het hard gespeel. Hulle het verloor (tog).
(13) Piet wil sy maters uitstof. Hy doen so sy bes. (daarom).
(14) Op die plaas moes hy hard werk. Hy het 'n gesonde liggaam ontwikkel (daardeur).
(15) Wag hier. Ek kom (totdat).

OEFENING 7.

A. Verbind onderstaande groepe sinne met die gegewe voegwoorde:

(1) Ons vriende het nie opgedaag nie. Dit was so koud. Omdat.
(2) Jy kan daarheen gaan. Jy het jou werk klaar. As.
(3) Die lig is besonder dof. Die son is heeldag agter die wolke. Want.
(4) Al die leerlinge kry dieselfde antwoord. Die som is reg. Dus.
(5) Hy slyp sy mes skerp. Hy kan die skaap netjies afslag. Sodat.
(6) Die reën wil uitsak. Julle moet maar gou omdraai. Indien.
(7) Oupa spuit die kweek gereeld nat. Dit sou al lankal verdroog het. Anders.
(8) Die motorbestuurder het sy been gebreek. Hy loop nou met krukke. Gevolglik.
(9) Sy het kwaad geword. Sy het haar humeur heeltemal verloor. So ..... dat.
(10) Hy kon sy verkyker regstel. Die leeus het alreeds padgegee. Voordat.

B. (1) Die amptenaar was die hele maand siek. Hy het darem sy salaris gekry. Nietemin.
(2) Die verkenner gewaar die vyand. Hy deel die bevelvoerder dit mee. Sodra.
(3) Sy hou vandag geen geselligheid nie. Dit is haar verjaarsdag. Hoewel.
(4) Ek het nie weer lus om te gaan nie. Dit is ook al te laat. Bowendien.
(5) Die baasjagter het onmiddellik losgebrand. Die maanhaar kom agter die boom uit. Toe.
(6) U het my alles verduidelik. Ek verstaan die toestand beter. Nadat.
(7) Die winkelier het bankrot geraak. Hy moes alles verkoop. Derhalwe.
(8) Die brand het skaars uitgebreek. Die brandweer het daar aangekom. Of.
(9) Mammie gee nog bevele af. Ek blaai maar in die boek rond. Intussen.
(10) Die telegraafbode wou net weet. Hier woon nie 'n mej. Vos nie. Of.

C. (1) Sy het haar vanoggend verslaap. Sy kon nie die eerste bus haal nie. Daardeur.
(2) Dit is glad nie so nie. Hy het selfmoord gepleeg. Dat.
(3) Die luiaard loop altyd. Hy het eiers onder sy voete. Asof.
(4) Vader gaan vanoggend mark-toe. Hy wil sy tand laat trek. Daarna.
(5) 'n Mens het meer. 'n Mens wil meer hê. Hoe ..... hoe. (deste.)
(6) Die kondukteur het my dit vertel. Die stasiemeester het gister daarvan gepraat. òf ..... òf.
(7) Die leër moet aanhou beweeg. Daar word ander bevele gegee. Tensy.
(8) Daar het 'n groot rusie ontstaan. Ons bediende het van die bure geskinder. Hierdeur.
(9) Hy kry nooit sy werk klaar nie. Die tuinjong is baie stadig. Daarom.
(10) Ek sal jou help. Ek is self baie haastig. Jy kan 'n oomblik wag. As, maar.

D. (1) Die twee niggies is jaloers op mekaar. Hulle praat liewer nie daaroor nie. Die ouers weet baie goed. Dog, waarom.

(2) Hy gaan weer vanaand daarheen. My neef is gister van die huis af. Hy wil tuis wees. Sy broer kom dalk die naweek kuier. Ofskoon, ingeval, omdat.

(3) Die hael het sy hawer weggeslaan. Die sprinkane het dit opgevreet. Nog ..... nog.

(4) Goedere word duurder. Die handelaars moet pryse verhoog. Hulle speel almal bankrot. Namate, anders.

(5) Dit kan maklik vannag reën. Die wind draai vroeg. Mits.

(6) Sy het baie laat wakker geskrik. Sy moes nog van voor af aantrek. Toe.

(7) Hy het ons die laaste keer verlaat. Ons het nog nooit weer van hom gehoor nie. Sedert.

(8) Die apteker het hom raad gegee. Die geneesheer het hom medisyne voorgeskryf. Nog ..... nog.

(9) Die landmeter wil dit probeer. Niemand kon nog ooit die steil berg uitklim nie. Tog.

(10) Hy is glad nie so lui as vroeër nie. Hy is nou besonder fluks. Inteendeel.

OEFENING. 8

Voltooi onderstaande elkeen met 'n sinnetjie:

A. (1) Jy moet baie meer studeer, dan .....

(2) Die salf sal die brand uittrek, ook .....

(3) My ouers sal vir my op my verjaarsdag 'n piekniek hou en .....

(4) Die brandweer het dapper aangehou totdat .....

(5) Die hond vreet so gulsig asof .....

(6) Die beskuldigde moes £10 boete betaal, daarby .....

(7) Wie van julle kan my sê hoekom .....

(8) Die huurmotor was nouliks voor die huis of .....

(9) Ek sal jou nie weer sakgeld gee nie, buitendien .....

(10) Die bestuurder het vir ons drie helpers gestuur dewyl .....

(11) My dokter sê ek sal gesond word mits .....

(12) Dit word al hoe ongesonder namate .....

(13) Die motorjaer het al driemaal sy been gebreek nogtans .....
(14) Elke toehoorder was tjoepstil toe .....

B. (1) Ag, hulle wou maar net hoor of .....
(2) Ons het hulle net eenmaal gewaarsku toe .....
(3) Ek is nie seker of hy Donderdag of Vrydag vertrek het nie, ewewel .....
(4) Vleis doen my pa kwaad, gevolglik .....
(5) Almal moet te voet loop kamp-toe, tensy .....
(6) Het die kandidaat gedruip nieteenstaande .....
(7) My oudste broer help graag met die boerdery, daarenteen .....
(8) Die verkenner het die wêreld gaan bespied, intussen .....
(9) Die spesialiteit het regtig sy bes gedoen anders .....
(10) Sommige mense werk vir 'n groot salaris terwyl .....
(11) Voor sonop is ons hier weg, nietemin .....
(12) Die aanval was so hewig dat .....
(13) Daar was niemand om die drenkeling te help nie, derhalwe .....
(14) Ons kon nie vroeër wegkom nie daar .....

OEFENING 9.

Verbind hierdie groepe sinne met voegwoorde wat geskik sal wees en verander die woordorde waar nodig:

A. (1) Julle moet dadelik droë klere aantrek. Julle sal koue vat.
(2) Die kêrel jaag oor die oop veld. Hy word deur die duiwel agtervolg.
(3) Sy wou dadelik van my weet. Haar dogter is ook beseer.
(4) Sy wou glad nie met my praat nie. Sy het darem weer vriendelik geword. Ek het om verskoning gevra.
(5) Dit het vroeg al begin reën. Niemand kon gaan speel nie.
(6) Jy moet dadelik van jou laat hoor. Jy begin met jou nuwe werk.
(7) Ek sal nie vroeg gaan slaap nie. My ma verplig my.

(8) Jy het al jou somme reg. Jy kan vroeër huis-toe gaan.
(9) Sy help haar moeder smiddags. Sy kom smiddags vroeg tuis.
(10) Die perde moet nou losgemaak word. Hulle kan bietjie in die son rondloop. Ons ry netnou weer verder.

B. (1) Die kêrel was moedeloos. Hy kon nie sy skuld betaal nie. Hy het selfmoord gepleeg.
(2) Moeder was nog in die badkamer besig. Die kombuismeid het die geld uit die laai gehaal. Sy het haar daarmee uit die voete gemaak. Enigeen kon nog iets agterkom.
3) Jy het jou plig versuim. Jy word ontslaan. Ek het alreeds te min klerke.
(4) Hy is weer op die been. Hy sal dadelik begin werk. Daar vind nie iets ernstigs plaas nie. Ek verwag dit darem nie.
(5) Duikbote het al baie skepe tot sink gebring. Die oorlog het uitgebreek. Die skeepvaart gaan darem nog voort.
(7) Niemand het van sy skatte geweet nie. Almal het gereken dat hy brandarm was. Dit was blykbaar baie verkeerd.
(8) My ouers het 'n beter uitslag verwag. Hulle is darem bly. Ek het nie gedruip nie. Dit sou hulle teleurgestel het.
(9) Jy moet my skryf. Jy is tevrede met jou losiesplek. Jy het daar aangekom.
(10) Die seuntjie was nog nie mooi op die perd nie. Die perd trek sy lyf inmekaar. (Hy) skiet hom uit die saal.

OEFENING 10.

Vul die onvoltooide sinne aan:

(1) Omdat ....., moet hy maar tuisbly.
(2) Vandat ....., is 'n mens jou lewe nie meer seker nie.
(3) Toe ....., het die dief al by die deur uitgeglip.
(4) Dat ....., vind ek nou eers uit.

(5) Nadat ....., het hy eindelik sukses behaal.
(6) Hoe ....., deste (hoe) meer wil hy werk.
(7) Hoewel ....., is ons magistraat na baie jare verplaas.
(8) Al ....., sal julle nie julle sin kry nie.
(9) Indien ....., sal ek my seun by jou laat gaan kuier.
(10) Sodra ....., sal ek weet of ek na die Tegniese Kollege kan gaan.
(11) Òf ....., òf jy moet dit heeltemal laat staan.
(12) Daar ....., maak hy net wat hy wil.
(13) Dewyl ....., sal sy die boekprys kry.
(14) Ofskoon ....., kon die speurders niks uitvind nie.
(15) Tensy ....., sal die boere se koring alles verdroog.

OEFENING 11.

Brei onderstaande sinne uit deur 'n sin by te voeg:

(1) Dit het so hard gereën ..... (gevolg).
(2) Ek sal my jas aantrek ..... (rede).
(3) Hy is glad nie so jonk as wat jy maak nie ..... (teenstelling).
(4) Piet kan skaars 'n groot geweer vashou ..... (toegewing).
(5) Die motor het omgeslaan ..... (oorsaak).
(6) Die skool is nog nie oopgesluit nie ..... (tyd).
(7) Die vrugte wat ons geëet het, was groen ..... (rede).
(8) Die regter was vir die beskuldigde nogal genadig ..... (toegewing).
(9) Die passasier het net in die trein gespring ..... (tyd).
(10) Jy praat so binnensmonds ..... (hoedanigheid).
(11) Die ou stadige man het by die kerk gekom ..... (tyd).
(12) Die vinder van my horlosie sal beloon word ..... (voorwaarde).
(13) Almal word verstandiger ..... (vergelyking).
(14) Die Regering betaal pensioen aan oumense ..... (voorwaarde — nie as nie.)
(15) Hy het so hard geval ..... (graad).

OEFENING 12.

Maak samegestelde sinne waarin hierdie voegwoorde voorkom:

Sodra, anders, daarom, dog, waarom, solank, ewewel, ingeval, nogtans, terwyl, of, daarenteen, toe, sodat, mits, daar, egter, bowendien, ofskoon, onderwyl, asof, indien, sodat, tensy, vandat, hoekom.

HOOFSTUK 5

SPELLING (EN AFKORTINGS)

Spreek die woord **man** uit. Jy sal merk dat dit uit **drie** klanke bestaan: **m**.....**a**.....**n**. As ons hierdie drie klanke in in hierdie volgorde agtermekaar hoor, het die drie klanke saam vir ons betekenis. Ons dink aan 'n soort mens, 'n **man**. Die drie klanke so gekombineer maak dus **'n woord**. As dieselfde klanke egter op 'n ander manier gekombineer word, bv. **anm**, het die klanke saam geen betekenis (in Afrikaans) nie. **Anm** is dus geen woord nie.

Ons het 'n plan uitgevind om woorde neer te skryf: vir elke klank maak ons 'n sekere teken. Die m-klank stel ons met die volgende skryfteken voor: **m**; vir die a-klank skryf ons 'n **a**; vir die n-klank 'n **n**. Alles tesame gebruik ons ses-en-twintig sulke **tekens** of **letters**. Hierdie ses-en-twintig tekens noem ons die **alfabet**. Ons stel dus die klanketaal deur middel van tekens voor. Hierdie neergeskrewe taal noem ons **skrif**.

Die klanke waaruit die taal bestaan word in twee groepe verdeel:

(i) Die **klinkers** wat deur middel van die volgende tekens voorgestel word: **a, e, i, o, u.**

(ii) Die **medeklinkers** wat deur die ander tekens in die alfabet voorgestel word.

LETTERGREPE.

Spreek die woord **motorwerktuigkundige** hardop uit. Jy sal merk dat die klanke waaruit die woord bestaan in sewe groepe saamval:

1 2 3 4 5 6 7
mo-tor-werk-tuig-kun-di-ge

Elke groep klanke wat saam uitgespreek word, noem ons 'n lettergreep. Hierdie woord het **sewe** lettergrepe.

OEFENING 1.

Verdeel in lettergrepe:

Loodgieter, ambagsmanne, familie, messelaars; sakhorlosie, elektrisiën, koeëllaer, kettingreëlaar, modderskermlampie, ontwikkeling, lettergrepe, verkeersreëling, offisieel, snelheidsbeperking, tru-versnelling, skaapribbebeentjie, landbouprodukte-tentoonstelling, Goewerneur-Generaal, goewermentsgeboue, Buitekantstraat.

Oop en toe lettergrepe. Jy sal merk dat party lettergrepe op 'n medeklinker en party op 'n klinker eindig. As 'n lettergreep op 'n **medeklinker** eindig soos in **man**, dan is dit 'n **toe** of **geslote** lettergreep. As die lettergreep op 'n **klinker** eindig soos in **ma**, is dit 'n oop lettergreep.

OEFENING 2.

Sê watter lettergrepe oop is en watter geslote is in Oef. 1.

OEFENING 3.

Skryf twintig langerige woorde neer en verdeel hulle in lettergrepe. Onderstreep al die oop lettergrepe.

LANG KLINKERS.

Vergelyk:	**maan**	**ma-ne**
	been	**be-ne**
	boon	**bo-ne**
	muur	**mu-re**

Ons sien dat ons die lang klinkers in 'n **geslote** lettergreep met 'n dubbele letter skryf, maar in **oop** lettergrepe met net **een** letter.

OEFENING 4.

Skryf die meervoud van die volgende:

Boom, poot, boot, kaas, jaar, haan, steen, heer, peer, skuur, kuur, suur, kees, keel, kroon, sool, seer, meer, stuur, vuur, sprinkaan, uur, leraar, blaar, meneer.

OEFENING 5.

Die woord **twee** word in al sy vorme altyd met twee e's geskryf. Leer die volgende woorde en gebruik elkeen in 'n sin:

Tweede, tweedens, tweeling, tweeheid, tweebeen-driehoek, tweërlei, tweë, tweedaags, tweedehands, tweedrag, tweedubbeld, tweeduisend, tweemaal, tweetaligheid.

OEFENING 6.

In die verkleinwoorde van selfstandige naamwoorde wat op 'n klinker eindig, word die klinker nie verdubbel nie behalwe as die selfstandige naamwoorde op 'n beklemtoonde **a** eindig: **kommando — kommandotjie** maar **ma — maatjie.**

Skryf die verkleinwoorde van die volgende woorde korrek neer en leer die spelling daarvan:

(*a*) Pa, oupa, pappa, mamma, buro, balju, padda, ouma, foto, outa, senu, skadu, karba, see, fee.

(*b*) Gat, pad, skilpad, vat, blad, glas, wa, maat, mat, kafee.

DIE I-KLANK.

Die i-klank word met **ie** geskryf behalwe in die oop beginen middellettergrepe van „internasionale" woorde waar net **i** geskryf word. Hierdie „internasionale" woorde kan maklik uitgeken word aan die feit dat hulle ook in Engels voorkom:

suspisie (sus-**pi**-sie)	— suspicion.
polisie (po-**li**-sie)	— police.
petisie (pe-**ti**-sie)	— petition.
familie (fa-**mi**-lie)	— family.
notisie (no-**ti**-sie)	— notice.
fisika (**fi**-**si**-ka)	— physics.
kritikus (**kri**-**ti**-kus)	— critic.
liriek (**li**-riek)	— lyric.
titel (**ti**-tel)	— title.
tipies (**ti**-pies)	— typical.

Opm.: Let daarop dat ons altyd die grondwoord neem en nie die verboë vorm daarvan nie:

elektries (electric), d.i. e-lek-tries, dus ook **elektries(e);** plesier (pleasure) : ple-sier, dus ook plesier(ig).

OEFENING 7.

Skryf die volgende woorde in Afrikaans en leer die spelling daarvan:

Ammunition, physical, condition, criticism, position, tradition, parasites, discipline, suspicious, disciple, dissimilation.

OEFENING 8.

Leer die volgende uitsonderlike spellings en gebruik die woorde in sinne:

(*a*) Himne, illustreer, sinjaal, fakir, alibi, alkali, gummi, macaroni, politici, historici.

(*b*) Zoeloe, Xosa, zero, Christen, Christus, chaos, chemie, korrigeer, genie, origineel.

DIE DEELTEKEN

Waar die gevaar bestaan dat twee lettergrepe as één uitgespreek kan word, word die **deelteken** gebruik om aan te toon waar die nuwe lettergreep begin soos in **hoë**, wat anders as één lettergreep **hoe** uitgespreek sou word.

Die deelteken word **slegs** gebruik as hierdie gevaar bestaan. Daarom word geen deeltekens in **dae, leuen, finansieel** en dergelike woorde gebruik nie.

OEFENING 9.

Vul die deelteken in waar nodig:

(*a*) reen, reent, vroeer, klient, waenhuis, offisieel, offisiele, finansieel, finansiele, soologie, ploee, laer, prosaiese, koeel, wee (paaie), leuen, kommersieel, kommersiele, beinvloed, weier.

(*b*) Italie, Indie, Rhodesie, vlieer, geeet, voelnes, geinteresseerd, pasient, teuel, reels, seel, lee, lêer, êe, reier, sôe (sogge), beuel, oe (oge), neentien, maer, weier, droe, spieel, priele.

DIE KAPPIE

Vergelyk: ses en sê; mor en môre; brug en brûe.

Die kappie word gebruik om aan te toon dat 'n kort klinker „gerek" of lank uitgespreek moet word. Ons gebruik die kappie altyd in oop lettergrepe: wê-reld; kê-rel; affê-re; mô-re; brû-e; wî-e; en as die lettergrepe in ander vorme van die woord oop is (en die kappie daar nodig is):

skê-re (anders is dit **skere**)	dus ook **skêr.**
blê-re	dus ook blêr.
militê-re	dus ook militêr.
populê-re	dus ook populêr.
primê-re	dus ook primêr.

Die kappie is ook in **kês** nodig, maar:

kers (in ker-se bly die lettergreep geslote deur die **r** wat die **e** self rek); **ver** (vgl. verte); perd; stert.

OEFENING 10.

Skryf die kappie waar dit nodig is:

Wie (wigge), soe (sogge), brue (brugge), ruens (randjies), sore (sorg), noi (nooi), werd, he, le, more, nerens, rerig, gebler, bere, ver, ertappel, wereld, swernoot, sekonder, populer, regverdig.

DIE AANMEKAARSKRYF VAN WOORDE.

Boek (een begrip) — **sak** (nog 'n begrip) — boeksak ('n derde begrip).

In Afrikaans word **één** begrip as **één** woord geskryf al is die begrip uit verskillende woorde opgebou: **één begrip** (of gedagte) **één woord.**

Die woord **Voortrekkermonumentkomiteevergadering** druk net een begrip uit ('n **vergader'ng** van die komitee wat hom met 'n monument vir die Voortrekkers besig hou) en word dus as één woord geskryf alhoewel dit uit vyf aparte woorde opgebou is: voor + trekker + monument + komitee + vergadering. As die woord baie lank word, soos hier, kan ons dit makliker maak om gelees te word deur 'n koppelteken te gebruik:

Voortrekkermonument-komiteevergadering; bloukop-koggelmander; skooleindsertifikaat-eksamen.

Ons gebruik die koppelteken ook:

(1) Waar klinkers opmekaar hoop of waar die betekenis van die woord ook andersins onduidelik sou wees: eeu-oue, see-eend, wa-as, bek-af, bye-sel, bo-op.

(2) Waar aaneenskrywe onmoontlik is:
Kaffer-wag-'n-bietjie-bos, kruidjie-roer-my-nie, 'n traak-my-nie-agtige.

(3) By aardrykskundige name waar 'n onderskeiding gemaak word bv. Noord-Amerika, Suid-Amerika, Suid-Afrika, Wes-Europa, Oos-Asië, Noord-Holland, Beaufort-Wes, Somerset-Oos.

Opm.: Let daarop dat as die laaste gedeelte van die aardrykskundige naam 'n soortnaam is (soos river, berg, dorp, straat) word die woord aaneen (d.w.s. sonder koppelteken) geskryf:
Oranjerivier, Drakensteinberge, Tamboerskloof, Ventersdorp, Pretoriusstraat.

(4) By verdubbelings:
Speel-speel, blou-blou, gou-gou, skelm-skelm, gor-gor.

(5) By samestellinge met **oud-** en **-hulle** en met **-toe** (waar toe dan saam met die voorafgaande snw. 'n bywoord is):
Oud-student, oud-onderwyseres, oud-matroos, oud-soldaat, oud-magistraat; pa-hulle, Piet-hulle, van Koos-hulle, nig Bettie-hulle; skool-toe, kombuis-toe, kerk-toe maar **na** die skool toe, **na** die kombuis toe, **na** die kerk toe.

OEFENING 11.

Skryf aanmekaar met of sonder koppelteken:

(*a*) Adderley straat, Kaap stad, Kaap provinsie, Suid Afrika, Mossel baai, Berg rivier, Suiker bos laan, Voortrekker weg, van Riebeek gebou, Standard bank, Boerstra bakkery, Pretoria Wes, Kerkstraat Oos, Aliwal Noord, ferweel broek, sy tabberd, gras dak, yster paal, draad heining, masjien geweer.

(*b*) Wit seer keel epidemie, Moskou ekspedisie, wit keel dik bek sysie, ouvrou onder die kombers (soort vleispastie), blink blaar wag 'n bietjie boom, wilde blomme tentoon

stelling, groen druiwe (nie ryp nie), stink hout (soort hout, blinde instituut, mee eet, Wes Transvaal, Pretoria Noord, praat praat, lag lag, bietjie bietjie, swart wit pens bok, (om) sewe uur (7.0 vm.), agt uur, ru gare, rug are.

(*c*) Oud leerlinge, ma hulle, huis toe, oud offisier, tant Sannie hulle, dorp toe, oud bus kondukteur, Jan en Piet hulle, kamer toe, oud burgemeester.

TELWOORDE

Kyk hoofstuk 20: paragraaf **spelling.**

DIE VERBINDINGS -S

Hemp + mou: hempsmou.

Die **s** in die hempsmou noem ons 'n **verbindings -s.** Hierdie verbindings -s skryf ons **nie** (hoewel ons dit hoor) as die tweede woord in die verbinding met 'n **s** begin:

seun + skool: seunskool; man + skoene: manskoene;

Lewe en **gees:** lewe + doel: lewe**ns**doel.

gees + toestand: gees**tes**toestand.

As die woord wat met **lewe** en **gees** verbind word, met 'n **s** begin, skryf ons hier ook net één s.

lewe + skool: **lewenskool.**

gees + stroming: **geestestroming.**

Opmerkings:

(1) As die eerste woord in 'n samestelling op **s** eindig en die tweede met 'n **s** begin, kom daar natuurlik **twee esse** in die samestelling:
gras + saad: grassaad.

(2) Die oortreffende trap van bnwe. op **s** kry 'n dubbele **s:**
dwaas — dwaasste.

OEFENING 12.

Skryf aanmekaar:

(*a*) meisie + skool; lewe + skets; gewete + saak; gees + toestand; toets + steen; jongen + skool; jas + sak; regering + saak; lewe + saak; lewe + taak; gees + goedere; plaas + skool; gees + houding; gewete + kwelling; gees + wêreld.

(*b*) Gee die oortreffende trap van: Los, boos, bros, skaars, nors, skuins, snaaks, stuurs, voos.

DIE APOSTROOF ('s)

Enkelv.	*Meerv.*
buro	buro's (i.p.v. burocs)
ma	ma's (i.p.v. maas)

In die meervoud van woorde soos **buro** en **ma** (wat op 'n lang klinker eindig) sluit die **s** die lettergreep. Nou moet ons eintlik 'n dubbele klinker skryf om die lang klank aan te toon. Maar dan lyk dit of ons glad 'n ander woord het. Daarom word 'n **'** i.p.v. die tweede **o** of **a** (of i of u) gebruik. As die klinker nie 'n lang klank aandui nie, bly die **'** natuurlik weg soos by woorde op 'n kort **a: massa — massas.**

OEFENING 13.

Skryf die meervoud van:

Foto, pa, kommando, balju, Hugo, skadu, alibi, senu, hoera, karba, padda, oupa, outa, papa, ouma.

OEFENING 14.

Leer met die oog op diktee:

(*a*) Rivier, present, interessant, onmiddellik, onverbiddelik, sommer, reën, reent, leuen, oorsese, familie.

(*b*) restaurant, Christus, Christen, chaos, chemie, Zoeloe, Xosa, Swazi, Kaffer, genie.

(*c*) parallel, komitee, kommissie, kannonneer, rewolwer, provinsie, slavin, passer, plakkaat, literatuur.

OEFENING 15.

Skryf die woorde wat as volg afgekort word, voluit:

(*a*) as.; asb.; bl.; b.o.; dept.; d.i.; dw. dnr.; D.V.; d.w.s.; Ed. agb.; Ds.; Dr.; ens.; F.A.K.; F. & W.U.; H.d.l.; H.eerw.; H.gel.; H/v.; i.p.v.

(*b*) i.s.; i.v.m.; jl.; ll.; k.b.a.; kie.; k.m.b.; K.P.; lb.; L.P.R.; L.V.; L.S.; L.W.; M.A.; D. Litt.; m.a.w.; M.D.; mejj.; mevv.; m.i.

(*c*) Mnr.(e); M.P.; m.p.u.; N.B.; N.Br.; N.Chr.; N.G.K.; N.H.K.; nl.; nm.; o.a.; O.V.S.; pres.; P.S.; R.S.V.P.; S.A.; S.A.L.M.; S.Br.; S.ed.; S.Ed.agb.

(*d*) Snr.; S.H.ed.; s.o.s.; t.a.p.; t.t.; Tvl.; t.w.; U Ed.; V. Chr.; V.D.M.; vgl.; vk.; vt.; vm.; voors.; V.R.; Weled.; Weleerw.; W.L.; W.P.

HOOFSTUK 6

LEESTEKENS

Lees die volgende stuk:

die twee jagters en Witbooi die geweerdraer stap nader na die leeu hulle beskou die dier noukeurig Hans waar het jy hom geskiet nee Hendrik dit weet ek om die waarheid te sê regtig nie antwoord Hans draai hom om dat ons kan sien Witbooi mooi skoot my baas die koeël is net agter die blad in werklik roep Hendrik verbaas uit ja baas wat ek sê is waar kyk maar self

Dit gaan moeilik om die stuk goed te lees en om dadelik te verstaan wat die skrywer vertel. Dit is net so moeilik om die stuk goed te begryp as wat dit is om iemand te volg wat aanmekaar praat, sonder om agter sommige woorde en na hy 'n sin klaar het, 'n bietjie te wag en sonder om sy stem op of af te laat gaan. As ons praat, wag ons 'n rukkie na elke sin en hier en daar agter 'n woord, en as ons 'n vraag vra of erg verbaas is of kwaad of bly is, klink ons stem anders as wanneer ons doodgewoon iets sê of meedeel. Nou moet die skrywer ook vir die leser deur tekens (leestekens) aantoon waar sy gedagtes, d.w.s. sy sinne ophou, of hy 'n vraag vra, of met sterk gevoel praat, of hy iemand se eie woorde weergee, 'n bepaalde woord met sterk nadruk uitspreek, ens. Dit is in hierdie paragraaf gedoen en daarom kan julle die paragraaf maklik lees en begryp.

Die eerste ding wat die skrywer van bostaande stuk nie gedoen het nie, is om aan te toon waar die een gedagte of sin ophou en waar die volgende begin. Ons doen dit deur **elke aparte sin met 'n hoofletter te begin** en sodra die sin klaar (voltooi) is, **'n kolletjie (punt) daaragter te skryf. Elke aparte gedagte** oor die onderwerp waaroor ons skryf, **maak 'n sin uit en daaragter kom 'N PUNT. Na die punt begin die nuwe sin dan met 'n hoofletter.**

Die punt is die eenvoudigste maar die allerbelangrikste leesteken. Iemand wat nie deur 'n punt aantoon waar sy sinne eindig nie, kan nog nie skryf nie.

Onderskei nou die sinne in bostaande stuk en kyk hoeveel makliker is dit om die stuk te lees en te verstaan:

Die twee jagters en Witbooi die geweerdraer stap nader na die leeu. Hulle beskou die dier noukeurig. Hans waar het jy hom geskiet. Nee Hendrik dit weet ek om die waarheid te sê regtig nie antwoord Hans. Draai hom om dat ons kan sien Witbooi. Mooi skoot my baas. Die koeël is net agter die blad in. Werklik roep Hendrik verbaas uit. Ja baas wat ek sê is waar. Kyk maar self.

DIE VRAAGTEKEN.

Die twee sinne: **Hulle beskou die dier noukeurig** en **Waar het jy hom geskiet Hans** sê mens egter nie eners nie want die eerste sin deel eenvoudig iets mee (is 'n mededeling) terwyl die tweede iets vra. Ons kan aantoon dat die tweede sin 'n vraag is deur 'n ander teken nl. die **vraagteken (?)** daaragter te skryf, so:

Hans waar het jy hom geskiet?

Ons skryf die **vraagteken** dus **agter 'n woord of woorde wat 'n vraag** uitdruk (bevat).

DIE UITROEPTEKEN.

Ook die sin **Mooi skoot my baas** is nie 'n blote mededeling nie. Dit is 'n uitroep en ons toon dit aan deur 'n uitroepteken **(!)**.

Ons gebruik **die uitroepteken** agter woorde wat **enige sterk gevoel**, (bv. blydskap, teleurstelling of verbasing), **'n wens, 'n bevel, 'n kreet,** uitdruk. Die uitroepteken kan ook in die sin — nie juis daaragter nie — staan bv. O nee! dit doen ek nie.

DIE KOMMA.

Julle het seker ook opgemerk dat ons in die sin self, agter sekere woorde 'n oomblikkie wag, bv. in die eerste sin agter **Witbooi** en **geweerdraer**, in die derde sin agter **Hans**, in die vierde sin agter **nie** en in die voorlaaste sin agter **sê**. Dui ons nou hierdie **kort pouses** in die sin ook aan deur middel van **kommas**, dan word die stuk nog makliker gelees en begryp. Probeer maar:

Die twee jagters en Witbooi, die geweerdraer, stap nader na die leeu. Hulle beskou die dier noukeurig. Hans, waar

het jy hom geskiet? Nee Hendrik, dit weet ek, om die waarheid te sê, regtig nie, antwoord Hans. Draai hom om dat ons kan sien, Witbooi. Mooi skoot, my baas! Die koeël is net agter die blad in. Werklik! roep Hendrik verbaas uit. Ja baas, wat ek sê, is waar. Kyk maar self.

Ons skryf **die komma waar** daar in die sin **'n natuurlike pouse voorkom, of waar dit sal help om die sin duideliker te maak.**

Uit die bostaande stukkie sien ons dat dit altyd die geval is:

(1) Voor en agter woorde wat dieselfde betekenis het as die voorgaande woord en dit net verder verduidelik ('n bystelling), bv.
Witbooi, **die geweerdraer,** stap nader .....
Gert, **my oudste broer,** het my besoek.

(2) Agter of voor die naam van die persoon wat jy aanspreek, bv. Hans, waar het jy hom geskiet?
Nee **Hendrik,** dit weet ek regtig nie!
Mooi skoot, **my baas**!

(3) Tussen twee werkwoorde wat tot verskillende dele van die sin behoort, bv.
Wat ek **sê, is** waar.

Opm.: Hierdie toestand kry ons altyd in die samegestelde sin wat met 'n bysin begin, want in die bysin staan die werkwoord laaste en in die hoofsin wat volg, staan die werkwoord eerste (inversie).

(4) As daar in die sin woorde ingelas word wat geen verandering aan die sin maak as hul weggelaat word nie:
Dit weet ek, **om die waarheid te sê,** regtig nie.

Die inlassing (of parentese) kan 'n enkele woord, 'n sinsdeel, of selfs 'n sin wees:

(*a*) Maar, **onthou,** ons is honderd myl van die naaste dorp af.

(*b*) Jou gedrag is, **om die minste daarvan te sê,** baie eienaardig.

(*c*) Dit is, **sover ek kan onthou,** die eerste keer dat soiets gebeur.

AANHALINGSTEKENS.

Kyk weer na die stuk hierbo. Ons merk dat dit bestaan uit wat die skrywer vertel van die twee jagters en Witbooi, bv. **Die twee jagters en Witbooi, die geweerdraer, stap nader na die leeu, antwoord Hans,** ens. en die werklike woorde wat die jagters en Witbooi gebruik het, bv.

Hans, waar het jy hom geskiet?

Dit sal ons ook baie help om die stuk beter te begryp as die skrywer onderskei tussen sy woorde en die werklike woorde wat die persone van wie hy vertel, gebruik het. Dit word gedoen deur die sprekers se eie woorde (of direkte rede) tussen **aanhalingstekens** („ ") te skryf, bv.

„Waar het jy hom geskiet, Hans?" vra Hendrik.

As ons nou ons stukkie volledig van leestekens voorsien het, lees dit maklik en is die betekenis meteens duidelik:

Die twee jagters en Witbooi, die geweerdraer, stap nader na die leeu. Hulle beskou die dier noukeurig.

„Hans, waar het jy hom geskiet?"

„Nee Hendrik, dit weet ek, om die waarheid te sê, regtig nie," antwoord Hans.

„Draai hom om dat ons kan sien, Witbooi."

„Mooi skoot, my baas! Die koeël is net agter die blad in."

„Werklik?" vra Hendrik.

„Ja baas, wat ek sê, is waar. Kyk maar self."

Opmerking: Let hierop:

(1) Die eerste aanhalingsteken ('n dubbele komma) staan **onder** aan die reël.

(2) Elke aparte aanhaling begin altyd op 'n nuwe reël. (Elke keer as 'n ander persoon praat, begin die aanhaling van sy woorde op 'n nuwe reël.)

(3) Daar is 'n kort pouse tussen die direkte rede en die woorde wat die skrywer daarby voeg:

„Nee Hendrik, dit weet ek, om die waarheid te sê, werklik nie," **antwoord Hans.**

(4) Die woorde wat die skrywer tussen die direkte rede inlas (wat dus nie tussen aanhalingstekens staan nie), word altyd van die werklike aanhaling deur kommas geskei, bv.

„Ek verstaan", **het die spreker voortgegaan,** „dat die nuwe pad oor die berg binnekort klaar sal wees."

OEFENING 1.

Voorsien die volgende van leestekens en hoofletters op die korrekte plekke:

(*a*) 1. waar gaan jy heen ek ry dorp-toe
2. o maar dit is 'n pragtige vliegtuigmodel hoe lank het jy daaraan gewerk
3. Met die desembervakansie was ons op kleinmond was dit nie lekker om in die soutwater te baai en in die son te bak nie die natuurskoon is pragtig werklik kleinmond is 'n paradys vir die skilder
4. piet kom gou hier hardloop na die winkel en sê vir mnr. roux die hoofklerk die kruideniersware wat ek bestel het het nog nie opgedaag nie

(*b*) 'n diensmeisie maak die deur oop dit spyt my meneer maar mejuffrou Neethling is vanoggend weg weg vra Andries verbaas waarheen met die trein meneer ek meen sy is huis-toe maar dit kan nie wees nie sê Andries ek het 'n bestelling met haar ek verstaan dit dan ook nie meneer maar dis tog so ek het self gehelp om haar bagasie op die huurmotor te laai

A. J. du Plessis: *Die Skraal Man.*

(*c*) naderhand lig hy sy kop op nee kleinnooi sê hy ek is baie jammer maar ek weet nie raad nie Rosie gaan weer aan 't huil Wagter steek sy nat neus in haar handjie om haar te troos Kleinnooi sê hy oor 'n rukkie maar kom ons gaan jou Pappie in jou Mammie Skoonlief soek hoe sal jy weet waar om hulle spoor te vat Wagter kom ons gaan van die huis af begin Kleinnooi

Langenhoven: *Brolloks en Bittergal.*

(*d*) lank het skilpad onder 'n groot klip gesit om bobbejaan die skelm terug te betaal op 'n dag kom sit bobbejaan op die klip sy stert hang af tot op die grond skilpad gryp die stert hier het ek 'n stert opgetel skreeu hy dis myne skreeu bobbejaan optelgoed is hougoed sê skilpad nou goed sê bobbejaan ons gaan hof-toe olifant wys weer die saak uit vriend bobbejaan sê hy jy sal seker nog kan onthou hoe jy nou die dag 'n sak vis opgetel het nie waar nie nou goed die stert is wel joue maar skilpad het dit op die grond opgetel nie op jou rug nie sny maar af skilpad het hierop sy mes uitgehaal en die stert afgesny

A. H. Rens: *Kaloeloe.*

(*e*) Piet sê die magistraat die aand hoekom sit jy dan so en kyk het jy maagpyn nee pa sê Piet wat nie goed weet hoe hy die voëls se saak aan sy pa moet verduidelik nie wat is dit dan vra sy vader jy sê niks die hele tyd nie en anders kan jy so baie praat jy het tog nie weer skarlakenkoors nie dit kry mens mos net een keer nee pa ek dink net oor wat die voëls my vertel het ag jy verbeel jou allerhande dinge sê sy vader ongeduldig dit word hoog tyd dat jy skoolwerk kry

Leipoldt: *Die Goue Eier.*

(*f*) Jonker kom beslis oreut die storie het Terblans nie uit sy duim gesuig nie kom ons gaan kyk sê hy skielik ek voel maar bangerig oom maar as oom my belowe dat oom nie sal weghardloop nie kan ons gaan en as jy weghardloop Terblans ek sal nooit voor jou kan bly nie ek sal nie oom ek is op my hoede netnou het die ding my oorval en soos ek jou gesê het ek was die oorlog deur ek reken so oom Pieter dat twee mans hulle man kan staan by een spook.

(*g*) Gert gooi sy lyf agteroor op sy kooi om op sy gemak 'n plan te beraam maar net toe kom sy kamermaat Johannes van Wyk die vertrek binne a roep dié uit toe sy oog op die mooi blomme val seker vir Klaartjie nè Gert antwoord nie waar kry jy hierdie spogblomme Gert vra Johannes dis juis wat ek vir jou wou vra aan my vra Johannes verbaas is dit dan my blomme de Waal: *Johannes van Wyk.*

(*h*) toe die rooi son begin sak en dit tyd word vir die twee om huis-toe te gaan bied Reier vriendelik aan om ook Visarend se sak met vis vir hom te dra maar Visarend wil langs die pad eers nog by vriende aangaan daarom sal Reier intussen maar aanstap goed dan vriend sit maar my sak vis in my huis neer ek kom netnou sê Visarend Reier ook nie links nie laat mooi sy sak paddas in Visarend se huis en stap weg met die vis Visarend kom tuis en maak sy deur oop o wat gaan hier aan roep hy verbouereerd uit hoekom spring die paddas hier rond en waar is my sak vis skielik val dit hom by dat Reier hom vandag 'n lekker streep getrek het die Reier tog wie sou dit van hom verwag. A. H. Rens: *Kaloeloe.*

(*i*) maar oom watter klein boompies staan daar dis nie bome nie my seun maar druiwestokke van daardie boompies soos jy sê maak ons wyn maar hoekom is pappie se wingerd-

stokke dan soveel groter en die ranke baie langer wil Jannie weet nou ja sê oom Andries ek sal jou vertel daardie stokke wat jou pappie kweek noem ons rankdruiwestokke en die druiwe kan nie gebruik word om wyn van te maak nie want dit is nie betalend nie Boerseun: *Jannie onder die Wynboere.*

LEESTEKENS (vervolg).

Die **kommapunt** (;) dui 'n pouse aan wat langer as dié wat die komma, en korter as dié wat die punt aandui, is. Waar ons dus die punt gebruik om die lang pouse tussen **afsonderlike sinne** aan te dui en die komma om die kort pouses tussen die afhanklike **dele van die sin** self, aan te dui, gebruik ons die **kommapunt** om die half-lang pouses tussen **hoofsinne** aan te dui, d.w.s. tussen sinne wat onafhanklik newens mekaar staan maar tog saam een volledige gedagte uitdruk.

Voorbeeld:

„Die plan is eindelik gemaak; in stilte trek die maanhaar met die jong paar terug op hul spore." (Voegwoord **en** weggelaat). „Die ou leeus het verstaan; dit is ou taktiek." (**want** weggelaat). „Hy sal naamlik omloop en van die ander kant probeer; misluk dit hom, dan vlug die sebras waarskynlik hierheen, waar die kraagmannetjie en die twee wyfies hulle dan sou bespring." (**maar** of **dog** of **want** weggelaat.)

Die **dubbelpunt** (:) gebruik ons:

(1) Voor 'n lys of opsomming wat volg, b.v.: Ons belangrikste minerale is: goud, diamante, steenkool en yster.
(2) Voor woorde wat 'n verduideliking gee of iets meer byvoeg by wat net gesê is, bv.: Ons het 'n spreekwoord wat hierdie waarheid mooi uitdruk: die beste touleier sit op die voorbak.
(3) Voor die **direkte rede**, bv.: Leeu wil darem graag van Langa weet: „Waarom woon jy so alleen hier?"

Hakies ( ). Dit word gebruik as ons in die loop van 'n sin iets inlas om as inligting vir die leser te dien. Die hakies skei hierdie inlassing van die res van die sin, bv.:

Verlede jaar (1938) was dit honderd jaar sedert die Groot Trek uit die grensdistrikte (Graaff Reinet, Colesberg, en ander) plaasgevind het.

Die Streep (—) Dit het o.a. die volgende gebruike:

(1) Om 'n ingelaste gedeelte van die res van die sin te skei. Deur die parentese so tussen twee strepe te plaas, word dit skerp van die res van die sin geskei, bv.:
Toe begin die groot sterk man — dit was die snaaksste van alles — soos 'n klein kindjie te huil.

(2) Om aan te toon dat die sin skielik afgebreek word, bv.:
(*a*) Toe ons weer sien — nee, dit wil ek liewer nie vertel nie.

(3) Om die aandag sterk op wat gaan volg te vestig, bv.:
„Die seekoeitjie het ook stormgeloop — watertoe!"

Aanhalingstekens word ook gebruik om aan te dui dat die skrywer iemand anders se woorde weergee of aanhaal, bv.:
Jan Celliers gee in „Die Ossewa" eers 'n treffende beeld van die osse wat „ geduldig gedienstig en gedwee" aanstap terwyl die wa „stuiwend en stampend" agterna kom en dan wys hy in die laaste strofe op die „beloning" wat die troue diere „stom tot die stond van hul sterwe" kry:

„Hul bene na swoeë en swerwe,
lê ver oor die velde verlaat."

Verder skryf ons die naam van 'n boek, tydskrif, koerant-artikel, verhaal, gedig, ens. tussen aanhalingstekens. I.p.v. aanhalingstekens kan ons ook die naam onderstreep.
„Klein Duimpie" het eers in „Die Brandwag" van 1910, ons eerste hoogstaande Afrikaanse tydskrif (wat ongelukkig in 1922 opgehou het om te bestaan) verskyn.
Onthou ook dat ons alle eiename met **hoofletters** skryf, en 'n nuwe sin altyd met 'n hoofletter begin.

OEFENING 2.

Vul nou die nodige lees- en skryftekens in die volgende stukke in:

A. (1) dit staan vas werk hard en jy sal deurkom
(2) oom gert 'n vooraanstaande inwoner van jagfontein het sy seun nie geld agter gelaat nie maar hy het hom goed laat leer want jou geleerdheid het oom gert altyd gesê kan jy nooit verloor nie.

(3) eers gegee dan geneem is erger as deur 'n dief gesteel
(4) Waar kaptein naude die grootwildjagter nou rondswerf kan niemand se nie maar 'n jaar gelede het 'n jaggeselskap wat in oos afrika op jag was hom daar raakgeloop
(5) op die parade kan mens enige soort tamaties koop groen tamaties ryp tamaties groot tamaties en klein tamaties los tamaties en tamaties in kissies
(6) hy het mooigepraat gesmeek gedreig maar alles het niks gehelp nie die vader wou sy kind nie van die huis af laat gaan nie
(7) Ag ou sus vra piet help my tog met hierdie som
(8) piet kom dadelik hier
(9) hy sou graag wil bly het hy gesê maar hy het sy ma belowe om dadelik huis-toe te kom
(10) hoe dit so skielik kon gebeur slaan my dronk

B. (1) jan het dadelik in die water gespring nieteenstaande hy sy sondagpak aangehad het nie
(2) daar het nadat ons vertrek het min mense op die staanplek agtergebly
(3) hy volg die raad van sy onderwyser vir wie hy 'n groot eerbied het
(4) met 'n harde vèrdraende stem het die kaptein die matrose beveel om elkeen na sy pos te gaan
(5) hy het gesê dat wat ook mag gebeur hy nie sou oorgee nie
(6) in die winter sit ons in die sonnetjie in die somer in die koelte
(7) sommige mense soek wysheid ander rykdom
(8) die voorsitter mnr du plessis was teenwoordig maar mej marais die sekretaresse was afwesig
(9) jy sal of doen wat ek se of my diens verlaat
(10) die dokter het alles in sy vermoe gedoen al sy pogings om die pasient se lewe te red was tevergeefs

C. (1) ons kon nie al die plekke van belang in kaapstad gaan besigtig nie ons tyd was veels te kort
(2) keer voor daar gaat die perd
(3) die skandinawiese tale sweeds noors deens maak 'n aparte groep uit
(4) daar was teënwoordig die voorsitter die sekretaris

drie bestuurslede en dertig lede van die debatsvereniging

(5) sy laaste woorde was sorg tog goed vir my getroue ou vonk

(6) die man het sy plaas vrou kinders alles in die oorlog verloor

(7) dit was nog nag in die onbetrede dieptes van die oerwoud

(8) staan poppie staan laat jou gedagtes gaan dat jy vir my kan se hoe ver die liefde le

(9) elke gekleurde rasgroep kleurling naturel asiaat indier ens moet gesegregeer word nie alleen wat woonbuurtes betref nie maar ook binne werkkringe

(10) ek verseker jou vroutjie nou wiegel hy nie meer nie na 'n halfdag se harde inspanning en jy kan my glo ek is kapot het ek die ellendige ding uiteindelik tot 'n bestendige ewewig gebring en dis maar goed want ek sou nie kans sien om daar meer aan te doen nie

(Langenhoven: *Sonde met die Bure*)

HOOFSTUK 7

STELWERK: DIE SIN EN DIE PARAGRAAF

Lees die volgende stukkie noukeurig:

Die onderwyser wonder waarom die seuns **so rusteloos is**. Net soos hy sy rug na die klas draai, is daar 'n rondskuiwery en 'n gefluister. Daar moet iets aan die gang wees, dink by. Eindelik sien hy hoe Jannie du Plessis 'n briefie probeer aansmokkel na Basie Blaasbalk.

„Bring daardie **briefie hier, Jannie**!" roep die meester meteens. Jannie wip soos hy skrik. Stadig staan hy op en loop voetjie-vir-voetjie na die meester se lessenaar. Op die hoek daarvan sit hy die briefie verleë neer. Meester vou die briefie oop en lees hierdie onverstaanbare woorde: „Jy kan Sarel Cilliers wees. Ek sal Kalipi wees. Een skoot op die lyf beteken gesneuwel."

„Koos, wat **beteken hierdie gekrap**?" 'n Kort frisgeboude seun van twaalf jaar staan op. Het hy maar liewer gewag tot

na die skool! Nou is hy in die moeilikheid. Hy moet maar liewer reguit sê wat aangaan.

„Meneer . . . ons wil vanmiddag Vegkop speel. Basie wou graag Sarel Celliers wees."

„Maar waar gaan julle klei vir julle kleilatte kry as die wêreld so droog is?" vra Meester, wat nog nie sy seunsdae vergeet het nie. Basie slaak 'n sug van verligting: **Meester is nie kwaad nie!**

Hier word vertel wat op 'n dag in die dorpskool plaasgevind het.

Let daarop dat die hele stuk uit 'n aantal sinne bestaan. **(Elke sin druk één aparte gedagte uit).** Kyk weer.

(1) Die eerste sin vertel wat die onderwyser wonder.
(2) Die tweede druk 'n nuwe gedagte uit: wat die kinders doen om die onderwyser te laat wonder waarom hulle so rusteloos is.
(3) Die derde sin bevat weer 'n nuwe gedagte: wat die onderwyser dink.
(4) Die vierde sin sê wat die onderwyser sien: hoe 'n briefie aangestuur word.

Elke sin druk een aparte gedagte uit. Die sin begin met 'n hoofletter en eindig met 'n punt (of met 'n vraagteken of uitroepteken).

'n Gedagte kan op verskillende maniere uitgedruk word:

(1) As 'n mededeling: Die onderwyser wonder waarom die seuns so rusteloos is.
(2) As 'n vraag: „Koos, wat beteken hierdie gekrap?"
(3) As 'n bevel: „Bring daardie briefie hier, Jannie!"
(4) As 'n wens: Het hy maar liewer gewag tot na die skool!

Kyk mooi hoedat die verskillende leestekens gebruik word om die gedagtes duidelik op verskillende maniere uit te druk.

OEFENING 1.

Skryf omtrent tien sinne oor elk van die volgende:

(*a*) Hoe ek eendag in die skool in die moeilikheid gekom het.

(*b*) Wat met my gebeur het toe ek een aand sonder 'n lamp met my fiets in die straat gery het.
(*c*) Hoe dit gekom het dat ek my been (arm) gebreek het.

OEFENING 2.

Skryf tien sinne neer waarin 'n vraag gevra word. Skryf ook die antwoorde op die vrae neer.

OEFENING 3.

Skryf tien sinne neer wat
(*a*) 'n Bevel uitdruk.
(*b*) 'n Versoek bevat.
(*c*) 'n Wens uitspreek.

Kyk weer na die sinne in die stukkie hier voor: Hulle is nie almal ewe lank nie. Sommige is enkelvoudige sinne en ander is samegestelde sinne. Die sinne begin ook nie almal eners nie. Party begin met die onderwerp en ander weer met 'n ander deel van die sin. As al die sinne ewe lank was en almal eners begin het, sou die stuk baie eentonig gewees het.

OEFENING 4.

Skryf nou sinne oor elk van die volgende onderwerpe. Maak kort en langerige sinne en probeer om nie al jou sinne eners te begin nie. Onthou elke sin moet een gedagte uitdruk, met 'n hoofletter begin; en altyd 'n punt daaragter hê. Die gedagte moet **duidelik** uitgedruk word. 'n Sin wat mens nie kan verstaan nie, is onsin. Elke sin **moet** 'n **gesegde** hê.

(*a*) Ons Afrikaanse klaskamer: meubels; waar; grootte, deure en vensters; mure, prente.
(*b*) 'n Prent (skildery) aan een van die mure: waar dit hang; raam, die prent self.
(*c*) Ons blomtuin: algemeen; plek; grootte; paadjies; beddinkies; blomsoorte.
(*d*) My eerste dag aan die hoërskool.
(*e*) My vader se motor.
(*f*) My hond.
(*g*) Wat ek Saterdae doen.
(*h*) Toe ons by my oom op die plaas gaan kuier het.

OEFENING 5.

Skryf in duidelike sinne neer wat jy in 'n prentjie in „Die Jongspan" of 'n ander tydskrif of boek sien. Beskryf duidelik in kort helder sinne wat jy ook in ander prentjies sien.

DIE PARAGRAAF: NOUKEURIGE BESKRYWING VAN VOORWERPE.

Bestudeer die volgende beskrywing:

My Vulpen.

Ek gebruik 'n vulpen wat uit drie belangrike onderdele bestaan: Die steel, die punt en die dop.

Die steel van swart vulganiet het die vorm van 'n dun buisie omtrent vier duim lank. Binne in die hol steel pas 'n gomlastieksakkie wat die ink bevat. Hierdie sakkie word deur middel van die metaal hefboompie wat in die steel skarnier, gevul. Die penpunt word in die ink gedoop, die hefboompie word versigtig opgelig, dan gelos, en die pen is gevul.

Aan die onderent van die steel is die penpunt vasgeheg. Dit is gemaak van 'n geel metaal wat nie roes nie en word van ink voorsien deur 'n dun kanaaltjie wat van die inksakkie af kom.

Oor die punt skroef 'n mens die dop. Dit beskerm die punt as die pen nie gebruik word nie. Aan die dop sit 'n metaalknip wat die pen regop in die eienaar se sak vasknyp sodat dit nie kan uitval nie.

Jy sal merk dat die sinne waarin die vulpen beskryf word, volgens 'n plan of skema gerangskik is. Die skrywer het agtermekaar van **vier** dinge vertel:

(1) Van **die onderdele** waaruit die pen bestaan,
(2) Van **die steel,**
(3) Van **die punt,**
(4) Van **die dop.**

Elke aparte groepie sinne (gedagtes) wat saam een van die vier sake beskryf, vorm dus 'n aparte stukkie of afdeling van die hele beskrywing.

Elkeen van die vier dinge (sake) is deur die skrywer met 'n paar sinne beskryf. Die hele opstel (beskrywing) bestaan dus uit vier groepies sinne. Elke aparte groepie sinne wat so tesame één van die sake in die opstel beskryf, noem ons 'n

PARAGRAAF.

Die paragrawe is dus die stukke of **onderafdelings** waaruit die hele opstel bestaan.

Kyk nou hoedat die **paragrawe** waaruit die opstel opgebou is, mooi agtermekaar pas.

In die eerste paragraaf (wat net uit een sin kan bestaan) word eers die drie onderdele waaruit die pen bestaan, genoem. Dan word eerste die belangrikste onderdeel, die steel, bespreek, dan die tweede belangrikste, die punt, en eindelik die dop. Die een paragraaf vloei as 't ware uit die ander voort. Die tweede paragraaf is met die eerste verbind deurdat dit die eerste onderdeel, in die eerste paragraaf genoem, behandel; die derde paragraaf is weer aan die tweede verbind deur sy eerste sin: die **punt** is aan die **steel** vas. Op dieselfde wyse word die vierde paragraaf aan die derde paragraaf geskakel. So is al vier paragrawe met mekaar verbind en maak hulle tesame 'n volledige beskrywing van „My Vulpen" uit.

Opm.: Die skrywer kon ook volgens 'n ander plan sy paragrawe gerangskik het, deur met die mins belangrike onderdeel te begin en met die belangrikste te eindig. Dit maak nie saak **hoe** hy sy paragrawe rangskik nie solank as hy dit volgens 'n plan doen.

Maar kyk, ook in die **paragrawe self, pas die sinne mooi agtermekaar.** Die gedagtes is nie sommer los neergeskryf (soos ons in Oefening 1 in die hoofstuk **SINNE** gedoen het nie). In die tweede paragraaf het die skrywer bv. nie met die inksakkie begin nie, maar met die steel self — die belangrikste ding in die paragraaf. Nou vertel hy **verder** van die ander dinge wat by die **steel** behoort, eers van die **sakkie**, dan van die **hefboompie** wat die sakkie vul, dan **hoe** die **sakkie** deur die hefboompie gevul word. **Die sinne waaruit die paragraaf opgebou is, is dus volgens 'n definitiewe plan gerangskik.** Hulle skakel inmekaar en vorm saam 'n eenheid, die **paragraaf** wat weer 'n skakel is van die groter ketting, die opstel.

OEFENING 6.

(*a*) Bestudeer die vier paragrawe waaruit die stukkie op bl. 63 bestaan en skryf die hoofgedagte in elke paragraaf neer. Kyk hoe die paragrawe gerangskik is.

Let daarop dat die hoofsaak of hoofgedagte gewoonlik in die eerste sin van die paragraaf genoem word. Die sinne wat volg, vertel dan meer van die hoofsaak. Maar die hoofgedagte kan ook as 'n soort van gevolgtrekking van wat jy reeds gesê het, in die laaste sin van die paragraaf gegee word, soos in die vierde paragraaf.

(*b*) Lees in jou leesboek 'n klompie paragrawe en skryf elke keer die hoofgedagte in die paragraaf neer. (Dit vorm 'n opskrif vir die paragraaf.)

VOORBEELD VAN HOE SINNE BEHOORLIK GERANGSKIK MOET WORD.

Ons Afrikaanse Klaskamer

Net sinne:

(1) Ons Afrikaanse klaskamer is 'n ruim vertrek met vier groot vensters aan die noordekant.
(2) Die groot vensters laat genoeg lig in die kamer kom.
(3) Die mure is van harde geel-bruin baksteen.
(4) Die boonste gedeelte van die muur is egter gepleister en afgewit.
(5) Die plafon van die klaskamer is wit geverf.
(6) Die meubels van die klaskamer bestaan uit dertig klein tafeltjies met 'n stoel by elkeen vir die studente, 'n groot tafel en 'n stoel vir die onderwyser en twee kaste vir skryfmateriaal en klasboeke.
(7) Aan die mure hang 'n paar olieskilderye van Afrikaanse skilders en baie portrette van Afrikaanse skrywers en digters. Die skilderye en veral die portrette van Afrikaanse skrywers aan die mure gee 'n atmosfeer aan die kamer wat elkeen dadelik laat voel dat jy in die klaskamer vir Afrikaans is.
(8) Die swartbord is aan die oostelike muur sodat die lig van ons linkerkant af deur die vier groot vensters val.
(9) Ons klaskamer, No. 10, is op die tweede verdieping aan die noordekant van die inrigting gebou.
(10) Die vloer van ons klaskamer is van bruin houtblokkies gemaak.

Hierdie sinne is nie mooi gerangskik nie. Hulle staan sommer deurmekaar en vorm nie 'n eenheid nie.

Hulle kan volgens die volgende plan gerangskik word:

(1) Waar die Afrikaanse klaskamer is.

(2) Algemene beskrywing.

(3) Beskrywing in besonderhede:

(*a*) vloer, (*b*) mure, (*c*) plafon, (*d*) vensters, (*e*) swartbord, (*f*) meubels, (*g*) prente.

(4) Atmosfeer.

In 'n paragraaf saamgevat:

Ons Afrikaanse klaskamer is op die tweede verdieping aan die noordelike kant van die inrigting. Dit is 'n ruim lugtige vertrek. Die bruin blokkiesvloer pas mooi by die onderste gedeelte van die vier mure wat van 'n geel-bruin, harde baksteen gebou is. Die boonste gedeelte van die mure is gepleister en afgewit en sluit mooi by die witgeskilderde plafon aan. Vier groot vensters aan die noordekant laat oorgenoeg lug en lig in die kamer instroom. Daar die swartbord teen die oostelike muur sit, val die lig van die linkerkant op die boeke van die studente. Die meubels van die klaskamer bestaan uit dertig klein tafeltjies met 'n stoel by elkeen vir die studente, 'n groot tafel heelvoor, vir die onderwyser, en twee kaste vir boeke en skryfgereedskap. 'n Paar Afrikaanse olieskilderye en talryke prente van Afrikaanse skrywers aan die mure skep 'n atmosfeer in die kamer en laat 'n besoeker dadelik besef dat hy in die klaskamer vir Afrikaans is.

Die eerste sin is die inleiding van die paragraaf. Dit bevat ook die hoofgedagte. Nou volg 'n beskrywing van verskillende aspekte van die klaskamer, in so 'n volgorde dat die leser maklik van die een na die ander oorgaan. Die sinne skakel aanmekaar. Die slotsin (wat by meubels aansluit) sluit die paragraaf mooi af en bring ons weer by die hoofgedagte: Die Afrikaanse Klaskamer.

Nou is die paragraaf mooi opgebou. Dit het 'n begin, 'n middel, en 'n slot.

OEFENING 7.

Skryf nou mooi paragrawe oor elk van onderstaande onderwerpies:

Onthou:

(*a*) Die paragraaf moet 'n begin, 'n middel en 'n end hê.

(*b*) Die hoofgedagte kom gewoonlik in die eerste sin.

(*c*) In die paragraaf word niks geskryf wat nie iets met die hoofgedagte te maak het nie. In die paragraaf hierbo waarin die steel van die vulpen beskryf word, word net van die steel en wat daarmee saamgaan, gepraat.

(*d*) Net soos die sinne (aparte gedagtes) van die opstel van mekaar geskei word deurdat elke sin met 'n hoofletter begin, en met 'n punt eindig, so word die paragrawe (hoofgedagtes) van mekaar geskei deur elke nuwe paragraaf 'n end van die kantlyn af te begin. 'n Mens kan ook 'n reël tussen die paragrawe ooplaat.

Onderwerpies:

(*a*) 'n Plein of 'n stuk straat.
(*b*) My beste maat.
(*c*) My stokperdjie.
(*d*) Ons woonhuis.
(*e*) Die prentjie wat ek deur die venster van my kamer (klaskamer) kan sien.

OEFENING 8.

Gee 'n noukeurige beskrywing in een of meer paragrawe van elk van onderstaande voorwerpe.

Onthou:

(*a*) Jy moet die voorwerp noukeurig beskryf, dus moet jy goed oplet waarvan dit gemaak is, wat die vorm en die kleur daarvan is, hoe groot en swaar dit is, hoe dit inmekaar sit, hoe dit werk, waarvoor dit gebruik word. Elke besonderheid wat belangrik is, moet beskryf word.

(*b*) Jou sinne moet helder en duidelik wees.

(*c*) Al die sinne wat bymekaar hoort, moet mooi in 'n paragraaf gerangskik word. Noem die hoofsaak in die eerste sin.

Voorwerp:

(*a*) 'n Arm- of sakhorlosie.
(*b*) 'n Tafel.
(*c*) 'n Boek wat op die tafel lê.
(*d*) 'n Knipmes.
(*e*) 'n Hoed of ander kledingstuk.

(*f*) 'n Skildery aan die muur.
(*g*) 'n Elektriese gloeilampie.
(*h*) 'n Hamer of ander stuk gereedskap.
(*i*) 'n Wilde of mak blom.
(*j*) 'n Fiets.

BESKRYWING: HOE OM IETS TE DOEN.

Nie alleen moet mens 'n voorwerp kan beskryf nie; jy moet ook duidelik en presies kan beskryf wat iemand moet doen. Lees die volgende instruksie:

Hoe om 'n outomatiese telefoon te gebruik.

Tel die gehoorbuis op en luister of u 'n gonsende geluid hoor. Skakel die verlangde nommer. Plaas 'n trippens in die busgleufie sodra die opgeroepte persoon antwoord, maar nie voor dié tyd nie. Moenie aan die gehoorbuishaak raak solank as wat u praat nie want dan sal u uit verbinding gestel word.

Indien u 'n aanhoudende geluid op 'n hoë toon in plaas van die lae gonsende geluid hoor, is die nommer beset.

Opmerkinge: Let op die volgende:

(*a*) Die sinne het die vorm van 'n bevel omdat 'n bevel duideliker as 'n versoek is.

(*b*) Die sinne is taamlik kort. Sommige bevat net een instruksie, die meeste twee, maar nie een meer as drie nie. Die instruksies word so eenvoudig moontlik gegee, om dit maklik te maak om hulle te begryp en uit te voer.

OEFENING 9.

Vertel kort en duidelik in een of meer paragrawe:

(1) Hoe om 'n lek in jou fietsband heel te maak.
(2) Hoe om pannekoek te bak.
(3) Hoe om in die veld vuur te maak.
(4) Hoe 'n mens 'n model-vliegtuig bou.
(5) Hoe 'n mens 'n kristalradiostelletjie kan bou.
(6) Hoe jy jou hond moet oppas.
(7) Hoe jy met 'n motor wegtrek.
(8) Hoe mens servetringe van hout of been kan maak.
(9) Hoe om 'n gebreekte erdewerk te herstel.
(10) Hoe die dokter 'n kind ent.

BESKRYWING: HANDELING OF WERK WAT JY WAARGENEEM HET:

In stories word dikwels vertel wat die mense doen en hoe hulle dit doen. Ons moet ook leer om duidelik te beskryf wat ons self doen of wat ons ander sien doen het.

Lees die volgende twee paragrawe waarin Langenhoven vertel hoe sy aangenome vader self vir hulle skoene gemaak het en laat rieme brei het. (Langenhoven vertel iets van die plaas waarop hy grootgeword het).

„En dis wonderlik wat die oumense alles vir hulself gemaak het. Buiten vir Mammie met haar fraaie klein voetjies waarvoor ook in die armste dae die slippers en skoene uit die winkel gekom het, het Pappie vir hom en ons almal velskoene gemaak — saens, nadat sy harde dag se werk verby was, eintlik vir ontspanning. En hy het die leer self gelooi, met doringbas in balies, beesvelle vir sole, bokvelle vir oorleer, gebreide wildvel-riempies vir die naaisel. Voor hy so weelderig hoog modies geword het om ferweel te koop vir Mammie om sy klere van te maak, het sy van die gelooide leer velbroeke vir hom gemaak (maar daarby het hy darem gehelp want die steke gaan swaar deur).

Vir osrieme is **die beesvelle nie gelooi nie maar** gebrei. Die metode was soos volg. Die vel is eers (in water) laat lê om die hare te laat afgaan. Dan word die uitsteek-ente, soos die punte, afgesny om die vel gelyk-rond te kry. En dan word beginnende van buite af, 'n strook van 'n duim en 'n half of so gesny, om en om en om met 'n inlopende spiraal. Wanneer jy in die middel klaar uitgekom het, het jy een enkele allemastige lang riem. Die word dan (of later) in gelyke ente opgesny so lank as die rieme moet wees, en die bos word aan 'n dwarshout, bo-oor twee hoë pale, vasgemaak. Onderaan word 'n swaar wiel vasgemaak, miskien verder verswaar deur klippe of ander gewigte. En dan kry jy 'n jong met 'n spar. Hy steek die spar deur die wiel, en hy loop al in die rondte, nes 'n donkie aan 'n bakkiespomp, tot hy die bos rieme so opgewin het, dat hulle dubbele kinkels het en die wiel daar bo in die lug is. Dan trek hy die spar uit. Van die gewig draai die rieme los en weer 'n ent vas van die vaart van die wiel — daardie opdraande werk is dan present gekry. Sodra die wiel self opgaande tot stilstand kom, word

die spar met waaksame knapheid ingesteek en die opwinnery vervat tot die wiel weer bo is. En so aan en aan en aan tot die rieme klaar gebrei is, saf soos handskoene."

(Langenhoven: *U dienswillige Dienaar.*)

Let op die volgende:

(*a*) Ons sien duidelik wat die skrywer beskryf. Dit is omdat die skrywer self duidelik sien wat hy aan ons wil vertel. Hy skryf dan ook duidelike sinne, en hy rangskik sy sinne so dat hulle mooi agtermekaar volg.

Kyk maar hoe die tweede paragraaf opgebou is. Dit het 'n begin, 'n middel (wat uit twee dele bestaan) en 'n slot.

Die eerste sin sê vir ons waarvan die paragraaf gaan vertel (die hoofgedagte van die paragraaf) nl. hoe osrieme gebrei word. Maar dit verbind ook hierdie paragraaf met die vorige paragraaf waarin van die **looi van beesvelle** gepraat word deur die vetgedrukte sinsnede: „Vir osrieme is die **beesvelle nie gelooi nie**, maar gebrei." Dit is die begin. De tweede kort sinnetjie bring ons dan by die breiproses self (die middel). Kyk hoe die sinne gerangskik word. Wat eerste gedoen word, word eerste beskryf (logiese volgorde). Die proses bestaan dan eintlik ook uit twee dele. Eers word vertel hoe die vel haaraf gemaak en in rieme opgesny word, en dan hoe die rieme gebrei word. Die slotsin sluit nie alleen die proses af nie maar bring ons dan weer na die hoofgedagte terug: rieme brei, deur dit nogeens saam te vat. So kry ons 'n pragtige afgeronde paragraaf met 'n begin, 'n middel en 'n slot.

Kyk ook na die bou van die eerste paragraaf: Die eerste sin is 'n soort inleidende sin, wat die paragraaf vasknoop aan die vorige paragrawe. Die tweede sin bevat die hoofgedagte: **velskoene maak**. Let op hoedat die gedagte van velbroeke ook op 'n natuurlike wyse ontstaan, want die velbroeke is van dieselfde gelooide leer gemaak as die skoene. Die gedagte pas dus tog in die paragraaf (wat niks moet bevat wat nie met die hoofgedagte in verband staan nie). Die sin sluit dan ook die paragraaf af.

(*b*) Vergelyk nou die tweede gedeelte van die riemebreiproses met 'n beskrywing van dieselfde soort werk deur 'n ander skrywer (C. M. v. d. Heever in *Droogte*).

„In die tuin, onder 'n breë appelkoosboom, sien Francina vir oom Luikes besig om rieme te brei. Met die breistok vas

voor hom gedruk, stap hy dieselfde paadjie al in die rondte en draai die klip, wat aan die rieme hang, om en om totdat die inmekaar gewoelde, styfopgeskroefde rieme knope begin wring. As die breiklip die verwarmde rieme bo teen die dwarshout vasgedruk het, word die stok uitgetrek, en **met dowwe geruk maal die klip na benede**, woel die rieme na die anderkant toe weer op, totdat die draaiery stadiger word en oom Luikes se hande uitgebraaide vet aan die rieme smeer voordat hy hulle verder bewerk."

(*c*) Hoewel dieselfde werk hier beskryf word, doen elke skrywer dit op **sy eie manier**: Langenhoven beskryf die proses noukeuriger, eenvoudiger en meer in besonderhede as van den Heever, maar die prentjie wat v. d. Heever met sy woorde teken, staan helderder in ons gees. Kyk hoe sien (en hoor) jy die breiklip al draaiende afkom as jy die woorde lees: „en met dowwe geruk maal die klip na benede . . ."

Die skrywers gebruik soms dieselfde woorde soos **woel** maar tog anders. Let ook op **om en om**, wat by Langenhoven versterk word tot om en om en om. (Soek nog so 'n versterkte bywoord wat help om mens die aanhoubeweging nog sterker te laat voel.)

Kyk hoe gebruik Langenhoven die woordjie **en** aan die begin van sy sinne (net soos in die Bybel) om die sinne van die paragraaf as 't ware nouer aan mekaar te skakel; en hoedat hy lief is om in 'n tussensin 'n opmerking te maak oor die ding wat hy besig is om te beskryf, bv. „daardie stukkie werk is dan present gekry." (Soek nog so 'n plek.)

Hierdie eie manier waarop 'n skrywer 'n ding vertel of beskryf, noem ons sy **styl** — die manier waarop hy skryf. Probeer ook altyd om iets op jou **eie** manier te beskryf of te vertel; sodat jou opstel anders is as die ander kinders s'n.

Laat jou onderwyser nou vir jou uit onderstaande boeke voorlees hoedat ons drie grootste romanskrywers dieselfde ding beskryf, nl. koringsnyery. Let daarop hoe die koringsny elke slag in 'n ander verband beskryf word want die drie style het ook daarmee iets te maak.

„Op Veld en Rante" (*J. van Bruggen*), hoofstuk II: 1 en 2.

„Somer" (*C. M. v. d. Heever*), hoofstuk III.

„Die Hart van Moab" (*D. F. Malherbe*): „Azkar se koms" (laaste gedeelte.)

OEFENING 10.

Beskryf nou self in een of meer paragrawe so duidelik en so lewendig as wat jy kan van die volgende werke wat jy self gesien het:

1. Osse (jong osse) inspan. 2. Gerwe ry en mied pak. 3. Trap of dors. 4. Ploeg. 5. Seepkook. 6. Vark (bees) slag. 7. Skape skeer. 8. Druiwe pars. 9. Stook. 10. Vrugte pluk. 11. Motor was en ghries. 12. Werf (agterplaas) skoonmaak. 13. Strate teer. 14. Wasgoed was. 15. Tuin skoffel. 16. Bome plant. 17. Stene maak. 18. Melk, en kalwers uitja. 19. Vrugte inlê. 20. Die tafel dek en opskep.

HOOFSTUK 8

STELWERK: DIE PARAGRAAF (*Vervolg*)

SKILDERENDE WOORDE

In stories vind ons interessante beskrywings van die **mense** en **diere** en wat hulle doen en van die plekke waar die storie afspeel. Die skrywer „teken" met sy woorde vir ons 'n prentjie van 'n karakter, 'n kamer, 'n huis, 'n dorp, 'n stuk natuur, sodat ons dit duidelik in ons verbeelding sien as ons die beskrywing lees.

Voordat ons self probeer stories skryf, moet ons dus ook leer om duidelike prentjies met woorde te teken.

Watter soort woorde gebruik die skrywer om iets duidelik te beskryf of uit te beeld en hoe gebruik hy hulle?

Lees die volgende beskrywing:

Die môreson val op die rotskoppie en dassies kom uit die splete en gate te voorskyn om hulle in die strale te koester. Die dassies soek hul sitplekkies uit en skyn na niks beter te verlang as om te kan lê en kyk na die son nie. Maar die kleintjies gly op hul pootjies langs die klippe af.

Ons **verstaan** heeltemal duidelik (goed) **wat** die skrywer hier van die dassies vertel, maar ons **sien** nie duidelik in ons verbeelding hoe baie dassies een vir een na hulle sitplekke uitkruip nie, hoe die grotes lyk as hulle daar doodtevrede in die heerlike warm sonnetjie sit en bak nie. Ons **sien** ook nie

die kleintjies in hulle spel oor die gladde rotse gly nie, en hoor nie die geluide wat hulle maak nie.

Die prentjie **leef** nie in ons verbeelding nie, omdat die meeste **beskrywende** woorde weggelaat is.

Lees nou hierdie interessante **lewendige** (realistiese) beskrywing:

„Aangenaam verwarmend val die môreson op die klein rotskoppies en weldra kom talryke dassies uit die splete en gate te voorskyn om hulle in die sonstrale te koester. Dik vet oues, met glansende bruin velle soek hul gewone sitplekkies uit en skyn na niks beter te verlang as om heeldag so doodstil te kan lê en kyk na die son nie. Maar die kleintjies, ronde mollige goedjies swellend van lewe onder hul koesterende woljassies, begin speellustig te piep en gly op en af langs gladde klippe op hul gomlastiekpootjies."

(Sangiro: *Uit Oerwoud en Vlakte.*)

Die skrywer gebruik drie soorte beskrywende woorde om sy woordprentjie helder en lewendig te maak:

(1) Woorde om die **voorwerpe** wat hy sien te beskryf — byvoeglike naamwoorde. Hulle beskryf van die voorwerpe, die

vorm: dik vet oues; **ronde mollige** goedjies,
kleur: glansende bruin velle,
soort: gladde klippe; **koesterende wol**jassies,
grootte: klein rotskoppies,
getal: talryke dassies ens.

(2) Woorde wat aksie of beweging beskryf — wat die dinge doen — so ook die geluide wat hulle maak (werkwoorde);

Die môreson **val** op die rotskoppies.
Die dassies kom om hul in die strale te **koester**.
Die oues **soek** hul gewone plekkies op.
Die kleintjies begin **te piep**.

(3) Woorde wat hierdie aksies nader beskryf — sê **hoe** die uitgevoerde handelinge geskied (bywoorde):

Aangenaam verwarmend val die môreson . . .
Die dassies wil **heeldag** na die son lê en kyk . . .
Die klein dassies begin **speellustig** te piep en gly **op en af** langs die gladde klippe.

OEFENING 1.

Soek die beskrywende woorde in die volgende twee paragrawe en sê wat die woorde beskryf.

„Skielik verskyn in die donker openinkie onder een van die rotse, twee leeugesiggies, wat met nugter lewendige ogies beweënde swart neusklappies, en gespitste ronde oortjies, op die vreemde omgewing uitkyk. Hul aandag is op die vreemde, vir hul onbekende geskreeu en gepiep . . . en half angstig draai hul koppies, onderwyl hulle aarselend rondkyk, nou hierheen, dan daarheen, as telkens die geluide van 'n ander kant af kom. Nouliks het die voorste leeutjie 'n voorpootjie versigtig buitekant die grot gesit, of twee onnosele klein dassies jaag mekaar spelend op die rif van die rots langs en vlak voor sy neus verby.

Sonder dat die opvolgertjie van die ou maanhaar reg weet wat hy doen . . . kaps! het hy die agterste dassie onder sy voorpootjies vasgepen. Op dié voorbeeld spring die tweede leeutjie haastig by en pak die spartelende skreeuende dassie beet. Bewend van opgewondenheid by die eerste vangs, hap en pluk hulle senuweeagtig in die dik sagte wol, onderwyl die dassie deur hul gewig platgedruk word; en met 'n skielike opbruising van wreedheid, wat hulle totnogtoe nie geken het nie, laat hulle die skerp tandjies diep in die sagte warm vleis indring. Die dassie gee sy laaste kwiek en lê stil; en die twee leeutjies, vol van 'n wilde onbekende moed, begin vir die eerste keer ná die ongelukkige nag (waarin hulle hul ouers verloor het) weer te knor."

(Sangiro: *Uit Oerwoud en Vlakte.*)

OEFENING 2.

(i) Wat is 'n goeie opskrif vir die paragraaf op bl. 76 hierbo, waarin die toneeltjie van die dassies in die son beskryf word?

(ii) Wat sê elke sin in hierdie paragraaf vir ons? Hoekom volg hierdie sinne so op mekaar?

(iii) Gee nou ook 'n opskrif vir elk van die daaropvolgende paragrawe oef. 1 hierbo en verduidelik die bou van die twee paragrawe.

(iv) Watter gebeurtenis word in die laaste paragraaf beskryf?

(v) In hierdie drie paragrawe word agter mekaar drie prentjies of toneeltjies geskilder. Die drie woordprentjies stel saam 'n gebeurtenis in die dierelewe voor. Wat sou jy hierdie gebeurtenis noem?

(vi) Waar kom die toppunt van dié gebeurtenis?

(vii) Noem die hoofkarakters in hierdie dieredramatjie en sê waar die skrywer hul gevoelens laat uitkom.

OEFENING 3.

Maak jou boek toe en teken die woordprentjies na wat jy hier voor gelees het:

(1) Dassies in die son.
(2) Die leeutjies se eerste vangs.

OEFENING 4.

Teken nou self lewendige woordprentjies van die volgende (in een of meer paragrawe):

(1) 'n Kat wat voor die vuur sit.
(2) 'n Kat wat 'n muis vang.
(3) My konyntjies (of duiwe) eet in die son.
(4) 'n Geveg tussen twee wilde of mak diere.
(5) Die pluimvee op die werf.

BESKRYWING VAN PLEKKE (AGTERGROND) EN KONTRASPARAGRAWE

Bestudeer die volgende realistiese toneeltjies uit *Ou Malkop* van Leon Maré:

„Dis Saterdagmôre op die Kerkplein van Pretoria. Gedurig kom en gaan trems gelaai om die hoeke van die hoofstrate langs die groot geboue af, met hulle klokke se eentonige geklank! klank! klank! Hier en daar loop mense haastig na hul vroeë werk toe; ander kom weer op rywiele aangeswaai met mandjies of sakke groente wat hulle op die besige mark gekoop het, terwyl daar langs die tremskerm 'n kaffer met 'n pak koerante onder die arm lusteloos staan en uitskree: Deelie Mel! . . . Deelie Mel."

En nou:

„Die Ou-Goewermentsgebou se klok dreun op 'n gebiedende toon sy tweede uur van die middag af: „Kom werk!" Die groot gewoel op die plein dun stadig uit. Lomerig stap die

mense na hulle werk toe. Daaronder langs die ry kebs, lê die kebdrywers en gesels en sigarette rook en vertoef in luilekkerland, solank as daar nie passasiers te bespeur is nie. Regoor die groot Poskantoor, soos ook op ander vername hoeke en kruisstrate om twee-uur in die namiddag as die gewoel op sy ergste is, staat die dik fors konstabel, met die groot swart snor, die hewige verkeer van die middag met majestueuse gebare van die hande en reël."

Hier het ons twee paragrawe waarin die Kerkplein op Pretoria op twee verskillende tye van die dag geteken word: (1) Vroeg in die môre en (2) om twee-uur in die middag.

Hoewel in albei paragrawe dieselfde plek, en dieselfde handeling (mense wat werk-toe gaan) beskryf word, vorm die twee prentjies 'n kontras met mekaar. In die eerste het ons die haastige vroeë oggendstemming of -atmosfeer: die mense „loop **haastig** na hulle **vroeë** werk toe," „kom op rywiele **aangeswaai**," van die „**besige**" mark af. Na die Plein toe **kom en gaan gedurig** trems **gelaai** om die hoeke. In die tweede paragraaf het ons die trae moeë namiddagatmosfeer: „**Lomerig** stap die mense na hulle werk toe"; die kebdrywers „**lê** en gesels en sigarette rook en **vertoef** so in **luilekkerland**"; dan „Die groot gewoel op die Plein **dun stadig uit.**"

Julle merk dat dit veral deur die beskrywende byvoeglike naamwoorde, werkwoorde en bywoorde is (soos ons vantevore gesien het) wat die skrywer die kontras bewerk. Dit moet julle ook doen as julle iets beskryf. Deur kontraste naas mekaar te plaas, word eentonigheid vermy en kom die dinge wat jy beskryf des te helderder uit. Enige kunstenaar maak van kontraswerking gebruik want die mens verdra nie eentonigheid nie. Kyk hoedat Maré in die eerste paragraaf van 'n kontrassin gebruik maak. Hy laat vir ons die haastige gewoel op Kerkplein des te sterker uitkom, deur te midde van die haas en gewoel die dooierige lustelose koerantkaffer te teken!

Gaan die skilderende woorde wat die skrywer so goed gebruik, goed na. Let veral daarop hoedat hy sy prentjie vir ons lewendig (realisties) maak deur nie alleen die dinge wat hy **sien** te skilder nie, maar ook die klanke wat hy hoor in sy woorde na te maak (klankskildering):

Die eentonige geluid van die trem se klok: „geklank! klank! klank!"

Die koerantkaffer se lustelose geskreeu (sy eie uitspraak): „Dee-lie mel! . . ."
Die twee klokslae: „Kom werk!"

Let daarop dat die skrywer nie alles op die plein beskrywe nie, maar net die dinge uitsoek wat vir hom interessant of belangrik lyk. In die eerste paragraaf beskryf hy net vier dinge: die trems, die mense wat loop en op fietse ry, en die koerantkaffer. Maar dis heeltemal genoeg om ons 'n indruk van Kerkplein op 'n Saterdagmôre (die hoofgedagte wat hy in die eerste sin gegee het) te gee.
Kyk hoe verskillend van die eerste, die skrywer sy tweede paragraaf inlei, en weer in die eerste sin die hoofgedagte gee: Kerkplein twee-uur die middag!

OEFENING 5.

Beskryf nou:

(1) 'n Kerkgebou in die dag en in die nag.
(2) 'n Natuurtoneel in die winter en in die somer (of in alvier die jaargetye).
(3) 'n Lang straat wat deur drie heeltemal verskillende buurtes loop.
(4) Die veld voor en na die reent.
(5) 'n Koue wintersdag — 'n hete somersdag.
(6) 'n Rivier wat deur verskillende landskappe vloei.
(7) 'n Stil natuurtoneel en 'n bewegende voorwerp bv. 'n trein of ossewa.
(8) 'n Boereplaas op drie verskillende tye van die dag.
(9) 'n Jagtoneel, met die bok (of ander wild) aan die een kant en die jagter aan die ander kant.
(10) 'n Gebou van voor en van agter gesien.
(11) Die natuur (jou omgewing) wanneer jy opgeruimd is en wanneer jy treurig voel.
(12) Huiswerk gesien van die kant van die skoolkind en van die kant van die onderwyser.
(13) 'n Reis in koue nat weer en in droë snikhete son.

HOOFSTUK 9

STELWERK: PARAGRAFERING (BOUPLAN) EN GESPREKKE

BESKRYWING VAN PERSONE

Bestudeer die volgende beskrywing:

„Die lid van sy linkerkantste oog hang effens slap en flou neer oor die blou strepie van die oogappel wat hom daardeur kleiner as dié van die regterkantste een s'n vertoon. Die mond staan **altyd** willoos oop, en twee groot gelerige voortande steek so 'n rapsie onderkant die gebarste, droë bo-lip uit. 'n Yl stoppelagtige rooi baard is oor die bruinerige vel gestippel en onder die inbuigende neus verdik dit tot 'n skraal polletjie snorbaard. Die vaal-swart hare lê soos 'n bondel gras ordeloos oor sy natgeswete kop en bedek naar-lelik sy ore. Sy pakkie klere is vaal van al die uitwas, sy kakiehempie het wit vlekke op en laat sy rooi plooierige keel heeltemal uitkom tot op die kuiltjie, waar die son hom rooigebrand het. Sy velskoene, effens skeefgetrap, het hy self so sonder fatsoen en lelik gemaak. Deur sy hoed se bol is 'n riempie geryg en die rand vertoon plek-plek swart kolle. 'n Haasstert pronk spierwit aan die kant en die fyn haartjies woel bewerig as 'n asemsagte veldwindjie vir 'n oomblik die roerloos gloeiende sonhitte verdrywe."

C. M. van den Heever: *Droogte.*

Van den Heever beskryf hierdie afstootlike verwaarloosde tipe ('n half onnosele skaapwagter) volgens 'n vaste plan: Hy begin met (1) **sy gesig** en beskryf, in besonderhede, eers sy oë en dan sy mond met uitstaande tande en gebarste bolip (omdat die twee dinge in die gesig jou die eerste sal opval); dan sy baard, sy neus en sy ore. Na sy gesig beskryf van den Heever (2) **sy klere** : eers sy pakkie klere in die algemeen; dan sy hemp, sy skoene en sy hoed. Die skoene en veral die hoed wat buitengewoon is, word die breedvoerigste beskryf.

In hierdie beskrywing sien ons egter net die buitekant (uiterlike) van die persoon. Ons weet niks van die persoon se karakter of gevoel (innerlike) nie.

Vergelyk dit nou met die volgende beskrywing waarin die skrywer nou net in die innerlike, die karakter, van die persoon belangstel. Ons sien glad nie hoe die berugte skaapdief wat Boerneef hier uitbeeld van buite lyk nie. Veral twee dinge omtrent Dirk Ligter interesseer die skrywer: hy was alom bekend en gevrees sodat kinders met hom banggemaak is; hy was 'n merkwaardige „kunstenaar"-skaapsteler.

„In my kinderjare was Dirk Ligter se naam berug, ook beroemd, in ons hele distrik en in die omliggende distrikte. Die mense het my altyd bang gemaak met hom: jy moet soet wees, jy moet so maak, jy moenie so maak nie, anders sal Dirk Ligter vir jou kom steel, en dan sien jy nooit weer jou huis nie. Een ou tannie wat daar altyd groot behae in geskep het om kinders die bewerasie te laat kry, het my een aand die doodse angs op die lyf geja toe sy my sê dat Dirk my sal kom vat en braai omdat ek nie wou loop toe my Pa my stuur nie.

Namate ek ouer geword het, het ek begin besef dat Dirk glad nie so 'n skrikaanjaende persoon is nie. 'n Dief, ja, maar 'n dief wie se gelyke in ons wêreld seker nooit of maar selde geloop het. Van dat ek my verstand begin kry het, moes daar baie skaapslagters by ons langs nege maande of langer in die tronk sit omdat hulle maar nie die boere se vet hamels alleen wou laat nie — veediewe was in daardie dae nog baie bedrywiger as vandag. Maar hulle is almal lankal vergeet. Dirk Ligter het miskien minder geslag en gesteel as hulle, maar, al is hy dood, hy lewe vandag nog, omdat hy anders geslag en gesteel het as die ander volk. Dirk was sommer 'n Hotnot honderd. Hy was 'n kunstenaar."

Boerneef: *Boplaas.*

Lees nou ook nog die volgende kort beskrywing van 'n persoon (Leon Maré: *Ou Malkop*).

„Waar twee kindertjies hand aan hand heen hardloop, oorkant die woelige straat, staat oom Blink Piet. Sy groot ertappel-neus, so vol pok-gaatjies, lyk vandag nog rooier as ander dae. Sy groot dramassa van 'n ou lyf skud heen en weer, terwyl 'n breë straal van goedaardigheid in sy ronde gesig gloei. Oom Blink Piet is 'n baie lelike ou oompie, en ruik ook tog so skerp na allerhande soorte van snaakse medisyne; maar tog, ou oompie is net so goed as al die mooi aansienlike mense wat heeldag so deftig en staats hier oor die Plein loop.

„Wel dan, kindertjies!" roep oom Blink Piet ook somaar 'n meisie en 'n jongetjie tegemoet, wat moeg aangehardloop na hom toe kom oor die straat. „Hier, my kleingoeters!" beveel hy met 'n swaai van sy bruin kierie, „hoeveel vir so 'n mooi bos blomme, hè, kleinding?"

„ ‚Nege . . . nege pennies vir 'n bossie, oompie.'

„ ‚Nege pennies?'

„ ‚Ja, Oompie.'

'n Groot vet hand worstel 'n broeksak in, en terwyl 'n hand dieper in 'n sak wegseil . . ."

OEFENING 1.

(1) Gee nou 'n opskrif vir hierdie stukkie. (Dink aan die karakter.)

(2) Let daarop dat die skrywer nie net vir ons beskryf hoe oom Blink Piet se gesig **lyk** nie maar vir ons ook iets van sy karakter vertel: In die ou se gesig sien ons ook dat hy goedaardig is; hoewel hy na drank ruik, is hy tog goed. Dit toon die skrywer vir ons in die volgende paragraaf deur wat oom Blink Piet doen.

As jy dus 'n persoon beskryf, moet jy nie alleen vertel hoe die persoon se **uiterlike** lyk nie (sy gesig, sy hare, sy liggaamsbou, sy klere, ens.) maar jy moet ook sy karakter of **innerlike** beskryf. Dit is nog belangriker as sy uiterlike soos ons ook in die geval van oom Blink Piet sien: hy is lelik maar daar steek tog iets goeds in hom.

(3) Kyk nou watter plan maak die skrywer in die tweede paragraaf om oom Blink Piet se karakter beter te laat uitkom:

(*a*) **Hy vertel wat oom Blink Piet doen**: hy roep die kinders en steek sy hand in sy sak. Dit laat ons sy goedhartigheid **sien**.

(*b*) **Die skrywer laat oom Blink Piet praat.** 'n Mens leer iemand die beste ken uit wat hy sê en doen. Hierdie plan moet julle ook beoefen as julle 'n karakter beskryf. Lees nou ook wat aan die end van hierdie hoofstuk oor **gesprekke** gesê word.

(4) Bestudeer die volgende beskrywing van 'n dogtertjie wat op die straat blomme verkoop. Gee dit 'n opskrif. Beskryf nou self die meisietjie se uiterlike en voeg dan nog een of meer paragrawe by waarin jy haar innerlike (karakter) laat uitkom.

„'n Klein maer dogtertjie, sewe jaar oud, met sonverbleekte geel haartjies en 'n dun sproet-bevlekte gesiggie, glip weer tussen die gewoel deur met haar bossies nagemaakte blomme van skerp, afstekende kleure, en loop staan daar teen die Grand-Hotel se muur, waar sy haar handjie gou oopmaak en haar wakker ogies laat val op 'n mooi blink sikspens. Haar ogies rys gou daarna in dankbaarheid op, en volg twee goeie ooms, wat daar wegtree. Nog 'n paar oomblikke leun sy teen die hoë muur van die Grand-Hotel, sy staat met beentjies in gelid en blomme in 'n bewende handjie, en haar geel koppie rol gou weer hier en daar in verwagting, soos die mense by haar verbygaan."

Leon Maré: *Ou Malkop.*

(5) Net soos (4). Beskryf die koerantverkopertjie verder: „ ,Volkstem, meneer! Volkstem . . . !' ·

'n Jong seun bloedrooi in die gesig van al sy rond en bont hardloop met sy stawel koerante onder die arm, dartel die blomverkoopstertjie weer bliksemsnel verby en handig na 'n oomblik 'n koerant oor aan 'n heer verder af, om daarna terug gestap te kom na die meisie met die blomme, terwyl hy sy pak koerante onder die bo-arm vasknyp en sy pennies tel."

Leon Maré: *Ou Malkop.*

OEFENING 2.

Maak 'n mooi woordeskets van die volgende. Dink aan die voorbeelde wat jy hierbo gelees het en beskryf beide die uiterlike en die innerlike van jou karakters:

(1) Outa Booi, ons ou skaapwagter. (2) Oupa van Zyl (of Ouma). · (3) Tant Hannie. (4) Lui Koos, ons bywoner. (5) 'n Ou bedelaar. (6) Die polisieman op die straathoek. (7) My maat. (8) Vet Piet en Maer Jan — twee maats. (9) Ons ou wasmeid. (10) Die nar in Pagel se sirkus. (11) Klein Kosie (drie jaar oud). (12) 'n Rondloper.

OEFENING 3.

Beskryf die volgende en probeer om waar moontlik geluide ook na te boots:

(1) 'n Wilde dier(e) of voël(s) wat jy waargeneem het.
(2) Jou duiwe, konyntjies of ander diere wat jy aanhou.
(3) 'n Groep kinders op die speelgrond.

(4) Twee katjies wat speel.
(5) 'n Klomp eende wat water-toe stap.
(6) Klein kalwertjies op die werf.

GESPREKKE (DIALOOG)

In verhale by die beskrywing van persone laat die skrywer dikwels sy karakters praat. Die werklike woorde of direkte rede van die karakters, noem ons dialoog (tweegesprek).

Lees die volgende tweegesprek en doen dan onderstaande oefening. Let daarop dat elke keer as 'n spreker **begin** praat, word sy woorde op 'n nuwe reël neergeskryf. Sorg dat die leestekens reg gebruik word.

Jakkals kom by Wolf aan en vra:

„Oom Wolf, het jy nie lus vir lekker sagte lamvleis nie?"

„Natuurlik neef Jakkals, maar waar kry mens deesdae nog so iets," antwoord Wolf.

„Ja, dit sou jy nie dink nie, maar ek weet waar jy jou sat kan eet aan ses-maande-oud-lammers!" beweer Jakkals geheimsinnig.

„Waar man? Praat!" antwoord Wolf ongeduldig, terwyl hy sy lippe aflek. Maar Jakkals gaan op sy gemak voort:

„Stadig oor die klippe, Oom. Ons sal darem moet wag tot dit skemer word voor ons ons op Boer se werf kan waag."

OEFENING 4.

(1) 'n Gesprek tussen Jan en sy maat Koos. Hulle wil gaan vrugte steel.
(2) 'n Gesprek tussen 'n motor en 'n perdekar.
(3) 'n Voëltjie (bo in die boom) en 'n kat wat die voël wil vang (onder op die grond).
(4) 'n Samespraak tussen 'n voetbal en 'n tennisbal.
(5) 'n Gesprek tussen twee Hotnots wat stry oor wie die beste en rykste baas het.
(6) 'n Gesprek tussen twee meisies oor hulle nuwe rokke.
(7) 'n Gesprek tussen 'n giraf en 'n skilpad wat mekaar in die veld ontmoet.
(8) 'n Gesprek tussen 'n vliegtuig en 'n ossewa.

OEFENING 5.

Dramatiseer d.w.s. skryf in die vorm van 'n gesprek:

(1) Die verhale oor Frederik die Grote en Wolf in die skuiwergat, in die volgende hoofstuk.

(2) 'n Verhaal in **Die Jongspan** of ander blad.

BESKRYWING VAN 'N NATUURGEBEURE

Lees die volgende uitbeelding van 'n haelstorm op 'n koringplaas (C. M. van den Heever: *Somer*):

„ ‚Ek het vir julle gesê,' beduie Oom Tom bo-op die mied, wat netjies gepak die stoppelkant soos 'n gelyk muur na buite wys, ‚kyk daar!' Sy vinger wys na die lug. Die wolke wat netnou nog soos spierwit domme die lugeinder verheerlik het, het oopgesprei en saamgesluit tot 'n onegalige sluier wat hoër en hoër skuiwe. En vér oor die lande drywe die wolkskaduwees, met hier en daar 'n sonkol tussenin, 'n bewegende skoonheid oor die land, met die are wat nou en dan opglans as 'n strook sonlig dit vang.

‚April, gaan haal jy vir ons die bokseil,' sê Oom Tom, ‚en dan trek julle volk hom mooi oor die mied. Ons staan maar solank huis se kant-toe. Het julle daardie bliksemlig gesien? Hm, dit lyk nie goed nie.' En terwyl die blanke snyers huistoe stap, word die weer blouer. Bliksemstrale speel daarin en die donder rommel verweg in die onheildraende stilte. Die koring ruis kort-kort in 'n vlaag van die wind, en dan staan hulle weer skugter en ootmoedig en wag op die storm, weerloos en tog so trots, so hoog-gehalm . . . 'n koelerige wind het ontwaak en in snye en vore speel dit deur die koringlande aan dat dit 'n bewegende see word wat dein en in kolle lewe en swaai.

‚Ek hou nie van hierdie wind nie — dis glad te koud,' sê Oom Tom en trek sy skouers op. Wynand kyk op na die blou weer. Die wind laat sy hoed neerflap in sy oë en blaas sy hemp tot 'n wit bol. Verweg kan hulle die reëntoue nou al sien, hier en daar yl uitgestrek, maar op ander plekke word dit donkerder, 'n vaal-blou geriffelde kolom wat die uitsig op die verte heeltemal vernewel. 'n Bliksemlig sny verblindend oor die lande en soos 'n verdoemenis val 'n donderslag, gevolg deur 'n skeurende gekraak, en dan is dit stil, net die geruis van die koring, soos 'n groot skare wat bid voordat die geweld van 'n veldslag losdreun.

Toe hulle in die huis stap, sê Tant Mieta bang: ‚Tom, maar dis vreeslik! As die Here tog maar net gee dat dit nie hael is nie. Dan word ons brood uit ons mond gevat.' Oom Tom sê niks. Maar hy is bleek. Hy dink aan Frans, aan Basie en Faan .... Dit is of hy hulle nou baie nodig het — en of hy hulle moet gaan help. Maar bokant hom voel hy die geweld van die storm, hy besef die mens se magteloosheid, en hy kan nouliks deur die venster kyk na die koring, so bang en seer voel hy. Soos trillende vlamme kom en gaan die bliksems oor die venster, en dan die donderslae wat val, geweldig soos kanonvuur wat losknetter. Die storm gaan losbreek! En die arme koring, weerloos onder die geweld van die hemel! Oom Tom krimp byna inmekaar, maar in sy hart bid hy: ‚Here, moet tog nie dat hierdie groot beproewing oor ons kom nie.' Hy kan nie mooi samehangend dink nie, maar voel net hoe die storm hom met lyflike angs vervul vir die vol, rypende are daar op die land. Die eerste groot druppels spat stukkend op die dak, en soos vinnige pyle uit die hemel straal dit nou grond toe dat dit ruis oor die aarde. Dankie Here, dis reën! word gesug. Oom Tom voel eindeloos verlig, maar die swaar weer vul hom met vreemde beklemming. Die volk is seker in hul struise. Elke oomblik kan die dood nou kom, 'n bliksemstraal — en dis verby! Maar wat is dit? ‚Dis hael!' klink dit uit 'n paar monde. Die reën het verminder, maar eers in enkele stene spring die hael op die dak, plets springend op die grond neer, en dan volg dit al vinniger, dit dreun oor die dak en buitekant galop die wit korrels, sommige so groot as ertjies, maar ander soos voël-eiers. Soos 'n leër wit vernielers spring hulle op die koringland toe, op die rypende are — Oom Tom sit sy hande voor sy oë. Binne in hom breek daar 'n duiwelse, magtelose woede los. Sy hart vloek. Wat help dit om te bid? Onkeerbaar kom die haelstorm en die werk van 'n jaar, al jou hoop, jou hele bestaan, word platgeslaan! Hy voel 'n vreeslike, goddelose drang in hom opkom om uit te hol en met sy vuis na die wolke te dreig en te raas en tekere te gaan.... Maar daar neem die geruis op die dak opeens af. 'n Haelkorrel tik nog hier en daar. Oom Tom en Wynand storm albei deur-toe. Soos 'n verwyderende kommando woestaards ruis en dreun dit weg in die rigting van Oom Frans se lande, en die donder rommel ná soos 'n magtige

veldheer se stem wat opsweep tot die stryd. Oom Tom kan nie verstaan wat aangaan nie . . ."

Let op die volgende:

(1) Die bouplan van die beskrywing:
1ste paragraaf: storm dreig. (Inleiding).
2de paragraaf: nadering van die storm. Spanning word gewek deur oom Tom se bevele en opmerking.
3de paragraaf: storm begin — dan stilte voor werklike losbarsting.
Spanning verhoog deur oom Tom se opmerking wat hael suggereer — maar die gedagte aan hael is nog nie in soveel woorde uitgespreek nie.
4de paragraaf: die storm self.

(*a*) Die hoogtepunt van die vrees, spanning in die harte van die mense voordat die storm oor hulle losbars — spanning verhoog deur tant Mieta se verwysing na hael — oom Tom kan nie meer praat nie.
(*b*) Losbarsting van die storm — verligting in die spanning: dis reën en nie hael nie!
(*c*) Tog hael! Spanning weer tot hoogtepunt gevoer — bring oom Tom in opstand.
(*d*) Skielike bedaring en wegsterwing van die storm. Spanning word verlig — oom Tom verslae — kan nie verstaan nie.

Die skrywer het vir ons die storm uitgebeeld soos dit opkom, al dreigender word, losbars en oploop tot 'n hoogtepunt en dan skielik bedaar.

(2) Die geweld van die groeiende storm word versterk deurdat die skrywer nie net die storm daar buite stap vir stap beskryf nie maar ons ook elke keer laat sien watter uitwerking dié opkomende storm in die harte van die boere het.

Dus, behalwe die natuurgebeurtenis word ook die uitwerking daarvan op die mens beskrywe. (Mens kan ook die uitwerking op die diere teken). Die storm word in die harte van die mense weerspieël.

(3) Juis die invloed van die storm op díe mens word gebruik om elke keer 'n nuwe paragraaf in te lei, en om na 'n hoër trap op te klim:

(i) „Ek het vir julle gesê," beduie Oom Tom . . . „kyk daar!"

(ii) „April, gaan haal jy die bokseil," sê Oom Tom, „. . . . Hm, dit lyk nie goed nie."

(iii) „Ek hou nie van hierdie wind nie — dis glad te koud," sê Oom Tom en trek sy skouers op.

(iv) (*a*) Toe hulle die huis instap, sê Tant Mieta: „Tom, maar dis vreeslik! As die Here tog maar gee dat dit nie hael is nie."

Oom Tom krimp byna inmekaar, maar in sy hart bid hy: „Here, moet tog nie dat hierdie groot beproewing oor ons kom nie."

(*b*) „Dankie Here, dis reën!" word gesug.

(*c*) Oom Tom sit sy hande voor sy oë. Binne in hom breek daar 'n duiwelse magtelose woede los. Sy hart vloek.

(*d*) Oom Tom kan nie verstaan wat aangaan nie . . .

(4) Die skrywer bereik 'n sterk effek deur die spanning tydelik te verlig in die antiklimaks: dis reën en nie die verwagte hael nie, voordat hy dit tot sy klimaks: wanhopige woede, opvoer.

OEFENING 6.

Probeer nou self 'n beskrywing van 'n haelstorm gee.

OEFENING 7.

(1) Beskryf 'n donderstorm. (2) Die dam breek. (3) 'n Sonsondergang of sonsopgang. (4) 'n Storm op see. (5) 'n Stofstorm. (6) Die veld in die lente. (7) Droogte. (8) 'n Brand. (9) Kapok oor ons stad/dorp. (10) 'n Aardbewing.

HOOFSTUK 10

STELWERK: DIE VERHAAL (OF STORIE).

Jy kan drie soorte stories vertel:

(1) Wat jy gehoor of gelees het.

(2) Wat jy self ondervind het (jou eie ondervinding) d.w.s.

(*a*) Wat werklik met jou gebeur het of

(*b*) Wat jy sien gebeur het.

(3) Wat jy jou verbeel — self uitdink.

Watter soort storie dit ook mag wees, en of dit grappig of treurig, lank of kort, spannend of rustig is, dit moet die leser boei (sy aandag gevange hou) van begin tot end.

Hiervoor is nodig:

(1) **Duidelikheid** (die gebeurtenisse moet duidelik vertel word),

(2) **Korrekte bouplan** (gebeurtenisse moet in die regte volgorde agtermekaar vertel word) en,

(3) **'n Treffende begin en slot.**

OORVERTEL VAN 'N VERHAAL WAT JY GELEES OF GEHOOR HET.

Lees die volgende verhaal:

'n Jong offisier in Frederik die Grote se leër is tot die dood veroordeel omdat hy ongehoorsaam was, en is die volgende môre doodgeskiet. Laat een aand was die offisier besig om by 'n kersie 'n brief te skryf, toe die koning daar verbykom. Die offisier het geweet dat hy verkeerd gedoen het want die koning het beveel dat alle ligte op 'n sekere tyd moes dood wees. Toe die koning in die tent inkom, verduidelik die offisier dat hy besig was om 'n brief aan sy vrou te skryf. Die koning wat nie wou hê dat die vyand die posisie en grootte van sy leër moes agterkom nie, het die offisier beveel om 'n naskrif by sy brief te voeg. Die offisier het sy pen opgetel en die volgende woorde wat die koning voorgesê het, neergeskryf: „Voordat jy hierdie brief ontvang, sal ek doodgeskiet wees omdat ek die koning se bevel verontagsaam het."

Die storie is nie goed vertel nie. Dit is nie duidelik nie en die gebeurtenisse is nie in die orde gerangskik waarin hulle werklik plaasgevind het nie. Die verhaal begin en eindig verkeerd. Die dood van die offisier moes **laaste** gekom het i.p.v. eerste en die rede waarom die koning so 'n streng bevel gegee het moes lank voor die bevel self gegee gewees het.

Lees nou weer die verhaal:

Frederik die Grote, koning van Pruise, was bekend vir die ysterdissipline wat hy in sy leër gehandhaaf het. Op een geleentheid het hy in sy laer bevel gegee dat alle ligte op 'n

sekere uur moes dood wees. Sy doel was om nie die vyand te laat agterkom waar en hoe groot sy leër was nie. Laat een aand terwyl hy deur die laer stap, sien hy 'n liggie dof deur 'n tent skyn en toe hy in die tent ingaan, vind hy 'n jong offisier besig om by 'n kersie 'n brief te skryf. „Wat doen jy?" vra die koning streng, „weet jy nie wat my bevel was nie?" Die jong offisier wat onverwags gevang was, het hakkelend verskoning gemaak en verduidelik dat hy besig was om vir sy vrou te skryf. „Neem jou pen en voeg hierdie naskrif by jou brief," kommandeer die koning, en bewend het die offisier geskryf wat die koning dikteer: „Voordat hierdie brief jou bereik, sal ek doodgeskiet wees omdat ek die koning se bevel verontagsaam het." Met dagbreek die volgende dag, is die vonnis voltrek.

Die storie is nou duidelik omdat die gebeurtenisse op die regte manier agtermekaar volg. Ook begin die storie nou goed en sluit dit op 'n treffende wyse. Daar is sewe belangrike feite:

1. Die koning se strenge dissipline. 2. Sy bevel. 3. Sy rede daarvoor. 4. Sy ontdekking van die ongehoorsame offisier. 5. Die koning se vraag. 6. Die offisier se antwoord. 7. Die straf.

Onthou om voor jy 'n verhaal vertel, altyd eers (soos hier) die hooffeite agtermekaar te sit. In 'n langerige storie sal dit ook nodig wees om die feite in paragrawe te rangskik.

OEFENING 1.

Vertel bostaande verhaal in jou eie woorde oor.

OEFENING 2.

Vertel die volgende storie in jou eie woorde oor. Maak die verhaal so lewendig as moontlik deur Wolf en Jakkals self te laat praat. Skryf eers die hoofpunte neer en rangskik hulle in paragrawe. Verander die volgorde van die feite as jy dit nodig vind en laat feite weg wat onnodig is. Let op die idiome. Probeer gebruik soveel idiome as moontlik.

Wolf sit in die Skuiwergat vas.

Eendag het Wolf en Jakkals gaan lammers steel in Boer se kraal. Jakkals wis dat oom Wolf gek is na lamvleis en het hom vertel dat hy van 'n klomp lekker vet lammers weet

wat hulle maklik in die hande kon kry. Oom Wolf het hom nie tweemaal laat nooi nie. Toe hulle by die kraal kom, was die hek goed toe en al plan was om deur die nou skuiwergat te kruip om in die kraal te kom. Dit het Jakkals op die gedagte gebring om oom Wolf weer 'n poets te bak. Die twee het verjaar onder Boer se lammers want Boer het gerus geslaap. Jakkals, die karnallie, gaan kyk elke keer, soos hy sê, of Boer nog nie aankom nie, maar eintlik gaan kyk hy of hy nog deur die skuiwergat kon kom. Toe Jakkals self nog net mooi deur die skuiwergat kon kom, skree hy van buitekant af vir Wolf: „Oom Wolf, hardloop, hier kom Boer!" Hy draf gou na Boer se huis en skree vir hom: „Boer, Boer, Wolf is in jou kraal." Daarop maak die geslepe Jakkals hom uit die voete.

Verskrik storm Wolf op die skuiwergat af, maar hy het hom so te buite gegaan aan die sagte lamvleis dat hy in die skuiwergat bly vassit het. Daar kom Boer met sy agterossambok. Ongenadig looi hy die arme Oom Wolf van agter. Oom Wolf druk en stoot so geweldig om die loesing te ontkom, dat hy eindelik deurglip. Weke lank daarna moes hy nog vir sy vraatsug boet want hy het stukke van sy vel in die slag gelaat.

OEFENING 3.

Vertel 'n storie van Wolf en Jakkals wat jy gehoor of gelees het.

OEFENING 4.

Vertel die verhaal van Dirkie Uys of van Wolraad Woltemade. Lees die geskiedenis na as jy dit nie goed ken nie.

OEFENING 5.

Vertel so lewendig en interessant as moontlik:

(1) 'n Storie wat ek in „Die Jongspan" gelees het.
(2) 'n Verhaal wat my pa of ma my vertel het.
(3) 'n Storie wat outa Klaas van die outyd vertel het.
(4) 'n Storie uit die Anglo-Boere-oorlog wat (i) my oupa (pa of 'n oom) my vertel het, (ii) wat ek gelees het.
(5) 'n Storie wat 'n ou oom met wie ek eendag in die trein saam gereis het, my vertel het.

(6) 'n Jagverhaal.
(7) 'n Dierestorie.
(8) 'n Verhaal uit die tyd van die Voortrekkers.
(9) Die verhaal van 'n Kafferaanval op die grensboere.
(10) 'n Ou transportryer vertel.
(11) 'n Wonderbaarlike gebeurtenis.
(12) 'n Spookstorie.

(Probeer om deur die beskrywing van die plek, die tyd, geluide wat die wind, ens. maak, die regte atmosfeer vir jou storie te skep).

OORVERTEL WAT JY PERSOONLIK ONDERVIND HET.

Lees die volgende persoonlike ondervinding noukeurig:

Onder die Strooimied

Op die bo-ent van die koringland, omtrent 'n honderd tree van die ou werf af, staan ons groot strooimied van verlede jaar. Dit lyk soos 'n allemintige groot geel-bruin paddastoel want gedurende die wintermaande het die hongerige beeste die mied, waarin daar ook baie kaf was, van alkante af onder diep weggevreet. Die oorhangende reusegevaarte staan dus op één groot ronde pilaar.

Daar is ons kleingoed se lekkerste speelplek. Want wat is lekkerder as om nadat jy teen die steilte opgesukkel het, bo van die toppie af, met voete na vore, op jou rug teen die skuinste af te seil, al vinniger en vinniger tot oor die rant waar die mied onder jou wegraak en jy soos 'n voël deur die lug trek en met 'n hik onder op die strooimatras te lande kom. En wat is lekkerder as om diep in die ingewande van so 'n mied in donker gange in te tonnel. Juis omdat pa ons die miedspeletjies verbied het, toe die mied gevaarlik begin oorleun, was die pret daar des te soeter.

Maar waar kry jy 'n kind wat hom aan grootmense se waarskuwings steur. Selfs ou-Booi se waarskuwings het niks gehelp nie. En vir hom het ons 'n heilige ontsag gehad. Ou-Booi dra 'n bobbejaanklou om sy nek en hy is 'n dolosgooier! Hy is die enigste kaffer op die plaas, wat skemeraand met die voetpad deur die diep sloot Ouwerf-toe gaan — deur die populierbos waar tokkelossie slaap sodra dit skemer

word. Nee, selfs ou-Booi se storie van die drie Kaffertjies wat eendag sommer so helder oordag weggeraak het en wie se geraamtes hul tata 'n jaar later onder die ou kafhoop uitgehaal het, kon ons nie van die mied af weghou nie.

En die Saterdag was dit ons kans; Ma- en Pa-hulle was dorp-toe vir die voorbereidingsdiens. Ek en my broer Piet, 'n knaap van tien, was alleen tuis. Moeg gegly, sit ons met rooi natgeswete gesigte onder die skaduwee van die oorhangende strooidak. Nie tevrede met ons lekker koel veranda nie, begin ons vir elkeen 'n gerieflike kamer in die strooi uit te grawe. Dit gaan goed. Nou nog net 'n tonnelgang om die twee kamers met mekaar te verbind.

Ons sien nie, hoe dat ons juis aan die oorhangkant die fondament van die een pilaar weggrawe nie, hoe dat die mied stadig al meer en meer begin skeef hang nie . . . . !!

„Trek, Piet, trek weg, man, ons gang is amper deur!"

Soos die waters van 'n dam wat breek, stort die kafmassa met 'n gedreun op ons neer en druk ons plat teen die grond. Dit is meteens stikdonker. Ek ruik net stof en word vreeslik benoud. Ek hoor Piet dof na my roep. Die kafstof brand in my neus en keel en my longe wil bars. Ek kan nie meer uithou nie. Ma-hulle sal net ons geraamtes hier kry, flits dit deur my gedagtes. Toe word dit 'n lang, lang nag — verder onthou ek niks nie.

Toe ek bykom, sien ek eerste ou-Booi se swart gerimpelde gesig voor my. Ek leef nog! „Waar is Piet," vra ek floutjies. „Toemaar Boet, ek is hier!" Dankie tog, bid my hart.

Ou-Witbooi is daardie aand met 'n drie-dubbele span van pa se beste roltabak strooi-toe. Hoe die ou skepsel op ons ongeluk afgekom het, kon ons nooit te hore kom nie. Al wat ons uit hom kon kry was: „Die dolos hy hette gepraat, my kleinbasies." Ons ontsag vir ou-Booi was nog groter. En Pa-hulle kon maar nie verstaan waarom die kinders nou sommer vanself van die strooimied af wegbly nie.

Let op die volgende:

(1) Die skrywer vertel sy verhaal stap vir stap. Elke keer waar die storie as 't ware opnuut wegspring, begin 'n nuwe paragraaf.

(2) Hierdie paragrawe is met mekaar verbind. Die beginparagraaf beskryf die toneel waar die ongeluk plaasgevind het — **die strooimied**; die tweede skilder die **lekker spel**

van die kinders op die strooimied; die derde vertel van die **waarskuwing om nie op die mied te speel nie**; die vierde, hoe die kinders **ondanks die waarskuwing hulle kans waarneem om te speel** terwyl hulle ouers weg is; die vyfde kort paragrafie behandel die teenoorgestelde aspek van die lekker-speel-paragraaf: **die kinders sien nie hoe die mied begin val nie**; die sesde paragraaf vertel van die val van die mied; die sewende skets net kortliks die **redding**; die laaste paragraaf **sluit die verhaal mooi af.**

(3) Let daarop dat die beskrywing van ou-Booi die verhaal lewendig maak; ook die feit dat die skrywer nie net beskryf wat gebeur het nie, maar ook hoe hy **gevoel** en wat hy **gedink** het.

Let op die verskil tussen die volgende twee paragrawe. Albei is die eerste paragraaf van 'n Std. VII-opstel: Die Eerste Dag van die Vakansie. Albei skrywers vertel min of meer dieselfde dinge maar daar is 'n groot verskil in die manier waarop hulle die dinge vertel.

(1) My vader en moeder het besluit dat ons vanjaar ons vakansie op Kleinmond sou deurbring. Ons was nog nie voorheen daar nie maar ons het gehoor dat Kleinmond 'n baie mooi plekkie is. Op die Saterdagmôre het ons vroeg opgestaan en toe ons klaar geëet het, het my ma gou gemaak om klaar in te pak. My pa het na die motorhuis gegaan om te kyk of die motor heeltemal gereed is. Om elfuur het ons vertrek en nadat ons omtrent twee uur gery het, het ons stil gehou en ons middagmaal geniet. Ons is toe verder en het baie interessante plekke gesien . . .

Hierdie seun se verhaal gaan nie interessant wees nie. Dit lyk nie of hy iets buitengewoons gesien of ondervind het nie. Hy praat van interessante plekke maar ons sien hulle nie.

(2) Wat 'n gedoente! Wat 'n gehaas! En wat 'n deurmekaarspul! Die stoep lê vol bagasie: handsakke, kombersbondels, my pa se visstokke, ons swemgordels, 'n kissie beskuit en biltong, 'n opgerolde tent en die joos weet wat alles. Ma loop van die een vertrek na die ander om te kyk of al die deure gesluit is, en al die vensters op knip is. Die gordyne is toe en die leë kamers laat mens snaaks voel. Die opgestopte stoele wat Ma met lakens toegemaak het, staan soos wit spoke in die donker voorkamer. Daar hardloop Jannie met sy kort beentjies eers gou met sy katjie na ons goeie buurvrou

wat belowe het om dit vir hom op te pas terwyl ons weg is. Want nou-nou vertrek ons met die motor om 'n hele maand aan die strand by Kleinmond te gaan deurbring. Toet-toet . . . Daar stoot vader al die motor uit die motorhuis . . . !

Hierdie skryfster beskryf lewendig omdat sy haar oë en ore oophou. Sy sien en hoor allerhande interessante besonderhede wat sy nou weer vir ons teken. Ons kan verwag dat as sy die reis net so beskryf, sal dit vir ons voel of ons saam met haar reis en alles self sien en hoor.

OEFENING 6.

Kies uit onderstaande lys 'n onderwerp waaroor jy iets interessants kan skryf. Onthou dat 'n verhaal beskrywings van die persone, dinge en plekke waarvan daar vertel word, bevat. Maak gebruik van wat jy hier voor geleer het, om jou verhaal deur lewendige beskrywing interessant te maak:

(1) Vertel van 'n noue ontkoming wat jy gehad het. Laat duidelik uitkom wanneer, waar, en hoe dit gebeur het en beskryf jou gevoelens en gedagtes op die oomblik.
(2) 'n Ongeluk wat jy aanskou het of waarin jy betrokke was. Gee volle besonderhede en beskryf die toneel helder en lewendig.
(3) 'n Grappige ondervinding op skool of in die koshuis.
(4) 'n Toer met ons fietse.
(5) Toe ons motor in die reëntyd in die middel van die drif gaan staan het.
(6) Hoe ek byna verdrink het.
(7) 'n Interessante aand in die sirkus of bioskoop of konsert.
(8) My eerste wedstryd.
(9) Ek leer perdry.
(10) Ons ry kalwers en ek breek my arm.
(11) 'n Trein- of motorreis.
(12) Ons kamp uit.
(13) Die naarste dag in my lewe.
(14) 'n Aangename partytjie.
(15) 'n Konsert waaraan ek deelgeneem het.
(16) 'n Brand wat ek gesien het.
(17) My eerste dag op die hoërskool.
(18) 'n Besoek aan 'n dieretuin.

(19) 'n Ernstige siekte. Hoe ek tydens die siekte gevoel het.
(20) My stokperdjie of my diere.
(21) Verdwaal in die bosveld.
(22) Ek skrik my byna dood.
(23) Ek sien 'n spook.
(24) By die tandarts.
(25) Ek trap 'n lelike stel af.
(26) In die veld op 'n heerlike lenteoggend.
(27) Agter die skape saam met Witbooi.
(28) Tokkelossie.
(29) Ek val in die see toe ek besig was om vis te vang.
(30) 'n Bruilof waarop ek was.
(31) 'n Rusie met my buurman.

VERHAAL WAT JY SELF UITDINK.

(Oorspronklike verhaal).

Ons kan egter ook leer om stories wat nie werklik gebeur het nie, uit te dink van mense, diere en dinge, soos die romanskrywers doen. Om 'n interessante storie te skryf moet jy drie dinge uitdink:

(*a*) Karakters (mense of diere of reuse of ander goed),
(*b*) Allerhande gebeurtenisse,
(*c*) Die plekke waar die karakters leef en die dinge gebeur.

Hier is voorbeelde van verbeelde karakters, gebeurtenisse en plekke:

Karakters: Die slinkse waterige swart ogies wat onder ruie oogbanke onder 'n smal voorkop uitloer, en jou g'n sekonde reguit in die gesig kan kyk nie, laat jou dadelik voel dat Skelm-Kerneels 'n man is wat hom nie deur die wet laat voorskryf nie.

Gebeurtenisse: Verskrik deur die lawaai, spring die twee seuns agteruit en daar stort 'n yslike rotsmassa met 'n oorverdowende gedreun op die plek neer waar hulle 'n oomblik tevore gestaan het.

Plekke: Die vrugte- en groentekraampies staan in 'n lang ry soos 'n kleurbeeld in fris olieverf geskilder: bloedrooi appels, geel-bruin piesangs, wit blomkool, pers druiwetrosse, baksteenrooi wortelstapels — alles opmekaar gedring.

OEFENING 7.

Skep, op die model van bostaande voorbeelde:

(*a*) **Karakters** wat die volgende name in jou verbeelding laat opkom:

(1) Klein Sannie, my sussie. (2) Mev. Jakobs. (3) Ou Jan-Bedelaar. (4) Gert Visasie. (5) Outa Jims. (6) Oupa Ongeduld. (7) Mynwerker Jansens. (8) Sersant Willemse. (9) Vrolik, die klonkie. (10) Klein Willie.

(*b*) **Gebeurtenisse** wat deur die volgende in jou verbeelding opgeroep word:

(1) 'n Gelukkige skoot. (2) 'n Aangename verrassing. (3) 'n Teleurstellende einde. (4) Brand! (5) 'n Verrassende Ontdekking. (6) 'n Waaghalsige onderneming. (7) 'n Heldhaftige redding. (8) Oppas! (9) 'n Noue ontkoming. (10) Gewen!

(*c*) Die volgende **plekke** wat jy in jou verbeelding sien:

(1) 'n Ruie bergkloof. (2) 'n Waterval. (3) 'n Ou Hollandse huis. (4) 'n Groot winkel. (5) 'n Bywonershuisie. (6) Outa Piet se stroois. (7) Die dorpskerk. (8) Die mark. (9) 'n Drukke straat. (10) 'n Bergpiek. (11) Die see.

OEFENING 8.

Kies één onderwerp uit een van die volgende groepe en dink dan daaroor 'n storie uit. Maak gebruik van beskrywing en van dialoog, waar jy kan:

(1) Die lewensgeskiedenis deur homself vertel van:

(*a*) 'n Voortrekkerwa. (*b*) 'n Ou skoolbank. (*c*) 'n Ou motorwrak langs die pad. (*d*) 'n Trippens. (*e*) 'n Leeu in die dieretuin. (*f*) Outa Jonas se velskoene.

(2) Vertel 'n storie na aanleiding van die volgende woorde:

(*a*) Seuns, rivier, hout, sterk stroom, boot slaan om, gered.

(*b*) Jagtog, Swaziland, gekweste leeu, spoor, leeu storm onverwags, geweer weier, gelukkige skoot van maat.

(3) Skryf 'n verhaal wat die volgende karakters bevat:
(*a*) 'n Seun, 'n hond, 'n ontsnapte bandiet, ander persone.
(*b*) 'n Reisiger, 'n hotelman, 'n rower, ander persone.

OEFENING 9.

Soos Oef. 8:

(1) Vertel 'n verhaal wat met die volgende in verband staan:
(*a*) 'n Spookhuis. (*b*) Voortrekkerdae. (*c*) Eerlikheid. (*d*) Anglo-Boere-oorlog. (*e*) 'n Noue ontkoming.

(2) Skryf 'n verhaal wat as volg begin:

(*a*) „Gedurende my lewe het ek baie interessante avonture gehad, maar die spannendste avontuur wat ek ooit belewe het, het jare gelede plaasgevind."
Vertel deur (i) 'n Speurder, (ii) 'n Ou jagter, (iii) 'n Ontdekkingsreisiger, (4) 'n Soldaat.
(*b*) Voltooi die verhaaltjie waarvan die eerste paragraaf as volg lui:
My Oubaas het my so te sê opgetel. Hy het my met die verbyloop gesien daar waar ek saam met my boeties en sussies in die lekker sonnetjie aan my ma gelê en drink het. Sonder om te vra wat se soort hond ek is, het hy my gekoop want hy het my op die oog sommer lief gekry. En daar en dan het hy my van my mammie weggevat, in 'n sak gesteek, en huis-toe geneem.
(*c*) Terblanche staan langs sy opgesaalde perd by die stal van die Fort. Vir 'n oomblik nog streel 'n kragtige, jong hand 'n witbles liefkosend, en dan klim hy gemaklik in sy saal . . . en ry met 'n geblaf van 'n steekbaard-hond vooruit, weswaarts.

(3) (*a*) 'n Reis na die maan.
(*b*) Op reis met 'n vliegtuig in die jaar 2,500.
(*c*) 'n Kaffertjie wat vir die eerste keer in sy lewe trein gery het, vertel sy ondervinding aan sy maats.

HOOFSTUK 11

STELWERK: DIE OPSTEL.

Bestudeer die volgende opstel (verkort en aangepas by ons doel).

Wedywer.

Almal weet wat kompetisie of wedywering of mededinging is. Maar as jy nie weet wat kompetisie is nie, soek 'n hand vol koring en gooi dié vir 'n klompie hoenders. Dan sal jy kompetisie sien. As die hoenders nou regverdig werk dan sou hulle eers gaan sit en tel hoeveel koringkorrels daar is en hoeveel hoenders en 'n billike verdeling maak. Maar nee, dinge gaan nie regverdig in die ou wêreld nie — die hoenders vlie almal by en die vinnigste hoender pik die meeste korrels op en die sterk hoender pik die swakkes uit die pad uit om sy eie kanse te verbeter.

Onder mense is daar ook kompetisie. As daar net één winkelier op Oudtshoorn was, kon hy vir sy negosie vra wat hy wil, en almal sou sy prys moes betaal of anders sonder sy goed klaarkom. Maar noudat daar so baie is, is daar kompetisie onder hulle: die één moet teen die ander wedywer om die klandisie te kry, en die man wat die goedkoopste en die beste goed het en sy klante die eerlikste behandel, kry die aftrek. So is dit ook met ander vakke dieselfde. Ieder 'n man moet opdruk en sy bes doen anders is daar iemand anders wat vóór hom kom. Maar gaan dit onder die mense net soos onder die hoenders, dat iedereen probeer om vir homself alleen te sorg en die ander te vertrap en te verdruk? Nee, as 'n mens 'n bietjie verder nadink sal jy sien dat daar darem verskille is tussen hoender-kompetisie en mens-kompetisie. Dink maar aan ons eie kinder-kompetisies. Daar is o.a. die kompetisie van sport. Wat leer julle nou uit daardie kompetisie?

Vereers sien julle dat 'n speler wen by sport as hy hom goed geoefen het en as hy dié soort sport uitkies waar hy 'n natuurlike aanleg voor het. 'n Man wat goed kan skop lê hom toe op voetbal en as hy goed kan hardloop dan op wedrenne. En dus as jy 'n beroep vir jou latere lewe

kies, soek dan dié waarvoor jy 'n natuurlike aanleg het, waarvoor jy 'n lus voel in jou hart. In daardie beroep sal jy die beste werk doen.

Maar dan het ons verder gesien dat die wen afhang van die oefening. Op skool kry jy die geleentheid om te oefen want die skool is die oefenveld vir jou latere lewe. As jy dit soms opdraend kry met die spelreëls en die swaar somme, moet 'n mens onthou dat jou ouers en onderwysers jou nie laat swaar kry omdat hulle wreed is nie; dit is om jou gewénd te maak om jou teë te sit teen moeilikhede.

Die tweede les wat jy leer van sport is regverdigheid. 'n Regte sportsman verloor liewer as om onregverdig te wen. 'n Mens leer van sport om nie die ander hardloper te pootjie om vóór hom bo uit te kom nie; om nie die ander hoender uit die pad te pik nie. Daar is reëls vir sport en jy moet jou aan die reëls hou. As 'n pryswenner 'n prys gekry het omdat hy stilletjies afgekyk het, is dit nie 'n prys vir verdienste nie maar vir diefstal en dan het hy nie soos 'n man gewedywer nie.

En as sport ons leer om te wen soos 'n man, dan leer dit ons in die volgende plaas om te verloor soos 'n man. Dit leer ons om ons teëparty nie te haat omdat hy gewen het nie, maar om hom sy eer daarvoor te gee. Dit leer ons as ons vandag verloor het, om môre 'n bietjie harder te probeer; om nie ontmoedig te word nie. Daar is nog 'n lange lewe vóór en daar is nog baie pryse om te behaal.

En dan die laaste les wat sport jou leer, is dat daar ander pryse is as geldelike wins. Vir die prys van 'n lewensonderhoud is dit die plig van ieder 'n man om te werk; maar buiten dié is daar pryse hoër as geld. Daar was martelare en helde in die wêreld wat nie vir 'n ander prys gewerk het nie as vir die dood. Hulle het gewerk vir hulle medemens, vir hul geloof en vir hul vaderland.

(Met erkentlikheid teenoor Langenhoven: *Ons weg deur die Wêreld, I.*)

Wat ons reeds in verband met beskrywings en verhale geleer het, sien ons hier ook: **die skrywer behandel sy onderwerp volgens 'n vaste plan.**

By die beskrywing en verhaal volg die hoofgedagtes as 't ware **vanself** op mekaar. By die algemene onderwerp moet **ons** self ons hoofgedagtes agter mekaar span of **opstel.**

Kom ons kyk nou hoe Langenhoven in bostaande opstel oor *Wedywer* te werk gegaan het.

Die leser se aandag word dadelik in beslag geneem deur met 'n pragtige voorbeeld uit die dierelewe te verduidelik wat met wedywer (sy onderwerp) bedoel word. Die leser se aandag is na die onderwerp van die opstel gelei en daarby bepaal. (Die **inleiding** van die opstel). Die onderwerp kan nou bespreek word. Dit geskied volgens 'n vaste plan soos uit onderstaande skema blyk. Die bespreking maak die grootste deel van die opstel uit — dit is die **liggaam** van die opstel.

Let daarop hoedat die hoofgedagtes logies agter mekaar volg en almal met mekaar verbind is. Die een paragraaf vloei as 't ware uit die ander. Kyk maar hoe die tweede paragraaf met die derde verbind is. In die tweede paragraaf word kompetisie onder mense behandel (nadat in die eerste op kompetisie onder diere gewys is). Aan die slot van die tweede paragraaf word nou op die verskil tussen mens-kompetisie en hoender-kompetisie gewys: **dit blyk duidelik in sport** ('n vorm van mens-kompetisie). In die volgende paragrawe word dan deur middel van voorbeelde uit **sport** aangetoon hoe 'n mens in die lewe behoort te kompeteer.

Met die laaste les wat ons uit sport leer, nl. dat die hoogste prys wat ons in die lewe kan nastreef, dié van onselfsugtige diens in belang van andere is, word die kroon op die bespreking van **Wedywer** geplaas. Dit is die toppunt waartoe die bespreking opgelei het, en sluit die opstel pragtig af. Dit dien as **slot.**

Die **hoofgedagtes** in die opstel is as volg gerangskik:

WEDYWER.

1. Verduidelik wat **kompetisie** (wedywer) is deur 'n voorbeeld uit die **hoenderlewe.**	1ste Paragraaf.	Inleiding.	
2. **Kompetisie onder mense:** anders as by hoenders (diere), **soos in sport** (mense-kompetisie) gesien kan word.	2de Paragraaf.		
3. **Eerste les wat sport ons** leer: om te wen moet 'n sportsman: (*a*) **oefen,** (*b*) **die soort sport uitkies waarvoor hy aanleg het en waarvan hy hou. Eerste toepassing van eerste les** (*b*)**: om sukses in die lewenswedstryd te hê, moet jy 'n beroep kies waarvoor jy talent het en wat jy lief het.**	3de Paragraaf.	L. I G G	O P S T
4. **Tweede toepassing van eerste les** (*a*)**: Jy moet jou** vir die lewenstryd **deeglik in jou beroep voorberei.**	4de Paragraaf.	A A M	E L
5. **Tweede les wat sport ons leer: 'n Sportsman wedywer en wen regverdig en eerlik. Toepassing:** Ook in die lewe moet ons eerlik en regverdig wedywer.	5de Paragraaf.		W E D Y W E R
6. **Derde les wat sport ons leer: 'n Sportman verloor soos 'n man en gooi nie tou op nie;** eindelik wen hy. **Toepassing:** Ons moet ons teleurstellings manmoedig verdra: dit moet ons aanspoor om nog harder te probeer.	6de Paragraaf.		
7. **Vierde les wat sport ons leer: 'n Sportsman wedywer nie terwille van die geldprys nie. Toepassing:** In die lewe moet ons nie net terwille van eie belang werk nie. Onselfsugtige diens aan medemens en vaderland is die hoogste prys.	7de Paragraaf.	slot	

Ons sien die opstel bestaan uit: 1. 'n Inleiding, 2. 'n Liggaam, 3. 'n Slot.

DIE INLEIDING.

Die doel van die inleiding is om dadelik die aandag van die leser in beslag te neem en hom na die onderwerp te lei. Dit kan op baie verskillende maniere gedoen word. Die skrywer kan sy onderwerp inlei deur bv.

(*a*) met die geskiedenis daarvan te begin. So 'n **historiese inleiding** pas mooi by 'n opstel oor 'n historiese plek (plaas, dorp, gebou, ens.) of persoon of uitvinding.

Voorbeeld:

Stellenbosch.

Slegs enige weke nadat Simon van der Stel hoof van die Kaap geword het, onderneem hy reeds sy eerste inspeksiereis na die binneland. So kom dit dat hy in 'n pragtige dal, tussen twee lope van die Eersterivier, sy tent opgeslaan het. Daar in die skadu van een van die hoë bome het hy terwyl hy na die kabbelende water luister en die kleurerykdom van die lenteveld bewonder, sterk onder die indruk van die vrugbaarheid van die grond gekom. Hy besluit: daar sou hy 'n nuwe nedersetting stig. Stellenbosch sal die naam daarvan wees. Onder gunstige voorwaardes word grond aan vryburgers uitgeloof en toe die winterreëns in 1680 val, was daar reeds nege families gevestig. So het die pragtige dorpie, Stellenbosch, as 'n landbounedersetting ontstaan.

(*b*) **Die Groepinleiding.**

Die skrywer praat eers in die algemeen van die groep of soort waartoe die onderwerp behoort en kom dan tot die bepaalde lid van die groep wat hy wil bespreek. Die motor behoort tot die groep: Vervoermiddele. In 'n opstel oor die motor bespreek die skrywer dus eers vervoermiddele in die algemeen.

Voorbeeld:

Die Motor.

In ons land met sy groot afstande word verskillende soorte vervoermiddele gebruik. Die stadig maar betroubare ou ossewa wat die beskawing in ons binneland ingedra het, is tot vandag toe nog nie uitgedien nie. Die wetenskap het egter die spoortrein gebring en later die motor en vragmotor en eindelik die vliegtuig. Van al hierdie vervoermiddele is die motor ongetwyfeld die populêrste.

(*c*) **Die Definisie-inleiding.**

Die skrywer verduidelik eers die betekenis van sy onderwerp, soos Langenhoven hiervoor in verband met **Wedywer** gedoen het. So 'n inleiding pas goed as die onderwerp waaroor die

opstel gaan, nie algemeen bekend is nie, soos in die geval van 'n nuwe uitvinding, bv. **Televisie.**

(*d*) Algemene inleiding.

Die skrywer kan begin deur oor enigiets te praat waarmee sy onderwerp op een of ander manier in verband staan en sy leser dan (as hy sy belangstelling gewek het) na die eintlike onderwerp lei. Hier moet die student uiters versigtig wees om nie te lank te draal voor hy by sy onderwerp kom nie. Die doel van die inleiding is om die leser so gou as moontlik by die onderwerp te bring.

DIE LIGGAAM

Dit maak die belangrikste deel van die opstel uit. Hierin word verskillende kante, gesigspunte of aspekte van die saak bespreek.

Elke afsonderlike aspek word in 'n aparte paragraaf behandel. Die liggaam van die opstel word dus deur verskillende paragrawe wat bymekaar aansluit, opgebou.

Elke paragraaf word weer met 'n aantal bymekaar aansluitende sinne rondom die hoofgedagte (-aspek) van die paragraaf opgebou. Die paragraaf bestaan dan uit (i) 'n inleidende sin wat die paragraaf aan die vorige paragraaf(we) vaskoppel en gewoonlik ook reeds die hoofgedagte bevat, (ii) sinne wat die hoofgedagte uitbrei, en (iii) 'n slotsin wat die paragraaf afsluit.

DIE SLOT VAN DIE OPSTEL.

Die doel van die slot is om die bespreking van die onderwerp af te sluit. Ook die afsluiting van die onderwerp kan op baie maniere plaasvind. Die slot kan al die aspekte van die opstel kortliks saamvat, of die gevolgtrekking bevat waartoe die skrywer in sy bespreking gekom het, dus 'n les of algemene waarheid, of 'n ideaal (soos in **Wedywer**) bevat. Dit kan uit verskillende of ook uit 'n enkele sin bestaan. **Maar** elke opstel **moet** 'n slot hê anders is dit onklaar.

WENKE IN VERBAND MET OPSTELSKRYWERY

Gestel jy moet 'n opstel skryf oor:

Pretoria.

1. Kyk eers mooi **wat** die onderwerp is waaroor jy moet skryf en dink dan oor die onderwerp na. Skryf die hoofgedagtes oor die onderwerp net soos hulle by jou opkom, neer. Bv.

(i) Pretoria is een van die Unie se hoofstede — die administratiewe hoofstad — baie amptenare.
(ii) Dis een van die oudste stede in Transvaal deur die Voortrekker, Pretorius, gestig — later die hoofstad van Transvaal — woonplaas van Paul Kruger.
(iii) Die groot staalfabriek is op Pretoria — Pretoria is 'n belangrike nywerheidsentrum.
(iv) Daar is ook groot skole, 'n Tegniese Kollege, en 'n Universiteit op Pretoria.
(v) Pretoria is bekend vir sy pragtige woonbuurtes, sy jakarandabome.
(vi) Dieretuin en museum.
(vii) Die Uniegebou.
(viii) Pretoria is 'n groot spoorwegsentrum.
(ix) Die stad groei nog steeds — vierde grootste stad in land (inwoners) en het alreeds 'n blanke bevolking van 100,000.
(x) Pretoria het mooi wye strate. Kerkstraat is die langste straat in Suid-Afrika.

2. **Rangskik nou** hierdie punte sodat jy 'n goeie plan (skema) het waarvolgens jy 'n interessante opstel kan opbou. Vir 'n kort opstel het jy glad te veel punte; dus moet party weggelaat word — die onbelangrikste en oninteressantste.

Die inleiding. Die tweede punt sal goed kan dien as 'n historiese inleiding wat hier goed sal pas. Hierop sal punt (i) goed volg. Punt (vii) kan hierby kom want die Uniegebou hoort by „Administratiewe Hoofstad." Teenoor punt (i) kan punt (iii) gestel word want mens verwag nie dat 'n administratiewe hoofstad ook 'n groot industriesentrum sal wees nie. Hierby kom nou nog 'n gesigspunt: dat Pretoria ook 'n opvoedingsentrum is. Nou kan ons nog punt (v),

miskien punt (x) ook, byvoeg want Pretoria is veral bekend vir sy jakarandabome. Punte (vi) en (viii) kan weggelaat word want in hierdie twee opsigte verskil Pretoria nie baie van ander stede nie. Die toekoms van Pretoria, punt (ix), sal 'n goeie slot uitmaak.

Hier is nou ons skema:

(Historiese) Inleiding: Geskiedenis van Pretoria: Soos die naam aandui is Pretoria deur die Voortrekkerleier, Andries Pretorius, in 1855 aan die Apiesrivier (Magaliesberge) gestig. Dit word die nuwe hoofstad van Transvaal en die tuiste van die beroemde President Kruger. Sy woning en die Kruger-standbeeld getuig hiervan.

Liggaam: (i) Met die stigting van die Unie in 1910 word Pretoria **die administratiewe hoofstad van Suid-Afrika.** Die Uniegebou word teen Meintjieskop gebou. Pretoria word 'n amptenarestad.

(ii) **Pretoria is ook 'n nywerheidstad.** Veral die westelike gedeelte is 'n nywerheidsentrum. Die grootste hiervan is die Staalfabriek (Y.S.K.O.R.).

(iii) **Pretoria as opvoedingsentrum.** Universiteit van Pretoria, Tegniese Kollege, Hoër- en Laerskole. Tuiste van Transvaalse en Unie-onderwysdepartemente.

(iv) **Pretoria is beroemd vir** mooi woonbuurtes, wye strate (Kerkstraat is langste straat in Suid-Afrika) en pragtige jakarandabome (beskryf hulle in Oktobermaand).

Slot: Die groeiende stad Pretoria het 'n pragtige toekoms.

3. 'n Baie goeie plan is om nou **eers die eerste sin van elke nuwe paragraaf** neer te skryf. Dit sal verhoed dat jy elke paragraaf op dieselfde manier begin en dat jou paragrawe los staan. Die inleidende sinne sal die paragrawe verbind.

Voorbeeld:

Inleidingsparagraaf: Pretoria dra die naam van sy stigter, Andries Pretorius, die held van Bloedrivier, wat die dorpie in die jaar 1855 aan die doringboomoewers van die Apiesrivier aangelê het.

Liggaam:

(i) Met die totstandkoming van die Unie in 1910, word Pretoria die administratiewe hoofstad van ons land.
(ii) In teenstelling met wat mens van 'n administratiewe hoofstad sou verwag, is Pretoria ook 'n belangrike nywerheidsentrum.
(iii) Behalwe hoofstad en industriestad is Pretoria ook 'n stad vir geleerdheid.
(iv) Oor die lengte en breedte van Suid-Afrika is Pretoria ook nog vir ander voortreflike eienskappe bekend: Mooi woonbuurtes, wye skoon strate, maar bowe alles vir sy blou-pers jakarandaskoonheid in die voorjaar.

Slotparagraaf: 'n Skone toekoms lag die Unie se administratiewe hoofstad toe.

4. **Onthou!** Bou kort, duidelike sinne. Elke sin moet met 'n hoofletter begin en met 'n punt eindig. Elke sin moet 'n gesegde hê. Lees jou opstel nogeens sin vir sin deur om foute op te spoor en te verbeter.

OEFENING 1.

Lei die volgende opstelle op soveel maniere in as wat jy kan. Bedink 'n goeie slot vir elkeen. Kies nou een van jou inleidings en voltooi die opstel:

1. Bloumaandag. 2. Toordery. 3. Saans om die (kamp-) vuur. 4. Monumente. 5. 'n Wonderlike ondervinding. 6. Veldblomme. 7. Suid-Afrika is 'n land van droogtes en van oorstromings. 8. Die jaargety waarvan ek die meeste hou. 9. Die beroep wat ek gaan kies. 10. Gehoorsaamheid.

OEFENING 2.

Skryf opstelle oor die volgende onderwerpe:

1. Wat ek sou doen as ek £10 present kry. 2. Ons skoolbiblioteek. 3. Hoe ek Saterdae my pa en ma help. 4. Hospitale. 5. Die nadele van oorlog. 6. By die waterval. 7. Met vakansie by die strand. 8. Met sonsondergang. 9. Die laaste dag op skool voor die vakansie. 10. 'n Jagtog. 11. Vervoermiddels. 12. My radiostel. 13. My geliefkoosde tydverdryf. 14. Op toer per motor. 15. Die nut van koerante of tydskrifte.

16. 'n Nag saam met die maan op reis. 17. Ons ou motor vertel. 18. 'n Goeie grap wat ek beleef het. 19. My eerste horlosie (fiets). 20. Die nut van water. 21. Ons laaste voetbal- of korfbalwedstryd. 22. Elektrisiteit. 23. Oktobermaand. 24. Liggaamlike opvoeding. 25. „As ek moeg word van die lewe in die stad kies ek die wandelpad . . ." 26. Aanhouer wen. 27. Eerlikheid duur die langste. 28. 'n Nuwe besem vee skoon. 29. Van die wal in die sloot help. 30. Boontjie kry sy loontjie. 31. Probeer is die beste geweer. 32. 'n Goeie naam is goud werd.

HOOFSTUK 12

STELWERK: DIE BRIEF.

Die brief openbaar die karakter en opvoeding van sy skrywer — deur die vorm, die taal, die spelling en punktuasie, deur die skrif, die inhoud en die wyse waarop dit gegee word, deur sy toon, selfs deur die wyse waarop die brief opgevou is die adres op die koevert geskryf en die seël opgeplak is. Van 'n brief kan iemand se hele toekoms afhang. Die student moet dus leer om 'n brief korrek en goed te kan skryf.

SOORTE BRIEWE

Ons onderskei twee soorte briewe:

(A) **Omgangsbriewe** wat ons terwille van ons verhouding tot 'n **persoon** skryf, d.w.s. vriendskaplike briewe **aan** familielede, vriende en kennisse.

(B) **Sakebriewe** wat ons terwille van **sake** aan sake-ondernemings, staatsafdelings, liggame en private persone skryf. Sakebriewe van, en aan 'n Staatsdepartement of -afdeling word **Amptelike** of **Offisiële** briewe genoem.

DIE OMGANGSBRIEF.

Hierdie soort brief is persoonlik, vriendelik, openhartig en lewendig van aard. Daarin spreek die skrywer sy persoonlike sienswyse en gevoelens uit. Hoe persoonliker die toon van die brief, hoe beter. Die brief is nie styf en formeel nie, maar intiem en warm. Jy skryf jou omgangsbrief min of meer net

soos jy met die persoon aan wie jy skryf, sou praat. Alle platheid moet egter vermy word.

President Steyn-tehuis,
Beatrixstraat 13,
PRETORIA.
7 Junie 1942.

Beste Christo,

Toe ek vanmiddag van die skool af kom, lê jou brief vir my en wag. Ek kan jou nie sê hoe bly ek oor jou uitnodiging is nie. Natuurlik wil ek graag die wintervakansie saam met jou op julle bosveldplaas deurbring!

Onthou ek dan nie nog die pret wat ons verlede jaar saam beleef het nie? Hoe helder kom daardie môre toe ons moes kalwers uitja en ek met my dorpsjapie-onhandigheid drie kalwers tegelyk laat verbybars het, nie nou in my op nie! Ja, die arme ou Doppies was die joos in toe Bontrok hom met emmer en al skoon onderstebo loop dat hy so skuif deur die kraalmis. Ek kan nou sy woedende: „Jou dwiewel!" hoor en die pwoe-pwoe soos hy die droë mis uitspoeg!

En nou praat jy van 'n klein mausergeweertjie! Verlede keer het ons reeds in die kloofhoek geboer. Was dit nie dat jou ma se beeswors en -ribbetjie in die spens gebêre word nie, dan sou die huis ons seker nooit sien nie.

Hoe ek hierdie drie weke voor die vakansie gaan omkry, weet ek nie. Gelukkig het ons nou honderd-en-een dinge by die skool, o.a. skoolkonsert en . . . eksamens. Dit sal help om die trae dae bietjie aan te jaag.

Met hartlike dank,
Jou maat,
Pieter.

Die omgangsbrief bestaan uit:

1. **Adres en datum.** Die adres van die skrywer en die datum waarop die brief geskryf word, staan regs bo-aan die vel.

Voorbeelde:

(i) Rooiplaat,
Burgersdorp.
12 September 1907.

(ii) Eiegrond,
Andersonstraat 285,
Pretoria.
8 Junie 1938.

(iii) Posbus 3311,
Kaapstad.
20 April 1942.

(iv) Paul Krugerstraat 210,
De Bloem,
Bloemfontein.
25 Oktober 1936.

(v) Voortrekkerlaan 420,
Middelburg,
Transvaal.
2 Desember 1904.

(vi) Woonstel 25,
Eeufeesgebou,
Kruisstraat 291,
Aliwal-Noord.
30 Des. 1940.

(vii) Nooitgedacht,
Pk. Blydskap,
Oor Vierfontein,
O.V.S.
23 Februarie 1911.

(viii) Poste restante,
Newcastle.
3 Mei 1942.

Let op die volgende:

1. Elke afsonderlike onderdeel van die adres sowel as die datum, staan in 'n aparte reël.

2. Elke reël begin met 'n hoofletter en kry 'n komma daaragter behalwe die laaste reël van die adres, en die datumreël waaragter 'n punt staan. Agter die adres kan daar ook 'n komma of kommapunt staan, maar 'n punt word verkies omdat dit die end van die adres aantoon.

3. Dit lyk **mooi as die reëls** skuins onder mekaar begin.

4. Die straatnaam word as een woord geskryf, sonder koppelteken behalwe wanneer die voorste gedeelte 'n vreemde woord is. Dan word die koppelteken gebruik.

Voorbeelde: Kerkstraat, Pretoriusstraat, Paul Krugerstraat, Rustenburgweg, Sesdelaan, Crazy-straat, Greenside-uitbreiding, Fairy-singel.

5. Die huisnommer staan **agter** die straatnaam.

6. In die datum word die dagsyfer sonder 'n **ste** of **de** aangegee, die maandnaam en die jaartalsyfer word voluit geskryf. Daar is geen leesteken in hierdie reël nie behalwe die punt aan die end.

7. Voortrekker Street — Voortrekkerstraat.
Voortrekker Avenue — Voortrekkerlaan.
Voortrekker Road — Voortrekkerweg.
Voortrekker Drive — Voortrekkerryweg.
Voortrekker Crescent — Voortrekkersingel.

2. Aanhef (of begroeting) en slot.

Dit hang af van die verhouding tussen die skrywer van die brief en die persoon aan wie hy skryf. Die **aanhef** begin teenaan die linkerhandse kantlyn, twee reëls onder die datumreël, en die slot staan in die middel van die vel met die reëls skuins onder mekaar.

(i) **Aan ouers of grootouers:**

Liewe { Vader (Pa) en Moeder (Ma), Liewe Ouers
Oupa en Ouma, (Grootouers).

. . . . . .

. . . . . .

Met liefdegroete (beste groete),
U (verlangende) seun (dogter),
Jan (Johanna).

(ii) **Aan Oom of Tante:**

Liewe Oom (Tante) (Oom en Tante),
Liewe oom Hennie (en) (tant Hessie),

. . . . . .

. . . . . .

Met hartlike groete,
U neef (niggie),
Gert (Grieta).

(iii) **Aan broer of suster of neef of niggie:**

Liewe { broer (boet) Jakobus, Liewe { Broer (Boet),
neef Jakobus, Neef,
suster Jakoba, Suster (Sus),
nig Jakoba, Niggie (Nig),

Liewe Jakobus (Jakoba),

. . . . . .

. . . . . .

Met liefdegroete (beste groete),
Jou broer (suster, neef, niggie),
Gert (Grieta).

(iv) **Aan 'n maat, vriend of vriendin:**

Beste Maat (Vriend, Vriendin, Maatjie, ens.),
Beste Willem (Wilhelmina),

. . . . . .

. . . . . .

Met hartlike groete, (Wees hartlik gegroet.)
Jou (toegeneë) vriend (vriendin),
Johan (Johanna).

(v) **Aan 'n vriend (kennis) wat ouer is as jy:**
Geagte mnr. (mev., mej., dr.) Malherbe,

. . . . . .

. . . . . .

Met beste (hartlike) groete,
U vriend (vriendin, oud-skolier, ens.),
Jan (Johanna) Bester.

Let op die volgende:

1. As die woorde oom, tante, broer, suster, neef, niggie, ens. alleen staan (d.w.s. in die plek van die eienaam) dan word hulle met 'n hoofletter geskryf. Staan hulle onmiddellik voor 'n eienaam, dan word hulle met 'n klein lettertjie geskryf.
2. Elke reël in die slot begin met 'n hoofletter maar die ander woorde in die reël word nie met hoofletters geskryf nie (tensy hulle eiename is).
3. Agter elke reël in die slot kom 'n komma; agter die laaste reël 'n punt.
4. Die slot moet eenvoudig en sonder omhaal van woorde wees. Vermy uitdrukkinge soos: **Bly ek,** ens.

3. **Inhoud:**

Die brief moet oor 'n bepaalde onderwerp gaan en die hoofgedagtes moet net soos in die opstel in aparte paragrawe behandel word. Die briefinhoud bestaan dan ook uit:

(*a*) **'n Inleidingsparagraaf.** Hierin moet die doel of die onderwerp van die brief duidelik aangegee word. Vermy 'n lang afgesaagde aanloop soos: **Met my gaan dit nog goed en ek hoop om van jou dieselfde te hoor** en dergelike.

(*b*) **'n Liggaam.** Dit bestaan uit verskillende paragrawe waarin verskillende hoofgedagtes behandel word. Voor die student sy brief begin skryf, moet hy net soos in die opstel, sy hoofgedagtes agtermekaar sit. Skryf dan die beginsin van elke paragraaf neer. Moenie die aanspreekvorm (ou maat, ou Koos, ens.) in die brief herhaal nie.

(*c*) **'n Afsluitingsparagraaf.** Daarin sluit die skrywer sy gedagtegang af. Vermy niksseggende sinne soos: **Nou sal ek maar sluit** en dergelike.

4. Die adres op die koevert.

Laat die boonste helfte van die koevert oop vir die gebruik van die posbeamptes. Skryf jou korrespondent se adres op die onderste helfte van die koevert met die reëls onder mekaar. Die aanspreeksvorm (Mnr., Mev., Mej., Die heer, Dr., ens.) staan in dieselfde reël as die naam wat daarop volg.

Skryf jou eie adres agter op die koevert. Dan hoef die posbeamptes nie jou brief oop te maak as dit nie afgelewer kan word nie en aan jou teruggestuur moet word.

OEFENING 1.

Skryf en adresseer die volgende briewe. Gebruik regte skryfpapier en koeverte as jy kan:

1. Aan jou ouers (*a*) om hulle mee te deel dat jy veilig op jou bestemming aangekom het en om te vertel hoe dit die eerste dag op jou nuwe skool met jou gegaan het, (*b*) om hulle te verwittig van 'n ongeluk waarin jy betrokke was.

2. Aan jou broer (suster) om hom (haar) van 'n (Sondag)-skoolpiekniek te vertel.

3. Aan jou neef of niggie om hom (haar) van 'n ondervinding met 'n slang te vertel.

4. Aan jou oom en tante om hulle te bedank vir die heerlike vakansie wat jy by hulle deurgebring het.

5. Aan 'n vriend om te vertel (*a*) hoe jy uit 'n brandende huis ontsnap het, (*b*) hoe jy 'n inbreker in julle huis betrap het, (*c*) van 'n skiettog wat jy onlangs onderneem het, (*d*) hoe jy en jou maat so amper-amper in die moeilikheid beland het, (*e*) hoe julle heuningnes uitgehaal het, (*f*) hoe julle op die plaas kalwers (donkies) gery het, (*g*) van 'n reis wat jy per trein of motor of vliegtuig of skip gemaak het, (*h*) hoe jy as nuweling in die koshuis behandel is.

6. Aan 'n vriend(in) (*a*) om hom (haar) geluk te wens met sy (haar) eksamenuitslag, (*b*) om hom (haar) na 'n partytjie uit te nooi, (*c*) om hom (haar) te bedank vir 'n aangename partytjie (vakansie).

7. Aan 'n onderwyser om hom van jou toekomsplanne te vertel.

8. Aan jou oom (tante) om hom (haar) te vra om jou te help om verder te leer.

9. Aan 'n siek maat in die hospitaal. Vertel hom (haar) op 'n interessante en opgewekte wyse wat in die skool aangaan.

10. Aan jou oupa (ouma) om hom (haar) geluk te wens met sy (haar) sewentigste verjaarsdag.

11. Aan 'n vriend om hom te vertel van jou klein hondjie wat jy 'n rukkie gelede gekry het.

12. Aan 'n maat wat, net soos jy, van fietstoertjies hou en stel daarin 'n fietstoer vir die volgende langnaweek voor. Gee besonderhede omtrent die roete en waar julle mekaar moet ontmoet.

13. Aan 'n vriend wat jou gevra het om vir hom 'n goeie Afrikaanse boek of tydskrif aan te beveel. Beskryf die boek of blad wat jy aanbeveel.

DIE SAKEBRIEF.

Hierdie soort brief is onpersoonlik en formeel. Ons gebruik in die sakebrief dus altyd die voornaamwoord u (en uwe) met kleinlettertjies geskryf.

Die sakebrief moet

(1) **duidelik en volledig wees.** Die leser moet presies weet wat jy verlang anders kan hy nie in die saak waaroor jy skryf, handel nie.

(2) **Saaklik** wees. Die sakeman het nie tyd om onnodige dinge te lees nie. Sê net wat absoluut nodig is en moet ook nie intieme dinge skryf nie.

(3) **Beleefd** wees. Daardeur betoon jy nie alleen hoflikheid nie, maar verseker jy ook dat die saak waaroor jy skryf die beste aandag sal geniet.

(4) **Korrek en netjies** wees. Daardeur betoon jy die nodige respek vir jou leser en wen jou brief aan duidelikheid.

Voorbeelde.

Posbus 579,
BLOEMFONTEIN.
4 Maart 1937.

Die Bestuurder,
Die Springbokgarage,
Aliwalstraat 12,
BLOEMFONTEIN.

Geagte Heer,

Graag wil ek dit onder u aandag bring dat daar 'n fout in my petrolrekening ingesluip het.

Daar word ses pinte olie aangegee onder datum 22 Februarie, maar ek wil u verseker dat ek dit nie van u gekoop het nie. Trouens, op hierdie datum was ek op Pretoria.

Ek hoop u sal u aandag aan hierdie sakie skenk en die fout herstel, waarop ek die rekening dadelik sal vereffen.

Met dank by voorbaat,
Die uwe,
J. S. VAN WYK.

Aansoek om 'n geadverteerde betrekking.

Heuwelstraat 27,
SWELLENDAM.
28 April 1941.

Die Bibliotekaris,
Die Openbare Biblioteek,
Voortrekkerplein,
SWELLENDAM.

Geagte Heer,

Hiermee wil ek graag aansoek doen om die betrekking van beginnersklerk in u biblioteek, soos in „Die Boodskapper" van 25 deser geadverteer.

Ek is nou sestien jaar oud en het aan die end van verlede jaar die Junior Sertifikaat behaal. Om geldelike redes is ek verplig om te gaan werk maar dit is my voorneme om so spoedig moontlik deur middel van korrespondensiekursusse verder te leer.

Indien u my die betrekking wil aanbied, sal ek gewillig wees om teen sewe pond per maand te begin, met die vooruitsigte op verhoging.

Hierby ingesluit vind u twee ware afskrifte van getuigskrifte wat ek van my predikant en die prinsipaal van die hoërskool gekry het.

Met hoogagting,
Dienswillig die uwe,
J. S. MEINTJIES.

'n Amptelike brief.

Kantoor van die Kommissaris van Pensioene,
Posbus 1768,
Pretoria.
30 Junie 1927.

Mnr. G. Smit,
Bereastraat 27,
KRUGERSDORP-WES.

Meneer,

Insake ouderdomspensioen: Mev. A. F. van Duin.

In antwoord op (met verwysing na, na aanleiding van) u brief (skrywe) van 25 deser, wil ek berig dat die geval van mev. A. F. van Duin deeglik ondersoek sal word sodra ek die vorm wat hieraan geheg word, ingevul teruggekry het.

Met hoogagting,
U dienswillige dienaar,
G. Els.
Kommissaris van Pensioene.

Opmerking: Die brief kan ook so begin: Ek erken die ontvangs van u skrywe van 25 deser en wil u berig dat . . .

Let op die volgende:

Adres (van skrywer) en datum — presies soos in die omgangsbrief.

Adres van persoon aan wie die brief gerig word. In die sakebrief is dit noodsaaklik dat daar geen twyfel bestaan aangaande die persoon vir wie die brief bedoel is nie. Daarom word die naam en adres van die persoon aan wie die brief geskryf word, ook in die brief self aangegee.

Die naam en adres van die persoon aan wie die brief gerig is, staan links bo-aan die brief en begin teenaan die kantlyn, twee reëls onderkant die datum.

Let daarop dat die sakebrief altyd aan 'n persoon(e) (in sy (hul) amptelike hoedanigheid) gerig word en nie bloot aan 'n saak of firma nie.

Die aanhef stem ooreen met die aanspreekvorm in die adres, en begin twee reëls onderkant die adres teenaan die kantlyn.

(1) **Aan 'n private persoon:**

Die heer H. N. van der Linde,
Steynstraat 50,
BLOEMFONTEIN.
Geagte Heer, (Geagte mnr. van der Linde),

(2) **Aan 'n firma:** (*a*) **onder die naam van één persoon:**

Die heer J. L. van Schaik, Bpk.,
Boekhandelaar,
Kerkstraat-Oos,
PRETORIA.
Geagte Heer,

(*b*) **onder die naam van meer as een persoon,**

(i) Die here du Toit en Bezuidenhout,
Mansuitrusters,
Bo-Kerkstraat,
BLOEMFONTEIN.
Geagte Here,

(ii) Gebroeders (Gebrs.) Daneel en Kie,
Heerengracht,
KAAPSTAD.
Geagte Here,

(*c*) **onder 'n algemene naam geregistreer,**

Die Bestuurder,
Die Volksblad-boekhandel,
Posbus 267,
BLOEMFONTEIN.
Geagte Heer,

(3) **Aan 'n liggaam:**
Die Sekretaris,
Die Rugby-klub,
Afrikaanse Hoër Seunskool,
PRETORIA.
Geagte Heer,

(4) **Aan 'n koerant of tydskrif:**
Die Redakteur,
Die Huisgenoot,
Posbus 692,
KAAPSTAD.
Geagte Heer,

(5) **Aan 'n bank of assuransiemaatskappy:**
Die Bestuurder,
Volkskas,
Sentraalstraat,
PRETORIA.
Geagte Heer,

(6) **Aan 'n hotelhouer of losieshuishouer:**
Die Bestuurderes,
Die Grand-Hotel,
KROONSTAD.
Geagte Mevrou (Mejuffrou),

(7) **Aan die prinsipaal van 'n skool:**
Die Hoof (Prinsipaal),
Die Hoër Seunskool,
BETHLEHEM.
Geagte Heer,

(8) **Aan 'n staatsdepartement:**
Die Sekretaris,
Departement van Onderwys,
Standardbank-gebou,
PRETORIA.
Geagte Heer,

(9) **Aan 'n stasiemeester of posmeester:**
Die Posmeester,
Die Poskantoor,
LADYBRAND.
Geagte Heer,

(10) **Aan die polisie:**
Die Sersant,
Die Polisiekantoor,
REITZ.
Geagte Heer,

Opmerking: Let daarop dat die aanspreeksvorme mnr., mev., mej., ens. met klein lettertjies geskryf word as hulle voor die eienaam staan, maar as hulle in die plek van die eienaam staan, word hulle met 'n hoofletter geskryf: Geagte Heer, (Mevrou, Mejuffrou).

Die Opskrif. Daar word dikwels bo-aan sakebriewe, na die aanspreekvorm, 'n kort opskriffie in verband met die onderwerp van die briefwisseling geplaas, bv.

Insake die verlore bagasie.

Die Slot. Ook die slot van die sakebrief moet in ooreenstemming met die aanhef en die inhoud van die brief wees.

Voorbeelde:

(*a*) **Algemeen:**

Met agting, (Met hoogagting,) (Hoogagtend,)
Die uwe,
H. M. BOTHA.

(*b*) **By 'n brief waarin jy iets bestel of gevra het:**

Met dank by voorbaat, (By voorbaat dankie.)
Die uwe,
(Mej.) H. M. Botha.

(*c*) **By 'n aansoek, of by 'n brief VAN die Staatsdiens:**

Dienswillig die uwe,
(Mev.) H. M. Botha.
of
U dienswillige dienaar,
H. M. Botha.

Opmerking: Net die eerste woord in elke nuwe slotreël word met 'n hoofletter geskryf. Die voornaamwoord **uwe** word met 'n klein lettertjie geskryf.

VASTE UITDRUKKINGE WAT BAIE IN BRIEFWISSELING VOORKOM.

Na aanleiding van . . .
Aansuiwer ('n rekening).
Per adres (p.a.)
In afwagting op . . .
Te baat neem (ek wil die geleentheid te baat neem).
Ten behoewe van . . .
Wat betref . . . (as regards).
Met betrekking tot . . .
Bygaande brief . . .
Van gelyke datum.
Die 8ste deser of 8 deser (instant).
U dienswillige dienaar,
Dienswillig die uwe, . . .
In duplo.
Eerskomende (aanstaande) (proximo).
Gebroeders Roos (Gebrs. Roos).
U brief van 8 Mei of: U brief gedateer 8 Mei.
Gefrankeer.
Geheel die uwe (Yours truly).
Ter gelegener tyd (in due time).
Hoogagtend (Met hoogagting).
Ter insae.
Kennis neem van.
Per kerende pos (by return of post).
Laaslede (ultimo).
Dit doen my leed . . . of: dit spyt my . . .
Insake (i.s.) (re).
Met dien verstande dat . . . (on the understanding).
In die vervolg. In dier voege (to that effect).
By voorbaat . . . Dit is my opgedra (my is opgedra) om u te berig (I am directed/instructed).
Ek erken die ontvangs van . . .
Ek wil u berig . . . (I wish to . . .).

OEFENING 2.

Skryf en adresseer die volgende sakebriewe:

1. Aan 'n boekhandelaar om jou skoolboeke vir die nuwe jaar te bestel. Sê of die boeke op rekening geplaas moet word of nie.

2. Aan die redakteur van **Die Jongspan** om op dié blad in te teken.

3. Aan 'n Stasiemeester om 'n sitplek op die trein te bespreek; en om navraag te doen in verband met 'n treinreis (kaartjie, vertrek van trein, ens.) wat jy van plan is om te onderneem; of om navraag te doen in verband met jou bagasie wat jy op die trein verloor het.

4. Aan 'n firma in verband met die volgende (of enige ander advertensie van 'n fiets, vulpen, horlosie of monster wat jy in 'n koerant of tydskrif gelees het):

> „Kom, kêrels, laat ons skool-toe ry! Springbokfietse vanaf 72/6. Skryf om besonderhede aan Springbok-Fietswinkel, Pleinstraat 1, Kaapstad."

5. Aan die sersant van jou naaste polisiekantoor om te rapporteer dat by jou huis ingebreek is; of om kennis te gee dat jou hond wat noukeurig beskryf moet word, weg is en te vra dat die polisie dit moet probeer opspoor; of dat jou fiets gesteel is en gee alle besonderhede in verband met jou fiets, ook waar en wanneer hy weg is.

6. Aan jou prinsipaal om hom om 'n getuigskrif te versoek. Sê waarvoor jy die getuigskrif nodig het.

7. Aan die eksamenbeampte van die Unie-Onderwysdepartement om hom te versoek om jou Std. 7-sertifikaat aan jou te stuur.

8. Aan jou buurman om te kla dat sy hoenders in jou tuin pla. Skryf ook sy antwoord op jou brief.

9. Aan 'n hotel of losieshuis-bestuurder om navraag te doen na losies en plek te bespreek vir 'n vakansie aan die kus.

10. Aan die stadsklerk van jou dorp (stad) waarin jy kla oor die gevaarlike slote op die sypaadjie voor julle woonhuis.

11. Die stadsklerk se antwoord op jou brief.

12. Aan die posmeester waarin jy hom vra om jou pos gedurende die vakansie na jou vakansie-adres te stuur.

13. Aan die Sekretaris van die Voetbalklub, Jan van Riebeek-Hoërskool, Simondsdorp, om wedstryde vir die eerste en tweede spanne van jul skole te reël. Onthou om besonderhede van datum, tyd, skeidsregter, aankoms, ens., te gee.

14. Om die volgende advertensies wat jy in „Ons Oggendblad" gelees het te beantwoord:

(*a*) Benodig: Junior kantoorklerk. Doen aansoek.

Die Bestuurder, Volkskas, Pietersburg. Meld ouderdom, kwalifikasies en verlangde salaris.

(*b*) Gesina-polisiekantoor: Opgetel: Briewetas met banknote ens. Beskryf die tas en sy inhoud so noukeurig as moontlik. Doen aansoek: Tweedestraat 3, Gesina.

15. Aan die Sekretaris van die Hospitaalraad en doen aansoek om jou hospitaalskuld paaiementsgewys af te betaal.

16. Sy antwoord op hierdie brief van jou.

17. Aan die bestuurder van 'n winkel en wys daarop dat die rekening vir jou bestelde goedere verkeerd is.

18. Die bestuurder se antwoord om verskoning te vra en verduideliking te gee.

19 Aan die markmeester op Oos-Londen om hom daarop te wys dat jy nog nie die geld vir jou produkte wat twee weke tevore deur hom verkoop moes word, ontvang het nie.

20. Sy antwoord en verduideliking.

21. Aan 'n plaaslike eiendomsagent om te kla oor die algemene toestand van die huis (vuilheid, stukkende plekke, ens.) wat jy van hom huur.

22. Sy antwoord en beloftes of weiering.

23. Aan die redaksie van 'n koerant vir publikasie in daardie koerant. **Maak** beswaar daarteen dat die straatligte saans so vroeg uitgedoof word. Gee jou redes.

HOOFSTUK 13

STELWERK: TELEGRAMME, UITNODIGINGS, PASSE, GETUIGSKRIFTE, ADVERTENSIES, KENNISGEWINGS, AGENDAS, NOTULE, PROGRAMME, BERIGGIES, VORMS, BESPREKINGE.

TELEGRAMME word gewoonlik **baie bondig** (met so min woorde as moontlik) opgestel want die koste word per woord bereken maar die telegram moet **tog duidelik** wees — daarin moet niks dubbelsinnigs of onverstaanbaars voorkom nie want dan is die telegram nutteloos.

Gelukwensing met 'n verjaarsdag.

Aan: Van Zyl, Kloofweg 3, Winburg.
Hartlik geluk met verjaarsdag. Voorspoed in nuwe lewensjaar.
Van: Marie.

OEFENING 1.

Skryf die bewoording van die volgende telegramme:

(1) Aan jou moeder met haar verjaarsdag.
(2) Aan 'n maat wat in sy eksamen geslaag het.
(3) Aan jou oom om hom te verwittig wanneer jy per trein op die stasie waar hy jou moet afhaal, aankom.
(4) Aan 'n vriend wat jou met vakansie verwag om hom mee te deel dat jy deur onvermydelike omstandighede nie meer kan kom nie.
(5) Aan 'n hotelbestuurder om losies vir die nag te bespreek. Jy toer per motor en sal die aand laat op die dorp aankom.
(6) Aan jou vriend se ouers om hulle in kennis te stel dat jou vriend in 'n ongeluk betrokke was. Sê hoe sy toestand is.
(7) Aan 'n vriend om te simpatiseer met die afsterwe van 'n familielid.
(8) Aan die oogarts om 'n afspraak te maak.
(9) Aan die sekretaris van 'n voetbalklub op jou buurdorp om 'n rugbywedstryd wat tussen jou en sy skool sou plaasvind, te kanselleer.
(10) Aan jou ouers om hulle te verwittig dat jy veilig op jou bestemming aangekom het.

FORMELE UITNODIGINGS.

Die Bestuur van die Skooldebatsvereniging het die genoeë om mnr. en mev. A. Smal na die afskeidsdinee van die prinsipaal op 29 November 1942, om 8.0 nm., in die Samekomskoffiehuis uit te nooi.

Hoërskool, Uitenhage.
12 November 1942.

OEFENING 2.

Skryf die volgende formele uitnodigings uit.

(1) Namens die leerlinge van die hoërskool wat 'n onthaal ter verwelkoming van die nuwe prinsipaal reël.

(2) Namens 'n Voortrekkerspan of -veldkornetskap wat 'n belangstellende besoeker wil vereer.
(3) Namens die Std. VIII-klas wat afskeid neem van hul klasonderwyser(es).
(4) Namens die skoolvoetbalspan (-korfbalspan) wat 'n opeluggeselligheid ter ere van die burgemeester reël.

PASSE VIR BEDIENDES.

Passe moet aantoon aan wie dit uitgereik is, waarheen die persoon gaan, waarmee hy gaan en hoe lank die verlof duur. Verder moet die pas aantoon deur wie, waar en wanneer dit uitgereik is.

Voorbeeld:

Geliewe so goed te wees om my bediende, Jack, toe te laat om te voet na Vlaklaagte, distrik Klerksdorp, te gaan en drie dae weg te bly.

G. L. Rossouw.

Dorpstraat 27,
Potchefstroom.
11 September 1942.

OEFENING 3.

Skryf die volgende passe:

(1) Aan julle tuinjong wat die aand na sy broer in 'n ander deel van die stad wil gaan.
(2) Aan julle bediende wat op 'n vakansiedag uit Germiston na Brakpan per trein wil afreis.
(3) Aan julle bediende wat die middag en daaropvolgende nag by vriende net buitekant die dorp wil gaan kuier.
(4) Aan een van julle plaasbediendes wat die Sondag op 'n naburige plaas (noem die naam) wil gaan kuier.
(5) Aan een van julle plaasbediendes wat met julle wa en 'n span osse dorp-toe gaan.

GETUIGSKRIFTE.

Hierin moet van die volgende melding gemaak word:

Aan wie uitgereik; verband tussen jou en dié persoon; hoe lank die persoon by jou gewerk het (of aan jou bekend is); bekwaamheid van die persoon; karakter en gedrag van die

persoon; of jy die persoon vir een of ander werk kan aanbeveel. Verder moet jy dit onderteken, adresseer en dateer. (Probeer vermy die eerste persoon: ek, my, ens.)

Voorbeeld:

Die ondergetekende verklaar (getuig) hiermee dat hy mnr. Herman Roos al drie jaar goed ken. Hy was voorman op ondergetekende se plaas, is besonder goed bekend met al die soorte werk op 'n plaas en is altyd ywerig in sy werk. Hy is van goeie karakter en gedrag en word vir enige werk wat hy kan doen, aanbeveel.

D. M. Smit.

Dagbreek,
Utrecht.
5 Mei 1942.

OEFENING 4.

Stel die volgende getuigskrifte op:

(1) Vir 'n kaffer wat as kok en kombuisbediende in julle diens was.
(2) Vir 'n diensmeisie wat in julle huis werksaam was.
(3) Vir iemand wat julle huis binne en buite skoongemaak en herstel het.
(4) Vir iemand wat jarelank julle motorbestuurder was.
(5) Vir iemand wat lank voorman in jou skrynwerkerswinkel was.
(6) Veronderstel jy is die prinsipaal van die skool. Stel 'n getuigskrif vir 'n seun (dogter) wat na Std. VIII wil gaan werk, op.

ADVERTENSIES EN KENNISGEWINGS.

Byna elkeen moet op een of ander tyd van sy lewe 'n advertensietjie of kennisgewing opstel. Dit moet saaklik (nie omslagtig nie) wees want anders kos dit ook te veel, alle nodige besonderhede in die regte volgorde bevat, duidelik bewoord wees en die naam en adres (ook telefoniese, indien moontlik) van die adverteerder aangee. Hoewel 'n mens moet probeer om die bewoording oorspronklik en fris te laat wees, moet jy waak teen allerhande verspottigheid, soos bv. van „die lewensbootjie op die oseaan van liefde en geluk," wat mens dikwels in verlowingskennisgewings lees.

Voorbeelde:

Gevra.

Dekgras. Vierduisend bondels dekgras, geskik vir rondaweldakke. Dadelik benodig. Meld gemiddelde lengte van gras, asook prys. Skryf aan, of besoek: A. Lubbe, Vlokstraat 27, Senekal. Telefoon 722.

Te Koop.

Bome. Alle soorte vrugtebome. Sterk en gesond gekweek. Word deeglik verpak en gratis op die trein geplaas. Doen aansoek om pryslys.

Die Transvaalse Boomkwekers, Posbus 130, Rustenburg. Telefoon 786.

OEFENING 5.

Skryf advertensies of kennisgewings vir die volgende uit:

(1) Julle het twee mooi stoepkamers in die dorp wat verhuur kan word. Maak melding van etes.

(2) Julle het 'n goeie klavier wat julle nie meer nodig het nie en wil dit verkoop.

(3) Julle soek na iemand wat julle huis kan skoonmaak en verf.

(4) Jy het 'n stuk of ag goeie klein hondjies wat jy wil verkoop.

(5) Jy het jou handsak êrens in die stad verloor. Maak dit bekend, gee 'n beskrywing daarvan en bied die vinder 'n beloning aan.

(6) Jou hondjie het verlore geraak, beskryf hom en bied 'n beloning aan die persoon, wat hom sal uitlewer.

(7) Vra 'n huis in die stad te huur. Meld die gewenste grootte, waar dit geleë moet wees, die hoogste huurgeld, ens.

(8) Jy het 'n mannetjie- en wyfieposduif nodig. Gee besonderhede en vra dat die verkoper met jou in verbinding moet tree en ook sy prys moet meld.

(9) Julle het 'n diensmeisie in die huis nodig. Adverteer hierdie betrekking en sê wat sy sal moet doen. Meld ook die salaris.

(10) Skryf die verlowingskennisgewing van Fietjie Wolmarans en Fanie Myburg uit.

KENNISGEWING EN AGENDA VAN 'N VERGADERING.

Die **kennisgewing** moet die volgende vermeld: Die naam van die vereniging of liggaam, die plek waar, sowel as die datum en tyd wanneer die vergadering plaasvind. **Die agenda** moet weer alles wat op die vergadering gedoen en bespreek sal word, in die regte volgorde aantoon.

Voorbeeld:

Ons Stedelike Skietvereniging.

Geliewe kennis te neem dat (kennis geskied hiermee dat) die gewone halfjaarlikse vergadering van lede van die bogenoemde vereniging op 10 Julie 1942, om 7.30 nm., in die Volkspelesaal, Roosstraat 251, gehou sal word.

Agenda.

(1) Opening en verwelkoming.
(2) Notule van die vorige vergadering.
(3) Behandeling van sake wat uit die notule voortspruit.
(4) Reëlings in verband met die skietwedstryd.
(5) Geldsake.
(6) Algemeen.

C. P. Raats.
Sekretaris.

Posbus 32,
Zastron.
1 Julie 1942.

OEFENING 6.

Stel nou die kennisgewings en agendas op vir vergaderings van:

(1) 'n Skooldebatsvereniging wat onder andere gaan debatteer oor hierdie onderwerp: „Moet die skoolure oor die voor- en namiddag verdeel word?"
(2) 'n Skoolvoetbalklub (Tennis- of Hokkieklub) wat 'n Bestuur wil kies en sekere voetbalsake moet bespreek.
(3) 'n Stap- en toer-klub wat 'n uitstappie na een of ander interessante oord wil reël.
(4) Die Vroue-leesvereniging wat 'n lees- en besprekingsaand by een van die lede aan huis gaan hou.

(5) Die Volkspelevereniging wat in die kerksaal 'n byeenkoms reël waarop daar onder andere deur 'n besoeker 'n paar nuwe spele aan die lede geleer sal word.

(6) Die Dingaansfeeskomitee wat êrens vergadering moet hou om reëlings te tref in verband met die sprekers, 'n geskiedkundige toneelstuk, die laertrekkery en vermaaklikheid met die oog op die aanstaande feesviering.

NOTULE VAN 'N VERGADERING.

Die notule van vergaderings kan op verskillende maniere opgestel word. Hier word dit egter heel eenvoudig gedoen. Die hoofdoel van notule is om 'n verslag te hê van wat op vergaderings gedoen, bespreek en besluit is.

Voorbeeld: (Van die vergadering wat na aanleiding van bostaande kennisgewing gehou is. Kyk hoe die notule in ooreenstemming met die agenda opgestel word).

Ons Stedelike Skietvereniging.

NOTULE van die halfjaarlikse vergadering van lede van bogenoemde vereniging, gehou op 10 Julie 1942, in die Volkspelesaal.

1. **Teenwoordig:** P. J. Papenfus, P. Barnard, W. de Jager, P. Gouws, J. Botha, B. Lategan, J. Swiegers, L. Prinsloo, W. du Plessis, A. Williams, A. de Kock, A. Rupert, J. van Rensburg, S. Moolman.
2. **Afwesig met verskoning:** J. de Lange, S. Viljoen.
3. **Opening:** Die Voorsitter open die vergadering en verwelkom al die teenwoordiges en spreek die hoop uit dat die nuwe lede gou sal tuis voel.
4. **Notule van die vorige vergadering:** Nadat die notule deur die Sekretaris voorgelees is, word dit sonder veranderings aangeneem en onderteken.
5. **Herstelwerk aan geweers:** Na aanleiding van paragraaf 4 van die aangenome notule meld die Sekretaris dat hy van die Departement van Verdediging verneem het dat herstelwerk aan geweers binnekort deur die Departement onderneem sal word. Die brief word voorgelees.
6. **Die skietwedstryd:** Na 'n deeglike bespreking word die volgende besluite geneem:

(*a*) **Skietgeld.** Deelnemers moet een sjieling vir elke drie skote betaal.

(*b*) **Pryse.** Daar sal 'n eerste, tweede en derde prys, ter waarde van tien sjielings, vyf sjielings, en twee sjielings respektiewelik, toegeken word.

(*c*) **Afstande.** Daar sal net oor die afstande tweëhonderd en vierhonderd tree geskiet word.

(*d*) **Datum en plek.** Die wedstryd sal op 3 Augustus 1942, vanaf 9.0 vm., op die Werda-skietbaan gehou word.

7. **Geldsake.**

(*a*) Die voorstel om lede wat nog nie hul ledegeld betaal het nie, te laat dagvaar, word verwerp.

(*b*) Daar word eenparig besluit om die opsigter van die baan voortaan vyf pond per maand te betaal.

8. **Pieknieks op die skietbaan.** Dit word onder die aandag van die vergadering gebring dat mense soms op die skietbaan pieknieks hou en die baan dan beskadig. Die vergadering besluit dat die opsigter niemand moet toelaat om op die skietbaan piekniek te hou nie.

Nadat die Voorsitter almal vir hul teenwoordigheid bedank het, verdaag die vergadering.

OEFENING 7.

Stel die notule van die vergaderings wat in oef. 6 hierbo aangegee word, op.

PROGRAMME.

Daar is baie soorte programme maar almal behoort die verskillende items met die uitvoerders daarvan in die regte volgorde (meestal genommer) aan te gee.

Voorbeeld:

VERSKEIDENHEIDSKONSERT VAN DIE HOËRSKOOL PRESIDENT STEYN. IN DIE SKOOLSAAL OP 12 SEPTEMBER 1942 OM 7.45 NM.

1. Die Skoollied met klavierbegeleiding *deur Elsie Schutte.*
2. Musiek *deur die orkes van die Voortrekkers.*

3. „Die Skaterlagters,"
'n grappige voordrag deur die Matriekklas.
4. Volkspeletjies,
uitgevoer deur leerlinge onder leiding van mej. Koster.
5. „Die Misverstand,"
'n toneelstukkie deur I. Pretorius.

Rolle:

Rooi Willem	Johan van Niekerk.
Mnr. Roux, sy vader	Japie Nortje.
Leentjie	Marie van Wyk.
Pietie, haar vriend	Gert Smit.
Truida	Martie Coetzee.

6. Bedanking *deur die Skoolhoof.*
7. Gesamentlike sang: „Afrikaners Landgenote."

OEFENING 8.

Stel programme vir die volgende op:

(1) 'n Sang- en musiekaand, gereël deur die Musiekvereniging.
(2) 'n Verskeidenheidskonsert, gereël deur die Voortrekkers.
(3) 'n Heldeaand, bestaande uit toesprake, sang, musiek en voordrag, gereël deur die Kultuurvereniging.
(4) 'n Skrywersaand (en/of digtersaand), bestaande uit 'n toespraak, voordrag, sang, musiek, ens., gereël deur die Kunsvereniging.
(5) 'n Dingaansfeesviering wat oor twee dae strek en bestaan uit vermaaklikheid (boeresport), volkspele en 'n opvoering op die eerste dag en godsdiens en toesprake op die feesdag self — gereël deur die Dingaansfeeskomitee.

KOERANTBERIGGIES.

Voorbeeld:

Mnr. J. van der Spuy, 'n vooruitstrewende Standertonse boer, het die Suid-Afrikaanse skietkampioenskap Saterdag op De Aar verower. Dit is die eerste keer dat hierdie eer hom te beurt val. Hy het, behalwe een viertjie, alles net kolle geskiet. Hy is 'n baasleeujagter en die naturelle noem hom dan ook „die man wat niks van ver af mis nie."

OEFENING 9.

Stel kort koerantberiggies (van sowat 50 woorde) oor die volgende op en skep denkbeeldige persoons- en plekname:

(1) Iemand het met sy gesin op pad na die Krugerwildtuin in Kroonstad aangekom en wil daar by sy seun oorbly tot laasgenoemde se vakansie aanbreek en dus kan saamgaan.
(2) 'n Veeboer het in 'n groot stad aangekom ten einde beeste en skape op die tentoonstelling te vertoon.
(3) Een van julle plaaslike dokters (met sy gesin) het op 'n uitgebreide vakansietoer vertrek. Wei uit oor sy reisplanne.
(4) Julle prinsipaal het ses maande verlof gekry en vertrek op 'n oorsese reis. Gee enkele besonderhede.
(5) Julle predikant vertrek na 'n ander plek om 'n kerkvergadering by te woon. Meld ook wie in sy afwesigheid sal optree.
(6) Iemand se seuntjie is deur kookwater lelik verbrand en in die hospitaal verpleeg maar verkeer nog in 'n ernstige toestand.
(7) Een of ander vooraanstaande persoon het in julle dorp (stad) aangekom en sal 'n toespraak op die Dingaansfees hou. Gee enkele besonderhede, bv. waarheen hy daarvandaan gaan.
(8) 'n Sekere dame is aangestel as hoof van die Meisieskool. Gee enkele besonderhede, bv. oor haar vroeëre betrekkings.
(9) 'n Welbekende persoon het skielik 'n aanval van blindedermontsteking gekry en is dadelik suksesvol geopereer.
(10) 'n Sekere dame is as kaptein van 'n Springbokhokkiespan wat oorsee gaan, gekies. Vertel van haar werk en goeie spel.

VORMS.

Daar moet dikwels allerhande soorte vorms ingevul word en al lyk dit eenvoudig, word daar baiemaal lelike foute daarmee begaan. Dit is van die grootste belang dat 'n mens sekuur moet **lees wat gevra word** en dan moet dink wat die **regte, volledige antwoord daarop is.** Skryf altyd baie

netjies en duidelik en maak seker daarvan dat jy die besonderhede op die regte plek invul en niks oorslaan nie. Let ook daarop dat sekere plekke dalk deur die hoof of klerke van die liggaam vir wie die vorm bedoel word, ingevul moet word en dus deur jou oopgelaat moet word.

Voorbeeld:

Lees hierdie vorm eers noukeurig deur en vul dit dan in.

DIE TEGNIESE KOLLEGE VAN DER STEL.

Datum van Toelating .....
Vorm of Groep.....
Handtekening van
Afdelingshoof .....

AANSOEK OM TOELATING.

Familienaam ..... Voorname .....
Datum van Geboorte ..... Gesondheidstoestand .....
Sertifikate in besit ..... Laaste Skool bygewoon ....
Datum waarop laaste skool verlaat is..... Indien nog op skool, Std. of Vorm waarin leerling tans .....is .....
Kursus waarvoor die leerling wil inskryf .....
Naam van Ouer of Voog .....
Beroep van Ouer of Voog .....
Adres .....
.....

OEFENING 10.

Gaan vra van die vorms wat hieronder genoem word (by die plekke wat aangegee word), vul hulle in en oorhandig hulle dan aan jou onderwyser(es) om nagesien te word. Dit moet natuurlik 'n Afrikaanse vorm wees.

(1) Die Posspaarbank: 'n vorm om geld in te lê.
(2) Die Poskantoor: 'n vorm om jou adres te verander.
(3) Die Poskantoor: 'n telegramvorm om aan iemand te telegrafeer dat jy dadelik na hom (haar) toe gaan.
(4) Die Stadsklerk: 'n vorm om aansoek om werk te doen.
(5) Die Stasiemeester: 'n vorm om skadevergoeding vir verlore bagasie te eis.

(6) Die Spoorwegstasie: 'n vragbrief vir goedere wat per trein weggestuur word.

(7) Die Stadsraadskantore: 'n vorm om aansoek te doen om buskaartjies vir skoolkinders.

(8) By die belastingskantore: 'n vorm vir die Persoonlike Belasting.

(9) By die belastingskantore: 'n vorm om vrystelling van wiel- of hondebelasting te verkry.

(10) By die Stasiemeester: 'n vorm om aansoek te doen om 'n spoorwegkonsessie.

(11) By enige ander kantoor: enige vorm wat ingevul moet word om iets te verkry of om iets te laat doen.

ONDERWERPE VIR BESPREKING

OEFENING 11.

Voer 'n bespreking of debat oor hierdie onderwerp en maak gebruik van die argumente wat aangestip is (en voeg nog ander waaraan jy kan dink, by):

Moet die skoolure oor die voor- en namiddag verdeel word?

JA om die volgende redes:

(1) Minder inspannend vir leerlinge en onderwysers.
(2) Warmste tyd van die dag kan vermy word.
(3) In die winter nie so vroeg op pad nie.
(4) Meer tyd om in die vroeë oggend te leer.
(5) Tussen-in 'n rustyd en geriefliker etenstyd.
(6) Skoolure kan effens verleng word om meer te doen.

NEE om die volgende redes:

(1) Ongerieflik om tweemaal skool-toe te gaan.
(2) Sommiges sal nie kan gaan eet nie.
(3) Tydverspilling.
(4) Sommiges sal tussen-in ook leer en hulle net uitput.
(5) Smiddags te min tyd vir huiswerk.
(6) Veels te min tyd vir ontspanning.
(7) Onderwysers kry te min tyd vir skoolwerk en ontspanning.

OEFENING 12.

Onderwerpe vir bespreking. (Die argumente ten gunste van elke kant moet **eers** agtermekaar opgeteken word).

(1) Wat is die aangenaamste: 'n vakansie op 'n plaas of aan die kus?

(2) Moet skriftelike huiswerk afgeskaf word?

(3) Moet alle hoërskoolonderwys gratis wees?

(4) Is die skoolvakansies te lank?

(5) Moet lyfstraf op skool afgeskaf word?

(6) Wat is die leersaamste: die bioskoop of die radio?

(7) Moet skoolsport vir almal verpligtend wees?

(8) Wie is vir die volk die meeste werd: die dokter of die onderwyser?

(9) Wat is die interessantste: sportverhale of speurverhale?

(10) Wat het vir Suid-Afrika die meeste gedoen: die perd of die os?

(11) Kan oorloë vermy word?

(12) Moet meisies en seuns deurmekaar skoolgaan?

(13) Wat is die verkieslikste somersport: tennis of atletiek?

(14) Wat is die nadeligste: droogte of 'n sprinkaanplaag?

(15) Bioskope doen meer kwaad as goed.

(16) Wat is die vernietigendste: die vliegtuig of landkanon?

(17) Groot rykdom verskaf meer bekommernis as plesier.

(18) Wat is die mooiste karaktertrek: eerlikheid of beleefdheid?

(19) Wat is vir Suid-Afrika die meeste werd: landbou of veeboerdery?

(20) Wat is die waardevolste: geleerdheid of erfenis?

HOOFSTUK 14

DIE SELFSTANDIGE NAAMWOORD

Slaan eers weer hoofstuk 1, oef. 2 na.

GETAL

Die **ouderling** was **voorsitter** op die **vergadering** van die **parlementslid.**

Die **ouderlinge** was **voorsitters** op die **vergaderings** van die **parlementslede.**

Die tweede sin dui alles in die **meervoud** aan.

OEFENING 1.

Skryf die volgende sinne ook almal in die meervoud:

1. My oupa, wat die amp van professor beklee, dra gereeld 'n toga. 2. Die kluisenaar woon in armoede ver buitekant die stad. 3. Die lektor vertel die leerling van 'n nimf en 'n fee. 4. Die staatsman rig 'n ultimatum aan die hoof van die vyandige staat. 5. Ek het sy skelmstuk uitgevind voor ek te veel skade kon ly. 6. Die seeman besit 'n pragtige model van 'n moderne stoomskip. 7. Die geneesheer het my present met dank aangeneem. 8. Elke prieel in die omtrek word deur my buurman se tuinjong met 'n boomskêr gesnoei. 9. My kerk het 'n kollekte gehou om vir die weduwee en die weeskind kos te koop. 10. Jou resep is deur die kok beproef en hy beveel dit by elkeen aan.

OEFENING 2.

Maak met die volgende woorde sinne waarin hulle sowel as die ander snwe. waaraan jy dink, in die meervoud voorkom:

Krot, deug, lewe, bevel, lughawe, stat, balju, balkon, walm, gerief, kolf, alwee, galg, skeen, plig, album, merino, graf, sentenaar, trog, engel.

OEFENING 3.

Gee, waar moontlik, die meervoud van die volgende:

(*a*) Vlag, kalf, werkshemp, skilpad, les, nes, vat, biblioteek, vulkaan, plato, ruspe, seën, smid, monnik, oomblik, geheue, medikus, mededeling, leuse, kus, pols, gerf, deposito, stad, oorlog.

(*b*) Bars, hef, viool, verslag, geslag, bedrag, opdrag, altaar, Engelsman, Fransman, Boesman, buurman, brug, vrug, eggenote, rib, ma, ouma, program, blad, matras, bad, karba, eg, korporaal, kwartaal.

(*c*) Seemeeu, leeu, eeu, troef, skyf, eienares, koopman, blydskap, landsman, gif, sekerheid, as, toelae, wieg, wig, kerf, sipier, aktrise, skut, jas, wasem, voeg, drag, koors, appél, áppel.

OEFENING 4.

Maak duidelike sinne met die meervoud van:

(*a*) Rapier, boeg, mud, oase, strot, asbes, ab, bedrog, konka, getuie, rabbi, solo, klos, Nazi, kamas, kieu, halfaam, adres, alibi, trui, bus, chauffeur, dahlia, ateïs, gamat, geswel.

(*b*) Almanak, lama, lakei, lob, olyf, parool, profetes, terras, tip, vywer, moskee, rentenier, skarnier, goewerneur-generaal, skout-by-nag, vermoë, jingo, aanbod, verbod, barones, regisseuse, klad, kubus, albino, eksemplaar, inham, teug.

OEFENING 5.

Saal: Die **saals** waarop ons ry is van goeie leer gemaak. Al die groot **sale** word vir vergaderings gebruik.

Onderstaande woorde het ook meer as een meervoud, elkeen met 'n ander betekenis. Toon dit aan in sinne:

Gas, kus, as, bad, maat, skof, gif, las, bas, skat, wig, ruit, lis, doel, drif.

GESLAG

Ons **onderwyser** was die **strooijonker** van my **oom** se **buurman**.

Ons **onderwyseres** was die **strooimeisie** van my **tante** se **buurvrou**.

In die tweede sin sien ons dat al die snwe. van die eerste sin in die **vroulike vorm** aangegee word.

OEFENING 6.

Sit nou, sover as moontlik, die snwe. in onderstaande sinne om in die vroulike vorm:

(1) Die bestuurder is nie net 'n digter nie maar ook 'n pianis.

(2) Die wewenaar eis al die geld van die akteur wat sy skuldenaar is.
(3) Die prinsipaal is die voog van die agtergelate weeskind.
(4) 'n Kelner was gister strooijonker op die bruilof van die danser.
(5) Die hertog wat die regent vir die troonopvolger is word soos 'n vors geëer.

OEFENING 7.

Skryf onderstaande sinne oor en verander sover moontlik die vroulike vorme in manlikes:

(1) Ons tesouriere is die eggenote van die nuwe koerant se redakteur.
(2) Die kleinmeid is die enigste meidjie wat die ou aia nog het.
(3) Die beskuldigde word daarvan aangekla dat sy 'n kalf van haar buurvrou gesteel het.
(4) Daardie dame is die verkoopster van die winkelier se klerasie.

OEFENING 8.

Gee die **manlik** van:

Beloonster, non, wangenella-ooi, oujongnooi, sog, lektrise, eienares, peettante, abdis, meid, begeleidster, teef, dame, wolvin, presidente, heks, inspektrise, skoonsuster, gemalin, regentes.

OEFENING 9.

Maak sinne met die teenoorgestelde geslag van:

Waarsêer, god, baron, slaaf, heks, teef, verskalf, profeet, graaf, keiser, orrelis, held, leeu.

OEFENING 10.

Gee, waar moontlik, die vroulik van:

Skuldenaar, regisseur, heiden, sekretaris, beskuldigde, oppasser, swemmer, koedoebul, huisgenoot, buurman, Christen, Boesmanjong, prokureur, baas, bulkalf, meester, waker, leier, superintendent, spreker, gids, masseur, hamel, passasier, loods, verraaier, boekhouer.

OEFENING 11.

Die woord **hoender** is gemeenslagtig terwyl **haan** en **hen** die mânlike en vroulike vorme is. Gee nou die manlike en vroulike vorme van onderstaande woorde:

Kind, pou, lam, mens, vark, kalkoen, makou, kalf, volstruis, vul, persoon, student, kat, renoster, verkleurmannetjie, walvis, naturel.

VERKLEINWOORDE

Die **seuntjie** het 'n **duifie** in die **boompie** gevang.

Die **eendjie** swem in die **dammetjie** naby die **heininkie.**

Ons sien dat van die woorde: **Seun, duif, boom, eend, dam** en **heining** hier **verkleinwoorde** gemaak is en hiervoor is die **agtervoegsels –tjie, –ie, –pie, –jie, –etjie,** en **–kie** gebruik.

OEFENING 12.

Skryf die snwe. in die verkleinwoordsvorm:

(1) Ons nuwe huishoudster is nog maar 'n jong dame en sy speel soms saam met my as ek vir my poppe nuwe rokke, skoene en kouse aantrek.
(2) Die skaapwagter gooi die kalwers met klippers as hulle uit die kamp kom en die lammers pla.
(3) Die sangeres wat so 'n mooi lied gesing het, het haar wedstryd fluit-fluit gewen.
(4) Die jaagkonstabel het die bode met sy fiets by die brug voorgekeer.
(5) Die jong digteres het 'n gedig oor die vors geskryf.
(6) Die bruidegom is my peetoom en ons nuwe bankklerk is sy strooijonker.
(7) Die hertog het vir sy niggie, die gravin, 'n horlosie present gegee.

OEFENING 13.

Skryf die verkleinwoordsvorm van onderstaande woorde neer:

(*a*) Spruit, fuik, staat, skip, hoof, skerm, marmotjie, varing, kring, potlood, glas, vakansie, eskadron, spreeu, long, pad, lesing, sendeling, blad, vat, kalwers, u, h.

(*b*) Ooi, nooi, nôi, trui, boog, oomblik, vlieg, kerm, toom, wasem, snor, tang, versameling, wa, spel, vertelling, hoed, kuif, draf, maat, ma, skip.

(*c*) Mol, mandjie, baadjie, bril, dienares, plas, garing, heining, rib, geut, kloof, graspol, bus, baard, vriendin, bossie, leuning, aktrise, kuit, sloot, kokon, kraag.

(*d*) Soos die voorafgaande:

Klub, karba, sofa, Boesman, foto, sering, gat, klip, meisie, balju, plato, malva, kostuum, monnik, leeurik, kruiwa, kuip, bibliotekaresse, paling, o, b, s.

OEFENING 14.

Hy is regtig 'n ou **klein predikantjie.**

Na die woord **klein** volg dus altyd die **verkleinwoord.** Dit geskied ook meestal na die woord **kort:**

Ek het maar 'n **kort** tou**tjie** oorgehou.

Verbeter nou die onderstaande:

'n Kort opstel, 'n klein motor, 'n klein plaas, 'n kort lat, 'n klein sekretaris, 'n klein stroom, kort antwoord, 'n klein present, 'n jong kêrel, 'n jong kunstenares, die klein fabriek, die klein hek, 'n klein mes, 'n klein skip, 'n klein meisie, 'n kort tyd.

OEFENING 15.

Vul aan wat ontbreek.

Manlik.	*Vroulik.*	*Meervoud.*	*Verkleinw.*
(bv.) man	vrou	mans	mannetjie
hings	———	———	———
buurman	———	———	———
lektor	———	———	———
———	bruid	———	———
———	———	kelners	———
———	———	wewenaars	———
pianis	———	———	———
———	———	———	prinsipaaltjie.
metgesel	———	———	———
vrygesel	———	———	———

OEFENING 16.

Gebruik ons die verkleinwoord **altyd net** om aan te toon dat iets klein is? Dink na oor hierdie sinnetjies:

Die man wat nou hier met die blink motor verby is, is maar 'n **prokureurtjie**. Ag, ou **moedertjie**, werk asseblief gou vir my hierdie knoop aan.

Dui hierdie twee woorde nou juis klein persoontjies aan of toon die eerste aan dat ons die prokureur minag en die tweede woord dat daar mooi op 'n liefdevolle manier met die moeder gepraat word? Die verkleinwoord kan dikwels net gevoel van een of ander soort uitdruk.

Sê nou wat die verkleinwoorde in onderstaande sinne te kenne gee:

1. Ag, Oumatjie kan gerus vir ons vandag 'n paar pannekoekies bak! 2. Nee nefie, jy sal nie vir my kul nie! 3. Ai, maar wat verbeel so 'n onderwysertjie hom tog nie! 4. My pa se nuwe ingenieur is sommer 'n deeglike kêreltjie. 5. Is dit nie 'n vriendelike meisietjie wat ons in die winkel bedien het nie?

OEFENING 17.

Vul geskikte snwe. aan en maak dan 'n sin met elke uitdrukking of verduidelik dit:

.... vier, ... bespreek, ... deurbring, ... verrig, in die .... tree, ... beklee, ... uitspreek, ... verklaar, ... verspil, ... verduister, ... belemmer, ... aanvaar, ... aanteken, ... vereffen, ... behaal, ... verdaag, ... uitloof, ... toedien, ... delf, ... nakom, ... herroep, ... getroos, ... koester, ... vel, ... slaak, ... naslaan, ... belê, in .... herstel, ... ly, ... verbind, ... betuig, ... wapper, ... hys, ... stryk, ... te les, ... te stil, ... stig, ... nuttig, ... oplos, ... begaan, ... ontgin, ... berokken.

SOORTE SELFSTANDIGE NAAMWOORDE

Magdalena het my uit dankbaarheid 'n **vulpen** geskenk. **Swael, yster** en **katoen** is in oorlogstyd maar skaars. In „**Somer**" lees ons van 'n klomp **mans** op 'n **vergadering**.

Vulpen is die naam van 'n **konkrete voorwerp** met sy eie tasbare liggaam en word daarom 'n **konkrete snw.** genoem, terwyl *dankbaarheid* wat 'n vae **abstrakte gedagte** of begrip aandui, 'n **abstrakte snw.** is. *Magdalena en „Somer"* is weer die **eie** of **spesiale name** van 'n meisie

en 'n boek en dus **elename.** *Swael, yster* en *katoen* is **stofname** omdat dit **stowwe, minerale** of **materiale** aandui en *vergadering* is 'n **versamelnaam** omdat dit die naam vir 'n versameling mense is. *Mans* is die naam vir 'n soort mens en heet dus **soortnaam.** (Ondersoek hierdie voorbeelde om vas te stel of sommige nie dalk ook 'n ander soort snw. kan wees nie.)

OEFENING 18.

Sê nou watter soort snwe. in onderstaande sinne voorkom:

(1) Die burgers jaag in 'n kommando oor die bult.
(2) Linne is darem te koud vir die winter.
(3) My polvy het afgebreek toe ek in die gat getrap het.
(4) Die kudde wei in die vlei.
(5) Gehoorsaamheid is meer werd as goud, sê Paulus.
(6) 'n Ketting stel dikwels krag voor.
(7) Die span besit die moed om hulle teenstanders onder die stof te loop.

OEFENING 19.

Gee een versamelnaam vir:

'n Sekere hoeveelheid vliegtuie bymekaar; die manne wat brand afweer; 'n menigte visse; al die landsministers byeen; een wyk se lede van 'n kerk; 'n klomp berge; 'n groep sterre, 'n aantal state wat federeer; al die advokate gesamentlik; 'n klomp beeste; persone wat 'n vereniging se sake beheer; persone wat bv. 'n winkel bestuur; skote wat gelyk afgeskiet word; soldate te voet; soldate te perd; al die kanonne en grofgeskut; perderuiters bymekaar; 'n passasier se reistasse, koffers e.d.m.; 'n groep saamwerkende arbeiders; al die kinders van die ouers; mense wat in 'n groep sing; mense wat verskillende musiekinstrumente bespeel; 'n ry mense op pad na 'n begrafnis; mense wat in 'n hofsaak oordeel moet uitspreek; al die heidene; al die mense wat saam die koerant skryf; al jou tande saam.

OEFENING 20.

Gee een snw. vir:

Mense wat die oorlogsterrein verken; waarop rooiwarm ysters plat geslaan word; klere wat deur arbeiders oor hul gewone klere aangetrek word; plek waar predikante opgelei

word; vore en pype wat straatwater wegvoer; vreemdeling wat in 'n land intrek; iemand wat sy land uittrek; toestel wat swaar goedere ophys; 'n man wat bagasie op die stasie rondkarwei; waarmee messelaars swaar klippe op die muur kry; stellasie waarop messelaars staan; iemand wat gevangenes oppas; regaf gat in 'n myn in; iemand wat baie geldgierig is; vergaderkamer agter aan die kerk; waar ou geskrifte bewaar word; 'n man wat masjinerie bestudeer het; iemand wat huisraad ens. oor en weer vervoer; Joodse kerk; Mohammedaanse kerk; Roomse kerk; 'n man wat net koop en weer verkoop; versamelaar van nuus vir koerante; iemand wat sy ambag nog prakties leer; tydskrif wat per week verskyn; persoon aan die hoof van 'n nuusblad; hoof van 'n universiteit.

OEFENING 21.

Vul die ontbrekende snw. aan:

(*a*) 'n Mens koop vleis **per pond**, eiers per ...., blomme per ...., kouse per ...., krale en breiwol per ...., melk per ...., petrol per ...., goiingsakke per ...., sigarette per ...., duimspykers per ...., pruimtabak per ...., rooktabak per ...., garing per ...., rokmateriaal per ...., betonklip per ...., bakstene per ...., elektriese krag per ...., blousel per ...., seep per .....

(*b*) 'n Mens praat van 'n **bondel** hout, 'n .... druiwe, 'n .... grond, 'n .... tande, 'n .... erwe, 'n .... berge, 'n .... water, 'n .... bome, 'n .... trekosse, 'n .... geskiedenisboeke, 'n .... beskuit, 'n .... koffie, 'n .... sout, 'n .... brandewyn, 'n .... handewasseep, 'n .... gare om die knoop aan te werk, geen .... suiker om in die koffie te gooi nie, 'n .... brood, 'n .... boontjies (om te kook), 'n .... wasgoed.

OEFENING 22.

Gee die gebruiklike Afrikaanse name vir:

Thames, Venice, Prague, Vienna, Nile, Athens, Danube, Rhine, Alexandria, Genoa, Brussels.

HOOFSTUK 15

DIE WERKWOORD

Slaan eers weer hoofstuk 1, oef. 3 na.

TYD

Die skilder **verf** die huis se dak.
My suster **stop** ons stukkende kouse.
In hierdie twee sinne word gesê waarmee die twee persone **op die oomblik** besig is en daarom staan die twee werkwoorde **verf** en **stop** in die **teenwoordige tyd.**

Die skilder **het** die huis se dak **geverf.**
My suster **het** ons stukkende kouse **gestop.**
In hierdie twee sinne word weer vir ons vertel wat die twee persone **vantevore gedoen het**; m.a.w., wat hulle gedoen het, is al verby en om daardie rede staan die twee werkwoorde (wat deur **het** gehelp word) in die **verlede tyd.**

Die skilder **sal** die huis se dak **verf.**
My suster **sal** ons stukkende kouse **stop.**
In hierdie twee sinnetjies hoor ons weer wat die twee persone **nog sal doen**, m.a.w., wat hulle moet doen, lê nog voor. Daarom sê ons dat die twee werkwoorde (wat deur **sal** gehelp word) in die **toekomende tyd** staan.

Die skilder **sou** die huis se dak **verf.**
My suster **sou** ons stukkende kouse **stop.**
Hierdie twee sinne beskryf weer wat die twee persone **vantevore nog wou gaan doen.** In die verlede het die werk vir hulle dus nog voorgelê en daarom sê ons hierdie twee werkwoorde (gehelp deur **sou**) staan in die **verlede-toekomende tyd.**

Opm. 1. Die kosganger het vanoggend een pond van sy ouers **ontvang.** **Ontvang** kry geen **ge-** in die verlede tyd nie. Dit gebeur met alle werkwoorde wat begin met voorvoegsels: be-, ge-, er-, her-, ont-, ver-. Dink bietjie aan voorbeelde en maak sinne.

Opm. 2. Hy het sy uiterste probeer/geprobeer. As werkwoorde op **-eer** eindig, kan die **ge-** in die verlede tyd byge-

voeg of weggelaat word. Dink hier ook aan meer voorbeelde.

Opm. 3. Die twee boesemvriende **het** eers laat **gaan slaap.** Hierdie sin staan in die verlede tyd en tog gebruik ons die **ge-** glad nie by een van die twee werkwoorde nie. Dit doen ons maar altyd as twee werkwoorde so langs mekaar as een gesegde gebruik word.

Bewys dit verder deur sinnetjies te maak met: sien eet, loop werk, help verf, laat haal, hoor kap en dink dan self ook aan meer sulke voorbeelde.

Opm. 4. Die opsigter het by sy werk **gesit** en **slaap.** Maar as die woordjie **en** tussen die twee werkwoorde staan, soos hier, kry ons die **ge-** byna altyd by die eerste werkwoord.

Bewys dit ook weer deur sinne te maak met: lê en speel, staan en raas, raap en skraap. Noem nog voorbeelde op.

Opm. 5. **Toe** ek by die huis **kom,** was my broer al daar.

Die werkwoord behou die vorm van die teenwoordige tyd as hy saam met **toe** (wat tog op die verlede betrekking het) gebruik word. **Toe** gevolg deur **teenwoordige tyd** maak dus **verlede tyd.**

Maak nog 'n paar sulke sinnetjies.

OEFENING 1.

Kyk nou weer 'n slag hoe die tye gevorm word en bou dan met onderstaande werkwoorde sinne in al die tye — dus vier sinne met elkeen:

(*a*) Messel, studeer, kook, verswak, slag, fluit.
(*b*) Skuur, kreun, hersien, opereer, hanteer, snork, leer skryf, deug, staan en kyk, parkeer, voel klop.

OEFENING 2.

Sit die werkwoorde in onderstaande sinne om in die teenwoordige tyd:

(1) Die jagter het die bok vir sy skoonvader geskiet.
(2) Hy het lank alleen na die voetbal staan en kyk.
(3) Vir wie het jy die geheim vertel?
(4) Die onderwyser het die kinders in spanne verdeel.
(5) Die wild sal elke aand hier kom suip.
(6) Waarom het sy kattekwaad aangevang?
(7) Sy kon my glad nie help nie.
(8) Van die koue het die kaffertjie se voete oopgebars.

(9) Die olifant sal alles wat voor hom sal beland, plattrap.
(10) Het sy regtig verwag dat jy haar moes gaan help nieteenstaande sy jou so gehaat het nie?

OEFENING 3.

Sit die werkwoorde in onderstaande sinne om in die toekomende tyd:

(1) Die kindertjies speel heerlik in die skaduwee.
(2) Die voorman het die kaffer teruggestuur om die gereedskap te gaan haal.
(3) Sy laat haar streke nou staan.
(4) Hulle het weer by die gevaar gesit en slaap.
(5) Op die plein paradeer die soldate elke dag.
(6) Die vent het al my planne gedwarsboom.
(7) Die seelug het hom sommer reggeruk en toe was hy weer gou in sy werk.
(8) Die veteraan smyt die amateurstoeier met die eerste stormloop uit die kryt.
(9) Het hy so 'n groot werk sonder jou hulp aangepak en kon hy dit alleen afhandel?
(10) Wil hy regtig die reis alleen onderneem of nooi hy iemand saam met hom?

OEFENING 4.

Sit die werkwoorde in onderstaande sinne om in die verlede tyd:

(1) Ek weeg self ook die vleis wat ek in die slaghuis koop.
(2) Die seevaarder lê 'n lang reis om die hele vasteland van Afrika af.
(3) Die meisie ondergaan vandag 'n operasie want haar dokter kan niks aan haar doen nie.
(4) Die verpleegster het nog hoop vir die pasiënt maar die geneesheer is moedeloos.
(5) As ek die adres nie opskryf nie, sal dit my heeltemal ontgaan.
(6) Hulle groepeer die deelnemers in vier afsonderlike afdelings.
(7) My ouers sal graag by hulle vriende in die Boland gaan kuier.
(8) As hy werk-toe stap, loop hy tot daar en praat.

(9) Ek herhaal al my beskuldigings en trek geen enkele woord terug nie.
(10) Jy behoort hom darem te groet al is jy kwaad vir hom.

SOORTE WERKWOORDE

OEFENING 5.

Hierbo het ons reeds gesien dat **het, sal** en **sou hulpwerkwoorde** is omdat hulle help om tye te vorm. Let ook daarop hoe onderstaande vetgedrukte woorde hulpwerkwoorde is:

Jy **moet** skryf of dit by julle gereën het.
Nadat hy gestraf **was,** is hy weer 'n bietjie geprys.
Maak nou ook sinne met onderstaande hulpwerkwoorde om aan te toon dat hulle 'n ander werkwoord help. (Sê by elke sin wat die tyd is):
Kan, mag, wil, durf, word.
Maak weer sinne met: het, sou, sal, is, was, moet, en ook met: kon, mog, wou, moes.

OEFENING 6.

Die wasmeid stryk **ons wasgoed.**
Ons perde het **die gras** gevreet.
Die kondukteur staan maar altyd in die bus.
Julle predikant het voor sy troue by ons geloseer.
In die eerste en tweede sin sien ons dat die werk gedoen word deur **wasmeid** en **perde** en dat die werk dan oorgaan op iets anders wat dus daardeur getref word, nl. **wasgoed** en **gras**; m.a.w.. die werk of handeling wat deur die **onderwerp** verrig word, gaan op 'n **voorwerp** oor. Dit is waarom werkwoorde wat so 'n handeling uitdruk **oorganklike werkwoorde** genoem word. (Hulle het in hulle sinne dus altyd voorwerpe.)
Maar in die derde en vierde sinne is dit duidelik dat die handeling wat by die doeners **kondukteur** en **predikant** begin nie oorgaan op 'n onderganer (voorwerp) nie. Daarom noem ons weer werkwoorde wat so 'n handeling uitdruk, **onoorganklike werkwoorde.** (Hulle het in die sin nie 'n voorwerp nie.)
(*a*) Maak nou sinne met onderstaande werkwoorde in die tyd soos gevra en sê elke keer of die werkwoord oorganklik of onoorganklik is:

(1) Verlede tyd: dreun, skeur, broei, werk, wek, sug, glimlag.
(2) Teenwoordige tyd: saag, huil, spuit, gril, wantrou, kreun.

(*b*) (1) Toekomende tyd: juig, sleep, vlieg, klouter, braai, korrel, begrawe, raadpleeg, vlug.
(2) Verlede-toekomende tyd: antwoord, struikel, lieg, kweek, waai.

SKEIDBARE EN ONSKEIDBARE WERKWOORDE

Die koetsier **pas** sy perde goed **op**.
Die vloedwater het baie bome **meegevoer.**
Hierdie konstabel **ondersoek** alle klagte self.
'n Groot aantal jagters het die gewonde leeu **omsingel.**

Dit tref ons meteens dat die werkwoorde van die eerste twee sinne in hul twee dele verdeel kan word en dus **skeidbaar** is, maar dat die werkwoorde van die laaste twee sinne **onskeidbaar** is. (Let daarop dat die onskeidbare werkwoord in die verlede tyd — vierde sin — geen **ge-** kry nie.)

Pasop dat jy nie **oor** die blok **val** nie.
Groot teëspoed het hom op pad **oorval.**

Hier het ons egter 'n voorbeeld van hoe een werkwoord skeidbaar en onskeidbaar kan wees maar nie met dieselfde betekenis nie. (Let daarop dat die klem by onskeidbare werkwoorde op die tweede deel val.)

OEFENING 7.

Groepeer nou onderstaande werkwoorde in drie afdelings as (*a*) skeidbare, (*b*) onskeidbare of (*c*) skeidbare sowel as onskeidbare werkwoorde. Maak dan met elke werkwoord 'n sin in die verlede tyd en teenwoordige tyd:

Uitnooi, volhard, liefhê, oorweeg, voltooi, onderhou, weerkaats, meedeel, omring, oorstroom, napraat, oorwerk, onderteken, rangskik, voorkom, misluk, oortree, omgooi, waarsku, deurtrek, aanvaar, mishandel, omkoop, grootpraat.

OEFENING 8.

Jy bekommer jou te veel oor die eksamen.
Die man verbeel hom dat hy baie sterk is.

Ons sien hier dat **bekommer** en **verbeel** wederkerende werkwoorde is want hulle slaan terug op die onderwerp.

Wend nou onderstaande werkwoorde in sinne aan en gebruik die aangegewe woord by elkeen as die onderwerp:

Skaam (ek), bedink (sy), bevind (hy), verheug (my vader), ontferm (ons), verslaap (jy), herinner (julle), verspreek (u), vergis (advokaat), bemoei (ou vrou), haas (hulle), verwonder (die ou plaaskaffer en sy meid).

BEDRYWENDE EN LYDENDE VORM

(*a*) Die valk vang die kuikentjie.

(*b*) Die kuikentjie word deur die valk gevang.

Hier het ons iets op twee verskillende maniere gesê. In (*a*) dink ons meer aan die doener (of bedrywer), **valk**, en praat dus eintlik van hom maar in (*b*) dink ons weer meer aan die lyer (of onderganer), **kuikentjie**, en praat dus merendeels van hom. Daarom word die eerste vorm van praat (deur met die bedrywer te begin) **bedrywende vorm** genoem — die **onderwerp** in die sin **doen** iets. Maar die tweede vorm (met die lyer te begin) heet **lydende vorm** — die onderwerp in die sin **ly** iets.

Let op onderstaande sinne en kyk veral hoe die **lydende vorm** in die verskillende tye gevorm word:

Bedrywende vorm	*Lydende vorm.*
Doener belangrikste (Ond.)	Lyer belangrikste (Ond.)
Teenw. tyd:	
Die brandweer blus die vuur.	Die vuur **word** deur die brandweer geblus.
(The fire brigade extinguishes the fire.)	(The fire **is** extinguished by the fire brigade.)
Verlede tyd:	
Die brandweer het die vuur geblus.	Die vuur **is** deur die brandweer geblus.
(The fire brigade extinguished the fire.)	(The fire **was** extinguished by the fire brigade.)
Toek. tyd:	
Die brandweer sal die vuur blus.	Die vuur sal deur die brandweer geblus word.
(The fire brigade will extinguish the fire.)	(The fire will be extinguished by the fire brigade.)

Ver.-toek. tyd:

Die brandweer sou die vuur blus.	Die vuur sou deur die brandweer geblus word.
(The fire brigade would extinguish the fire.)	(The fire would be extinguished by the fire brigade.)

Opm. 1. Dit tref ons dat daar by die lydende vorm in die teenwoordige tyd **word** en in die verlede tyd **is** geskryf word en dat die uitdrukking **deur die brandweer** nie aan die end van die sin val nie.

Opm. 2. As ons in die lydende vorm van twee handelinge in die verlede tyd skryf en die één handeling het voor die ander een plaasgevind, gebruik ons vir daardie handeling die woord **WAS** —

Nadat die span eergister reeds gekies **was**, is die kaptein gister deur die spelers aangestel.

Opm. 3. As ons die sin **vriendskap word nie gebedel nie** in die bedrywende vorm wil skryf en dus van die doener onderwerp moet maak, moet ons eers 'n geskikte doener uitvind. Woorde soos **'n mens, jy, iemand, hulle** is gewoonlik geskik. Dus is die bedrywende vorm: **'n mens** bedel nie vriendskap nie.

OEFENING 9.

Skryf nou onderstaande sinnetjies oor in die lydende vorm en sê wat die tyd van die ww. is:

A. (1) Die seun skiet die voëltjie.
(2) Die meisie stryk die rok.
(3) Die konstabel boei die dief.
(4) Die kruier bring al ons bagasie.
(5) Sy oudste broer sal sy skoolgeld alles betaal.
(6) Die opsigter maak die gebou elke nag self skoon.
(7) Die seuns sou al die swaar werk doen.
(8) Die kruidenier het vanoggend baie klante bedien.
(9) Die kandidate sal die eksamen sonder moeite aflê.
(10) Die bode het die boodskap onvolledig oorvertel.

B. (1) Ons getroue wagter pas die vee alleen in die veld op.
(2) Het julle prinsipaal kort gelede 'n nuwe skoolboek geskryf?
(3) Dra sy haar kleintjies een vir een in haar bek aan?
(4) Na 'n lang ruk het sy gehoes die stilte verbreek.

(5) Trek al die bossies in die tuin uit!
(6) Hulle werk veels te min.
(7) Voor die son ondergaan moet die werksvolk die vee in die kraal jaag.
(8) Die reisiger mag nie die klerasie te goedkoop verkoop nie.
(9) Die Stadsraad behoort meer bome in ons dorp te plant.
(10) Miskien kon die voorman die swaar klip nie alleen versit nie.

OEFENING 10.

Skryf onderstaande sinne in die **bedrywende vorm.**

A. (1) Haar skoene word deur my versool.
(2) Baie bome sal deur hom gesnoei word.
(3) Die koffie word deur my ma gemaak.
(4) Die prys van botter is deur die handelaars verhoog.
(5) 'n Park word deur die Voortrekkers aangelê.
(6) Die besigheid sal deur ons prokureur self afgehandel word.
(7) Die bandiete word maar gereeld deur 'n sipier dopgehou.
(8) Gisteraand sou die studente deur hulle professore toegespreek word.
(9) Word groot voorrade daagliks deur die winkelier ontvang?
(10) Al die planne sal eersteklas deur hom uitgevoer kan word.

B. (1) Jou plig moet altyd gedoen word.
(2) Word die verhaal deur al die leerlinge goed gevolg?
(3) Voor vanaand moet die rusie deur julle twee uit die wêreld gemaak word!
(4) Die piekniek sal Saterdag deur julle gehou mag word.
(5) Daardie skelm behoort al deur die polisie gevang te geword het.
(6) Nadat die boek reeds deur my gelees was, is dit deur Gertjie geleen.
(7) Die moeë kindjie sal maar deur die vader gedra moet word en die pakkies deur die moeder.
(8) Is die boodskap werklikwaar deur hom aan jou afgelewer?

(9) Die popgoed is deur die moeder aan haar dogter met haar verjaarsdag geskenk.
(10) Was die fiets al deur jou betaal toe dit deur hom gebreek is?
(11) Vriendskap word nie gekoop nie.

OEFENING 11.

(A) Sê in watter tyd en vorm onderstaande sinne geskryf is en sit dit dan, waar moontlik, om in die ander vorm:

(1) Die wedstryd sal deur ons skool gewen kan word.
(2) Het julle die tente naby daardie groot kremetartboom opgeslaan?
(3) 'n Mens eet nie piesangs met skil en al nie.
(4) Die kinders is deur hulle ouers geprys want hulle was regtig baie fluks.
(5) Die waarheid mag nie weggesteek word nie.
(6) Die boek wat deur my broer gekoop is, word eerste deur my gelees.
(7) Vanoggend het die kontrakteur wat ons sierlike kerk gebou het, in die dam verdrink.
(8) Die brood moet nou uit die oond gehaal word anders sal dit verbrand.
(9) Dit word oral rondvertel dat dr. Jurgens ons dorpie wil verlaat.
(10) Die rewolwer wat die skoot afgevuur het, sal deur die speurders vertoon word.

(B) Die kat is siek. | Die kat is deur die hond gebyt.
Dit is waar. | Dit is deur haar gedoen.

Ons merk hier dat die sinne van die eerste kolom in die bedrywende vorm staan en die werkwoord **is** staan in die teenwoordige tyd maar die tweede kolom se sinne is in die lydende vorm en die werkwoord **is** staan dus vir die verlede tyd. Dit blyk dus dat **is** in die teenwoordige tyd (bedrywende vorm) sowel as in die verlede tyd (lydende vorm) gebruik kan word.

Sê nou wat is die tyd en vorm in onderstaande sinne. Verander dan ook die teenwoordige tyd in verlede tyd en omgekeerd:

(1) Die poeier is deur die meisie gekoop.
(2) Dit is darem vandag baie koud.

(3) Die inspekteur is baie streng.
(4) Die inspekteur is na ons skool gestuur.
(5) Die afslaer is vanoggend begrawe.
(6) Die afslaer is die eienaar van hierdie motor.
(7) Dit is sonder haar hulp gedoen.
(8) Dit is haar hulp wat so baie werd is.
(9) Dit is my vader.
(10) Dit is deur my vader gevra.

OEFENING 12.

Voltooi hierdie vergelykings:

Om te werk soos 'n esel, om te skree soos ...., om te vloek soos ...., om te lieg soos ...., om te slaap soos ...., om iets te haat soos ...., om daaroor te swyg soos ...., sy sing soos ...., hy kan skop soos ...., om te pronk soos ...., om te bewe soos ...., dit brand soos ...., hy suip soos ...., om neer te slaan soos ...., sy rook soos ...., hy swem soos ...., hy pleit soos ...., die rusiemakers leef soos ...., iets raak weg soos .....

OEFENING 13.

Verander die **vorm** in onderstaande sinne:

(1) Haar moeder het gister al 'n broeisel eiers aan die hen gegee.
(2) Voor ek die meerkat nog kon keer, was hy in die gat.
(3) Al is Marie so bang vir 'n vlermuis, het sy hom darem met die tennisspaan vankant gemaak.
(4) Die meidjie wat by ons werk, gee die hond vleis.
(5) Gaan pluk op die daad vir my 'n paar lekker ryp vye.
(6) 'n Geskenk is deur sy kollegas by sy vertrek aan hom gegee.
(7) Onder soortgelyke omstandighede sal so 'n houding nie weer deur my ingeneem word nie.
(8) Bedags moet al die praktiese werk gedoen word, want saans word hul tyd deur ander sake in beslag geneem.
(9) Hy sou nie deur Vader besoek kon word nie want dit was al te laat.
(10) Deur wie is my sleutels weggesteek, waar is dit neergesit en waarom is dit gedoen?

DEELWOORDE

OEFENING 14.

Soggens op pad werk-toe lees ek my koerant al **lopende.**
Ek het my das self **gebind.**
Die amptenare lei 'n **gebonde** lewe.

Lopende druk **'n** handeling uit wat nog onvoltooid is en dit is waarom ons dit 'n **onvoltooide (of teenwoordige) deelwoord** noem, maar **gebind** (ook in 'n veranderde vorm soos **gebonde**) druk weer 'n voltooide handeling uit en heet dus 'n **voltooide (of verlede) deelwoord.**

(*a*) Vorm onvoltooide deelwoorde van onderstaande werkwoorde en gebruik hulle saam met paslike snwe. (bv. wink — winkende hande):

Vlieg, ruk, stamp, staan, vlam, weggaan, sien, tjank, slaan, blaf, stoor, kom, voortduur, belangstel, bedrieg.

(*b*) Gee die voltooide deelwoorde van onderstaande in kort sinnetjies (bv. slaag — almal het in die eksamen geslaag):

Stoei, kies, verdwaal, misluk, oorwéég, óórweeg, voorstel, dreig, ontdek, waarsku, nies, herstel, erken, regeer, rangskik.

Verduidelik waarom sommige voltooide deelwoorde geen **ge-** gekry het nie.

(*c*) (Bind) lewe — gebonde lewe.

Vervang die woorde tussen hakies ook met die regte vorm:

(Sterf) vriend, (sluit) boek, (sing) liedjies, (neem) besluit, (betrek) lug, (oordryf) verhaal, (doen) sake, (bery) polisie, (spreek) woord, (beskryf) kontrak, (giet) yster, (verbied) vrugte, (verberg) juwele, (dwing) arbeid, (aanbied) hulp, (bedryf) werker.

OEFENING 15.

Die seun het sy les geleer OF: Die les is deur die seun geleer, MAAR: Die meeste mense is teenswoordig taamlik geleerd.

Omdat **geleerd** nie die verlede tyd help uitdruk nie — d.w.s. hier geen voltooide deelwoord is nie, maar as 'n byvoeglike naamwoord gebruik word (soms ook as bywoord), kry dit die **d.** Vul in hierdie sinne nou die **d** aan waar dit vereis word en sê watter soort rededeel dié woord is:

(1) Ek het my oor sy siekte bekommer; *maar*: Ons voel bekommer oor die eksamen.

(2) Sy lyk baie teleurgestel; *maar*: My vriend het my regtig teleurgestel.
(3) Party volke bly lank verdeel; *maar*: Die geld word gelykop verdeel.
(4) Die stouterd het my in my werk gesteur; *maar*: My vader was baie gesteur oor die slegte behandeling.
(5) Gebruik hierdie woorde op dieselfde manier reg, in sinne: Ontwikkel, ontwikkeld; gemeubileerd, gemeubileer; gereël, gereeld.

OEFENING 16.

Skryf die woorde tussen hakies op die regte manier, bv. (verlep) blare — verlepte blare:

(Uitgesuig) lemoen, (volgeprop) viskar, (vermom) gesig, (begaan) fout, (verlaag) pryse, (verdonker) stad, (bestorm) plek, (verwag) besoeker, (vrystel) slawe, (vertrap) gras, (vryf) wange, (vernu) radio, (bars) grond, (uitroei) vuilgoed, (plunder) winkel, (bestem) plek, (versleg) toestand, (fyngekerf) groente, (vergroot) portret, (kou) bene, (omspit) grond, (geskat) waarde, (oorlâái) werker, (óórlaai) vrag.

OEFENING 17.

'n Gebreekte kierie MAAR 'n gebroke hart.

Die kierie is werklik gebreek en dus gebruik ons „gebreekte" in sy **letterlike** betekenis maar 'n hart voel maar net asof hy gebreek is (seer) en „gebroke" word dus nie letterlik nie maar **figuurlik** gebruik. Skryf nou onderstaande woorde reg:

Letterlik.	*Figuurlik.*
'n gebreekte kierie	'n gebroke hart
'n (opwen) horlosie	die (opwen) toeskouers
my (slyp) mes	so 'n (slyp) skelm!
die (buig) yster	met (buig) hoofde
(gespan) draad	(gespan) aandag
(bederf) vleis	'n (bederf) kind
'n (krimp) rok	'n (krimp) domkop
'n (warm) yster	'n (warm) vergadering

OEFENING 18.

Vul geskikte werkwoorde in die oopgelate ruimtes in en verduidelik dan elke uitdrukking:

Eksamen aflê, plan ...., navraag ...., bohaai ....,

vraagstuk ...., skuld ...., oorwinning ...., die gelag ...., dors ...., honger ...., geheim ...., borg ...., vergadering ...., hulp ...., lont .....

OEFENING 19.

Vul aan (soveel as moontlik by elkeen):

'n kat miaau, 'n muis ...., 'n hond ...., 'n hen ...., 'n haan ...., 'n jakkals ...., voëltjies ...., 'n slang ...., 'n skaap ...., 'n duif ...., 'n uil ...., die leeu ...., die weer ...., die trompet ...., 'n kriek ...., die motorbestuurder .... vir die voetganger, die vuur ...., die reën .... op die dak, die golfies ...., die donder ...., die windjie ...., die geweerskoot ...., die perdepote ...., die hael .... teen die ruite, 'n mens .... op jou tande, 'n vuurhoutjie .... op die dosie, die golfies .... teen die oewer, sy tande .... van die koue, die kanonne ...., voëls .... in die blare rond, die deure en vensters .... van die aardskok.

OEFENING 20.

Maak duidelike sinne met:

(1) Wandel, hardloop, stap, marsjeer, loop, slenter, drentel, struikel, steier, waggel, strompel.
(2) Galop, draf, trippel, spring, trek.
(3) Vroetel, omdowwel, dompel, tuimel, kantel, dobber, dribbel.
(4) Spartel, sluip, fladder, smyt, gryp, vat.
(5) Rondflenter, aanstryk, rinkink, rondjakker, baljaar, rondluier, aankruie.
(6) Klouter, huppel, kruip, skuifel, dartel, trappel.
(7) Gesels, praat, babbel, mompel, fluister, hakkel, stotter, bulder, spreek, preek.
(8) Stamel, yl, prewel, sanik, lispel, brom, bedel, neurie, bid, klets, skinder.
(9) Kyk, sien, aanskou, waarneem, besigtig, staar, loer, aangaap.
(10) Huil, ween, grens, sug, gil, kerm, snik, steun, treur.

OEFENING 21.

My ou klasmaat lyk **siek (nie van die beste nie).**

As ons **siek** of **nie van die beste nie** weglaat is die sin onduidelik want **lyk** is te swak om alleen **my ou klasmaat**

te beskryf, d.w.s. hy kan nie alleen 'n gedagte uitdruk nie; daarom moet ons 'n geskikte woord of uitdrukking daaraan koppel.

Maak nou sinne met hierdie woorde om te wys dat hulle ook maar, soos **lyk**, **koppelwerkwoorde** is:

Is, lyk, blyk, bly, skyn, heet, word, vóórkom.

OEFENING 22.

(*a*) Wat is 'n onvoltooide deelwoord? Vorm hieronder passende onvoltooide deelwoorde:

(aanhou) getwis, (vra) oë, 'n (rook) puinhoop, 'n (nikssê) verklaring, (oorbly) passasiers, die (opgaan) son, (bysien) oë, 'n (dryf) blaar, in (lewe) lywe, 'n (vertroos) woord, (kom) en (gaan) mense, 'n (afwag) houding.

(*b*) Wat is 'n sterk voltooide deelwoord? Vorm hieronder passende sterk voltooide deelwoorde:

die (aanwys) man, (bekrimp) mense, 'n (besit) tiran, ons (herwin) vryheid, (ly) onreg, (opskiet) kinders, (verswyg) waarheid, (vervlieg) dae, (uitwyk) nedersetters, (sweer) vyande, (skend) regte, (verbuig) vorme.

OEFENING 23.

Maak met onderstaande woorde sinne waarin die verskil in hul betekenis uitkom:

(1) Uitstaan, bestaan, ontstaan, toestaan, opstaan, verstaan, instaan, oorstaan, afstaan, weerstaan.
(2) Aanval, afval, wegval, ontval, geval, oorval, opval, inval, verval.
(3) Aansien, oorsien, besien, nasien, hersien, insien, ontsien, opsien.
(4) Aftree, betree, oortree, intree, optree, uittree, aantree, toetree.
(5) Spreek, bespreek, aanspreek, verspreek, teenspreek, uitspreek, vryspreek, weerspreek.

OEFENING 24.

In die voorbeelde hieronder word van twee handelinge gelyktydig gepraat: een wat op daardie oomblik nog onvoltooid is (skrywery) en een wat dan al voltooid is (lesery). Let nou op hoe dit in die bedrywende (B) en lydende (L) vorm

in die verskillende tye gesê sal word (Engelssprekendes moet ook in Engels vertaal):

		Onvoltooid.	*Voltooid.*
Teenw. tyd.	B.	Ek skryf (nou) my brief	want ek het my koerant (nou net, soëwe, so pas) gelees.
	L.	My brief word (nou) deur my geskryf	want my koerant is (so pas, nou net, soëwe) deur my gelees.
Verl. tyd.	B.	Ek het (toe) my brief geskryf	want ek het my koerant alreeds gelees.
	L.	My brief is (toe) deur my geskryf	want my koerant was (alreeds, deur my gelees.
Toek. en Verl.-toek. tyd.	B.	Ek sal, sou my brief skryf	want ek sal, sou my koerant (dan, alreeds) gelees het (..hê).
	L.	My brief sal, sou deur my geskryf word	want my koerant sal, sou (dan, alreeds) deur my gelees geword het (..wees).
Toek. tyd.	B.	Wanneer jy hier sal wees,	sal hy al hier gewees het.

Opm. Let ook op die heel laaste voorbeeld: **gewees** word dus altyd net in die voltooide tye gebruik.

(*a*) Verduidelik waarom die eerste sin se tydvorme reg is en skryf dan in die daaropvolgende sinne die regte vorme:

(1) Nadat die saak bespreek was, is dit weer aangeroer.
(2) Die kind (word, is) nou aan die slaap gesus omdat hy so pas gebad (is, was, word).
(3) Die werk wat nou net afgehandel (was, is), (word, is) nog deur die inspekteur ondersoek.
(4) Hy sou al tuis (wees of gewees het) voor jy tuis sou (gewees het of wees).
(5) Teen die tyd dat jy hier sou (wees, gewees het) sou die optog al verby (wees, gewees het).

(*b*) Verbeter foute met die lydende vorm sowel as met **gewees** of **wees**:

(1) Die watertoevoer was deur die Stadsraad afgesluit.
(2) Kom hier dat ek jou kan wys hoe so 'n soort geweer gelaai is.
(3) Ons was sommer gou daar gewees.
(4) Trouringe is teenswoordig van goud en diamante gemaak.
(5) Daar was 'n sementpaadjie tot by die hekkie gewees.
(6) Ek het 'n slang in die pad sien lê maar hy was dood gewees.
(7) Het jy ook al siek gewees?

OEFENING 25.

Die seun het losgekom maar die vader het die magistraat beboet.

Die seun het losgekom maar die vader is deur die magistraat beboet.

Ons merk dat die tweede deel van bostaande sin dubbelsinnig is as dit nie in die lydende vorm gestel word nie.

Vrywaar onderstaande sinne op dieselfde of op 'n ander, manier teen dubbelsinnigheid:

(1) Die slang wat die kinders doodgegooi het, lê onder die boom.
(2) Ek ry mos die perd wat die kaffer opgesaal het.
(3) Sy het een kat gevang en die ander een het haar sustertjie voorgekeer.
(4) Ek het nie deurgeloop nie maar my broer het die hond lelik gebyt.
(5) My suster was gehoorsaam dog haar vriendin het die onderwyseres 'n pak gegee.
(6) Dit is hierdie huurmotor wat haar neef bestuur.

OEFENING 26.

Skryf die regte vorm van die infinitief (met **te** of **om te**):

A. (1) Ek voel nie honger genoeg hierdie kos (eet) nie.
(2) Watter seun hou nie baie daarvan voëls (skiet) nie?
(3) Waarheid (praat) is maar altyd die veiligste.
(4) Hy wou net weet waar (sit).
(5) Sy weet glad nie wat (aanvang) nie.

(6) Waarom het jy nie lus my (begelei) nie.
(7) Sonder (leer) kan julle nie slaag nie.
(8) Nee, julle behoort darem nie hier so (keer) gaan nie.
(9) Ons huis is nou (koop).
(10) Die inbreker was gou nêrens (sien) nie.

B. (1) Jy skyn alles haarfyn (ken), nê!
(2) Vroeg die middag al het dit begin (reën).
(3) Ek het heel voor gaan sit (hoor).
(4) Sy haat dit na 'n bioskoop (gaan).
(5) Die besoekers het nie verstaan hoe die hek (oopmaak) nie.
(6) Deur sulke kattekwaad (aanvang) kom mens net in die moeilikheid.
(7) Sy is te stadig betyds (wees).
(8) Ons hoef dit nie (doen) nie.
(9) Hoef julle dit ook nie (het gedoen) nie?
(10) Waar het jy dit (hoor) gekom?

OEFENING 27.

Toiings het vir Griet **weg** van die plaas gejaag.
Toiings het vir Griet van die plaas **weggejaag.**
Let op hoe dat **weg** in die eerste sin op die **verkeerde plek** staan.

Skryf onderstaande sinne almal oor en maak dieselfde soort fout by elkeen reg:

(1) Hulle het almal terug na die skip gegaan.
(2) Almal het gou aan na die huis toe gestap.
(3) Ons twee moet uit na die speelplek toe loop.
(4) Sy sal die mes weg van jou af vat.
(5) Die klippe het terug in hul plekke gerol.
(6) Jy sal af van daardie wilde perd val.
(7) My oom het ons neefie oor na ons toe laat kom.
(8) Die voorste hardloper het om na die agterstes gekyk.
(9) Baie soldate het oor na die vyand geloop.
(10) Ons sal deur na die oorkantse wal swem.

HOOFSTUK 16

DIE BYVOEGLIKE NAAMWOORD

Slaan eers weer hoofstuk 1, oef. 4 na.

Hy is 'n sterk man OF die man is sterk.
Sy was 'n gesonde meisie OF die meisie was gesond.
Dit is 'n goeie oom OF die oom is goed.
Dit was 'n dwase plan OF die plan was dwaas.
Dis 'n sagte peer OF die peer is sag.
Dit was 'n droë winter OF die winter was droog.
Hy is 'n gawe kêrel OF die kêrel is gaaf.
Hy is 'n dowe man OF die man is doof.

Ons merk dat sommige van die **attributiewe** bnwe. (d.i. dié wat voor die snw. staan, eerste kolom) verbuig word, d.w.s. 'n uitgang, soos -e, bykry maar die **predikatiewe** bnwe. (d.i. dié wat nie voor die snw. staan nie maar saam met die gesegde of predikaat staan) ondergaan nie sulke veranderings nie.

Opmerking. DiS GaaF. Dit is duidelik dat nie al die bnwe. wat voor die snw. staan 'n **–e** bykry nie. As die attributiewe bnw. egter meer as een lettergreep het soos **gesond** of op 'n **–d** (goed), **–s** (dwaas), **–g** (sag), en **–f** (gaaf) eindig (d.w.s. op **DiS GaaF**), kry dit byna altyd 'n **–e**.

OEFENING 1.

(*a*) Skryf nou, waar moontlik, die attributiewe vorm van onderstaande, bv. die leeu is wreed — die wrede leeu.

Die draad is krom ...., die tekening is skeef ...., die arbeider is haastig ...., die vriendskap is heg ...., die vrek is gierig ...., die geneesheer is jonk ...., die boek is nuut ...., die seuntjie is sku ...., die tekening is ru ...., die handlanger is nors ...., die grap is snaaks ...., die soldaat is fris ...., die kamer is donker ...., die appel is voos ...., die stok is korter ...., die agent is skelm ...., die meel is muf ...., die leerling is traag ...., die bediendes is moeg ...., die syfers is juis ...., die lig is dof ...., die gebou is oud ...., die meisie is lief ...., die belangstelling is eg .....

(*b*) Soos die vorige:

Die roomys is koud ...., die beskrywing is interessant ...., die perd is dood ...., die put is leeg ...., die veld is ruig ...., die trein is vroeg ...., die posmeester is gaaf ...., die orrelis is blind ...., die waatlemoen is goed ...., die muur is laag ...., die bos is dig ...., die perd is steeks ...., die monument is massief ...., die telegram is dringend ...., die medisyne is sleg ...., die viool is oud ...., die oorwinnaar is trots ...., die radiomas is lank ...., die tand is los ...., die skildery is mooier, die bewaarder is eerlik ...., die ontvangs was gul ...., die seestraat is breed ...., die toestand is pluis .....

OEFENING 2.

(*a*) Skryf die verkeerde vorme reg (bv. 'n soet lekker MAAR 'n soete herinnering):

'n Duur motor, 'n duur plig; skoon klere, 'n skoon kans; 'n diep put, diep waters (moeilikhede); rype vrugte, ryp ervaring; 'n flou perd, 'n flou verskoning; 'n grys man, die grys verlede.

Hoe word sulke uitdrukkinge soos **'n soete herinnering** genoem?

(*b*) 'n Mak hond MAAR: Kyk, dis 'n makke leeu!

As ons met nadruk (verbasing ens.) praat, voeg ons dikwels 'n **–e**, by die bnw. Wend nou onderstaande bnw. op hierdie manier aan:

Swart, sterk, vuil, lang, taai, kwaai, lui.

OEFENING 3.

Vul geskikte bnwe. en lidwoorde in (bv. 'n laggende lentemôre):

.... donderweer, ... stroompie, ... vlakte, ... winterwindjie, ... seeluggie, ... oë, ... wange (wat rooi word), ... stem, ... lawaai, ... lig, ... liefde, ... belangstelling, ... antwoord, ... houding (koud), ... verhaal, ... koue, ... snelheid, ... verlange, ... meisie (baie mooi).

OEFENING 4.

Skryf die regte vorme van en herhaal die wat reg is:

(*a*) 'n rond tafel, die buitelands handel, inheems bome, vals geld, die stedelik lewe, 'n braaf helper, vars water,

'n vierkantig hok, 'n fluks bediende, dartelend lammertjies, 'n geëerd predikant, gestop kouse, 'n vas aanstelling, sy kaal skeer gesig, 'n slu dier, 'n uitdraai skroef, 'n knap speler, afknip rose, bysien oë, 'n skraal atleet, dood stilte, 'n glad pad, sy sag klink stem, 'n wyd poort, 'n laf vent, sy kaal bolyf, 'n stram mes, 'n sierlik gebou, 'n dood rot, 'n styf dop, troebel water, straf ryp, die reg rigting, 'n hees stem.

(*b*) 'n Log olifant, 'n boos plan, 'n edel dame, 'n half emmer, droewig nuus, 'n kras opmerking, 'n puur man, stip gehoorsaamheid, 'n raak antwoord, die naak waarheid, bros koekies, 'n stuurs speelmaat, 'n oorlams outa, so 'n onderduims vriend, 'n vaag plan, 'n stug houding, 'n berug dief, onduidelik skrif, 'n slinks jakkals, 'n presies antwoord, op kerklik gebied, in die staatkundig rigting, van maatskaplik belang.

OEFENING 5.

Vervang die woorde tussen hakies met 'n bnw.:

(Sonder kinders) ouers, 'n (met baie sukses) onderneming, 'n (wat goed opmerk) wagter, 'n (wat elke dag verskyn) koerant, 'n (as die wind baie waai) dag, 'n (wat oral bekend is en geag word) ontdekker, 'n (wat meteens gekom het) verdwyning, 'n (wat baie van homself dink) persoon, 'n (wat selde plaasvind) gebeurtenis, (wat nie mooi luister nie) kinders, 'n (wat nie meer stewig is nie) tafeltjie, (soos 'n kind) gedrag, (soos van 'n kind) geloof, (sonder koste) raad, 'n (wat mens baie kan leer) boek, 'n (vir 'n kort tydjie) besoek, 'n (op die regte tyd) besoek, 'n (vir altyd) aanstelling, 'n (wat sy verstand reg gebruik) man, (wat baie vrugte kan oplewer) grond.

OEFENING 6.

Gee, indien moontlik, die trappe van vergelyking van onderstaande en skryf dit kolomsgewyse onder die opskrifte: **stellende trap, vergrotende trap** en **oortreffende trap:**

(*a*) Kort, siek, hard, warm, doof, grof, wreed, pap, vinnig, sag, blink, moeg, seer, donker, maer, plat, skelm, fris, fluks, rats, skaars, los, wys, woes, vas, juis.

(*b*) Van hierdie **onreëlmatiges:**

Goed, baie, veel, jonk, lank, nuut, sku, kwaad, ru, bietjie, weinig (min), tevrede.

(*c*) Duur, vies, stram, ewig, ovaal, billik, stink, kroes, papnat, skuins, kras, nors, tevrede, hewig, dapper, strak, voos, Vrystaats, lank, laag, asvaal, ru, vas, brullend, stewig, ouerloos, hees, stroef, stip, gedug, verspot, smartlik, verlate, plattelands, glad, harderig, breed, wreed, naar, skeef, leeg, kwaad, droog, sleg, nagtelik, seker, vals, vlug, skraal, slu.

OEFENING 7.

Voltooi:

(1) Jan en Piet is ewe rats OF Jan is net ..... Piet.
(2) Is 'n stoeier gevaarliker ..... 'n vuisvegter.?
(3) Hansie kan goed hardloop en swem maar as swemmer is hy beter ..... naelloper.
(4) Die hond is baie ..... lui as ..... hy kwaai is.

L.W. — Dit kan ook so gesê word: Die hond is meer lui as kwaai. Die woord *meer* moet gebruik word as twee hoedanighede van een ding met mekaar vergelyk word.

(5) Van al ons stede is Johannesburg die (groot) maar van Bloemfontein en Kaapstad is eersgenoemde die (klein).
(6) Is Marie werklik presies .... (oud) .... Martie?
(7) Die perd is vinniger .... 'n kort-afstand-hardloper ..... 'n lang-afstand-hardloper.
(8) Sy is die (mooi) van hierdie twee maar ook die (slim) van die hele klas.
(9) Die damwal is (lank) as breed.
(10) Die rok is (mooi) as sterk.

OEFENING 8.

Voltooi (bv. so bitter soos **gal**):

So hard ...., so vuil ...., so arm ...., so blind ...., so dood ...., so doof ...., so dun ...., so geel ...., so swart ...., so wit ...., so glad ...., so koud ...., so lelik ...., so plat ...., so geduldig ...., so gesond ...., so getrou ...., so soet ...., so rooi ...., so siek ...., so stadig ...., so stil ...., so sterk ...., so vet ...., so bleek ...., so oud ...., so reguit ...., so hees ...., so nat ...., so slinks ...., so lig ...., so bang ...., so maer ...., so krom ...., so trots ...., so reg ...., so rats .....

OEFENING 9.

Wit: 'n **Spierwit** kat. Doen dit ook met onderstaande bnwe.:

(*a*) Arm, bedaard, beroemd, af, swaar, suinig, vas, vol, styf, verlief, nuut, blou, donker, doof, ryp, orent, stil, rond, skraal, blind, dronk, kwaad, jonk, lam, min, hard, gek.

(*b*) Leeg, fyn, duur, maer, goedkoop, lelik, flou, dik, helder, vet, oud, droog, nodig, lui, soet, breed, vreemd, blank, lang (verduideliking), toe.

Wat is die trappe van vergelyking van bostaande?

OEFENING 10.

Verduidelik die betekenisverskil tussen onderstaande:

(1) 'n Rooi rok, 'n bloedrooi rok, 'n rooierige rok.
(2) 'n Ou klavier, 'n stokou klavier, ouerige klavier.
(3) 'n Houtpaneel, 'n houtagtige paneel, houterige kêrel.
(4) 'n Klipstraat, 'n klipperige straat.
(5) 'n Doodse stilte, 'n dooie man, 'n dooierige man.
(6) Speelmaat, spelerige maat, spelende maat.
(7) Harde sitplek, harderige sitplek, klipharde sitplek.
(8) Kinderagtige vriend, kinderlike vriend, kindervriend, kindse vriend.
(9) Vaal jas, valerige jas, asvaal jas.
(10) 'n Flou speler, 'n flou pasiënt, 'n flouerige verskoning, 'n stokflou hardloper, flou verskoning.

OEFENING 11.

(*a*) **Grootmoeder** is 'n snw. en beteken **ouma** maar **groot moeder** is 'n bnw. + 'n snw. en beteken 'n ma wat groot is. Lê nou net so die betekenisverskil hieronder uit:

Jongkêrel, jong kêrel; geelwortels, geel wortels; ou nôi, ounôi; Rooinek, rooi nek; Hoëveld, hoë veld; die jongspan, Die Jongspan, die jong span; blou-oog, blou oog; groot boek, grootboek; Groenland, groen land; wilde bees, wildebees.

(*b*) Verduidelik waarom hierdie woorde geen trappe van vergelyking het nie:

Kurkdroog, ewig, oppermagtig, louerig, goue (ketting), weeklikse, oorkruis, dooie, kontant, ewewydig, hemelse, stedelik, atmosferies, aanbevole, moeërig, werkloos, kerklike, Pretoriase, Italiaanse.

OEFENING 12.

Wat is attributiewe en predikatiewe bnwe.? Toon met behulp van sinne aan dat:

(*a*) Hierdie bnwe. net predikatief gebruik kan word: Lank, jonk, gereed, bevrees.

(*b*) Hierdie bnwe. net attributief gebruik kan word: Natalse, goue, destydse, huidige, onderste, klerklik, geneeskundige.

OEFENING 13.

Skryf onderstaande uitdrukkinge reg, gee hul betekenisse en sê of hulle letterlik of figuurlik gebruik word:

Bitter koffie, bitter lewe; nou gang, nou ontkoming; donker toekoms, donker vertrek; wakker boere, wakker wagte; skerp messe, skerp mededinging; taai volharding, taai hande; stil geloof, stil dag; rein gewete, rein water; swaar gewigte, swaar gemoed.

Wat merk ons in verband met die figuurlike uitdrukkinge?

OEFENING 14.

Vervang die woorde tussen hakies met 'n bnw:

(*a*) 'n (soos van 'n lafaard) daad, (wat aanstoot gee) handelwyse, 'n (wat onder eed afgelê is) verklaring, 'n (wat altyd haar eie sin wil hê) vrou, 'n (waarop betrou kan word) mededeling, 'n (met sorg uitgevoer) berekening, 'n (wat net die saak self raak) uiteensetting, 'n (uit vrye wil begin) onderneming, die (waardeur water nie kan dring nie) seiltjie, 'n (kry gou seer) voetbalspeler, 'n (wat baie geluid en geraas maak) klomp kinders, die (vol nukke) dogter, (volgens 'n stelsel) werk, 'n (met baie deugde) huisvrou, (wat lank sal kan hou) speelgoed.

(*b*) (Van oorsee) goedere, 'n (sonder moed) vrou, 'n (die van 'n koning) besoek, 'n (wat baie spaar) boer, 'n (eie aan hierdie land) boom, 'n (eie aan ander lande) boom, 'n (soos 'n tragedie) gebeurtenis, (van albei kante komende) ondersteuning, 'n (wat te veel geld verkwis) man, 'n (altyd lus om te veg) kafferstam, (jy kry dit sonder betaling) diens, 'n (gee maklik iets aan andere) persoon, die (wat allerhande dinge glo) mense, die (van hierdie plek) hoërskool, 'n (dit duur lank) koue.

OEFENING 15.

Land se naam.	*Behorende tot die land.*	*Inwoners.*	*Taal.*
Frankryk	Franse goedere	die Franse	Frans.
België	Belgiese goedere	Belge.	
		die Vlaminge	Vlaams.
		die Wale	Waals.

Herhaal hierdie oefening met die onderstaande woorde en skryf dit ook in kolomme neer:

(*a*) Engeland, Duitsland, Holland, Rusland, Brittanje, Japan, Italië, Spanje, Amerika, Skotland.

(*b*) Swede, Denemarke, Noorweë, Pole, Finland, China, Ierland, Griekenland, Turkye, Arabië.

(*c*) Bulgarye, Hongarye, Roemenië, Sirië, Tsjeggo-Slowakye, Switserland, Portugal, Brasilië, Egipte, Suid-Afrika (Unie).

(*d*) Australië, Rhodesië, Mosambiek, Meksiko, Java, Kanada, Indië, Suid-Slawië, Kroatië, Abbessinië.

(*e*) Littoue, Malta, Albanië, Wallis, Mongolië, Siberië, Siam, Birma, Persië, Argentinië.

(*f*) Peru, Fillipyne, Libië, Lapland, Palestina, Irak, Iran, Soedan, Kreta, Asië, Afrika, Europa.

OEFENING 16.

Maak bnwe. van die snwe. hieronder en plaas 'n geskikte snw. daarna, bv. Ceylon — Ceylonse tee.

(*a*) Berlyn, Parys, Rome, Amsterdam, Washington, Johannesburg, Potchefstroom, Kaapstad, Stellenbosch, Worcester.

(*b*) Balkan, Kaukasus, Betsjoeanaland, Napoleon, Wesley, Victoria, Luther, Calvyn, Mohammed, Pruise.

HOOFSTUK 17

DIE BYWOORD

Slaan eers weer hoofstuk 1, oef. 5 na.

OEFENING 1.

Skryf onderstaande sinne oor en vorm bywoorde van die woorde tussen hakies:

(A) Die inbreker het (stil) by die voordeur ingesluip.
Die gewonde leeu het (oomblik) gestorm.
Ons onderwyser verduidelik 'n moeilike som altyd (trap).
Die koeël het (raak) by die skyf verbygetrek.
Vanoggend het die predikant (waar) ernstig gepreek.
Daar loop (dag) byna twintig treine van Johannesburg na Pretoria.
Ons is almal baie (hart) ontvang.
Hy sal (tyd) al hoe meer gewoond raak aan die vreemde mense.
Toe ek hom roep, het hy dadelik (hier) gekom.
Sommige mense gaan (jaar) kus-toe.

(B) Op die plaas het die digter sy werk (stoor) voortgesit.
Is dit jy wat (fluit) die huis ingestap het?
(Asem) het die boodskapper op sy bestemming aangekom.
Omdat die teleskoop klein is, moes ons (beurt) na die sterre kyk.
As mens met 'n motor (egaal) ry, is die petrolverbruik laag.
(Dag) kan mens die sterretjies nie sien skyn nie.
Die werk is maar (deel) voltooi.
Baie mense sal 'n leier sommer (blind) volg.
Die vyand val (ophou) aan.
Swaeltjies bou hulle nessies (stuk).

OEFENING 2.

A. (1) Die vliegtuig peil **hierheen**.
(2) **Saans** sing die voëls baie in die bome.
(3) Die hoed sit **skeef** op sy kop.

(4) Hulle eet **genoeg**.
(5) Sy sal **miskien** môre gaan werk.

Ons bemerk dat hierdie vyf bywoorde elkeen iets anders uitdruk, nl. plek of rigting, tyd, manier (wyse), hoeveelheid of graad en modaliteit ('n sekerheid of onsekerheid). Soek nou die bywoorde in onderstaande sinne en sê wat hulle uitdruk:

(6) My broer het gisteraand alles noukeurig vertel.
(7) Ek rus darem al werk ek min.
(8) My broer het eers meer geleer.
(9) Omdat die rivier vol is, sal ons maar almal deuskant wag.
(10) Hy het gou-gou sy hoed êrens gaan haal.
(11) Jy weet mos hy praat skaars.

B. Maak nou een sin met elkeen van hierdie bywoorde en sê dan wat die bywoord uitdruk (gebruik die werkwoord wat in hakies aangegee word) bv. Altyd (stry): Die twee bediendes stry altyd oor die werk — bywoord van tyd.

Soms (wandel), dalk (besoek), taamlik (gesels), waarvandaan (invoer), waarskynlik (druip), oral (reën), nooit (roei), amper (loop), oos (lê), baie (dreun), tog (vang), vantevore (kuier), pas (vertrek), mee (karwei), binnensmonds (praat).

OEFENING 3.

Vervang die woorde tussen hakies met 'n bywoord en vul hom dan op die regte plek van die sin in:

A. Hy het hier aangekom (sonder dat ons hom verwag het).
Die trein vertrek vroeg hiervandaan (in die oggend).
Ek het van hom gehoor ('n kort tydjie gelede).
Jy moet 'n bevel altyd uitvoer (heeltemal net soos dit moet wees).
Sy het alleen met die motor afgereis (sonder om langer te vertoef).
Ek het my beloofde geskenk gister gekry (op die ou end).
Hy beweer dat hy nou beter slaap (in die nag).
Die speurders het na hul hoofkwartier teruggekeer (sonder dat hulle iets verrig het).
Die waghond het die seuntjie gebyt (voor hy dit nog kon agterkom).

Die profeet se voorspelling het alles uitgekom (presies net soos hy gesê het).

B. Die doofstom man het sy hand op sy bors gelê (asof hy wou dankie sê).

Die garnisoen het die aangevalde eiland tot op die end verdedig (soos helde).

Die inspekteur het die amptenare almal gevang (sonder dat hulle voorbereid was).

Die getuie het die waarheid in die hof vertel (reguit, soos dit is).

Nog voor my ouers se geboorte, het die vrouens hoepelrokke gedra (baie lank gelede).

Waar was jy dan Johan? (daardie tyd).

Ons reis het gister op Reitz geëindig (dit was nie voorspoedig nie).

Ons verneem dat die nuwe onderwyser op Ladybrand onderwys gegee het (voor hy hiernatoe gekom het).

Die aangestelde opperbevelhebber is die beste beskikbare aanvoerder (soos ek vermoed).

Die vyand het van oorkant die vlei begin skiet maar ons het toe al stelling ingeneem (aan hierdie kant).

OEFENING 4.

Ons praat sag, hulle praat sagter maar die kinders praat die sagste.

Maak nou waar moontlik sulke sinne met:

Vroeg, skaam, afdraand, selde, soetjies, swaar, warm, tuis, skuins, vas, ver, naby, deeglik, moeilik, graag, voorwaarts, agter, los, bitter, goed, erg, veraf, styf.

OEFENING 5.

'n Vinnige hardloper — hy hardloop vinnig.

Verander nou ook hierdie byvoeglike uitdrukkinge tot bywoordelike uitdrukkinge:

Hy gee 'n beleefde antwoord, 'n sterk wind, onbeskofte gedrag, 'n reguit vraag, 'n verkeerde gedagte, 'n ontevrede gevoel, 'n uitstekende werksman, 'n vurige verlange, vaste geloof, eienaardige keuse, finale besluit.

OEFENING 6.

Alleen: Ek werk vingeralleen.

Maak nou sulke sinne met die versterkte vorme van onderstaande bywoorde:

Af, dik, dood, fyn, nakend, nodig, oop, regop, flou, nat, gelukkig, reguit, breed, rond, bitter, fris, snel, skoon.

OEFENING 7.

My hoed hang **aan die kapstok**. Dit is duidelik dat ons hier 'n paar woorde as bywoord van plek (genoem byw. bepaling), gebruik omdat ons nie net een kan gebruik nie. Maak nou op dieselfde manier sinne met onderstaande uitdrukkinge en sê watter soort byw. bepaling elkeen is:

Teen die muur, per ongeluk, langs die poskantoor, tweetwee, om halftien, per abuis, aan wal, om die beurt, op eie houtjie, deur die bank, om die draai, voor die voet, uit die hoof, op die daad, om die helfte, oor die bult, teen dagbreek, in die bos, in sy skik, by voorbaat.

OEFENING 8.

Maak nou sinne waarin hierdie woorde as bywoorde voorkom:

Links, selde, hierheen, nêrens, minstens, heeltemal, dalk, hot, hoogstens, naby, snags, ordelik, stewig, volledig, vars, laf, nukkerig, kursief, verwytend, langdradig.

OEFENING 9.

In die middag: Smiddags speel ons bietjie tennis.

Vervang onderstaande byw. uitdrukkinge ook met een bywoord en maak dan 'n sin daarmee:

Oor 'n klein rukkie, nie lank gelede nie, in ons dae, sonder allerhande voorwaardes, asof dit gemak verskaf, op die uiterste, met geen kouse en skoene aan nie, sonder dat dit raakgesien is, soos hy gewoond is, teen 'n lae prys, die een net soos die ander, sonder om iets te betaal, asof sy voet iets makeer, kon nie voorsien word nie.

OEFENING 10.

(*a*) Die spreker praat duidelik, *maar*

Sy handskrif is duidelik — 'n duidelike handskrif.

Gebruik nou onderstaande woorde net soos in bostaande sinne eers as bywoord en dan as byvoeglike naamwoord (predikatief en attributief):

Helder, snaaks, hoog, krom, skuins, bedroef, onverskillig,

uitstekend, pragtig, plesierig, onverbeterlik, deeglik, ernstig, lelik, dwars.

(*b*) Gebruik hierdie pare woorde in sinne en sê daarna wat elke woord is (byvoeglike naamwoord of bywoord):

Taamlik netjiese, heeltemal verniet, amper raak, yslik groot, byna stukkend, regtig seer, natuurlik al.

(*c*) Ongehoord .... prys: £2 is 'n ongehoord hoë prys vir die boek:

Herhaal dit met onderstaande en sê ten slotte watter rededele hierdie twee woorde is:

Belaglik .... vraag, 'n redelik .... tydjie, verskriklike .... straf, ondraaglike .... dag, besonder .... tennisspeler.

OEFENING 11.

(1) Ek gaan **na** die winkel **toe** (rigting).
Maar: Ek gaan winkel-**toe** (ook rigting).
Maar: Almal staan agter**toe** (rigting of plek).
(2) Sluit die hek elke aand **toe** (wyse).
(3) **Toe** was ek nog jonk (tyd).
(4) **Toe**, help my nou gou (modaliteit; wens).
(5) Ons moes voor die **toe** deur omdraai (bnw.).
(6) **Toe** ek hom groet, het hy my herken (voegwoord).

(*a*) Let veral goed op na die drie voorbeelde by (1) hierbo, ook na die spelling, voeg dan die bywoord **toe** by elkeen van onderstaande en maak daarna 'n sin met elke nuwe bywoord:

Onder, tuin, voor, binne, plaas, bo, waarna, kerk, soheen, daar, apteek, hier, anderkant, museum, deuskant, buite, huis.

(*b*) Skryf nou al die sinne wat jy in (*a*) gemaak het, oor maar voeg die woordjie **na** by elkeen in.

OEFENING 12.

Johanna slaap vas, Martie slaap vaster, maar Truida slaap die vasste.

Maak dergelike sinne om die trappe van vergelyking van onderstaande bywoorde aan te toon:

Maklik, baie, gou, bietjie, dikwels, buite, selde, bo.

OEFENING 13.

Ek sal **maar** daarheen gaan.
Sal jy **tog** jou vulpen vir my leen?

Maar druk onsekerheid en toegewing uit, terwyl **tog** 'n begeerte te kenne gee. Daar is baie sulke bywoorde wat sekerheid, twyfel, wense, ontkenning, toegewing, omstandigheid ens. uitdruk, soos ons ook al in Oef. 2 hierbo gesien het. Wat word hulle nou weer genoem?

Maak sinne met elkeen van hierdie en kyk of jy kan sê wat elkeen uitdruk:

Waarlik, stellig, bepaald, asseblief, geensins, dan (nie tyd nie), dalk, nietemin, miskien, skielik, darem, eintlik, tog, mos, glo, egter.

OEFENING 14.

Skryf een bywoord vir die woorde tussen hakies en voeg hom op die regte plek in:

(1) Hy het my ook al gehelp (voor hierdie keer).
(2) Jy sal daarheen moet gaan (darem tog maar).
(3) Dit moes baie gekapok het (op een of ander plek).
(4) Hy het niks meer te sê gehad nie (vir die orige deel).
(5) Ons was almal nog by jou oorlede oom (nie lank gelede nie).
(6) Die mense het mos nie meer baie vir mekaar oor nie (in hierdie dae van ons).
(7) So 'n mannetjie dink baie van homself (nogal net).
(8) Hier sal nie meer 'n enkele graspolletjie staan nie (eer 'n lang tyd om is).
(9) Niemand sal so iets toelaat nie (onderwyl dit onder die oë gebeur).
(10) Jy begin daarmee (dit is nie nou die tyd daarvoor nie).

OEFENING 15.

Vul in onderstaande sinne bywoorde in wat sal uitdruk wat in hakies agterna gevra word:

(1) Die beeste stap in die voetpad (wyse).
(2) Al die vakansiegangers vertrek vandag op 'n streep (plek).
(3) Het ek jou nie die som verduidelik nie? (tyd).
(4) Die begrafnisganger het teruggekeer (omstandigheid).
(5) Die Regering sal ons skadevergoeding betaal (modaliteit).

(6) My siek broer word nou beter (hoedanigheid).
(7) Wie het almal gegaan? (rigting.)
(8) Hy sal so 'n onware ding sê (tyd).
(9) Ek dink ek moet gaan (modaliteit).
(10) Die bomwerper peil na die vlieghawe toe (wyse).

OEFENING 16.

Ek sal maar **intussen** die koerant lees.
Ek gaan net my hande was, **intussen** kyk jy maar na die kiekies.

Ons sien dat **intussen** in die eerste sin 'n bywoord is (waarom?) maar in die tweede sin is dit weer 'n voegwoord (waarom?). Tog druk dit as voegwoord ook tyd uit en doen dus die werk van 'n bywoord. Sulke woorde kan ons **voegwoord-bywoorde** noem omdat hulle 'n dubbele werk verrig. (Let ook op hoe hierdie woorde as **voegwoorde** die werkwoord van die sin na vore kan trek: 'n Bywoord wil mos naby die werkwoord staan).

Maak nou sinne met onderstaande voegwoord-bywoorde — indien moontlik eers net as 'n bywoord en daarna ook as voegwoord:

Ook, tog, derhalwe, anders, nog, dog, eindelik, ondertussen, dus, immers, ondertussen, selfs, nogtans, altans, nietemin, bygevolg, vervolgens.

HOOFSTUK 18

DIE VOORNAAMWOORD

Slaan eers weer hoofstuk 1, oef. 6 na.

OEFENING 1.

Wys al die voornaamwoorde hieronder aan en sê ook in plaas van watter woorde hulle gebruik word:

(1) Het sy jou met hierdie werk gehelp of moet ek dit aanpak?
(2) Dit voel vir my of u niks met sulke mense sal regkry nie.
(3) Wie het vir julle die motor wat omgeslaan het, gewys?

(4) 'n Mens behoort vanaand iets aan te vang en ek dink ons moet vir mekaar raaisels begin vra.
(5) Iemand sê sy het hom gevra of hy haar nie sy pen kon leen nie.
(6) Die oog moet ook wat hê.

OEFENING 2.

Ek leen **haar** my boek. (die meisie). **Persoonlike vnw.**
Jy ry **sy** fiets; die fiets is **syne.** (Piet se); (Piet s'n). **Besitlike vnw.**
Die groot seuns verbeel **hulle** baie. (die groot seuns self). **Wederkerende vnw.**
Goeie vriende help **mekaar.** (die een die ander). **Wederkerige vnw.**
Daar staan die motor **wat** omgeval het. (; die motor). **Betreklike vnw.**
Wie sal u help? ('n vriend). **Vraende vnw.**
Waar is my boeke? Is dit **daardie**? (die boeke daar op die tafel). **Aanwysende vnw.**
Iemand het vannag hier ingebreek. (een of ander skelm). **Onbepaalde vnw.**

(*a*) Dit is vir ons duidelik dat die vetgedrukte woorde almal verskillende soorte voornaamwoorde is want hulle staan almal in die plek van die woorde wat regoor tussen hakies aangegee is. Verander bostaande sinne nou so dat die vetgedrukte voornaamwoorde deur die woorde tussen hakies vervang word.

(*b*) Die name van die verskillende soorte voornaamwoorde word hierbo aangegee. Verduidelik nou waarom elkeen so 'n naam gekry het.

(*c*) **LET WEL. Dit** ys baie in die winter.

Die woord **dit** word dikwels so gebruik en is dan 'n **onpersoonlike vnw.** Verduidelik ook hierdie naam en maak nog vier sinne met hierdie vnw.

(*d*) Maak nou self, net soos hierbo, sinne met nog twee ander voornaamwoorde vir elkeen van bostaande soorte vnwe.

(*e*) Wend onderstaande voornaamwoorde in sinne aan en sê watter soort elkeen is:

Ek, sy (2), my (2), julle (2), watter, wat, hierdie, enigeen, u, iets, dit, ons (3), elkaar, party, sulke, elkeen, wat?, joue, u s'n.

(*f*) Maak sinne met onderstaande werkwoorde en as daar voornaamwoorde in die sinne voorkom, moet jy sê watter soorte hulle is:

Kapok, skeer, herinner, hael, gaan goed, (dit) pyn, (dit) spyt.

OEFENING 3.

(*a*) Onthou: **ek (spreker)** is die **1ste persoon, jy, u (met wie gepraat word)** is die **2de persoon** en **hy, sy** of **dit (van wie gepraat word)** is die **3de persoon** — almal in die **enkelvoud. Ons, julle (u), hulle** is weer die **meervoud.** Voltooi nou onderstaande en skryf die regte persoonsvorm vooraan, enkelvoud en meervoud:

(i) 1ste P., enk.: Ek verspreek my. } alle persoons-
(ii) 1ste P., enk.: My boek is myne. } vorme.

Herhaal oef. (i) ook met hierdie werkwoorde: skaam, verwonder, misgis, haas.

Herhaal oef. (ii) met : my speelgoed ...., my fiets ...., my klavier.

(*b*) Vul die ontbrekende voornaamwoorde in die oopgelate ruimtes of soos dit gevra word, in:—

Aan .... behoort („this") pen, wat .... hier in .... hand het? .... is die eiendom van .... seuntjie .... daar by die verwarmer sit. Waarom loop (2de p. enk.) so vinnig dat (3de p. enk. vr.) agterbly? (1ste p. mv.) moet dadelik .... goed inpak en (aanw. vnw.) plek verlaat. Sal (2de p. mv.) alleen .... man teen (3de p. mv.) kan staan? (3de p. enk. vr.) smeek (3de p. e. manl.) dat (3de p. e. manl.) .... met (3de p. e. manl.) motor na (3de p. e. vr.) huis moet vervoer. .... het (2de p. enk.) gister makeer? .... het 'n pyn op .... maag gehad. Kan (2de p., beleefd) (1ste p. e.) sê of .... al oor (2de p., beleefd) besigheid besluit het? My pa het vir .... en .... oudste broer mooi speelgoed gemaak. Laat my (onpers.) tog asseblief net sien. (2de p. mv.) móét .... help as julle so in een huis saamlewe.

OEFENING 4.

'n Mens moet altyd sorg dat **jy jou** plig doen.
Jy moet **jou** landswette gehoorsaam.
Hulle sê dit het so baie in die Kalahari gereën (Onbepaald).
Dit is **iets nuuts** maar **niks** gevaarliks nie.

Van **hierdie perde** is **daardie** grote sterker as **hierdie** kleintjie.

Die motor is nog splinternuut want **hy** het maar 2,000 myl afgelê.

Dit is 'n sterk **land** en **hy** het 'n groot leër om **hom** te verdedig.

Bestudeer hierdie voorbeelde deeglik en vul dan die ontbrekende woorde hieronder in:

As 'n mens .... goeds wil doen moet .... nie steur aan wat hierdie of .... persoon daarvan sal sê **nie**, want (onbepaald) sê „ondankbaarheid is die wêreld se loon".

Die posboot moes .... vrag halfpad op 'n vragboot laai want .... het teen 'n rots vasgevaar en .... baie beskadig, maar verder het daar niks .... gebeur nie.

OEFENING 5.

Dit is my boeksak en ek dra al my boeke **daarin** (in + dit).

Daar loop die man **by wie** ek gekuier het (wat . . by—mense).

Dit is die rots waarop ons gestaan het (wat . . . op — dinge).

Skryf onderstaande sinne nou net soos dié hierbo reg oor:

Die reisiger wat ek die klerasie van gekoop het, is dood. Wat betaal jy vir dit? Ek het nog die stok wat hy my mee geslaan het. Kan jy my sê wat langs dit gelê het? Die rivier wat die brug oor gebou is, is nou vol. Ons veearts wat die boere altyd graag na toe gegaan het, wil nou na 'n ander distrik wat hy nog nie in gewerk het nie, verhuis. Wat het jy jou neef aan herken? Ek verseker u dat u nie sonder dit sal klaarkom nie. Arresteer elkeen wat julle van hoor! Storm reguit op dit af! Verhuur maar jou grond wat jy nie jou prys voor kan kry nie!

OEFENING 6.

Marie was haar. (Vir Marie of vir iemand anders?)

Marie was haar**self**. (Vir Marie!)

Maar ek het tog **self** die voordeur toegesluit!

Ons sien dus dat **self** net bygevoeg word om duidelik te laat uitkom wie bedoel word of om iets met nadruk te sê.

(*a*) Verduidelik nou hierdie sinne:

Die kinders help hulleself; die kinders help hulle; die kinders self help hulle; die kinders help hulle self. My broer skeer hom; my broer skeer homself. Die boer het homself beseer; die boer het hom beseer.

(*b*) Waarom is dit verkeerd om die volgende te sê?

Sy het haarself bekommer. Toe hy jonk was, het hy homself baie verbeel. Ons sal onsself gou in die moeilikheid bevind.

OEFENING 7.

Wie sal my môre kom help? (vraag.)

Hy is die man **onder wie** ons gestaan het. (wat . . . onder).

Wie nie werk nie sal versleg. (onbepaald).

Ons bemerk dat dit die enigste gebruike van die woord **wie** is.

Vul in, verander of verbeter soos dit nodig blyk:

Mnr. Robbeman is die bestuurder wie al die goedere moet aankoop. Almal ken hom as iemand wat jy nie op kan reken nie. Deur .... is die gruwelike moord gepleeg? .... sulke dinge sê, mag vervolg word. .... het die tyd vasgestel? Ken u die persoon wie my so ernstig beledig het? Sy boesemvriend wat hy so na verlang het, het kom kuier. .... die waarheid praat, word geëer. Sy vader was die gasheer wie ook alles alleen gereël het.

OEFENING 8.

Die prinsipaal het die seun gestraf. Die gesteelde pen is by dié seun gekry. Die prinsipaal het die seun by wie die gesteelde pen gekry is, gestraf.

Verbind nou onderstaande sinne ook met vnwe.:

1. Die venster is nou toegespyker. Die dief het deur die venster ingekom. 2. Sal jy asseblief my handkoffer dra? My handkoffer is vir my te swaar. 3. Die polisiesersant is verlede week verplaas. 'n Medalje is onlangs aan hom toegeken. 4. Die gemakstoel is deur my grootjie gemaak. Die gemakstoel se poot het gebreek. 5. Die tronkbewaarder is met verlof Natal-toe. Die vrou van die tronkbewaarder is kort gelede dood. 6. Ons vier altyd op hierdie plek fees. Op hierdie plek het die Voortrekkers 'n groot oorwinning behaal. 7. Die veewagter het vir die jakkals die slagyster gestel. Die jakkals het al baie lammers gevang. Met die slagyster het hy vantevore 'n wolf gevang. 8. Ma het vir die diensmeisie 'n rok gegee. Sy kom goed met haar klaar. Daar is mooi blomme op die rok uitgewerk. 9. Ek het my mauser van die jagter gekoop. Met my mauser sal ek enige dier platskiet.

My pa praat so baie van die jagter. 10. Ek het vir ousus 'n prenteboek geskenk. Ousus kan al oulik lees. In die prenteboek is pragtige prente van vreemde lande.

OEFENING 9.

Stel vrae waarop onderstaande sinne die antwoorde sal wees:

1. Die soldate marsjeer deur die strate. 2. Dit is muise wat die sakke so stukkend vreet. 3. Die derde persoon van voor is die stasiemeester. 4. Dit is myne! 5. Sy het aan die feestafel tussen Aalwyn en Tys gesit. 6. Die man met die blou broekie is die sterke. 7. Die kissie is net met 'n mes en 'n ligte hamertjie gemaak. 8. Hy het weggestap omdat hy kwaad was. 9. Dit is teen Erasmus wat my broer moes stoei. 10. Die kladboek behoort aan my, Meneer.

OEFENING 10.

Skryf die regte vorm van die vnwe. wat aangegee word:

Die pop is (hare, haar s'n, haar). Dit is my perd maar (hy, dit) is bietjie maer. Wat makeer (jou, jy)? Laat (my, ek) jou die waarheid vertel. (Jy, jou) karnallie, jy kan nie jou (ooms se, oom's, oom se, oom s'n) geld so mors nie. Vang die hen want ons wil (dit, haar) slag. Is hierdie hoed (jou s'n, joue, joune)? Staan stil, (jy, jou) bangbroek! Nee hierdie huis is nie (onse, ons sinne, ons, ons s'n, ons se) nie. Vat die broek en werk (sy, dit se) knoop aan. Elke nasie probeer om vir (hom, haar) 'n vloot op te bou (wat . . . mee, met wat, waarmee, met wie) (sy, hy) (sy, haar, hy) kuste kan beskerm. 'n Mens moet (jy, jou, sy) planne altyd goed agtermekaar sit. Ons het 'n koei en melk (hom, haar, dit) gereeld. Ons voer die os want ons wil (haar, sy, hom, dit) slag. Hy is iemand (waarop, op wie, wat . . . op) jy kan vertrou.

OEFENING 11.

Maak sinne met hierdie voornaamwoorde:

U, dit, syne, Tante s'n, mekaar (elkaar), wie se?, sulke, diegene, dié, elk, geeneen, iedereen, algar, sommige, party, wie (3), sy (2), haarself, langs wie, waarna.

OEFENING 12.

Vervang die Engelse woorde deur die regte Afrikaanse woorde:

(That) is presies die regte plek. Dit is 'n lekker vuurtjie (by which) ons sit. Daar is (nothing good in that). (What) dink jy (about it)? Hierdie hond is (ours). (He) rook (his) pyp (which) deur (her) aan (him) gegee is. (This) is maar (the same one). Suid-Afrika het (her) bewoners lief want (she) sorg vir hulle en hulle moet (her) ook lief hê. Dames en here, (you) is hier baie welkom. (You) moet altyd probeer vooruitkom. Dit is die man (of whom) ek jou vertel het. (Some) hou baie van koffie, (others) drink dit weer glad nie. Geld is iets (without which) mens nie kan klaarkom nie. Dit is (hers) en jy kan niks (with it) doen nie. (Whom) het hy gestraf? (You, polite) mag nie (your) naam (on this) skryf nie. (One) moet (one's) vuilwerk self doen.

OEFENING 13.

(*a*) Verwyder die foute in verband met die voornaamwoorde in onderstaande sinne:

1. Die reisigers wat ons mee saamgekom het, het nou van ons geskei. 2. Suiker is teenswoordig skaars en ons kan tog nie sonder dit oor die weg kom nie. 3. Van wat lewe die skape as dit so droog is? 4. Ken jy iemand waarop jy kan vertrou? 5. Die brug is nog nie eers klaar nie en ons ry al oor dit. 6. Geen muur teen wat sulke vuil mense staan, kan skoon bly nie. 7. Jy is die vabond wat al die ergernis deur ontstaan. 8. Hy het wel 'n belofte gemaak maar jy kan geen geloof aan dit heg nie. 9. Ons het die bevele volgens wat ons moet optree, al ontvang. 10. Dit is almal liewe goeie mense waartussen ek nou woon.

(*b*) Voltooi nou onderstaande voorstelling ter verduideliking van die verbeteringe hierbo:

Mense: wat + voors. > .....
Dinge: wat + voors. > .....
voors. + dit > .....

OEFENING 14.

Vul die ontbrekende voornaamwoorde in:

Baie mense verkies om in die winter strand-toe te gaan

maar .... gaan liewer jag terwyl .... die Wildtuin besoek. .... (enige persoon) sal dit kan regkry maar tog sal .... daarmee 'n fout begaan want .... moet regtig baie versigtig wees. .... kan (1ste p.) dadelik sê .... die antwoord van die eerste som is? .... trek in .... kamer en daarom gaan .... die deur toemaak. Sy het .... horlosie al tien jaar en hoe lank het (2de p. e.) .... al? As .... baie goeie vriende het, weet jy nooit .... die getrouste is nie. ... voetbalskoene verskil niks van .... nie.

OEFENING 15.

Vul hieronder die regte Afrikaanse voornaamwoorde in:

1. Waar het jy alles (about that) gehoor? 2. Dames en here, (you) kan niks aan die saak verander nie. 3. (One) moet altyd (one's) werk deeglik ken as (one) onderskeiding wil behaal. 4. (Some) was betyds hier maar (others) was laat. 5. (He, who — een woord!) sukses wil behaal, behoort nie (something of that kind — net twee woorde!) aan te vang nie. 6. Hy vergis (himself) as hy dink dat hy (anybody) anders as (himself) skeer. 7. (Which) is (yours)? 8. (She) het vir (herself) 'n tweedehandse motor gekoop maar (she) trek nog so goed dat (she) amper sal dink dat (she) (herself) nog nooit op 'n pad bevind het nie. 9. Hy het (his) eie geld en (she) (hers) maar (she) het (him) beloof dat sy (him) met (her) geld uit (his) moeilikheid sal help. 10. (They) het geweier om (us) te help; dus het (we) die moeilikheid onder (ourselves) opgelos, want (we) glo daaraan om met (one another) saam te werk.

OEFENING 16.

Maak sinne met:

Sy as pers. vnw., besitlike vnw., snw.
My as pers. vnw., wederkerende vnw., besitlike vnw.
Ons as besitlike vnw., pers. vnw., snw.
U as besitlike vnw., pers. vnw., wederkerende vnw.
Haar as pers. vnw., besitlike vnw., snw.
Jou as wederkerende vnw., pers. vnw., besitlike vnw., ww.
Hulle as besitlike vnw., pers. vnw.
Wie as vragende vnw., onbep. vnw.
Myne as besitlike vnw., snw.

HOOFSTUK 19

DIE VOORSETSEL.

Slaan eers weer hoofstuk 1, oef. 8 na.

OEFENING 1.

Vul die ontbrekende voorsetsels in:

Ek verwonder my .. sy gedrag. Hy ly baie .. hoofpyn. Die bioskoop is al .. die gang. Jy moet luister .. jou ouers. Die vrou kerm .. pyn. My suster kyk .... die babatjie. Verlang jy al .. jou moeder? Ek sal 'n brief .. hom skryf. Het die boekhouer genoeg kennis .. sy vak? Die ou dame is dood .. malaria. 'n Mens moet jou onderwerp .. die wet. Is sy ook so versot .. dans? Die nuwe klerk is regtig gesteld .. sy werk. Die vrou was jammer .. haar kind. Hy behoort .. die Hollandse Kerk. Ek bly .. wat ek gesê het. Jy moet ook .. my dink! Die boodskapper ry .. perd dorp-toe. Die prent hang .. die muur. Ons is trots .. ons skool. Die soldate word .. warm klere voorsien. Die twee oues gesels .. mekaar. Sy gaan .. trein Kaap-toe. Wat dink julle .. ons mooi stad? Ons kos bestaan .. brood en vleis. Bepaal jou aandag .. jou werk. Is u werklik kwaad .. my? Die stoeier het .. sy gemak gewen. Jou vriend verneem altyd .. jou gesondheid. Is hulle nie jaloers .. mekaar nie?

OEFENING 2.

(*a*) Die kinders staan **voor** die spieël.
Die kinders staan **voor**.

Dit is hier heeltemal duidelik dat **voor** in die eerste sin 'n voorsetsel is want daar staan dit voor die snw. **spieël** om daardie snw. en die orige deel van die sin te verenig en as 'n geheel te verduidelik. Maar in die tweede sin is **voor** 'n bywoord want hier sê dit mos iets meer van die ww. **staan.** Ons sien dus hoe 'n voorsetsel (soos **voor** hierbo) maklik met 'n bywoord verwar kan word.

Sê nou of die vetgedrukte woorde bywoorde of voorsetsels is en verduidelik jou uitspraak:

Al die mense sit nog **binne.** Die kat lê **onder** die tafel. Spring liewer **oor**! Die muis het skielik **in** 'n gat gespring.

Almal was terug **binne** 'n week. Moet nou nie treur **oor** jou skooldae nie! In die trein slaap ma altyd **onder**. Wie almal gaan nou **in**? Olifante hardloop lekker **deur** dígte struike. Die water lek alles **uit**. Storm reguit en spring **deur**! Ons babatjie drink al **uit** 'n beker.

(*b*) Al die kuikens is al **uit** die hok **uit**.
Waarom stamp jy my **van** die stoel **af**?

Dit is eienaardig dat voorsetsels soos **uit** en **van** hierbo dikwels verdubbel word: uit . . . uit, van . . . af.

Maak nou sinnetjies met hierdie voorsetsel-verdubbelinge:

Tussen .... deur, al .... lankal, uit .... uit, op .... af, van .... af, in .... rond, om .... heen, op .... uit, met .... saam, tot .... toe, in .... in, na .... toe, met .... mee, teen .... aan, teen .... in, langs .... af, in .... langs, teen .... op, oor .... heen, agter .... aan, by .... verby, op .... neer, onder .... deur.

OEFENING 3.

Gee die voorsetsel wat by elke ww. pas en maak dan 'n sin met elkeen:

Herken .., kla .., let .., genees .., stik .., verkies .., steun .., oordeel .., versit .., kyk .., aanspoor .., leef .., aard .., voorsien .., verheug .., deelneem .., smaak .., verdedig .., kerm .., toeskryf .., beskerm .., slaag ...

OEFENING 4.

Vul die ontbrekende voorsetsels in:

Ek sal jou .. die vakansie besoek. Die boere ly swaar .. die droogte. .. die dokter se opinie sal sy nog lank siek wees. .. skool gaan ons voetbal speel. Hulle het gebrek .. water. My vader is baie verbonde .. sy werk. Die besoeker kuier nog .. aanstaande maand. Die bandiet het .. die tronk ontsnap. Skryf 'n opstel .. „My lekkerste vakansie". Die boeke is .. lae pryse verkoop. Die reisigers kyk .... die treinvensters. Almal sit al .. tafel vir die ete. Het jy ons .. ons planne herinner? Wie wil .. voet loop en wie wil .. trein reis? .. die muur hang baie prente. Wie het .. my verneem? Die professor is gesteld .. sy werk. Saans sit ons maar .. die vuur. Die saak was .. bespreking. Sy broer maak aanspraak .. sy goed. Die prinsipaal het die kinders

.. skool gehou. Ek verwag hom eers so .. vyfuur. Ons vertrek .. tienuur. Moeder bak melktert net .. my ontwil. Word die foute .. nalatigheid toegeskryf? .. die swaar reëns moes ons later gaan kuier. Sal die student aansoek doen .. die betrekking? Niemand is bestand .. vuur nie. Die Administrateur het goeie dinge .. stand gebring. Waarom lê hy hom nie neer .. die uitspraak nie?

OEFENING 5.

(*a*) Vul die ontbrekende voorsetsels in:

Baie mense is verslaaf .. drank. My seun is ingenome .. die mooi waentjie. Hoeveel is ek .. u verskuldig? Hy is al jarelank getroud .. haar. Die gekweste leeu was woedend .. die jagter. Waarom was jy ontrou .. ons ooreenkoms? Die Bybel sê ons is almal geneig .. kwaad. Die Voortrekkers was daagliks omring .. baie gevare. Die ouers was teë .. die huwelik. Nou is ek darem regtig teë .. dadels. Annette is verloof .. die nuwe markmeester. Almal is gekant .. die nuwe reëls. Hulle voel onrustig .. die jagters. Ek is baie teleurgesteld .. die werk. Die twee vriende is nie meer so geheg .. mekaar nie. Hierdie hemp is goedkoop vergeleke .. daardie een. Die burgemeester is verwant .. die kommissaris van polisie. Vrouens is tog begaan .. die modes! Die planne is nog onderhewig .. verandering. Waar was jy .. skool?

(*b*) Gee die ontbrekende voorsetsel en maak dan 'n sin met elke uitdrukking:

Getrou .., begerig .., vertroud .., gewend .., in staat .., jaloers .., afhanklik .., blootgestel .., aangetrokke .., gekant .., verbonde .., bekend .., bekwaam .., ingenome .., besorg .., ontbloot .., verstoke ...

OEFENING 6.

Vul die ontbrekende voorsetsels in:

Elke land gee voorkeur .. sy eie produkte. Die kommandant kon staatmaak .. sy manskappe. Niemand ly vandag gebrek .. kos nie. Jy moet ag slaan .. die raad van ervare mense. Die kaffers het hulle toevlug .... hulle opperhoof geneem. Deur te huil gee sy tog uiting .. haar gevoel. Baie mense het voordeel getrek .. die geldskaarste. Verskillende vriende het besluit om aandele te neem .. die besigheid. Die

predikant rig 'n ernstige woord .. die mense. Die arme ou man gaan gebuk .. 'n ernstige siekte. Hoe kan die oudste seun dan alleen .. sy vader se besittings aanspraak maak? Seuns neem graag deel .. sport. Ek loof 'n prys uit .. die beste opstel. Hy doen 'n beroep .. sy ondersteuners. Hy vra verskoning .. sy gedrag. Die Voortrekkers het 'n oorwinning .. die inboorlinge behaal.

OEFENING 7.

Vul die ontbrekende voorsetsels in:

Die seun is dood .. slangbyt. My opinie verskil baie .. joue. Baie soldate het .. wal gestap. As jy wil saamgaan, moet jy .. tyd klaar wees. Hulle is eers lank .. my by die huis weg. Sy dink nog baie .. haar oorlede man. Die pasiënt glo nie .. sy dokter nie. Sommiges wil net .. vleis lewe. Sy spog baie .. haar mooi rokkie. Ek kon my ouers .. my spyt glad nie te sien kry nie. Sy is kwaad omdat jy .. haar lag. Kan 'n mens al huise .. glas maak? Die kat skree alweer .. kos. Al die kinders is afwesig .. die koue. Die man voel baie dankbaar .. sy weldoener. Ek het nie die moed .. dit te doen nie. Enige mens het twee ore .. sy kop. Hardloop vinnig .. die hoek. Niemand hou .. so iemand nie. 'n Bediende moet .. sy foute gewys word. Ons moet mekaar se foute .. die vingers sien. Die katkisant het goed .. die vrae geantwoord. Verminder jou getal .. sewe. Die vreemdelinge het lank .. 'n losieshuis gesoek. Skryf jy gereeld .. jou familielede? Ek wil aanstaande week graag .. jou wees. Ons moet ons huiswerk .. ink skrywe. .. die end van die jaar kry ons 'n lang vakansie. Ons staan .. bevel van 'n kolonel. Dit word gedoen .. bevel van die majoor.

OEFENING 8.

(*a*) Vul die ontbrekende voorsetsels in:

Die getuies het die waarheid .. die lig gebring. Dit het .. toeval gebeur. Maak jou kamer self .. kant. So 'n hond moet .. kant gemaak word. Hy ken sy les .. 'n manier. .. omstandighede is ek tevrede. Ons slaap .. die beurt. .. regte moet jy eerste loop. Al die onderwysers gaan een van die dae alweer .. vakansie. Wie sal my woorde .. twyfel trek. Sien maar sy foute .. die hoof. Sy koop die hoed .. sig. Die hoë berg kom gou .. sig. .. slotte sing ons

die volkslied. My vinger is .. lit. Die ongeluk is nou .. sprake. 'n Geluk het hom .. beurt geval. .. my siekte was ek .. huise .. mnr. Schaafsma. Die parlementslid praat sommer .. die vuis. Die bestuurder is nie .. kantoor nie. Hulle is .... alle tyd baie gasvry. Is u .. mening dat dit te laat is? Kruit slaan gou .. die brand. Die voëls is .. duisende dood. Dit val .. haar smaak. Moenie .. opset laat kom nie. Die dokter kom al .. die vyf uur. Beantwoord sy brief .. kerende pos. Hy wou dit .. enemale nie doen nie. Ek was .. jou siek hoor! Dit was .. verwagting koud. Hy praat .. die wind. Dit is .. 'n mate waar wat jy sê.

(*b*) Vul die regte voorsetsel aan en maak 'n sin met elke uitdrukking:

.. ons gesê, .. die algemeen, .. die dosyn, .. orde bring, .. die nek kyk, .. die dood nie, .. die ou end, .. abuis, .. lyf gaan, .. volle, .. die staanspoor, .. plan wees, .. oulaas, .. weerskante, .. rep en roer, .. 'n kits, .. die voet, .. die bank, .. elfder ure, .. die huwelik tree, .. verlof.

OEFENING 9.

(*a*) Vul geskikte voorsetsels in en sê dan wat elke uitdrukking beteken of maak 'n sin met elkeen:

.. middel .., .. verband .., .. plaas .., .. gunste .., .. betrekking .., .. aanleiding .., .. antwoord .., .. 'n haar .., .. koste .., .. ere .., .. stryd .., .. die koop .., .. spyte .., .. beskerming .., .. opsigte .., .. naam .., ..nagedagtenis .., .. gevolge .., .. nuuts af.

(*b*) Maak sinne met elkeen van onderstaande nadat die regte voorsetsel bygevoeg is:

.. danke .., .. wyte .., kop .. kop, .. die dag kom, .. volle vaart, .. kwarantyn, .. hoogte van sake, twee doele .. een (sport), .. vervelens toe, een .. een, .. tyd en wyl, .. en met, stap .. stap, diep .. die sewentig, .. my siel.

OEFENING 10.

(Baie van hierdie voorsetsels het alreeds hierbo voorgekom, maar word weer herhaal omdat sommige van hulle baie met Engels verwar word.)

(*a*) Skryf onderstaande sinne oor met weglating van die verkeerde voorsetsels:

Toe ek hom roep, het hy by/na my gekom. Na/agter skool

gaan ons bietjie slaap. Ek is nie meer kwaad met/vir jou nie. Dag na/agter dag vlieg die vliegtuie hier verby. Sy wil aansoek doen vir/om werk. Jy moet ook bydra vir/tot die fonds. My pen is by/na Van Schaik gekoop. Verpleegsters kyk agter/na die pasiënte. Ons kon die skip in/op 'n afstand sien. Skryf met/in ink! Hierdie stok dien as/vir 'n kierie. Pak alles op/aan die een kant van die tafel. Agter/na die skool lê 'n groot bos. Ry tot na/by die brug. Ek het hom by/aan sy oë herken. Moenie vergeet om jou vrou met/op haar verjaarsdag geluk te wens nie. Hy het my weer vir/om geld gesoebat. Agter/na ek daar weg is, het dit gereën. Na/by regte moet ek weer gaan. Hy doen dit net vir/om my ontwil. Jy sal slae kry oor/vir sulke werk. Hy het 'n lelike merk aan/op sy kop. Die hond hardloop altyd na/agter my aan. Sy het haar redder uit/van blydskap gesoen. Sorg dat jy in/op tyd kom. Meneer, hy lag na/vir my. Ons leesboek is deur/by Mikro geskryf.

(*b*) Soos die vorige:

Die boek bestaan uit/in twee dele. Sondag het ek na/by die kerk gegaan. Die magistraat is nou weg met/op verlof. In/op hierdie manier kan dit nie aangaan nie. Skree bietjie na/vir die bediende! Party voëls leef van/op insekte. Ons kragstasie voorsien die stad met/van elektrisiteit. Na/agter wie aard die dogtertjie? Om/vir daardie rede wou ek niks sê nie. Maak die rak uit/van hout. Ons moet mekaar by/na die poskantoor ontmoet. Die voorspelers het oopgelê vir/na die pale. Sy het baie aan/na my gekyk. Ons moes lank soek vir/na 'n hotel. Skryf dadelik aan/na my, hoor! Die skelm het uit/deur die venster ontsnap. Ek wou baie graag by/met jou wees. My pa se geweer staan na/agter die klerekas. Bind 'n tou styf rondom/om/rond sy bene.

HOOFSTUK 20

DIE TELWOORD

Slaan eers weer hoofstuk 1, oef. 9 na.

OEFENING 1.

(*a*) Tel van 1 tot 100.
(*b*) Noem al die tientalle tot by 100 op.
(*c*) Begin by 110 en tel tien-tien tot by 400.

SPELLING

OEFENING 2.

(*a*) 23: drie-en-twintig; 101: honderd-en-een.
200: tweehonderd; 4,000: vierduisend.
345: driehonderd vyf-en-veertig.
7,871,327: sewemiljoen agthonderd een-en-sewentigduisend driehonderd sewen-en-twintig.

Uit hierdie voorbeelde blyk die volgende:

(1) Die telwoorde **miljoen, duisend** en **honderd** word altyd vas aan die voorafgaande telwoord geskryf.

(2) Die voegwoordjie **en** word altyd met twee koppeltekens aan die telwoorde aan weerskante verbind.

Skryf nou in woorde: 47; 700; 828; 2,341,158.

(*b*) $\frac{1}{7}$: een-sewende; $\frac{11}{13}$: elf-dertiendes;
$\frac{3}{8}$: drie-agstes; $\frac{9}{19}$: nege-negentiendes (neë-neentiendes).

Hier sien ons dat daar tussen die tellergetal en die noemergetal 'n koppelteken kom as hierdie twee getalle nie self koppeltekens kry nie.

Skryf nou in woorde: $\frac{1}{9}$, $\frac{12}{17}$, $\frac{13}{100}$.

(*c*) $\frac{17}{23}$: sewentien drie-en-twintigstes.
$\frac{41}{100}$: een-en-veertig honderdstes.
$\frac{21}{34}$: een-en-twintig vier-en-dertigstes.

Maar as een of altwee van die teller- en noemergetalle koppeltekens kry, kom daar geen koppelteken tussen die teller en die noemer nie.

Skryf nou in woorde: $\frac{20}{77}$, $\frac{101}{1000}$, $\frac{52}{87}$.

(*d*) $10\frac{13}{15}$: tien en dertien-vyftiendes.
$42\frac{25}{33}$: twee-en-veertig en vyf-en-twintig drie-en-dertigstes.

Weerskante van die **en** tussen hoofgetalle en breuke kom geen koppelteken nie.

Skryf in woorde: $27\frac{11}{18}$, $101\frac{24}{35}$, $3\frac{1}{4}$.

OEFENING 3.

Skryf onderstaande hooftelwoorde en hul rangtelwoorde in woorde uit:

(*a*) 1, 2, 3, 7, 8, 9, 33, 52, 88, 101, 687, 7,302, 11,007, 19,288,509.

(*b*) 17, 19, 21, 45, 66, 77, 99, 503; 888; 80,011; 37,947,077; 932,188,387.

OEFENING 4.

Sê eers hardop en skryf dan volledig uit:

(*a*) 7-2-1933; £12. 5s. 6d.; Napoleon III; die 27ste Mei 1874; 15 j. 4 m. 7 d. oud; 9 mm.; 13 m.; 5 jrts. 2 vt. $1\frac{1}{2}$ dm.

(*b*) 28-9-'01; ± 15-8-'42; Pous Pius XI; Eduard VIII; £119-1-10$\frac{3}{4}$; 110 k. vt.; 72 vk. vt.; 5 jrts. 2 vt. 6 dm. lank × 4 jrts. 1 vt. $4\frac{1}{2}$ dm. breed; 25 cm.; 250 Km.; $7\frac{1}{2}$ jrts. ferweel @ 2/8 per jrt.

OEFENING 5.

Sê onderstaande eers hardop en skryf almal dan voluit in woorde:

(*a*) $\frac{1}{2}$, $\frac{1}{3}$, $\frac{1}{6}$, $\frac{3}{4}$, $\frac{5}{7}$, $\frac{8}{27}$, $2\frac{5}{11}$, $63\frac{19}{47}$, $3\frac{3}{100}$, 202, $200\frac{3}{5}$.

(*b*) $\frac{1}{4}$, $\frac{1}{10}$, $\frac{7}{8}$, $\frac{3}{8}$, $\frac{12}{17}$, $\frac{31}{101}$, $3\frac{1}{9}$, $44\frac{26}{109}$, $79\frac{21}{290}$, $55\frac{43}{50}$, $1\frac{1}{1000}$, $\frac{17}{100}$, $80\frac{37}{77}$, 712; $700\frac{12}{13}$.

OEFENING 6.

Sê eers hardop en skryf dan voluit in woorde:

(*a*) 1.0 nm., 1.30 vm., 2.0 nm., 6.45 nm., 8.25 nm., 9.55 nm., Do. 17-7-'41 om 11.40 vm., 3.52 nm.

(*b*) 11.0 vm., 9.0 vm., 7.30 nm., 12.46 vm., 5.15 nm., 3.45 nm., 10.22 vm., 8.49 vm., Di. 22-8-'07 om 9.53 vm.

OEFENING 7.

Sê en skryf voluit in woorde:

15 lb. suiker; 4 pr. kouse; 18 jr. oud; 18 mde. oud; £37; $11\frac{1}{2}$ vt.; $7\frac{1}{4}$ lb. meel; 2 pr. stewels; £204; 71 jr. gelede; 7 mde. gelede.

OEFENING 8.

Sê en skryf voluit in woorde:

7·001; 8·25; 9·76$\dot{3}$; 0·9; $9 \cdot 34 + 5 \cdot 85 = 15 \cdot 19$; $31 - 19 = 12$; $10 \times 11 = 110$; $2 \times 6 = 36 \div 3$; IX; XXVII; XLVI; C; $\bar{V}$; M; $2^2 = 4$; $3^4 = 81$; $4^3 = 64$; $\sqrt{144} = 12$; $4\frac{7}{23} \div \frac{11}{46} = 18$; $\frac{1}{2}$ myl.

OEFENING 9.

Gaan skrywe hierdie vier berekeninge op die swartbord en doen dit dan, maar sê alles wat jy doen ook hardop:

439×23; $2739 - 457$; $2845 + 9372$; $38762 \div 42$.

OEFENING 10.

Beantwoord onderstaande vrae volledig in volsinne. (Skryf getalle in syfers indien moontlik, maar herhaal dit dan agterna in woorde):

1. Hoe laat is dit nou? Watter tyd van die dag? 2. Noem die weeksdae op. 3. Noem die maande agtermekaar op. 4. Wanneer en waar het die Voortrekkers Dingaan se magte verslaan? 5. Verduidelik presies hoe laat en wanneer 'n trein sal vertrek as die tyd as volg aangegee word:

10|7; 11.14; 3|10; 2.0.

6. (*a*) Hoeveel uur is 180 minute, 120 minute. Skryf in woorde. (*b*) Skryf in woorde: 6.0 nm., 3.0 vm. 7. Hoe ver is anderhalf myl? 8. Watter deel van 'n myl stap jy as jy net 880 tree aflê? (Sê: . . 'n -myl). 9. As een perske gelykop tussen twee verdeel word, wat kry elkeen? (Sê: . . 'n — perske).

HOOFSTUK 21

DIE LIDWOORD

Slaan eers weer hoofstuk 1, oef. 10 na.

OEFENING 1.

Vul die ontbrekende woorde in:

.... plaaslike magistraat het .... dief tot twee maande tronkstraf veroordeel. .... muis is .... baie lastige besoeker in .... spens. .... opsigters hou .... arbeiders altyd aan .... werk. Op .... goeie dag het ek .... brief met .... goeie nuus van my aanstelling ontvang. Dit was .... verrassing maar ook .... plesier. Ons was .... hele oggend net aan .. skrywe. .... posbode het .... telegram gebring.

Ons merk uit hierdie sinne dat snwe. nie altyd sommer alleen gesê of geskryf word nie maar woordjies by hulle nodig kan hê. Die lidwoorde **die** en **'n** word dan dikwels by hulle gebruik. Tegelyk begryp ons ook dat **die** 'n bepaalde lidwoord genoem word omdat hy altyd iets bepaalds ('n sekere een) aanwys en dat die onbepaalde lidwoord **'n** weer iets onbepaalds aanwys.

OEFENING 2.

Vul **in** of **'n** in:

(*a*) Ek dra altyd my groente .. .. mandjie. Die sluitingsdag **is** .. groot dag **vir** kinders wat al .. die skool is. As jy die eendjies wil vang, hardloop hulle .. .. dam ..! .. .. ommesientjie was daar .. groot klomp mense by die brand maar .. mens kon sommer vroeg nie meer die gebou .. nie. .. slang is een dag .. .. slagyster wat **vir** .. muishond gestel is, gevang; dit was .. groot grap.

(*b*) Wie sou nou so .. antwoord van .. slim seun wat eerste in sy klas staan, verwag het! .. mens leer baie dinge .. die lewe. Dit is .. bietjie koud .. sulke digte bosse. So .. feit kan .. mens nie .. .. koerant laat verskyn nie; dis mos .. groot skande! .. lang ent .. daardie woestyn .. sien .. mens net hier en daar .. bossie .. die sand.

OEFENING 3.

Kwelling des geestes beteken eintlik kwelling **van die** gees. Sê nou wat elkeen van onderstaande eintlik beteken en maak ook met elke uitdrukking 'n sin:

Kind des doods, in der ewigheid, steen des aanstoots, kind der smarte, sweet des aanskyns, in der waarheid, in der minne, brood der smarte, ten beste, ter harte, ter dood, ten nadele, indertyd, desnoods, destyds, ten gunste, ter ere.

OEFENING 4.

(*a*) Die vordering van **die** wetenskap. „The progress of science." Ons merk dat die lidwoord **die** in Afrikaans gebruik word terwyl dit in Engels nie voorkom nie. Voltooi nou onderstaande sinne:

Hy steur hom nie aan die moeilikhede van .... nie (of life). Hester is deur .... van ons weggeneem (by death). 'n Mens behoort 'n aanhanger van .... te wees (of truth). My tante doen dit alles net vir .... (for pleasure). Die Franse Rewolusie is een van die belangrikste gebeurtenisse .... (in history). Ons is baie aan .... verskuldig (to civilization). Manie is 'n student in .... (of law(s)). Ons lewe is omtrent soos een oomblik van .... (of eternity). Hoe sal jou plan in .... deug? (in practice). Ons glo aan .... (deity). .... (marriage) is 'n gevolg van .... (love). Die meeste mense vrees .... (public opinion). Groot mense verlang dikwels na die aangename dae van .... (of youth). Dit het in .... gebeur (in winter).

(*b*) Bekyk bostaande sinne weer en stel vas of dit konkrete of abstrakte snwe. is wat in Afrikaans die lidwoord **die** vereis terwyl dit in Engels weer ontbreek.

OEFENING 5.

Maak sinne met onderstaande uitdrukkinge om hul verskil in betekenis aan te toon:

(*a*) Aan die kant, aan kant, aan huis, aan die huis, op stal, op die stal, om sewe-uur, om die sewe uur, op hande, op die hande, voorhande, op skool, op die skool, op die pad, op pad, onder dak, onder die dak, voor anker, voor die anker, op die hoogte, op hoogte.

(*b*) Tot môre, tot die môre, op weg, op die weg, in die stede van, in stede van, op kantoor, op die kantoor, tussen vriende, tussen die vriende, oor land, oor die land, aan tafel, aan die tafel, in die stryd met, in stryd met, op die grond van, op grond van, vir die goed, vir goed, deur middel van, deur die middel van, van kant, van die kant, onder die ander, onder andere.

HOOFSTUK 22

WOORDVORMING

SAMESTELLING

Prent + boek > prenteboek.
suur + lemoen > suurlemoen.
jas + sak > jassak.
spring + lewendig > springlewendig.
man + sakdoek > mansakdoek.
man + klere > mansklere.
steen + kool + myn + spoor + weg > steenkoolmyn-spoorweg.
land + meter + generaal > landmeter-generaal.
na + aap > na-aap.
praat + praat > praat-praat.

Opm. 1. Uit bostaande voorbeelde sien ons dat ons 'n **nuwe woord** kan vorm deur twee of meer woorde **saam te stel**. Bv., om 'n naam te kry vir 'n boek met prente vorm ons met die twee woorde **prent** en **boek** 'n nuwe woord **prenteboek**. Let daarop dat hierdie nuwe woord aanneen geskryf word (met of sonder koppelteken) want dit staan vir **een begrip**.

Opm. 2. In sommige samestellings is verbindingsklanke nodig (soos **e** of **s**, ens.)

Opm. 3. In lang samestellings, verdubbelings, samegestelde ampstitels, opeenhoping van klinkers, ens., word die koppelteken gebruik (maar hierdie spellingteken kan nie na 'n verbindingsklank, bv. na die **s** in mansklere — man + klere, geplaas word nie).

Opm. 4. As die eerste woord op 'n **s** eindig en die tweede met 'n **s** begin, word altwee esse behou, bv. jassak.

Opm. 5. As die tweede woord met 'n **s** begin, is die verbindingsklank **s** onnodig, bv. manskoene.

OEFENING 1.

Skryf onderstaande nou reg:

Werk + dag, hand + werk, hand + skoen, wilde + bees, suur + lemoen, („lemon"), klas + maat, volstruis + veer +

mode + poppe, sing + sing, goewerneur + generaal, eeue + oue, hemel + breed, ou + sus, kaffer + waatlemoen + konfyt + stroop, meisie + speletjie.

OEFENING 2.

Skryf hierdie sinne oor en maak samegestelde snwe. van die woorde tussen hakies.

1. Dit is my (hart + wens) dat ons (skool + meester) vir ons minder (huis + werk) moet gee. 2. Die arme man het 'n (mes + steek) onderkant sy (rib + been) opgedoen. 3. Die (tand + borsel) maak my (tand + vleis) seer. 4. Die (vee + boer) se (kalf + hok) is naby sy (wa + huis). 5. 'n Mens sal nie (man + skoene) in 'n (kruidenier + winkel) te koop kry nie. 6. Lê die (hoed + band) nie nog in die (hoed + doos) wat op die (hang + kas) in die (slaap + kamer) staan nie? 7. Die stukkende (wa + as) word in die (werk + winkel) reggemaak. 8. Van (kind + been) af is ek lief vir (soet + melk + kaas) en (mos + stroop). 9. In my (kind + jare) het ons op die (hoog + veld) van (Oos + Transvaal) gewoon. 10. Behalwe 'n mooi groot (woon + huis) is daar op ons (bos + veld + plaas) ook nog 'n gewone (gras + dak + plaas + huis) en 'n (perd + stal).

OEFENING 3.

Vorm selfstandige naamwoorde van onderstaande woordgroepe:

(*a*) By + boer, werk + klere, man + taal, stad + klerk, brief + bus, das + speld, druif + tros, seun + skool, lam + vanger, lewe + werk, vrou + hoed, onderwyser + kursus, slee + esel, skool + korf + bal + beker + wedstryd, luitenant + kolonel.

(*b*) Hemp + knoop, siel + rus, staat + geld, Suid + Amerika, goed + trein, lewe + loop, land + bou + skool + vrugte + boord, plat + land, mens + kenner, pot + deksel, pot + bakker, dood + vonnis, dood + tyding, bees + boerdery + deskundige, see + eend, rug + are, ru + gare.

(*c*) Kommandant + generaal, gees + swakheid, lewe + skets, suid + kruis, lewe + wyse, skip + vrag, oog + draad, honger + nood, eet + uur, klas + stryd, mode + euwel, nooi + van, kruidjie + roer + my + nie, meisie

+ skool, kafee + ete, vrou + dokter, staat + amptenaar + klerasie + winkel, see + engte, maraboe + oë, fee + fees.

OEFENING 4.

(*a*) Vorm samegestelde werkwoorde van die volgende woordgroepe en maak dan met elkeen 'n sin in die teenwoordige tyd:

Vas + bind, voor + keer, asem + haal, om + koop, onder + streep, op + pas, weer + klink, raad + pleeg, mee + deel, onder + steun, plaas + vind.

(*b*) Vorm samegestelde werkwoorde van die volgende woordgroepe en maak dan met elkeen 'n sin in die verlede tyd:

Los + knoop, groot + maak, wag + staan, om + praat, onder + teken, weer + lig, rang + skik, saam + staan, onder + neem, oor + slaan.

OEFENING 5.

Vorm samegestelde byvoeglike naamwoorde van die woorde tussen hakies:

(*a*) 'n (Klip + hard) perske, 'n (ys + koud) wind, sy (lood + swaar) skoene, die (Engelse + Franse) oorlog, 'n (water + ryk) streek, my (hard + gewerk) hande, 'n (doof + stom) man, die (donker + groen) motor, 'n (spier + wit) baadjie, die (noord + Transvaal) voetbalspan.

(*b*) 'n (wonder + skoon) skildery, die (oor + groot) meerderheid, 'n (hoog + staan) kunswerk, 'n (pot + blou) oog, die (weet + gierig) studente, 'n (merk + waardig) gebeurtenis, 'n (oor + verdowe) lawaai, die (son + bestraal) sand, (skemer + donker) lig, (Suid + Amerika) vasteland, (eeu + oud) gewoontes.

OEFENING 6.

Vorm samegestelde bywoorde van die woordgroepe hieronder en maak dan met elkeen 'n sin:

(*a*) staan + staan, kort + kort, binne + kort, rond + uit, dorp + toe, pad + langs, straat + af, bo + oor, daar + heen, hier + na + toe.

(*b*) oor + nag, kort + af, bietjie + bietjie, stroom + op, bo + op, lood + reg, dag + in en dag + uit, sukkel + sukkel, poot + uit, kus + toe.

OEFENING 7.

Gebruik woorde van die omskrywings hieronder om 'n gepaste samegestelde woord te maak en sê dan watter soort rededeel dié woord is:

1. Daar lê nou al drie pasiënte in die (kamer vir die siekes). 2. Die boom se blare is (so groen soos lower). 3. In die koshuis is drie groot (sale waarin net geslaap word). 5. Die vliegtuig het (so reguit soos 'n pyl) oor de dorp gevlieg. 5. Sy het haar brief (wat sy so lank verwag het) vandag gekry. 6. Die lied is deur 'n (koor wat uit vrouens bestaan) gesing. 7. Die arme kêrel is na die (gestig vir kranksinniges) gestuur. 8. Hierdie mandjies is deur leerlinge van die (skool vir blindes) gemaak. 9. Ek het (so diep tot by my knie) in die modderwater gestaan. 10. Die vader hou saans ('n diens ter ere van God) voor hulle gaan slaap.

OEFENING 8.

Verduidelik die betekenis van:

Manswerk, werksman, saadgras, grassaad, blikkiesmelk, melkblikkies, klerekis, kisklere, perdestal, stalperd, perdry, ryperd, stroom-af, afstroom, einddoel, doeleinde, vragwa, wavrag, doktershuis, huisdokter, perdekar, karperd, opklim, klimop.

AFLEIDING.

(*a*) Woord: **ant**woord.
dank: **be**dank.
lei: **ver**lei.
waar: **on**waar.

Deur middel van **voorvoegsels** het ons afleidings gemaak.

(*b*) kleur: kleur**ling**.
pyn: pyn**loos**.
wes: wes**waarts**.
half: hal**veer**.

Deur middel van **agtervoegsels** het ons hier weer afleidings gemaak.

(*c*) bind: b**and**, b**ende**, b**ondel**, b**undel**.
drink: dr**ank**, dr**onk**, dr**enk**.
buig: b**uk**.
breek: br**ok**, br**euk**, br**okkel**.

Hier het ons egter deur **klankwisseling** (verandering van klanke) afleidings gevorm.

OEFENING 9.

(*a*) Vorm nou deur middel van **voorvoegsels** nuwe woorde van onderstaande en sê watter soort rededele die afleidings is:

Taal, guns, dek, moontlik, beter, sin.

(*b*) Vorm nou weer met behulp van **agtervoegsels** afleidings van hierdie woorde en sê ook watter rededele elkeen is:

Einde, hak, meng, prins, sag, dank.

(*c*) Vorm deur **klankwisseling** afleidings van onderstaande en benoem ook die rededele:

Skiet, skryf, lê, gee, help, maal.

OEFENING 10.

Woord.	**Afleiding.**	**Soort rededeel.**
vel	vervel	werkwoord.

Vorm nou met behulp van **voorvoegsels** afleidings van onderstaande en sê dan watter rededele hulle is (soos die voorbeeld):

(*a*) Dank, dof, brand, vang, gelyk, saak, veg, trou, raas, man.

(*b*) geluk, draai, bou, welkom, loon, klank, voel, kleed, woon, orde.

(*c*) volk, lui, hoop, woud, sprong, tyd, grond, dig, afgod, weer (= skiet).

OEFENING 11.

Net soos oef. 10 maar gebruik **agtervoegsels:**

(*a*) Man, vrug, dek, stil, pyn, kalm, wind, sukses, kind, Jood.

(*b*) Guns, balans, eer, stuk, noord, lief, ryk, goed, breed, verklaar.

(*c*) Smaak, huil, stout, duister, rein, waarde, einde, blind, nasie, duiwel.

OEFENING 12.

Voltooi:

(*a*) Iemand wat dronk is, is 'n dronkaard; iemand wat studeer, is 'n ....; iemand wat bedrieg is 'n ....; iemand wat messel is 'n ....; iemand wat lafhartig is, is 'n ....;

iemand wat lieg, is 'n ....; iemand wat moor, is 'n ....; iemand wat op die koerant inteken is 'n ....; iets wat jou kwel, is 'n ....; iemand wat aan politiek deelneem is 'n .....

(*b*) Iemand wat geldelike skuld het, is 'n ....; iemand wat in 'n eksamen druip, is 'n ....; iemand wat vlug, is 'n ....; iemand wat baie woes is, is 'n ....; iemand wat iets fabriseer, is 'n ....; iets wat gefabriseer word, is 'n ....; iemand wat met vliegtuie vlieg, is 'n ....; iemand wat in jou guns is, is jou ....; iemand wat moet beoordeel, is 'n ....; iemand wat nuut is, is 'n ....; iets wat nog nuut is, is 'n ....; iemand wat vir 'n orkes dirigeer, is 'n ....; iemand wat baie huigel, is 'n ....; iets waarmee jy iemand dreig, is 'n ....; iemand wat in die kerk gekatkiseer word, is 'n .....

OEFENING 13.

(*a*) Vorm deur middel van afleiding werkwoorde van die woorde tussen hakies:

1. Voor die eksamen moet julle eers julle werk (sien). 2. Die wind (dryf) al die wolke. 3. My ouers het my na my oom (noem). 4. Die boek word nou vir die tweede maal (druk). 5. Wanneer (open) julle skool? 6. (Duidelik) julle onderwyser al die somme op die swartbord? 7. Die seuntjie (stoot) net as hy vinnig praat. 8. Sy tande (klap) van die koue maar ek (beef) net. 9. Jy moet my môre-oggend regtig vroeg (waak). 10. Jy (blaam) hom nou darem verniet.

(*b*) Maak nou deur middel van afleiding werkwoorde van hierdie woorde en gebruik elke ww. dan in 'n sin:

Eer, hoof, silwer, (so te verf), Engels (so te word), trou (nie „vertrou" nie), gun, kritiek, trap (baie trap), val (laat val), breek (brood opbreek).

OEFENING 14.

Vorm afgeleide selfstandige naamwoorde van die woorde tussen hakies:

(*a*) 1. Die (hoor) het baie vir die spreker geklap. 2. Daar is vandag groot (weer) in die lug. 3. Ons het drie (sang) in die kerk gesing. 4. Dit is 'n belangrike (gebeur). 5. Ons het nog geen skaarste aan (voed) nie. 6. Wat is die (lang) en (dik) van die balk? 7. Ons kan nie kla oor die (gedra) van ons (tuin) nie. 8. Was jy ook op die (begrawe) van die (meul)?

9. Ons is darem in goeie (gesels). 10. Ek het geen (ken) van (boer) nie.

(*b*) 1. Jou ou (lomp), kan jy nie eers loop nie. 2. Ons het al ons (benodig) al gekoop. 3. Die (huishou) het weer met haar (lol) begin. 4. Hy is vir ons min werd want hy is 'n (swak). 5. Klipperige paaie verhoog die (slyt) van motorbande. 6. Met die (kom) van die winter sal ek nog baie (dien) van my ou verekombers hê. 7. Hierdie dogtertjie is die mense se (eerste). 8. Sonder om 'n woord te sê het hy my soos 'n (stom) aangekyk. 9. Sy is feitlik 'n (verstoot) want niemand wil haar help nie. 10. Gabriël is een van die (-engele).

OEFENING 15.

Vorm persoonsname van (bv. Edenburg — Edenburger):

(*a*) Barberton, Vredefort, Sterkstroom, Klerksdorp, Heidelberg, Senekal, Tarkastad, Zoeloeland, Paarl, Vrystaat.

(*b*) Durban, Aberdeen, Pretoria, Robertson, Kaap, Ermelo, Israel, Boshof, Lindley, Kroonstad.

OEFENING 16.

Vorm afgeleide byvoeglike naamwoorde van die woorde tussen hakies:

(*a*) 1. Die vyand het 'n (mag) leër gehad. 2. Sy het vir my 'n (nut) boek geskenk. 3. Die ou vrou is baie (kat). 4. Ons het in 'n (berg) streek gaan jag. 5. Daar is baie berge op die (Natal) grens. 6. Ons het gister na die konsert van die (roem) sanger gegaan. 7. Sy het hom regtig 'n (pas) antwoord gegee. 8. Ek het ook 'n paar (wetenskap) boeke. 9. Ek hou glad nie van 'n (mond) eksamen nie. 10. Sy het werklikwaar nou 'n (koning) lewe.

(*b*) 1. Dit het 'n (nadeel) invloed op 'n mens. 2. Hy het mos sulke (water) ogies. 3. Party mense het baie (hemel) geluk in hul (aarde) lewe. 4. Niemand hou van (snip) kinders nie. 5. Dit is nog 'n (barbaar) gewoonte. 6. Inbrekers glo mos aan (nag) besoeke. 7. Die beskuldigde se (vlek) klere was 'n sterk bewys teen hom. 8. Jy het nou darem 'n (wys) daad aangevang. 9. Hy is 'n besonder (waak) opsigter. 10. Die meisie het 'n (vuur) liefde vir haar verloofde.

OEFENING 17.

Vorm afgeleide bywoorde van die woorde tussen hakies:

1. Die seun het my in die wedren (opset) gepootjie. 2. Die inspekteur het die nuwe stelsel vir ons (kort) verduidelik. 3. Ons sal daardie veranderinge maar (trap) moet invoer. 4. My ouers het ons (herhaal) gewaarsku om nie met vuur te speel nie. 5. Sy het die besoeker so ewe (kalm) die reine waarheid vertel. 6. (Oggend) moet ek om agtuur begin werk. 7. Die klip het (raak) by die blompot verbygetrek. 8. Ons het net (loop) van die hofsaak gepraat en Piet het die (opmerk) ook maar (sy) gedoen. 9. Nadat die vliegtuig eers gedaal het, het hy weer (op) begin beweeg. 10. (Dag) speel die kinders altyd onder die akkerbome.

OEFENING 18.

Vorm passende afleidings van die woorde tussen hakies en sê watter soort rededele hulle is:

1. Die (Transvaal) boere het 'n groot konferensie gehou. 2. Die nuus het ons (telegraaf) bereik. 3. Ek kan nie met 'n (man wat net die pessimistiese kant raaksien) gesels nie. 4. Die (van oor die see) besoekers was vanoggend by die universiteit. 5. Ons moes ons name (volgens die alfabet) in die boek skryf. 6. Duitsland het vroeër 'n groot (kolonie) ryk gehad. 7. Die meeste mense lees graag (wat vol humor is) boeke. 8. Ons bestuurder het die verklaring (op skrif) afgelê. 9. 'n Onderwyser skenk dikwels (individu) aandag aan sy leerlinge. 10. Trek die streep (soos die horison) deur die verkeerde reël.

OEFENING 19.

Vorm deur middel van klankwisseling passende woorde van dié tussen hakies:

(*a*) 1. Die Boesmans het met pyl en (buig) geskiet. 2. Ons kon die harde (slaan) baie duidelik hoor. 3. Jou (skryf) is baie onduidelik. 4. In die koshuis het ons 'n (bind) lewe. 5. Ek het dadelik om (help) geskree. 6. Die swemmer het 'n (krimp) in sy been gekry. 7. Die snyer het vandag my pa se (meet) vir die nuwe pak klere geneem. 8. Die kos het 'n baie sterk (ruik). 9. Ons is darem nou almal (help). 10. Die man wou (wreek) neem op sy broer se dood. 11. Die arme

kêrel dra 'n ewige (wreek) teen my in sy hart. 12. Die sangeres se stem het 'n helder (klink). 13. Die stoeier het sy teenstander in 'n nuwe (gryp) vasgevat. 14. Ons het 'n lang (ry) oor die berge afgelê. 15. Sy het nie 'n goeie (begryp) van sulke sake nie.

(*b*) 1. Daar is baie (graaf) in die kerkhof. 2. Daar was 'n dik (lê) sneeu op die berge. 3. Dit was 'n (geniet) om weer te kon gaan jag. 4. Die gevangene het hom aan (bedrieg) skuldig gemaak. 5. Hulle treur nou nog oor die (ly) onreg. 6. Die outa (bid) maar oral geldjies. 7. Almal het met (buig) hoofde staan en luister. 8. Die predikant het 'n mooi (bid) gedoen. 9. So 'n vulpen is 'n mooi (gee) vir 'n verjaarsdag. 10. Hulle twee het 'n (skryf) kontrak. 11. Aan die (sluit) van die vergadering is almal bedank. 12. Die (maal) maal baie mooi (maal). 13. My (verstaan) het my in die steek gelaat. 14. Hierdie boek is my eerste (kies). 15. Ek glo nie aan praatjies nie, net aan (doen).

(*c*) 1. Die soldate het die (beveel) dadelik uitgevoer. 2. Die (stink) kon baie ver geruik word. 3. Daar word baie oor die (vind) skatte gepraat. 4. So 'n slegte behandeling is regtig 'n (skend). 5. Ons ontvang baie (gee) van God. 6. Die messelaar kap die klippe met 'n (byt). 7. Sy gedrag het sy voog baie (ly) aangedoen. 8. Die boer het 'n (verloor) gely met die verkoop van sy plaas. 9. Die (ry) het vooruitgegaan en daarna het die voetvolk gevolg. 10. Die huis is op 'n berg (lê). 11. Die (kies) prinsipaal sal aanstaande week hier begin. 12. Die ontdekking van die dieregeraamte is vir die wetenskap 'n groot (vind). 13. Ons moet ons (neem) besluite uitvoer. 14. Hitler en Stalin is (sweer) vyande. 15. Die twee susters treur nog baie oor hul (sterf) vader.

OEFENING 20.

Maak deur middel van afleiding (voorvoegsels, agtervoegsels en klankwisseling) soveel afleidings as moontlik van onderstaande woorde en sê watter rededeel elkeen is, bv. Bind: band (snw.), bond (snw.), bende (snw.), bondel (snw.), bundel (snw.), gebonde (bnw.):

(*a*) Spreek, skiet, lang, jaar, sny, toespreek, drink.

(*b*) Dwing, bied, rein, gaan, bedrieg, diep, maak, dik, verkies, warm.

HOOFSTUK 23

WOORDBETEKENIS EN WOORDGEBRUIK

OEFENING 1.

Wat word woorde met dieselfde betekenis, soos **slim** en **skrander**, genoem?

(*a*) Skryf nou al die woorde met eenderse betekenis uit groepe (I) en (II) langs mekaar:

Groep I: Aangenaam, altemit, naturel, woud, gee, dor, byna, dig, bevrees, treurig, onwaarheid, pragtig, profyt, verag, fris.

Groep II: Amper, gesond, droog, toe, droewig, fraai, minag, plesierig, leuen, wins, miskien, bos, bang, skenk, kaffer.

(*b*) Soos (*a*):

Groep I: Aanwesig, beweer, vra, kwel, aanstaande, onmiddellik, ophou, naak, naderhand, rumoer, siekerig, alledaags, boos, oorsaak, nadeel.

Groep II: Gewoon, dadelik, kwaad, kaal, rede, later, skade, geraas, olik, teenwoordig, staak, versoek, sê, pla, volgende.

OEFENING 2.

Gee sinonieme vir:

(*a*) Dom, trots, sterk, aaklig, skraal, baie, nietig, praat, eng, klim.

(*b*) Liggaam, krank, hoop, skriftelik, teenspoed, vreugde, ruim, morsig, eiendom, vlytig, gesprek.

(*c*) Aanbeveel, beroemd, eensaam, buurt, gemoed, vereffen, hinderpaal, twis, aanstons, kras, moedswillig.

OEFENING 3.

Maak sinne met onderstaande woorde en vervang hierdie woorde daarna deur sinonieme:

(*a*) Juis, gek, hot, lekker, links, lui, netjies, rats, vrolik, vriend.

(*b*) Arbeid, tyding, bliksem, boord, verhaal, heuwel, interessant, vertrek (snw.), ordentlik, afguns, liederlik.

(*c*) Horison, wysig, geestig, koddig, genot, leed, grof, kruin, ondeund, oorsprong, probeer, tydelik, suinig, wrang, hardvogtig.

OEFENING 4.

Gee eg Afrikaanse woorde vir die volgende vreemdes wat soms gebruik word:

(*a*) Moment, resultaat, advies, fisika, geografie, matesis, kalender, akkuraat, distansie, prinsipaal, informasie, applikasie, kompetisie.

(*b*) Ekwator, vokaal, konsonant, admireer, periode, eleksie, teleskoop, irrigasie, biografie, importeer, kontinent, patriotisme, episode, sillabe, felisiteer, lokaal.

(*c*) Suspisie, generasie, substituut, subskripsie, sisteem, koöperasie, literatuur, opponent, debiteur, kompensasie, emosie, industrie, kwantiteit, monopolie, professie, populasie, skema.

OEFENING 5.

Wat word woorde met die teenoorgestelde betekenis genoem?

(*a*) Rangskik die woorde van groepe I en II hieronder so dat dié met teenoorgestelde betekenis langs mekaar staan:

Groep I: Kneg, deuskant, ledig, nugter, verdedig, nooit, selde, gedeelte, skurf, versadig, slot, onkunde, lomp, tref, siel.

Groep II: Dikwels, geheel, glad, honger, kennis, liggaam, mis, rats, inleiding, ooit, aanval, besig, baas, anderkant, dronk.

(*b*) Soos (*a*):

Groep I: Welgesteld, vaag, rou, nederig, wanhoop, kortpad, ruig, eendrag, nageslag, orde, oorskot, leek, vertroue, oorsaak, seën.

Groep II: Yl, voorgeslag, wanorde, tekort, deskundige, ongeloof, gevolg, hoop, omweg, vloek, tweedrag, behoeftig, gaar, hoogmoedig, duidelik.

OEFENING 6.

Gee antonieme vir:

(*a*) Nêrens, noemer, skaars, teorie, druip, wakker, almal, kleinserig, voorspoed, verlede.

(*b*) Reus, bevoordeel, inheems, wreek, onguns, neerlaag, aankoms, nuwerwets, beskawing, minderheid.

(*c*) Sukses, onlangs, ywer, vereer, agteruitgang, leed, bewolk, prosa, heidendom, deug.

OEFENING 7.

Maak sinne met onderstaande woorde en vervang hulle dan met antonieme. Wysig die sin indien nodig:

(*a*) Verlies, waardevol, weelde, dankbaarheid, geloof, droefheid, nalatig, belet, opgeruimd, inkomste, nutteloos, onstuimig, verbeter, ontken, voorhoede.

(*b*) Stokou, halfhartige (optrede), geheime (bnw.), gedwonge, oppervlakkige, tydelike, vals, vaste, aanmoedig, horisontaal, las (snw.), opstandig, dwaas, opvlieënd, inderhaas, pessimisties.

OEFENING 8.

Skryf die verskillende betekenisse wat elkeen van die woorde hieronder het neer en maak dan sinne met die woorde om al dié betekenisse te laat uitkom:

(*a*) Lig, gas, das, was, koper, kan, weer, lei, ryk, rys, ken, arm, vier, brak, ons.

(*b*) Les, las, kies, krans, lees, gehoor, dom, nooi, deur, leer, ent, noot, ry, kos, skof, verband.

(*c*) Week, bot, ganse, pouse, gebied, pas, moer, egter, roede, gesel, staf, drif, pers, lyk, tog, tas.

OEFENING 9.

Maak duidelike sinne met onderstaande woordgroepe om die verskil in betekenis te laat blyk:

(*a*) Eis, ys; lei, ly; ryk, reik; reier, ryer; rys, reis; hard, hart; lood, loot; moet, moed; skud, skut; voed, voet.

(*b*) Bleik, blyk; styl, steil; seine, syne; leiding, lyding; weier, wyer; ent, end; rand, rant; wed, wet; Sweed, sweet; feit, fyt.

(*c*) Vlei, vly; wei, wy; bod, bot; gids, gits; graat, graad; kruid, kruit; raad, raat; faal, vaal; berei, bery; veil, vyl.

OEFENING 10.

Soos die vorige:

(*a*) Haal, hael; maer, maar; swaar, swaer; heidin, heiden;

stat, stad; noot, nood; rein, Ryn; eed, eet; boordjie, boortjie; peil, pyl; vee, fee.

(*b*) Vonds, fonds; pond, pont; lid, lit; fier, vier; boud, bout; bond, bont; geskied, geskiet; veld, velt; want, wand; grote, grootte, Finne, vinne.

OEFENING 11.

Spreek die woorde hieronder een vir een reg uit en maak dan ook met elkeen 'n duidelike sin:

(*a*) Seën, seun; meel, meul; huis, hys; lug, lig; se, sê; byte, buite, buiten; reuk, ruik, ryk; skeer, skeur; skyf, skuif.

(*b*) Reën, reun; lyk, luik; mislik, misluk; kas, kis, kus; keil, kuil; sig, sug; orde, order; leer, leër, lêer; wee, weë; leen, leun, leuen; klere, kleure.

(*c*) Keer, keur; wink, wenk; reling, reëling; keel, keël; tee, teë; teel, teël, teuel; dui, dy; gier, geur, guur; sif, suf; koel, koeël; berig, berug; wie, wieë, wîe.

OEFENING 12.

Maak verduidelikende sinne met elkeen van hierdie woorde:

(*a*) Laaste, laatste; buite, buiten, buitendien; doods, dodelik, dooierig; kinderagtig, kinderlik, kinds; gelede, verlede; liewe, lieflik.

(*b*) Gereeld, reëlmatig; beroemd, berug; alledaags, daeliks; bedrag, gedrag, verdrag; betyds, tydelik, tydig; verlig, oplig, belig.

(*c*) Bloedige, bloederige; erken, herken, ontken, beken, verken; verslaan, beslaan, ontslaan; gebruik, verbruik; eerlik, eervol, eerbaar (eersaam); radeloos, redeloos, onredelik; aantal, getal.

OEFENING 13.

Soos die vorige:

(*a*) Besoek, versoek; bestel, herstel, verstel, ontstel; sieklik, siekerig; bewonder, verwonder; bewoners, inwoners; kosteloos, kosbaar, kostelik.

(*b*) Bedien, verdien; verbreek, ontbreek; belofte, gelofte; aanmerking, opmerking; ingang, toegang; kouerig, kouelik; rusteloos, onrustig, ongerus.

OEFENING 14.

Verduidelik die betekenisverskil in onderstaande woordgroepe of maak 'n sin met elke woord:

(*a*) Help, hulp; verlig, oplig; beteken, meen, bedoel; self, selfs; kan, ken, weet; streep, lyn, reël; herinner, onthou.

(*b*) Ander, anders; eindelik, eintlik; intussen, tussenin; groei, kweek, teel; teenwoordig, teenswoordig; ui, ei, eie, eier, eien; order, bestelling, afspraak.

OEFENING 15.

Soos die vorige:

(*a*) Daarom, darem; proe, smaak; kwaad, kwaai; vantevore, van voor af; laaste, laste; dan, toe, wanneer; hê, hè.

(*b*) Ontdek, uitvind; noem, roep, heet; jaart, erf; eerste, eers, eens; begin, beginsel; verlede, gelede, oorlede.

OEFENING 16.

Soos die vorige:

(*a*) Kortliks, kort-kort; eendag, een van die dae, nou die dag; aand, nag, snags; so, dus; senings, senuwees; huis-toe, tuis, by die huis; lewe, woon, bly.

(*b*) Enige, enigste; amp, ambag; beroep, roeping; Indiër, Indiaan; as, of, soos; dog, tog; te danke, te wyte; ingenome, opgenome.

OEFENING 17.

Wanneer noem mens iemand:

(*a*) 'n Bangbroek, 'n tjankbalie, 'n handlanger, 'n kruidjieroer-my-nie, 'n nagwolf, 'n papbroek, 'n domoor, 'n geldwolf, 'n ja-broer, 'n penkop, 'n brompot, 'n maltrap, 'n draadsitter, 'n treurniet, 'n neulpot.

(*b*) 'n Lolpot, 'n smeerlap, 'n deugniet, 'n snuiter, 'n modepop, 'n niksnuts, 'n lokvink, 'n lummel, 'n draaikous, 'n platjie, 'n skobbejak.

(*c*) 'n Pokkel, 'n teerputs, 'n voorbok, 'n luistervink, 'n hanswors, 'n buffel van 'n man, 'n takhaar, 'n gomtor, 'n baantjiesoeker, 'n lieplapper, die skorrimorrie, 'n japsnoet, 'n korrelkop, 'n weerwolf, 'n robbedoe.

HOOFSTUK 24

WOORDESKAT (EN SPREEKLESSE)

(*a*) Verduidelik die begrippe aangedui deur die woorde in die oefeninge hieronder en/of

(*b*) gebruik die woorde in beskrywings en/of

(*c*) gebruik die woorde in spreeklesse.

(*d*) Skryf nog meer woorde in verband met dieselfde onderwerp by elke groep.

OEFENING 1. **Die woonhuis.**

(*a*) Sitkamer, spens, portaal, middeldeur, plafon, kelder, solder, kosyn, kaggelmantel, bolig, wasbak, stortbad, wasgoedkas, gloeilampie, skakelaar, muurprop, blinder, agterplaas, staandak, geut, koelkas, kussingsloop.

(*b*) Bedskakel, reisdeken, kapstok, teëls, parketvloer, kalkverf, stofsuier, riool, komvenster, bediendekamer, gloeistoof, smeltdraad, balkon, hanebalke, vensterluik, portretlys, plakpapier, deurposte.

OEFENING 2. **Die plaaslewe.**

(*a*) Jukskei, eenvoorploeg, ploegstert, wenakker, selfbinder, hark, dorsmasjien, langwa, naaf, buikplank, reling, ewenaar buikgord, stiegriem, stiebeuel, kenketting, teuels, leisels, swingel, damskrop, lammerooi, stang, trens, dopemmer.

(*b*) Skottelploeg, akker, vak, trensriem, 'n stroper (soort snymasjien), uitstrykvoor, agtertang, luns, skamelbout, springteuels, stringe, spatbord, koggelstok, sweetwol, gaffel.

OEFENING 3. **Winkels.**

(*a*) Toonbank, afslag, uitstel, winskopie, kwitansie, bakpoeier, breekgoed, vlapoeier, lemoengeursel, letterink, frambooskonfyt, kaneel, kerrie, meelblom, uitverkoping.

(*b*) Vertoonsaal, vensteruitstaller, voorraadopname, strokie („slip"), oorskietstukke, pypkan, skelvis („haddock"), dweil, omset, op sig, makelaar, groothandel, handelsmerk.

OEFENING 4. **Die stad.**

(*a*) Voorstad, busroete, agterbuurte, brandweer, slagpale, huurmotor, lykbesorger, kantienman, standplaas, duikweg,

hyser, roltrap, boekhandel, eiendomsagent, bougenootskap.

(*b*) Karweier, burgemeester, munisipale, normaalskool, kunsgalery, kragstasie, wolkekrapper, huurkoop, studentejool, haarkapper, teater.

(*c*) Skouburg, plein, grasperk, klooster, sanitêre diens, argief, winkelgang of deurloop („arcade"), kamerwonings (woonstelle), kleuterskool, skakelhuis (tweelinghuis — „a semi"), riool.

OEFENING 5. **Die konsert en die bioskoop.**

(*a*) Opvoering, opera, plekaanwyser, sitplekke bespreek, middagvertoning, rolprent, klankprent, stilprent, aktrise, toegang, vervolgprent, spotprent, kleurprent, 'n rol speel, loket.

(*b*) Voorprogram, verskeidenheidsprogram, komplimentêre kaartjie, regisseur, dècor, grimering, sensuur, vermaaklikheidsbelasting, skerm, foyer, loge, komediant.

OEFENING 6. **Die poskantoor.**

(*a*) Posseël, posorder, poswissel, teenblad, briefkaart, poskaart, inkomsteseël, opbel, frankeer, sentrale, hooflynoproep, spaarrekening, posbus, briewebus, adresboek.

(*b*) Kabelgram, poste restante, Unieleningsertifikaat, geld inlê, opvraging, posbode, oproep doen, gehoorbuis, oorstuk, mondstuk, possak, publieke telefoon.

OEFENING 7. **Die spoorweg.**

(*a*) Goederetrein, perron, eetsalon, bagasiewa, lokomotief, koeltrok, kompartement, reiskaartjie, sitplekke bespreek, retoerkaartjie, ekskursie, lieenreis, kondukteur, sneltrein, valhekke, vragbrief.

(*b*) Baanveër (buffer), brug (van die passasierswa), seinhuisie, rangeerder, stoker, masjinis, kelner, laaimeester, Afdelings-bestuurder, ploegbaas, kruier, bewaarkamer, treinrooster, goedereloods, wissels, deurgrawing („cutting").

OEFENING 8. **Sport.**

Voetbal. (*a*) breier, agterspelers, senter, neertrek, skepskop, losskakel, vryskop, heelagter, doellyn, skrumskakel, lynstaan, skeidsregter, losskrum, telling, vleuel.

(*b*) Slotvoorspeler, losvoorspeler, onkant, strafskop, dribbel, swenk, opsystap, plant (lak), vlagman, 'n drie aanteken, 'n drie vervyf, krukker, enkelskut, pypkan, nulspel, datumlys.

(*c*) **Atletiek.** Spykerskoene, rekord slaan of ewenaar, dwarshout, veldnommers, voorgee, spiesgooi, hekkiespringer, naelloper, uitdun, staffie, afloswedren, masseur, afsetter (tekengeër), peilvak, troosprys, op julle plekke . . . gereed . . . loop!

(*d*) **Tennis.** Afslaan, gelykop, voorarmhou, rakket, pot, stel, stroopstel, toernooi, onderdeur afslaan, lughou, veeghou, lynwagter, mokerhou, kaphou, terugkrul, handrughou, voordeel tuis, voordeel uit, gelykop, dertig — stroop.

(*e*) **Swem.** Rugslag (rughaal), borsslag (borshaal), kruipslag, vryslagswem, syslag, snelswem, plons, duik.

(*f*) **Korfbal.** Korf, buitelyn, middelkring, middelspeler, middelvleuel, hoofdoelgooier, hulpdoelgooier, dubbelfout, vrygooi, foutdoel, doelkring, kort aangee, polsbal.

(*g*) **Hokkie.** Vyf-tree-lyn, voorspelers (snellers), doelwagter, middel-, regter- en linkerskakels, binnesneller, vleuel, skerm („bully"), hoekhou, strafhoek, lang hoek, strafhou, strafskerm, inrol, skietsirkel, opskep, skeenskut.

(*h*) **Krieket.** Kolf, kolwer, grenshou, bouler, loslopies, goëlbal, slaanbeurt, by-paaltjie, wegpaaltjie, baan, glippe, paaltjieswagter, dryfhou, balkies.

OEFENING 9. **Oorlogvoering.**

(*a*) Interneer, rekruut, hoofkwartier, veldambulans, voorhoede, agterhoede, loopgraaf, tweede-luitenant, opperbevelhebber, slagskip, kruiser, verdonkering, torpedojaer, vuurtoring, konvooi, brandbom, skuilkelder, handgranaat, sweeftuig, valskerm, artillerie.

(*b*) Tenkskip, om te kelder, versink, patrollie, reserwemagte, bajonet, voetvolk, pantsermotor, ruitery, tydbom, frontberig, volgens plan terugtrek, eskadrielje, vlootbasis, mynveër, kuswagter, infanterie, krygsraad, lugafweergeskut, tenkafweergeskut, werwingsbeampte.

(*c*) Noodregulasie, communique, geniediens, brigadegeneraal, gevegsverliese, vooruitgeskowe stellings, jagvliegtuie, bomwerperformasies, skeepsruimte, blokkade, wig indryf, sektor, brisantbom, 'n torpedo lanseer, flankaanval,

mortier, strategie, offensief, skoktroepe, slag lewer, voltreffer, militêre doelwitte, patrolleer, valskermtroepe.

OEFENING 10. Die polisie en die gereg.

(*a*) Arresteer, aanklagkantoor, gevangenis, beskuldigde, getuienis, vrederegter, jurie, regter, hooggeregshof, eiser, klaer, onskuldig pleit, kruisverhoor, vonnis opskort, lokval, vingerafdruk, manslag, lokvink.

(*b*) Balju, hegtenis, sipier, dagvaar, kroonvervolger, verweerder, advokaat vir die verdediging, assessor, appèl aanteken, beëdigde verklaring aflê, borgtog, strafsitting, hardepad, vonnis voltrek, teregstel, prokureur-generaal, kommissaris van polisie, lasbrief.

OEFENING 11. Gereedskap en ambagte.

(*a*) Messel, troffel, waterpas, skietlood, beitel, voorhamer, rei, messellyn, katrol, saag, skrynwerk, boor en omslag, vyl, rasper, deurslag, duimstok, tang, els, lees.

(*b*) Tapwerk, borsie, skuurpapier, kwaste, groefie, loodgietery, soldeersel, soldeerbout, kousie („socket"), skroef, moersleutel, hefboom, draaibank, skroefhamer, koeëllaers, monteur.

(*c*) Vakleerling, werktuigkundige, sweis, smeltdraad, isoleerband, gloeilampprop („bulb holder"), kortsluiting, elektrisiën, wisselstroom, konneksie- of skakelprop („double connector"), glansleer, skoeisel, kroomleer, looisuur, looikuip, oorleer, bokleer.

OEFENING 12. Die motor.

(*a*) Versneller, battery is afgeloop of dood, battery laai of ontlaai, smoorklep, tweesitplektoermotor, sedan (toemotor), koppelaar, kattebak („dickey"), agterbak of boggel („dog box"), ligte verdof, uitlaatpyp, tru-versnelling, smeerolie, kets („misfire"), vonkprop.

(*b*) Verkoeler, bande versool, velling, skermveër, aansitter, skokdemper, onderdele, noodwiel („spare wheel"), stuurstang, agterlig, ewenaar, tweeslagmotor, vulkaniseer, vergasser, lugklep- of ventielveertjie, stroommeter (ampèremeter), terugslaan („back fire"), remvoering, enjinkap.

(*c*) Buffer, dinamo, versnellings oorskakel of wissel, krukas, knalopening, knaldemper, ontkool, stroomverdeler, vliegwiel,

ratkas, kleppe slyp, ontsteking, sproeier, smeerolie, oliebak, spuitskilderwerk („duco"), suiers, banddruk, lek (snw.), klepligter („tappet").

OEFENING 13. **Die radio.**

(*a*) Uitsaai, hersend, verdof, A-program, B-program, lugstorings, inluister, buis, aanslaan, afslaan, ontvangs, lugdraad, gronddraad, kortgolfsender, langgolftoestel.

(*b*) Uitsending, Radioraad, ateljee, omroep, dirigent, opnamesaal, radiolisensie, plateprogram, omroeper, wysterplaat, skakelknop, klankknop, instemknoppie, alomradio, plaatradio, staanradio, beeldradio.

OEFENING 14. **Fietse.**

Vurk, raamwerk, rubberlym, lappies, bus, naaf, velling, bandligter, speek, modderskerm, stuurstang, handvatsel, tandrat, kamrat, kettingreëlaar, rem, terugtraprem, klep, pompgorrel, agtersaal (motorfiets), spanwaentjie, driewieler, lekuitrusting, talk („French chalk").

OEFENING 15. **Verkeer.**

Verkeersligte, parkeer, parkeerplek, verkeerskonstabel, verkeersreëling, verkeersknoop, op verkeerdiens („point duty"), jaagkonstabel, trem, trembus, twee trekke, motorbus, enkeldekker, dubbeldekker, bushalte, terminus, vaartbelyn, eenrigting-straat, stopstraat, doodloopstraat („cul de sac"), busloods, busroete, verkeerseiland („circle").

OEFENING 16. **Die kafee.**

(*a*) Spyskaart, roosterbrood, roomys, sodawater, klontsuiker, spuitwaterdranke, vrugteslaai, voorgereg, kakao, gemmerbier, nageregte, soutvleis, omelet, ovaltien.

(*b*) Biefstuk, ertappelpuree („mashed potatoes"), spek en eiers, braaivleis of braaikos („grill"), roereiers, watereiers, lemoendrank („squash"), vars lemoensap, roomysdranke („ice cream sodas"), melkmout, roomysmelk („milk shake"), ingelegde perskes met roomys („peach melba"), roomyspiesangs („banana split"), twee koppies koffie („two coffees"), drie bakkies roomys.

OEFENING 17. **Aptekersware en toiletware.**

Hegpleister, badsout, breukband, trekwatte, ontsmettingsmiddel, laventel, lipstiffie, aptekersparaffien, kinien (kina), skeerseephervulling, vlugsout, naelstel, papierdoekies, haarwasmiddel, rooisel of blanketsel („rouge"), pomade, koelpomade, smeltpomade, fopspeen, pypkan.

OEFENING 18.

Noem van wat hieronder gevra word net soveel as moontlik op en gebruik elke woord in 'n sin:

1. Name van meubelstukke. 2. Onderdele van 'n koeëlgeweer. 3. Soorte tafel- en kombuisgereedskap. 4. Soorte vrugte, groente en graan. 5. Dele van 'n skip. 6. Blomname. 7. Inwendige en uitwendige liggaamsdele. 8. Soorte mansklere en damesklere. 9. Woorde gebruiklik in verband met handelsbanke. 10. Uitdrukkinge wat in verband met hospitale gebruik word. 11. Kaartspeelwoorde.

OEFENING 19.

Vertel hoe die volgende lyk, waaruit dit bestaan en wat daarmee gemaak word:

1. 'n Skopgraaf. 2. 'n Windpomp. 3. 'n Trembus. 4. 'n Klavier. 5. 'n Viool. 6. 'n Manshangkas. 7. 'n Bruidstabberd. 8. 'n Broeimasjien. 9. 'n Stofsuier. 10. Voortrekkerdrag (mans- en vroue-).

OEFENING 20.

Onderwerpies vir mondelinge en/of skriftelike werk:

1. Hoe 'n motorband gelap word. 2. Wat jy doen as die huisligte uitbrand. 3. Hoe tennis (voetbal, korfbal) gespeel word. 4. Hoe 'n kind geënt word. 5. Beskryf julle woonhuis en buitegeboue. 6. Wat jy alles moet doen om 'n pakkie weg te stuur. 7. Verduidelik die belangrikste dinge in verband met die verkeersreëling. 8. Watter reëlings is nodig as jy per trein gaan reis? 9. Hoe kry 'n mens 'n motor aan die loop? 10. Hoe bak moeder brood? 11. Hoe word 'n koeëlgeweer gelaai en afgevuur? 12. Wat alles moet 'n mens doen as jou huis aan die brand raak? 13. Bedui hoe 'n mens van jou huis (of van die poskantoor) na die kerkhof moet loop of ry.

HOOFSTUK 25

DIE ONTKENNING

OEFENING 1.

Skryf in die ontkennende vorm:

(*a*) 1. Hy stap altyd vinnig. 2. Sy loop baie rond. 3. Bartholomeus swem. 4. Hy praat heeltemal reg. 5. Was sy ooit in die Kongo? 6. Hulle weet. 7. Ek ken iemand. 8. Ja, hy kry iets. 9. Verwag baie! 10. Help hom daarmee. 11. Laat hom tog loop. 12. Hy drink die melk uit 'n beker. 13. Iets is weg. 14. Sy maak haar skoene altyd self skoon. 15. 'n Mens sal dit so doen.

(*b*) 1. Dit reën êrens. 2. Praat hy ooit? 3. Elkeen erf iets. 4. Laat dit maar gebeur. 5. Storm! 6. Mag dit reg wees! 7. Die babatjie loop al heeltemal. 8. Iemand vra iets. 9. Wees baie haastig. 10. Vertrou haar hiermee. 11. Bind dit styf vas. 12. Enigeen kan dit regkry. 13. Ek lees die koerant daagliks. 14. Praat julle seuntjie al? 15. Help mekaar!

OEFENING 2.

Skryf onderstaande sinne ontkennend deur van **moenie** gebruik te maak:

1. Herhaal jou antwoord nog 'n keer. 2. Loop dwarsoor die hoop sand. 3. Julle swem onder in die spruit. 4. Die meisies kom vra weer vir my raad. 5. Spring by die eerste en beste plek oor die draad. 6. Gaan by die voordeur in. 7. Spring bo-oor of kruip onderdeur! 8. Skryf die voorbeelde nou neer! 9. Jy bly baie lank weg. 10. Die seuns gaan pla die arme ou oom.

OEFENING 3.

Skryf onderstaande sinne in die ontkennende vorm maar op hierdie manier: (*a*) Maak eers die eerste vetgedrukte deel van elke sin negatief, (*b*) dan die tweede vetgedrukte deel en (*c*) ten laaste altwee die dele gelyktydig:

Ek het **gesê** dat hy 'n **leuenaar** is.
Sy **wou weet** of dit die **waarheid** is.
Die klerk **het gestaan** omdat daar **min mense** was.
Sy het **geslaap** want dit **was warm**.

Opmerking: Let daarop hoe die eerste deel se tweede NIE heel aan die end kom as die tweede deel nou verbonde is aan die eerste deel.

(*d*) Skryf in die ontkennende vorm en maak die vetgedrukte deel negatief:

(1) Sy het **geantwoord** dat sy onskuldig is.
(2) Hy het haar belowe dat hy sou **tuisbly**.
(3) Die dokter het **verklaar** dat die pasiënt **mal** is.
(4) Almal glo die feit dat ons meer belastings **moet betaal**.
(5) Hulle sal **gaan swem** al is dit ook warm.
(6) Dat sy haar man sal staan, wil ek **glo**.
(7) Die applikant het **beweer** dat hy alles ken.
(8) Wanneer hy so **praat**, verdraai hy die waarheid.
(9) Dat hy die **skuldige** is, weet ons almal.
(10) Die offisier het ons meegedeel dat ons manne **gevang** is.
(11) Omdat hulle bang is, **trek hulle** tot op die koppie.
(12) Almal het vertel dat dit **daar gereën** het.
(13) Ek **begryp** sy vraag want dit **is duidelik**.
(14) Vader het **gevra** wie laat ingekom het.
(15) Dit is die waarheid dat hulle **wil saamspeel**.
(16) Dat hy verkeerd was, sal hy **natuurlik ontken**.
(17) Ons sal **baie kan werk** as ons reën kry.

OEFENING 4.

Antwoord in goeie volsinne ontkennend op hierdie vrae. (Bv.: Ken jy die posmeester? Nee, ek ken die posmeester glad nie).

1. Weet jy waar die nuwe museum is? 2. Hou julle baie van die middagskool? 3. Slaap hulle snags graag buite? 4. Is jou suster ouer as jy? 5. Het jy al te voet hiervandaan rivier-toe gestap? 6. Word Boesmans nog oral in Suid-Afrika aangetref?

OEFENING 5.

Kyk of die ontkenning in onderstaande sinne reg gebruik word en verbeter waar nodig:

1. Jan nie slaap nie. 2. Haar ma skryf dat sy kan nie kom kuier nie. 3. Ons wens nie almal nie dat die skool vroeg

moet sluit nie. 4. Het jy nie gister gehoor nie of my broer nie meer weggaan nie? 5. My suster was nie al op 'n tentoonstelling. 6. Moenie hom so baie vra nie of hy al hier tuis is. 7. Ek het niks ter wêreld gedoen want ek verstaan glad nie my werk. 8. Die mooiste visse wil nie ongelukkig hier naby die rotse nie swem. 9. Nêrens in ons land is nog so 'n groot fabriek. 10. Niemand met 'n druppeltjie gesonde verstand sal glo dat die maan wat nog deur geen enkele mens besoek kon word, soos wat dikwels in 'n grap gesê word, van kaas gemaak is.

OEFENING 6.

Maak slegs die vetgedrukte woorde negatief en bring die nodige veranderings aan:

(*a*) 1. **'n Hele klomp** van hulle was afwesig. 2. Dogters, wie van julle was **al** by die see? 3. Was dit dan heeltemal **moontlik**? 4. Sy kon dit **heeltemal** verstaan. 5. Wie het **al iets** van Siberië gelees? 6. Het jy **al iemand** ontmoet wat so gaaf is. 7. So iets is van **groot** waarde. 8. Ons het **baie** gesweet. 9. 'n Prokureur **sowel as** 'n advokaat het my raad gegee. 10. Dit is **juis**; daarom glo ek dit.

OEFENING 7.

Skryf in die ontkennende vorm sodat die vetgedrukte woorde of dele negatief is:

1. **Die seun** wat so hard hardloop, **is my broer.** 2. **Hou toe** julle oë want ek **wil** 'n ander hemp aantrek. 3. Het **u gesê:** „Blaas dood die kers?" 4. Ons weet dat **Josef** dit aangevang het. 5. **Ons huis** wat daar naby die kerk staan, word verhuur. 6. Wie het dit? **U**?. 7. Die motor **wat so baie raas,** is nog taamlik goed. 8. Watter een is joue? **Daardie een**? 9. **Beide** Ouboet **en** Ousus studeer aan die universiteit. 10. Die voorman het ons **die versekering gegee** dat as ons hom wou ondersteun soos in die verlede met al sy ander baie belangrike planne wat deur party mense teengestaan is, maar wat tog in hul eie belang was, hy nog vir ons baie klippe uit die pad sou rol.

HOOFSTUK 26

DIREKTE EN INDIREKTE REDE

Abram sê vir Bernard: „Dit is vandag 'n heerlike dag. Gaan julle nie plaas-toe nie? Kon ek tog maar uit die stad wegkom!"

Hier word die **juiste** woorde van die spreker weergegee. Om aan te toon dat dit die werklike spraak van die spreker is, word die woorde tussen aanhalingstekens geskryf — ons haal mos die woorde van die spreker onveranderd, presies net soos hy hulle uitgespreek het, aan. Ons noem die spreker se **direkte** of **werklike** woorde **direkte rede.** Rede beteken woord, gesprek, toespraak (vg. redevoering).

As iemand anders nou oorvertel wat die spreker gesê het, en hy doen dit op sy eie manier dan het ons nie meer die direkte of onveranderde woorde van die oorspronklike (eerste) spreker nie. Hierdie oorvertelde veranderde spraak noem ons dus **indirekte rede.** Omdat nie meer die werklike woorde van die oorspronklike spreker aangehaal word nie, val die aanhalingstekens ook weg.

(i) So sou 'n derde persoon, Christiaan, wat bygestaan het toe Abram met Bernard gepraat het, die gesprek na 'n ruk as volg oorvertel het:

Abram het gesê dat dit daardie dag 'n heerlike dag was en gevra of hulle nie plaas-toe gaan nie. Hy het gewens dat hy uit die stad kon wegkom.

Of as volg as hy dit op dieselfde dag oorvertel:

Abram het gesê dat dit vandag 'n heerlike dag is en gevra of hulle nie plaas-toe gaan nie. Hy het gewens dat hy uit die stad kon wegkom.

Of, as hy dit onmiddellik oorvertel:

Abram sê dat dit vandag 'n heerlike dag is en vra of hulle (Bernard-hulle) nie plaas-toe gaan nie. Hy wens hy kon uit die stad wegkom.

(ii) Bernard self (die persoon met wie Abram gepraat het) sou dit as volg (op dieselfde dag) oorvertel het:

Abram het vir my gesê dat dit 'n heerlike dag is en gevra

of ons nie plaas-toe gaan nie. Hy het gewens hy kon uit die stad wegkom.

(iii) Abram kan ook self oorvertel wat hy aan Bernard gesê het:

Ek het aan Bernard gesê dat dit vandag (daardie dag) 'n heerlike dag is (was) en gevra of hulle nie plaas-toe gaan nie. Ek het die wens uitgespreek om uit die stad weg te kom.

In watter opsigte verskil die **indirekte rede** van die **direkte rede**?

1. By die **indirekte rede** is daar 'n passende inleidende sinnetjie wat die gevoel waarmee die spreker gepraat het, moet aandui en moet aantoon of hy iets gesê (of meegedeel) het, iets gevra of versoek het, iets gewens het, iets uitgeroep of beveel het.

Voorbeelde:

(i) **Mededeling:**
Die dokter het gesê: „Die kind is werklik ernstig siek!"
Die dokter het besorgd meegedeel dat die kind ernstig siek is.

(ii) **Vraag:**
„Waarheen gaan die reis, oom?" vra sy medereisiger.
Die oom se medereisiger het hom beleefd gevra waarheen sy reis gaan.

(iii) **Versoek:**
„Moet asseblief nie laat op die stasie aankom nie!"
Hy versoek hulle ernstig (het hulle ernstig versoek) om nie laat op die stasie aan te kom nie.

(iv) **Wens:**
„Was ek maar liewer dood!"
Hy het gewens (wens) dat hy maar liewer dood was.

(v) **Uitroep:**
„Bly nou tog stil! Ek kan nie skryf soos julle lawaai nie!"
Hy het ergerlik uitgeroep dat hulle moet stilbly. Hy kon nie skryf soos hulle lawaai nie.

(vi) **Bevel:**
Die kaptein het beveel: „Vuur!"
(i) Die kaptein het sy soldate beveel om te vuur.
(ii) Die kaptein het beveel dat sy soldate **moet** vuur.

2. Let ook daarop dat **die woordorde in die indirekte rede verander** omdat ons die hoofsinne in die direkte rede nou bysinne maak na voegwoorde (**dat** ens.). Die werkwoorde (die hele gesegde) kom dus nou aan die end van die sin.

As ons nie 'n voegwoord gebruik nie (want in mededelings kan die **dat** weggelaat word) bly die woordorde onveranderd.

Piet deel mee: „Ek **sal** môre **vertrek**."

of Piet deel mee hy **sal** môre **vertrek**.

3. **Die voornaamwoorde verander** na gelang van die persoon (oorverteller) wat die spreker se woorde oorvertel.

Voorbeelde:

Die onderwyser het vir Piet gesê: „Jy het 'n mooi opstel geskryf. Ek is baie tevrede met jou vordering."

(i) **'n Derde persoon vertel oor** soos Christiaan hierbo:

Die onderwyser het vir Piet gesê hy het 'n mooi opstel geskryf. Hy (die onderwyser) is baie tevrede met Piet se vordering.

1ste en **2de persoon** word **3de persoon** want die oorverteller praat nou van die 1ste en 2de persoon.

(ii) **Die persoon met wie die spreker gepraat het,** (Bernard hierbo) **vertel oor:**

Die onderwyser het vir my gesê dat ek 'n mooi opstel geskryf het. Hy is baie tevrede met my vordering.

Hier word die **2de persoon, 1ste persoon** (want die aangesproke of tweede persoon praat nou self). Die **1ste persoon** word nog **3de persoon** want die oorverteller praat van hom.

(iii) **Die spreker** (soos Abram hierbo) **kan self oorvertel wat hy gesê het:**

Ek het vir Piet gesê dat hy 'n mooi opstel geskryf het en dat ek baie tevrede met sy werk is.

Hier bly die **eerste persoon** onveranderd want dieselfde persoon praat wat oorspronklik gepraat het. Die **2de persoon** word nog **3de persoon** want die oorverteller praat **van** hom.

Opmerking. Die **inleidende sinnetjie** word elke keer passend verander.

Die volgende veranderinge kan dus plaasvind:

1ste persoon { Ek, my, myne > hy (sy), sy (haar) syne (hare)
Ons, ons s'n > hulle, hulle s'n.

2de. persoon { Jy, u, jou, jou(n)e > hy (sy), sy (haar), syne (hare).
Julle, u, julle s'n, u s'n > hulle, hulle s'n.
of { ek, my, myne.
ons, ons s'n.

4. Dit is soms nodig om woordjies **(bywoorde)** te verander: Die oorverteller vertel wat hy gehoor het miskien nie op dieselfde plek of tyd oor nie. Hy kan dus nie meer praat van **hier** of **vandag** nie, bv. —

Die tante sê vir die seuns: „Julle moet **môre** vir my **hier** by die poskantoor wag."

Die oorverteller vertel dit 'n paar dae later en ook nie meer by die poskantoor nie:

Die tante het vir die seuns gesê hulle moet die **volgende dag** vir haar **daar** by die poskantoor wag.

Hier > daar ook in al sy verbindings bv.
hierdie > daardie,
hiernatoe > daarnatoe ens.,
nou > toe of dadelik (of word weggelaat),
vandag > daardie dag,
gister > die dag tevore,
eergister > twee dae gelede of twee dae tevore,
môre > die volgende dag,
oormôre > oor twee dae of twee dae later,
môre-aand > die volgende aand,
gisteraand > die vorige aand,
vanmôre (-aand) > daardie môre (aand).

5. (i) **Tussenwerpsels** val weg. Die gevoel wat hulle uitdruk moet in die inleidende sinnetjie uitkom:

„Helaas, die boot was verlore!"
Hy het met ontsteltenis (teleurgesteld, aangedaan, wanhopig) uitgeroep dat die boot verlore was.

6. Die **aangesproke persoon** (-e) word weggelaat of paslik verander:

„Dames en here," het die spreker begin, „ek wil vanaand met u oor 'n baie belangrike saak praat."
Die spreker het hom tot die gehoor gewend en gesê dat hy daardie aand met hulle oor 'n baie belangrike saak wou praat.

7. Die **tyd** van die indirekte rede bly dieselfde as die tyd van die direkte rede. Slegs wanneer dit vir die betekenis nodig is, word die tyd soms verander:

„Ons gaan aan die end van hierdie jaar by my oupa kuier."

Hy het gesê dat hulle aan die end van hierdie jaar (d.w.s. as dit nog voor die end van daardie bepaalde jaar is) by sy oupa gaan kuier.

Kan ook wees:

Hy het gesê (jare daarna) dat hulle aan die end van **daardie** jaar by sy **oupa** sou gaan kuier.

Wenke:

(1) Kyk of die direkte rede 'n mededeling, vraag, wens, versoek, uitroep of bevel is en begin met 'n paslike inleidende sinnetjie.

(2) As daar reeds 'n inleidende sinnetjie is, moet jy daarmee begin en ook dieselfde tyd gebruik sover as die betekenis dit toelaat.

(3) As 'n lang stuk direkte rede in die indirekte rede oorgebring word, kan die inleidende sinnetjie by daaropvolgende sinne van dieselfde soort (mededelings, vrae, uitroepe ens.) weggelaat word. Sodra die soort sin verander, is 'n nuwe inleidende sin nodig:

„Julle het vandag 'n kans soos julle nooit weer sal kry nie," sê die smous vir die jongmense. „Dit is 'n regte uitverkoping. My wa is al verkoop. Môre gaan ek dorp-toe met die poskar. Maar waar bly die jongkêrels dan? Hier Gert, wil jy nie die mooi ring koop nie?"

Die smous verseker die jongmense dat hulle nooit weer so 'n kans sal kry nie. Dit is 'n regte uitverkoping. Sy wa is al verkoop. Die volgende dag gaan hy dorptoe met die poskar. Hy wil weet waar die jongmense bly. Hy spoor Gert aan om die mooi ring te koop.

(4) Lys van wwe. vir inleidende sinne:

Mededeling: Sê, vertel, meedeel, antwoord, beweer, verseker, waarsku, aanbeveel, voorstel, bekend maak, verhaal, berig, byvoeg, toevoeg.

Vraag en versoek: Vra, verneem, wil weet, uitvind, versoek, navraag doen.

Wens: Wens, begeer, hoop, verwag, spreek die hoop uit.
Uitroep: Uitroep, uitskree, bulder.
Bevel: Beveel, sê (moet), bevel gee, opdra.

(5) **Uitdrukkings om gevoel in die indirekte rede uit te druk:** Ernstig, verbaas, opgewonde, geskok, met gevoel, met dank, beslis, mooi, beleefd, dringend, wanhopig, met smart, met blydskap, verheug, opgeruimd, bars, hard, ontroer, aangedaan.

OEFENING 1.

Skryf in die **indirekte rede:**

(1) „My ma brei vir my 'n trui," sê die seun.
(2) „Ek kan die som nie regkry nie."
(3) „Ek sal jou vertel waar ons die skat begrawe het as jy my losmaak."
(4) „Jy kan my nie bedreig nie, al wil jy," sê die konstabel.
(5) „Kom vra nou vir my pa; hy is hier in die tuin."
(6) „Wat maak jy hier? Hoe is jou naam? Waar woon jy?"
(7) „Kom help my asseblief, Jan."
(8) „Het jy dit self gemaak?"
(9) „Hoe ver is die naaste dorp hiervandaan, ou jong?" wil die motoris weet.
(10) „Kom onmiddellik hierheen!"

OEFENING 2.

Skryf in die **indirekte rede:**

(1) Ek het my broer hierdie week nog nie gesien nie.
(2) Niemand weet beter as ek nie hoe moeilik dit is om vir jou vriend nee te sê.
(3) „Meneer, wil u nie tot die noodfonds bydra nie?" vra die kollektant.
(4) Klein Jannie wil weet: „Pa, waarom is hierdie muur soveel smaller as daardie een?"
(5) „Is dit nie omdat die een muur 'n binnemuur is en die ander 'n buitemuur nie?" vra Pa.
(6) „Daar kom die wa, die vierperdewa!"
(7) „Verbeel jou, hy wil vir my kom leer hoe om 'n vliegtuig inmekaar te sit!" roep die werktuigkundige (verontwaardig) uit.

(8) „Ons gaan nou huis-toe."
(9) Jan het gesê: „Pa, ek gaan more met my fiets skool-toe."
(10) „Hoe laat kom die trein op Bloemfontein aan?"
(11) „Waar kom al die duisende skoenlappers so skielik vandaan, oom Gert? Hoe weet hulle so goed dat ons hier angeliere geplant het?"
(12) „Foei, oom!" sê Minnaar, „dis darem 'n sonde om so 'n bloedjong kind na die oorlog te sleep!"
(13) „My jongste," merk die grysaard met trots op, „en my dapperste! Sal ek jou huis-toe stuur, Pietie?"
(14) In die tien gebooie staan:
Jy mag nie doodslaan nie.
Jy mag nie egbreek nie.
Jy mag nie steel nie.
(**Opm.** In die Bybel word aanhalingstekens weggelaat.)
(15) „Moenie so lelik praat nie!" bestraf pa vir Gert.

OEFENING 3.

Skryf oor in die **indirekte rede:**

(1) „Toe ek gister vir Piet hierdie nuwe boek wys, wou hy dit baie graag lees."
(2) „Ja, oom Jan, ek weet nou al wat oom hier wil hê!"
(3) „Sal jy bly wees om ook te kan saamgaan?" wil Malherbe weet.
(4) „Waarom moet ek bly wees? Wag daar dan iets besonders vir ons op Mooiplaas? Of wil jy my maar net nuuskierig maak?"
(5) Piet glimlag net en antwoord: „Ja, Pa, ek glo nie ek sal weer die kans kry nie."
(6) „Fransie, jy sal nou vir my jou haelgeweer moet leen; dit sal ek tenminste met een arm kan afskiet; die ou sanna is nou te swaar vir my," sê Piet aan sy broer.
(7) „Waar en wanneer het jy by ons mense aangesluit," wil die veldkornet weet.
(8) „Wanneer sien ons julle weer?" vra die gulhartige Wessels.

(9) „Kleinbooi, gaan vang gou vir Kolbooi vir my. Jy moet baie gou maak want ek is vreeslik haastig. Saal hom sommer klaar op en bring hom hier."

(10) „Skiet burgers, skiet!" beveel die kommandant. „Staak dadelik julle vuur! Daar gaan die witvlag op!"

„Hoerê, ons het gewen!"

OEFENING 4.

Skryf in die indirekte rede:

A. Begin met die gedeelte tussen hakies:

(1) „Die man wat gister deur die polisie gevang is, het verlede week by drie huise ingebreek" (Jan vertel dat . . .)

(2) „Sal ek jou nou nie weer sien voor die posboot vertrek nie?" (Die matroos het gevra . . .)

(3) „Moenie daardie perd losmaak voor sy baas terugkom nie." (Die kaptein beveel my . . .)

(4) „Ag, ons sal nie te laat kom!" (Die leier verseker hulle dat . . .)

B. „Wynand," sê Dina, „red vir Dolf."

„Kom Heklie, my arme ou perd," sê Wynand. „Daar is nog iemand vir jou om te red! As jy dit haal sal ek jou 'n maand in die stal hou sonder werk."

„Het jy vir Dina uitgekry?" vra Dolf.

„Ja, Dolf, sy is veilig, maar die perd is kapot. Hy sal ons twee nie uitbring nie. Kan jy swem, Dolf?"

„Taamlik, ja, maar nie deur hierdie stormwaters nie."

„Klim op, Dolf," sê Wynand terwyl hy na hom toe swem.

„En jy?" vra Dolf.

C. (Begin met: Die oudste seun het vir sy vader gesê . . .)

„Ek dien u al so baie jare en vir my gee u nooit 'n bokkie sodat ek saam met my vriende kan vrolik wees nie. Maar as hierdie seun van u terugkeer, slag u vir hom die vetgemaakte kalf. Ek sal nie in die huis gaan nie."

D. Begin met: Die professor het aan sy studente gesê:

„Dis die eerste keer dat ek met my studente saam feesvier. Ek moet erken dat hierdie funksie vir my baie beteken. My begeerte is om my lewe lank student

te bly; ek hoop dat u my weer in die geleentheid sal stel om so met u saam te kom. Hartlik dank!"

OEFENING 5.

Sit oor in die **indirekte rede:**

A. Esopus het eendag op 'n wandeling 'n wandelaar teëgekom wat hom beleefd gevra het:

„Vriend, sê bietjie hoelank moet ek loop voordat ek daardie stadjie daar anderkant bereik?"

„Loop, man!" antwoord Esopus.

„Ja, dit weet ek wel, ek moet loop as ek verder wil kom, maar ek wil van jou weet hoelank ek moet loop."

„Maar loop, man!" antwoord Esopus nogeens.

„Die kêrel se bont varkie makeer, soos dit lyk, seker 'n slag van die windmeul weg!" sê die wandelaar en loop brombrom weg.

Net toe hy so 'n ent ver was, skree Esopus: „Hier jy, ou kêrel, net 'n woordjie! Binne twee uur kan jy in die dorpie wees."

„So, so, nou kan jy praat! Waarom het jy dit dan nie vroeër gesê nie?"

„Hoe op aarde kan ek jou vraag beantwoord as ek jou nog nie sien loop het nie; ek moet tog weet of jy gou of langsaam loop!"

B. „Wel Piet, maar jy's darem 'n mooi kêrel. Vanmôre vroeg het jy al in die Kaap gekom soos Basie my vanmiddag vertel het, en jy het ons nog nie eers kom opsoek nie. Maar man, wat makeer jou arm en jou oog, Piet?"

„'n Tier het my so gekry," antwoord die jong boer.

„En is jy daaroor skaam om by ons te kom?" sê Jan Greef. „Is jy bang dat Mooi Annie jou nie meer sal aankyk nie? Sy was vandag al tweemaal by ons om te vra of ons nog niks van jou gehoor het nie."

C. „Ek het so gedink," sê die man op droewige toon. „Ek het geweet dat as jy my gesien het, Annie, jy my nie meer sal liefhê nie. Og, waarom het die tier nie sy werk klaargemaak nie?"

D. „Piet, Piet! Moet tog nie so praat nie! Piet, ek huil nie, omdat ek jou nie liefhet nie. Nee, ek huil omdat dit my seermaak dat jy so 'n slegte gedagte van my het; Piet, al was jy ook nog tienmaal meer vermink, al het die wrede tier

jou nog meer mishandel, dan sal ek jou tog nog altyd liefhê. En my rykdom, Piet, het ek net lief omdat jy daar is om dit met my te deel."

OEFENING 6.

Skryf in die direkte rede:

A. Jan vertel dat hy daardie môre 'n ou vriend van hom raakgeloop het.

B. Die vriend wou van Jan weet hoe dit nog met hom en sy huisgenote gaan.

C. Jan het sy vriend verseker dat dit met almal tuis nog baie goed gaan. Net sy pa is nie meer so sterk soos voorheen nie. Hy self skyn egter agteruit te verjaar.

D. Jan vra toe waar sy vriend al die jare rondgeswerf het want vir sewe jaar het hulle geen taal of tyding van hom verneem nie.

E. Die vriend het aan Jan verduidelik dat hy saam met sy oom na Holland was waar hy in die medisyne studeer het. Hy moes baie onverwags vertrek en kon nie eers sy vriende gaan groet nie. Hy was besonder bly om weer in sy vaderland terug te wees.

F. Die kaptein sê dat hy miskien nog tien dae daar bly lê. As hulle lus het, kan hulle hom kom besoek om te verneem hoe dit gaan. Kom hy oor 'n paar maande in Cadiz, dan kan hy hulle vader gaan opsoek om hom te vertel wat hy uit hulle eie mond gehoor het.

G. As hy hulle raad skuldig is moet hulle die bootman se suster opsoek. Hy (die bootman) het hom vertel dat hy hulle aangeraai het om 'n ankerplek daar te probeer kry en hy (die bootman) is 'n eerlike man. Hy wou toe weet of hulle nog iets wou vra. Hulle antwoord ontkennend. Hy wens hulle dan alle geluk toe in hulle nuwe onderneming.

H. Spekkie sê dat hulle kom groet. Die vrolike kok roep gemaak ernstig uit dat hy gedink het hulle wil 'n kaskarapilletjie hê. Verontwaardig antwoord hulle dat hy sy nare goed vir homself moet hou. Die kok wou toe weet waar hulle heengaan. Hulle antwoord dat hulle die bootman se suster gaan opsoek. Die kok meen ook dat dit die beste is wat hulle onder die omstandighede kon doen.

I. Swanepoel beveel die twee voorste prisoniers om te halt en daar te wag. Hy verklaar dat hy van mening is dat Marais

die waarheid praat. Hy vra sy kamerade wat hulle van die saak dink. Hulle is oortuig dat Marais onskuldig is en beveel aan dat hulle hom dadelik loslaat.

J. Sy vra waarom hy haar Krysie noem en hy verduidelik dat hy die ou oom haar so hoor noem het. Hy vra of sy seergekry het. Sy was net 'n bietjie moeg. Sy wou graag weet wat sy naam is. Hy antwoord dat hy as hy op 'n verkenningtog uit is, geen naam het nie.

OEFENING 7.

Sit oor in die direkte rede:

A. Nelie wil by haar ma weet waar haar pa heengaan. Die moeder bid dat die Here haar en haar kinders moet help.

B. Die kindertjies smeek Tannie Skoonlief om nie weg te gaan nie. Hulle sê hulle het nie 'n mammie nie. Hulle vra haar om hulle mammie te wees.

C. Heskwa sê vir sy Oubaas dat baas Willem weer daar is om die hond te kom haal. Hy sê die hond het hom losgebyt.

D. Die Oubaas sê vir Heskwa hy moet vir die baas sê hy sal hom 'n span rieme gee vir daardie één wat ou Roman stukkend gebyt het; maar hy moenie hom weer kom haal nie.

E. Dolf sê vir Wynand dat dit hom spyt; daar is nie plek op die bokkie nie, anders sou hy hom oplaai. Wynand moet maar sy perd opsaal en agterna kom. Wynand sê ernstig dat hy nie kom om te vra om saam te ry nie. Hy kom hom sê om te bly. Kiewiet het hom gesê die rivier is vol, en hy het daardie groot kop uitgeklim om te kyk. Dolf kan nie deur nie.

Dolf antwoord grootpraterig dat hy 'n Namakwalander is en vra of Wynand dit nog nie uitgevind het nie. Die Grootrivier loop by sy plaas verby en nou wil hy hom daar met hulle brakwatertjies bangmaak.

Dina sê aan Dolf met 'n spotlaggie dat Wynand maar bangerig is.

Wynand wend hom tot Dina en smeek haar om daar te bly en Dolf daar te hou. Hulle weet wat die rivier is en Dolf nie.

Dolf sê kortaf vir Wynand dat hy moet padgee voor die perde. Hy (Dolf) kan nie heeldag met hom staan en gesels nie.

HOOFSTUK 27

IDIOME

Sommige kinders laat hul skoolwerk al te graag links lê en gebruik hul vrye tyd net om te speel of kaatjie van die baan te wees. Met hulle gaan dit altyd al hoe meer afdraand totdat die eksamentyd voor die deur is. Dan wil hulle in een of twee dae berge versit omdat hulle bang is dat hulle anders in die eksamen aan die pen sal ry. Ander kinders wat dink dat hulle slim is, rus weer te veel op hul louere en kom meestal ook met die kous oor die kop anderkant uit. Maar die paartjies wat nie tou opgooi nie, al trek hulle ook soms noustrop en wat maar altyd deur die stringe styf hou, kom gewoonlik met vlieënde vaandels daarvan af. Hulle kry dan ook gewoonlik pluimpies van hul onderwysers en ouers terwyl hul maats wat maar altyd laat slap lê, baiemaal streepsuiker by die prinsipaal kry en op die koop toe by die huis swaar moet gaan les opsê of selfs moet riemspring.

OEFENING 1.

(*a*) Onderstreep al die spreekwoordelike uitdrukkinge in die stukkie hierbo en sê wat elkeen beteken.

(*b*) Skryf bostaande stukkie nou oor en vervang soveel van die spreekwoordelike uitdrukkinge as moontlik deur ander spreekwoorde.

(*c*) Skryf bostaande stukkie weer oor maar vervang alle spreekwoorde deur uitdrukkinge wat nie spreekwoorde is nie.

(*d*) Vergelyk nou die drie stukke en sê watter een jou die meeste geval. Waarom?

OEFENING 2.

Voltooi onderstaande spreekwoorde en verduidelik elkeen:

(*a*) 1. As die kat weg is .... 2. Land en sand .... 3. Jy het die klok hoor .... 4. Besmeer jou met semels .... 5. Waar 'n rokie is .... 6. Sy oë is groter .... 7. Moenie slapende .... 8. Twee vlieë in .... 9. Weet hoe die vurk .... 10. Iets vir 'n appel en .....

(*b*) 1. 'n Mens moet nooit se: „Fonteintjie ..... 2. Bloed kruip ..... 3. 'n Goeie begryper het ..... 4. Rome is nie

..... 5. Weet waar Dawid die ..... 6. As jy 'n hond wil slaan ..... 7. Van Pontius na ..... 8. Ondervinding is die beste ..... 9. Die beste stuurman staan ..... 10. Steen en .... te kla.

OEFENING 3.

Gee spreekwoorde wat met onderstaande verklarings sal ooreenstem en maak gebruik van die gegewe sleutelwoorde:

1. Niks lus wees vir wat jy eet nie, (tande). 2. Probeer om in iemand se guns te kom, (voetjie). 3. Iemand te hinder in sy werk (wiele). 4. Kinders kom na grootmense aan die beurt (langore). 5. Baie swaar kry (hotagter). 6. Om iemand wat jou sal wen te ontmoet (Moses). 7. Kwel jou maar oor die opmerking as jy skuldig is (skoen). 8. Om niks te sê te hê nie (mond). 9. Die planne moenie deurgevoer word nie (dadels). 10. 'n Mens moenie te nuuskierig wees nie (wolwehok).

OEFENING 4.

Verduidelik die betekenis van hierdie spreekwoorde:

1. Die bal misslaan. 2. Hy sal nie ou bene maak nie. 3. In die land van die blindes is eenoog koning. 4. Soos water op 'n eend se rug. 5. Deur jou nek praat. 6. Sy kan dit nie oor haar hart kry nie. 7. Iets op jou maag skryf en met jou hemp doodvee. 8. Om die spit af te byt. 9. Daar sal nog baie water in die see moet loop. 10. Iemand om die vinger draai.

OEFENING 5.

Vul onderstaande spreekwoorde met gewone sinnetjies aan om hulle te verduidelik, soos by die eerste:

(*a*) 1. Wat nie doodmaak nie, maak vet, sê Moeder toe sy van honger die slegte kos eet. 2. Hoe meer haas, hoe minder spoed, het mnr. Roos gesê toe ..... 3. Hy het weer met die verkeerde been uit die kooi geklim want ..... 4. Die ou takhaar ken nie 'n A voor 'n B nie omdat ..... 5. Dit is husse met lang ore, het Ousus geantwoord toe ..... 6. Waar die hart van vol is, loop die mond van oor, het hy geterg toe ..... 7. Van die os op die esel, het sy gesê toe ..... 8. Daar is êrens 'n skroef los aangesien ..... 9. Ek sal 'n stokkie daarvoor steek want soiets ..... 10. Dit gaan nou

weer alles voor die wind, het hy verseker toe ..... 11. Dit is bokant my vuurmaakplek want .....

OEFENING 6.

Wanneer sê ons dat 'n persoon

(*a*) 1. Hoog in aansien is? 2. Van Adam se kant van jou familie is? 3. Beenaf op 'n nooi is? 4. Nie droog agter sy ore is nie? 5. Platsak is? 6. 'n Breë rug het? 7. In iemand se slaai krap? 8. Die kat uit die boom kyk? 9. 'n Orige jukskei is? 10. Se hart in sy keel sit?

(*b*) 1. So slim soos die houtjie van die galg is? 2. Met die helm gebore is? 3. Nie op haar mondjie geval is nie? 4. Iemand 'n rat voor die oë draai? 5. Die splinter in 'n ander se oog sien, maar die balk in sy eie vergeet? 6. Gestewel en gespoor is? 7. 'n Steen des aanstoots is? 8. 'n Agterryer van iemand anders is? 9. Op sy fleur is? 10. Iets aan sy kwas kry? 11. Die ware Jakob is?

OEFENING 7.

Sê die gedagtes in onderstaande sinne op jou eie manier oor en vermy die vetgedrukte woorde:

(*a*) 1. My broertjie eet alles wat hy hoor vir **soetkoek** op. 2. Die man laat die vrou nie toe om op sy **kop** te sit nie. 3. Jou woorde het nie sommer in my **klere** gaan sit nie. 4. Jy moet nooit te veel hooi op jou **vurk** neem nie. 5. Die arme man staan onder die **pantoffelregering.** 6. Jou opmerking was **water** op sy meul. 7. Jy het die **spyker** baie mooi op die kop geslaan. 8. Hy het alles sommer uit sy **duim** gesuig. 9. Dit is nie reg dat jy die gegewe perd in die **bek** kyk nie. 10. Ons moet maar **gras** oor daardie treurige geskiedenis laat groei.

(*b*) 1. Waarom lyk jy vandag so **bekaf**? 2. Ek het my gister **boeglam** gewerk. 3. Sy gaan 'n **bokwagter** word. 4. Ons kos is nou **boomskraap.** 5. Pasop dat jy nie weer so 'n **flater** begaan nie. 6. Sy het so **hittete** op die slang getrap. 7. Ek was in 'n **kits** met alles klaar. 8. Die inbreker het die speurders sommer maklik **koudgelei.** 9. Hy is tog 'n **onderduimse** vriend. 10. Die aand was almal **pootuit.**

OEFENING 8.

Voltooi onderstaande spreekwoorde wat ons laat dink aan:

(*a*) **Dronkenskap.**

1. Die ou rondloper is vandag weer .. aan. 2. Hy was gisteraand net ..geklam. 3. Hulle het almal stywe .. gesteek. 4. Hy was sommer gou hoender... 5. Hy praat deurmekaar want hy het alweer sy .. gelig. 6. Hy het so woes .. dat hy slinger-slinger geloop het. 7. Moenie met hom praat nie want hy is alweer ... 8. Waarom het jy gisteraand weer twee .. .. geloop. 9. Hy was nou so .. van die wyn dat hy nie kon saampraat nie. 10. As hy so laat huis-toe kom, moet jy weet hy het weer in .. .. gekyk.

(*b*) **'n Pak slae.**

1. Hy het nou net ..stert gekry. 2. Is jy nie bang vir ..suiker nie? 3. Ek sal jou op jou .. gee. 4. Die prinsipaal laat ons o.. loop. 5. Pasop dat julle nie die ..olie proe nie.

(*c*) **Vlug.**

1. Toe die lig aangeslaan word, het ons laat ... 2. Ons moes ons .. dra om los te kom. 3. Die dief het dadelik .. neergelê bos-toe. 4. Toe die skoot val, het die inbrekers die wêreld ... 5. Ons moet ons uit die .. .. voor dit te lig is.

(*d*) **Malheid.**

1. Sy bont .. is weg. 2. Hy het 'n klap .. .. 3. Moenie jou aan hom steur nie want hy is .. .. getik. 4. Die man kan regtig nie by .. .. .. wees nie. 5. Julle lag vir hom maar ek dink daar is met hom 'n .. los.

(*e*) **Doodgaan.**

1. Hy is lankal ..-toe. 3. Daar is drie van my skape van die .. ... 3. Hulle sal nog almal daar in die wildernis lepel .. .. 4. Ek het drie bokke na mekaar in die .. laat ...

OEFENING 9.

Gee spreekwoorde vir hierdie beskrywings:

1. Iets op dieselfde manier oor en oor te doen. 2. As jy te haastig is, beland jy net in die moeilikheid. 3. Iets raak sommer so onder die oë weg. 4. Iets deur iemand wat nie daarmee vertrou kan word nie, te laat oppas. 5. Om nog met iemand ernstig oor iets te wil praat. 6. Hy oortref hulle almal. 7. Jy sal hom nooit weer sien nie. 8. Bekommer jou

eers oor jou eie sake en dan oor dié van 'n ander. 9. Om sommer self 'n onware verhaaltjie agtermekaar te sit. 10. Iets is beter as niks.

OEFENING 10.

Verklaar onderstaande spreekwoorde:

(*a*) 1. Aardjie na sy vaartjie. 2. Eers Baas en dan Klaas. 3. Elke hart het sy smart. 4. End goed, alles goed. 5. Hoe groter gees, hoe groter bees. 6. Met die hoed in die hand, kom jy deur die hele land. 7. Van die hand na die mond, val die pap op die grond. 8. Oulap se rooi maak mooi. 9. Na vrolikheid kom olikheid. 10. Geld wat stom is, maak reg wat krom is.

(*b*) 1. Eie haard is goud waard. 2. Môrestond het goud in die mond. 3. Ek meneer en jy meneer en wie sal die wa smeer? 4. Besin eer jy begin. 5. Praatjies vul nie gaatjies. 6. Lui by die vak maar fluks by die bak. 7. Die heler is so goed as die steler. 8. Naberou is galberou. 9. Dit smaak na teer en ek vra na meer. 10. Nie van iets te tjik of mik nie.

OEFENING 11.

(*a*) Gee die betekenis van die volgende spreekwoorde of maak 'n sin met elkeen:

1. Nie boe of ba sê nie. 2. Bak en brou. 3. Buig of bars. 4. Deur dik en dun. 5. Met huid en haar. 6. Kant en klaar. 7. Kind nog kraai. 8. Met man en muis. 9. Pens en pootjies. 10. In rep en roer. 11. Soort soek soort. 12. Hot en haar. 13. In wind en weer. 14. Dubbel en dwars. 15. Vuur en vlam. 16. Van koeitjies en kalfies praat.

(*b*) Vul onderstaande spreekwoordelike uitdrukkinge aan en gee die betekenis van of maak 'n sin met elkeen:

1. Sonder om te blik of te ... 2. Voor dag en .. opstaan. 3. Met gunste en ... 4. Dit te kus en te .. hê. 5. Deur skade en ... 6. Pimpel en ... 7. Wyd en ... 8. Wie nie waag, wie nie ... 9. Taal nog .. ontvang. 10. Die prag en ... 11. Die wel en ... 12. Met stampe en ... 13. Wild en .. skree. 14. Baie te wik en ... 15. Willens en .. te doen. 16. Sonder slag of ...

HOOFSTUK 28

ANGLISISMES, ENGELSE WOORDE EN VERTALING

OEFENING 1.

(*a*) **Woorde en idiomatiese uitdrukkinge.**

Daar gaan die klok, i.p.v. daar lui die klok.
Sy oordoen darem baie, i.p.v. sy oordryf darem baie.
In plekke was daar baie klippe, i.p.v. op plekke ....
Dit vat die koek, i.p.v. dit oortref alles.
Gee die Engels vir bostaande en toon dan aan hoe dit telkens ooreenstem met die verkeerde uitdrukkinge.

(*b*) **Uitspraak.**

Definisie: def-fi-ni-sie, i.p.v. de-fi-ni-sie.
Politiek: pol-li-tiek, i.p.v. po-li-tiek.
Evolusie: ev-vo-loe-sie, i.p.v. e-vo-lu-sie.
Telegram: tel-le-ghram, i.p.v. te-le-gram.

Spreek die Engelse woorde vir bostaande versigtig uit en vergelyk dié uitspraak dan met die uitspraak van die Afrikaanse woorde.

(*c*) **Spelling.**

Suid Amerika, i.p.v. Suid-Amerika.
Tennis baan, i.p.v. tennisbaan.
Bottle, i.p.v. bottel.
Tripple, i.p.v. trippel.

Probeer verduidelik waarom hierdie Afrikaanse woorde op hierdie manier verkeerd gespel word.

(*d*) **Sinsbou.**

Let op die ooreenkoms tussen die verkeerde Afrikaanse sinne en die Engelse sinne:

(1) Jy moet jou **gedra** in die kerk, i.p.v. (You must behave yourself in church.)	jy moet jou in die kerk gedra.
(2) Hy sê dat hy **ken** my oom goed, i.p.v. (He says that he knows my uncle well.)	hy sê dat hy my oom goed ken.

(3)	Sy glo dat sy die regte ding **gedoen het** vir hom, i.p.v. (She believes that she did the right thing for him.)	sy glo dat sy vir hom die regte ding gedoen het.
(4)	Vandag ons **gebruik** vliegtuie, i.p.v. (Today we use aeroplanes.)	vandag gebruik ons vliegtuie.
(5)	Eers hy **wou** nie die woord sê nie, i.p.v. (At first he would not say the word.)	eers wou hy nie die woord sê nie.
(6)	Hy wil **terug** na die plaas **gaan**, i.p.v. (He wants to go back to the farm.)	hy wil na die plaas teruggaan.
(7)	Die speurders, **nadat hulle hom vrae gevra het**, het weggery, i.p.v. (The detectives, after they had asked him questions, rode away.)	nadat die speurders hom 'n paar vrae gevra het, het hulle weggery.
(8)	Die houtwerk word gedoen **deur Johan**, i.p.v. (The wood work is done by Johan.)	die houtwerk word deur Johan gedoen.

Opm. 1. In die lydende vorm moet die „instrumentalis" nie heel aan die end van die sin staan nie.

(9)	Ek gaan oorsee **aanstaande jaar**, i.p.v. (I am going overseas next year)	ek gaan aanstaande jaar oorsee.

Opm. 2. Bepalings van tyd kom voor ander soorte bepalings.

Uit bostaande voorbeelde blyk hoedat die karakter van die Afrikaanse taal ten opsigte van o.a. sy woordeskat, idiome, uitspraak en sinsbou deur Engelse invloed aangetas en selfs vernietig kan word. Sulke woorde, uitdrukkinge en sinne wat eintlik Engels is en dus nie die Afrikaanse vorm is waarin ons dit moet uitdruk nie, word **Anglisismes** genoem.

UITSPRAAK

OEFENING 2.

Spreek onderstaande woorde stadig en versigtig uit en verdeel hulle ook in lettergrepe:

(*a*) Telefoon, motor, kamera, positief, Julie, Indië, grammofoon, rumatiek, element, professor, sigaret, verlore, kafee, daaroor, proklamasie.

(*b*) Politikus, definitief, daar ver, gelling, minister, politoer, teleskoop, revolusie, absoluut, Tokio, Marais, propaganda, Waterkloof, Johannesburg, Bloemfontein, spiritus, televisie, Juda, regulasie.

SPELLING

OEFENING 3.

Verbeter hierdie Anglisismes:

Kaffir, will, middle, friend, kannie, vant, laste („last"), winkle, addres, ah!, grammafoon, aktries, hartelik, Kerk Straat tak, akker boom, vyf („five"), viertien („fourteen"), kooi („cow"), vliegtuig modelle.

WOORDESKAT EN IDIOOM

OEFENING 4.

Vervang die Anglisismes hieronder deur suiwer Afrikaanse vorme:

(*a*) Ons soek vir 'n hotel. Ons bly al lank in Tempe. Ons moet die eerste bus vang. Hy is nog sommer 'n klein seun. In die vakansies was ek siek. Skryf gou na haar. Waar sal ons gaan? Hy kam sy haar. Ek was deur haar uitgenooi. Hulle roep hom Pieter. Ek het my 'n visstok gekoop. Die ander dag. Bed-toe gaan. Hoe is dit by julie? Meer of min.

(*b*) Jy moet jou jas aansit al haal ek myne af. Vir 'n wandeling gaan. 'n Wonderlike natuurtoneel! Hy is dood van slangbyt. Sy wou hom nie trou nie. Sy het verby my gestap. Al van hulle was daar. In 'n paar minute sal ek terug wees. Sy het met haar dogter gewoon. Ek het met my pa gekom. Party speel, anders werk. My oom en ek. 'n Harde skreeu gee. Sy staan haar bediende glad nie. Juffrou, bring ons asb. twee koffies en twee roomyse. Hy het haar 'n koppie tee gestaan.

(*c*) Martjie en Roelf was by die huis afgelaai. Ek kon hulle in 'n afstand sien. Agter ek daar weg is, het die boodskap gekom. Dis tot 'n groot mate jou skuld. Om agter die pasiënt te kyk. By die tyd. Die leeu het vir die jagters gespring maar hulle gemis. Die kondukteur het die passasier op die stasie afgesit. Al die mielies was weggewas by die reën. Mag ek 'n stukkie koek hê. Om 'n skip te sink. Hy is kwaad en so is ek. Sy sit haar baie uit vir hom. Moenie so hard wees op hulle nie. Iemand se been te trek.

OEFENING 5.

Soos die voorafgaande:

(*a*) Ons het Maandagnag bioskoop-toe gegaan. Die klip het die venster geslaan. Ons het laat ontbyt gehad. Jy maak my lag. Ek wil met jou wees. Daar loop Dirk's se pa. Hul lag na my. Die motor het sy fiets geslaan. Sy neem haar medisyne gereeld. Ons het af die straat geloop. Nou kry 'n bietjie water! Hulle het vir 'n swem gegaan. My pa was al sy lewe 'n boer. Ons het die uitstappie goed geplan. Hulle het vir die bos gemaak.

(*b*) Daar is baie bome in ons jaart. Hy het gou aan die slaap geval. Ek weet nie as jy nou al moet loop nie. Toe die skoot knal, het die bok neergeslaan om nie weer te roer nie. Die amptenaar wat nou op pensioen aftree, vertrek aanstaande week op vakansie. Hier is die man wie my gehelp het. Sy het haar redder uit blydskap gesoen. Ek sal jou kom sien myself. Ons was net vyf myle uit van die dorp. Ons het in die stroom gaan swem. Ek moet beter my hoed saamvat. Dit het in winter gebeur. Ek het my been lank gelede, nog voor ek skool-toe gegaan het, gebreek. Sy het al die tyd lê en slaap. Die ink is klaar.

OEFENING 6.

Soos die voorafgaande:

(*a*) Hulle het my 'n lied maak sing. Ek het doodstil gelê want ek was so bang. Vandat ons daar gekry het, was ons siek. Ons moet nog pak voor ons kan vertrek. Sy het gaan sien wat gebeur het. Ek het alleen daar gegaan. Ons het vir die klokslae geluister maar niks gehoor nie. Ons moet by die rivier gaan kamp. Dan wou hy my 'n klap gee. As ons dit

sien, het ons gestorm. **As** die dae stadigaan verbygaan, het dit warmer geword. Hy vra die winkelier **as** hy nie 'n boeksak het nie. Die mamba het vyftien voet **gemeet.** Ons het om sewe-uur al op die dam gegaan. **Reg** van die begin af het ons gesukkel. Hy het ons reg aan die end van sy toespraak bedank.

(*b*) Die soldate word na die slagveld gevlieg. Sy het die beker melk op die tafel oorgestamp. Dit het die aand baie gestorm en die water het die paaie weggewas; daarna het die wind ons amper weggeblaas. Die stuk werk het my byna 'n hele dag gevat (geneem). Toe ons daar was, was dit die regte seisoen vir vakansie. Die huis was propvol; so moes ek en Piet in die tent slaap. Daar het graspolle al oor die pad gestaan. Stuur die boek na haar. Die motor het vinnig rond die hoek gekom. Hulle woon op die tweede vloer. Hulle het my af die straat gejaag. Sy pak haar naaldwerk op die een kant van die tafel. Ek het myself baie geniet. Skryf die opstel in ink!

OEFENING 7.

Soos die vorige:

(*a*) Ons hardloop rond die huis. Hulle is kwaad met my. Sy kry sommer gou moeg. Jy moet wegkry van hulle af. Daar is baie vuilgoed in die boer's se land. Die dief het uit die venster gespring. Die brandweer het die vuur gou uitgesit. Skree vir help. Huil vir kos. Sy kos bestaan net van vleis. My ouers het gisteraand bietjie uitgegaan maar vanaand is hulle in. Ek is nog net kort van 'n wieletjie vir my waentjie. Die pasiënt kan vandag al in sy bed opsit. Die motorfiets het hom oorgery (oorgeslaan). Ek het 'n klip na die kwaai hond gegooi.

(*b*) Die verkeerslig het sommer skielik rooi gegaan. Hierdie stok sal dien vir kierie. Ja, 5/- sal darem doen. As jy weet is ek mos vandag vyftien jaar oud. As hy deur die land loop, het die voëls weggevlieg. Ek maak die sakdoek op sy arm vas. Hy het die hokkie met hout gemaak. In die oorlog is al die verraaiers geskiet. Jy sal slae kry vir sulke slordige werk. Hy moes die rieme sny om los te kom. Goeie môre, hoe is jy? Toe hy die huis in kry, was hy baie moeg. Ons het by motor gery. Bedroef gaan sit hy op die grond neer. Siende dat jy moeg is, sal ek jou help.

OEFENING 8.

Soos die voorafgaande:

(*a*) Ons neem Afrikaans by mnr. du Plessis. Daardie part van die verhaal is oordrewe. In ander woorde. Wat meen hierdie woord? Sy het in die stad opgegroei. In my opinie. Sy gaan elke Sondagnag kerk-toe. Die groter leeutjie het gebrul. Ons gaan vir 'n piekniek na die watervalle. Die Uniegeboue. Sy dra brille. Dis buite meer koel. 'n Lewe maak. Wat is op met jou? Neem maar 'n stoel as jy moeg is.

(*b*) Oom Jan deel nou by die koöperatiewe stoor. Die onderwyseres vertel hom die betekenis. Wat meen daardie woord? 'n Rivierbank. 'n Weekend. Die konsert kom môre af. 'n Brief optrek. Ek moet vinnig werk om tyd op te maak. Siekverlof. Daar kom die trein nou eers; sy is laat. Jou geluk is in. Parys lê op die Vaalrivier. Ek koop al my klere by Stuttaford's. Ek lyk dit glad nie. Hy het sy kop verloor. Vir inligting doen aansoek by die bestuurder.

OEFENING 9.

Soos die voorafgaande:

(*a*) Wat is aan in die bioskoop? Baie winkelklerke het Woensdagmiddag af. Iemand op die stasie afsien. Jy sit my af met jou praatjies. Die kêreltjie wys tog graag af. Apart daarvan het jy nog verkeerd. 'n Sitplek boek. 'n Reis breek. Linne by die jaart verkoop. Die oogarts sê ek moet nuwe glase kry. In lente is die gras al mooi groen. Ons het baie grappe, stories en so aan vertel. Ons twee moet die saak nou reguit maak. Die Afrikaans opstel was baie moeilik. Sy voorspelling het waargekom.

(*b*) Hy het verlede week vir die spoorwegeksamen gesit. Bennie Osler het sy merk gemaak. Ek sal die saak later weer opbring. Sy het die vent net 'n kyk gegee. Almal van ons word deur die verandering geraak. As hy jou nie lyk nie, waar kom ek dan in? Sal jy haar vanaand 'n lui gee? Sannie was opgenome met haarself oor die boekprys. Die skoolmaats het 'n uitval gehad. Die kommissie het 'n lang verslag uitgebring. Wie het nie die grap gevang nie? Sy het gou 'n verskoning opgemaak. Dis nie vir my om te sê dat sy onbeleefd was nie. Die swemmer het in die rivier geduik om nooit weer uit te kom nie. Die voorspeler het darem weer sy vorm teruggekry. Neem jou tyd as jy skiet. Ek kon myself

darem nie help en daarom het ek gelag. Rikie is by ver die beste hardloper. Sy doen dit maar op dieselfde lyne as gister. Die arm vrou het £3 vir die kerk gegee waar die ryk man net £1 afgestaan het.

SINSBOU

OEFENING 10.

Verbeter die anglisistiese sinsbou van die sinne hieronder:

(*a*) Ons het gesien 'n dooie bok. In die Bosveld daar is baie bome. Jy kon hom duidelik gesien het op die syweg. Die dief het in die klerekas eers gekrap. Ek het dit goed toegemaak die vorige aand. Ons gaan Kaap-toe aanstaande week. Ons het twee naturelle by ons gehad wat die kos moes dra. My pa roep 'n polisieman te kom vat die inbreker weg. Die honde hardloop weg van my. Die perde is almal gekoop deur my oupa. Sagrys het bang vir hom geword.

(*b*) Ons kan sien hoe stout is hy. Van daardie dag af Dirk is genoem 'n sport. Ons het vis gevang die hele dag. Ons het weer plaas-toe gery met die motor. Dit het begin te reën taamlik hard. Die moord is ongetwyfeld gepleeg deur 'n astrante kêrel. Oumatjie, baie opgewonde, stap die winkel binne. Snags die jakhalse tjank in die veld. Hy het die spreker nie vertou wat ernstig gepraat het nie. Ons het geweet dat hy wou uit die land uit vlug.

OEFENING 11.

Soos die voorafgaande:

(*a*) My broer het voëls geskiet met sy windbuks. Hy het die kissie oopgesluit met 'n geheime sleutel. Die dag daarna het hulle hom gevang tien myl van ons huis af. Ons kan glad nie dink om waar te gaan nie. Al die bediendes weet dat hulle moet so hard werk as moontlik. Ons weet dat die skuld nou moet betaal word. In die kombuis daar is twee stowe. Sy stuur haar seun dorp-toe elke dag. Sy dink dat hy sal na die waterval gaan. Toe wil die man weet wat ek het gesien in die kamer.

(*b*) Die gevolg was dat ons neergeslaan het op die vloer. Hy het my verseker dat die boodskap sal deur hom afgelewer word. Johanna, alhoewel sy swaar onder hom gely het, het hom nog liefgehad. Hy sal nooit nie weer weg van sy huis

gaan nie. Hy kan dit heeltemal baasraak sonder my hulp. Dit was nie nodig dat hy moet vir nog twee weke werk nie. Die kampe word besoek deur mense wat jaarliks gaan na Lourenco Marques. Dit sal sleg gaan met hom. Ons het van die stasie eenuur weggegaan en by die dam omtrent vieruur gekom. 'n Week gelede sy motor is gesteel in die straat.

ENGELSE WOORDE

OEFENING 12.

Gee suiwer Afrikaanse woorde of uitdrukkinge vir onderstaande gebruiklike Engelse woorde:

(*a*) Breakfast, cardboard, ceiling, chocolate, job, slippers, box, cap, dairy, fern, gin, hose, injection, lawn, porter, sandwich, siding, supper, wardrobe, acid.

(*b*) Dinner, taxi, suitcase, sideboard, court, pedigree, badge, bandage, blades, bulb, convent, lift, talkie, flour, slums, tricycle, receipt, label, pyamas, gravel, gown.

(*c*) Afford, all right, apprentice, A.1., O.K., bargain, hobby, iodine, subway, torch, traffic, (bank) teller (kassier), dummy (vir 'n babatjie), indelible pencil (inkpotlood), lunch, swanky, plaster of Paris, buttonhole, hike, buckle.

(*d*) Cheerio, bouquet, chops, railway cutting (deurgrawing), drain, fuse wire, hard-lines, loafer, overall, propeller, railway crossing, salesman, stud, gears, switch, tonic, tip, game (ek is ..), clutch, reverse, hullo, so long!

VERTALING

OEFENING 13.

Vertaal in suiwer Afrikaans:

(*a*) 1. What is his age and where was he born? 2. He asked whether I heard the knock at the door. 3. One cannot do that if one wants to pass. 4. The best thing to do is to keep silent. 5. As you know we had breakfast at the bridge. 6. You will be better off if you look after yourself. 7. I shall catch you up before you are round the corner. 8. Our team won the cup by three goals to one. 9. No, he told me quite a different story. 10. All of us had to crawl under the rope to get on to the football field.

(*b*) 1. Get me a glass of water, please. 2. It is hard lines but what can I do about it? 3. He could not help crying. 4. You are wanted on the phone. 5. The civil servants do not have Saturdays off. 6. Don't put off the light before I have put on my hat. 7. My father put in for seven days' leave. 8. He took her for a long spin. 9. Will you please give me a lift? 10. I picked up some Portugese while I was in Beira.

(*c*) 1. Something went wrong with the electricity this morning. 2. What was the price of your pair of trousers, John? 3. It's all the same to me, Daddy. 4. I have no time to spare for that sort of thing. 5. It takes a long time to go there. 6. What is the time now and by what time can you be ready? 7. He and I will visit you to-night. 8. Is your watch fast or slow? 9. We got off the bus at the corner. 10. You must do away with all your old clothes.

(*d*) 1. The girls went there on foot, the boys on horseback and our parents by car. 2. You ought not to have written that letter. 3. All the buildings were lit up last night. 4. Just a minute, sir, I only want to fetch your change. 5. Do remind me of the books which I must return to the library. 6. He broke his journey here in order to visit us. 7. They simply could not leave the office: it rained cats and dogs. 8. Goodness me, don't you also believe in "the more, the merrier?" 9. It took me almost a week to recover. 10. It appears that Felix is the better of those two cricketers. 11. I liked the paintings very much and so did my sister.

(*e*) 1. The girls went for a walk all by themselves as their companion still had to see to the work which the new servant had to finish before tea. 2. Within the next thirty or forty years the population of our town will definitely be doubled. 3. One should not be so foolish as to spite oneself. 4. Of course, you may have it your way, if you don't want to trust me. 5. Do these bangles belong to Ann or are they yours? I have none. 6. You need not turn up tonight if you are not feeling well. 7. I am afraid we cannot finish our work as the bell has just gone. 8. The child was run over by the taxi and seriously injured. 9. The results are out already and I have seen your name in the paper. 10. They never thought of having their picnic down at the river near to the falls.

HOOFSTUK 29

PARAFRASE (OF OMSKRYWING)

'n Parafrase is 'n volledige weergawe in eenvoudiger taal van **al** die gedagtes wat in 'n stuk prosa of poësie vervat is.

In 'n uittreksel word net die **hoofgedagtes** in die stuk weergegee. In die parafrase moet **al die gedagtes**, d.w.s. **die volledige inhoud** oorvertel word. In die parafrase moet duidelik uitkom dat jy die oorspronklike stuk deeglik **begryp** en dat jy in staat is om die gedagtes daarin vervat, in jou eie woorde oor te vertel.

Hoe om te werk te gaan:

Parafraseer:

Reguit en raak-sekuur
blits uit die tentwa-muur,
driemaal die Boere-vuur,
kraak hulle roere,
maaiend die horde om —
drie male, al wat kom —
kyk, tot die swarte drom
wyk vir die Boere!

(Jan Celliers: *Dingaansdag.*)

Opm. 1. Lees die stuk herhaalde kere deur tot jy **die betekenis goed begryp**. Dit is duidelik dat hier 'n geveg tussen die Trekkerboere en die Kaffers beskryf word.

Opm. 2. Skryf nou die verskillende **gedagtes** in jou eie woorde oor. Dit is nie nodig dat jy dieselfde volgorde as in die oorspronklike stuk, volg nie. Laat die hoofgedagte goed uitkom. Vereenvoudig lang, ingewikkelde sinne wat in die oorspronklike stuk mag voorkom deur die inhoud van die lang sin in korter, eenvoudiger sinne weer te gee, en deur die woordorde te verander. Omskryf moeilike uitdrukkinge en woorde in eenvoudiger taal. Moet onder geen omstandighede probeer om die **woorde** in die stuk met ander **woorde** te vervang nie (woordelike omskrywing). Die hele sin moet omskryf word want dit is die **gedagtes** in die verskillende **sinne** vervat wat weergegee moet word, **nie** die betekenis van die **afsonderlike woorde** nie.

Die volgende is **nie** 'n goeie parafrase van bostaande stuk nie:

Nie krom nie en sonder om te mis weerlig uit die tentwakring driekeer die Trekkers se geweerskote, knetter hulle geweers wat die bende Kaffers laat omval, driekeer almal wat storm tot die swart menigte vlug voor die Trekkers.

Parafrase.

Die Boere skiet driekeer vinnig en met groot noukeurigheid vanuit die walaer. So word tot drie keer toe al die aanstormende Kaffers deur die knetterende geweers platgeskiet, net soos graan wat voor die sekel val, voordat die groot menigte vir die Boere vlug.

Verder:

Opm. 3. Vrae en uitroepe moet in die vorm van mededelings en vergelykings, metafore, personifikasies en ander vorme van figuurlike taal, moet deur eenvoudiger taal weergegee word.

Voorbeelde:

(*a*) „Wie tog onder julle kan, deur hom te kwel, een el tot sy lengte toevoeg?"

Parafrase:

Dit is nutteloos om jou te bekommer; jy sal daardeur nie langer kan word nie.

(*b*) „Die Volkslied! En so vroeg al in die môre? Ja, dit is die afgesproke teken, Martjie staat al lank daarop te wag."

Parafrase:

Die Volkslied word vroeg in die oggend gesing. Martjie staan al lankal en wag om dit te hoor want dit is die teken wat hulle afgespreek het.

(*c*) „Met kloue vooruit om te gryp en te buit
jaag 'n haelwolk langs verby . . ."

Parafrase:

'n Haelwolk met vooruitstekende punte, soos die kloue van 'n roofdier wat regstaan om sy prooi te pak, trek vinnig daar verby.

Opm. 4. Dit is nie nodig om elke woord in die gegewe stuk deur 'n ander woord te vervang nie. Eenvoudige woorde kan behou word veral as die betekenis deur die gebruik van ander

woorde minder duidelik word. In (*b*) hierbo bv., is **vroeg, volkslied** en **teken** nie deur ander woorde vervang nie. Dis ook nie nodig om die eerste persoon in die derde persoon te verander nie.

Opm. 5. Die toon (styl) van jou parafrase moet ooreenstem met die toon van die gegewe stuk. As die oorspronklike stuk 'n verhewe toon het, moet jou parafrase nie plat wees nie, maar die verhewe toon van die oorspronklike weerspieël.

Opm. 6. Die inhoud van die stuk moet volledig weergegee word, maar mag ook niks meer as wat in die oorspronklike stuk staan, bevat nie.

OEFENING 1.

Parafraseer (gee die volledige betekenis in jou eie woorde weer):

(1) Waar die hart van vol is loop die mond van oor.
(2) Eers gegee dan geneem, erger as 'n dief gesteel.
(3) Moet nie sê: Fonteintjie ek sal nie meer van jou water drink nie.
(4) Die beste touleier sit op die voorbok.
(5) Vroeg ryp, vroeg rot, vroeg wys, vroeg sot.
(6) Hy laat geen gras onder sy voete groei nie.
(7) As die kok en die kok se maat twis gekry het, dan weet jy waar die spek gebly het.
(8) Eerlikheid het 'n os geslag, en Fatsoenlikheid het hom opgeëet.
(9) Stille water, diepe grond, onder draai die duiwel rond.
(10) Agteros kom ook in die kraal.

OEFENING 2.

Parafraseer:

A. „Ek ken 'n mooi klein sprokie
wat so na waarheid klink —
dis dat die tortel altyd
sy water troewel drink."

(Totius: *'n Sprokie.*)

B. „Dis warm . . .
en stil.

Stil ook in die grote boere-huis onder die eike;
geslote ten halwe die luike
— die groene luike van die rame —
soos oge swaar van sluimering
by middag-sonnestowe;
mure en stoep hier en daar
bestrooi met ligtende skyfies,
waar die sonlig val deur die blare,
deur die donkere loof van die eike.

(Jan Celliers: *Martjie.*)

C. Dit is die maand Oktober,
die mooiste, mooiste maand:
Dan is die dag so helder,
so groen is elke aand,
So blou en sonder wolke
die hemel heerlik bo,
So blomtuin-vol van kleure
die asvaal ou Karo.

D. Wat gee ek om die winter?
Wat praat jy nou van Mei?
Wat skeel dit as ons later
weer donker dae kry?
Ek is nou in Oktober,
die mooiste, mooiste maand:
Met elke dag so helder,
so pragtig elke aand.

(Leipoldt: *Oktobermaand.*)

OEFENING 3.

Soos die vorige:

A. Stille Werkers.

Oubaas sit oordwars op ou Geduld,
Met kop omlaag, en oë op die grond,
So dra hy oubaas huistoe, stap vir stap.
Oubaas pof 'n rokie uit sy pyp,
So nou en dan, teen rooi van awendlug,
en praat 'n woordjie met sy goeie ou maat,
Daar's goudlig in sy baard; en die aandson gee
die ou perd 'n laaste rapsie oor sy kruis.
En stil is hul oor dagtaak afgedaan,

en stil sal hulle môre weer begin—
tot eendag ook oor hul die velde swyg.

B. Droogte.

„Water wel nie uit die put,
„droef-verlaat die eensaam hut,
„en die towerend melody,
„kriek-gewiegel is verby.
„Nou geen vrolik lamgeblaat
„oor die veld se suiselend saad—
„snags draal soms 'n koele lug
„waar elke lewensteken vlug.

„En die landman staan alleen
„waar die velde rondom ween,
„en hy send sy droewe klag
„op die vlerke van die nag
„na die sfere waar God woon,
„waar Sy hemelligte troon,
„biddend dat tog weer eenmaal
„uit Sy hemel reën daal."

C. Die Boesman.

„Daar is wreedheid en lis in sy blikke,
skerp en deurloerend sy oog:
geen wild ontglip ooit sy mikke
met vergiftigde pyle en boog.
Van Kaapland se rotsige strande
het sy donkere ryk eens gestrek
tot waar die Nylstroom se sande
deur 'n skroeiende lug word gedek.
So swerf hy oor Afrika's pleine
en beoefen sy nietig bedryf:
al die wild van die veld bly syne
tot 'n edeler ras hom verdryf."

D. „Ek hou van 'n man wat sy moeder eer
in die taal uit haar vrome mond geleer,
en die bastergeslag
in sy siel verag
wat, haar verstotend, hulself kleineer.

Vir my d' Afrikaner van durf en daad,
wat Mammons eers en loon versmaad,
sy hoof en sy hand
vir sy volk en sy land
en 'n trap van sy voet vir laag verraad."

E. Die diepste smart het sy geduldig
Gedra, die eed'le Boerevrou;
Deur al haar leed so menigvuldig
Het sy haar hoof steeds hoog gehou.
En toe haar seun, haar al op aarde,
'n Vroeë graf vind op die veld,
Roep sy met trots: „'k Bedwing my trane,
Ek was die moeder van 'n held!
Hy rus in vaderlandse aarde,
Trou waak die sterre oor sy graf,
En vir ons vryheid — o, vrywillig —
Lê ek my lewe ook nou af."

F. Vry!

(Sonnet)

Op swart agtergrond van al wat ons moet ly
Blink as 'n ster in duist're nag die een woord: Vry!

U het o Heer, ons volk met eie hand
Gelei, opdat hul rein U woord bewaar,
Van Noord tot Suid langs weë wonderbaar
En onder vreemde sterre hier geplant.
„Om vryheidswil, verlaat die Suiderstrand,
Trek Noord en deins terug vir geen gevaar"
't was U bevel. Van Kaap tot Ewenaar
Lê nog ons bloedspoor deur die donker land!
Om weer — die vadererf verwoes, verbrand —
Na naamloos' leed die onderspit te delf
In ongelyke stryd teen dwinglandy!
Ai my! Ons ken geen ander vaderland.
Die drang na vryheid kom tog van U self;
Maak, Heer, ons volk, U Benjamin, weer vry!

(No. A–F van hierdie oefening uit: Unie-onderwysdept.: Nasionale Tegniese en Handelseksamens, Junior.)

HOOFSTUK 30

DIE UITTREKSEL (PRÈCIS)

'n Uittreksel (of opsomming) is 'n kort weergawe van die hoofgedagtes in 'n stuk oor een of ander onderwerp.

Nie al die gedagtes nie, maar **net die belangrike gedagtes** moet in **eenvoudige sinne** wat saam 'n **mooi kort paragraaf** uitmaak, weergegee word. Die uittreksel moet die **kern** of **pit** van die oorspronklike stuk weergee — niks meer nie. Die lengte daarvan moet van een-kwart tot een-derde van die lengte van die oorspronklike stuk wees.

Hoe om te werk te gaan:

(1) Lees die hele stuk 'n paar maal aandagtig deur tot jy goed begryp waaroor dit gaan. Gee die stuk dan 'n gepaste opskrif (dis in werklikheid 'n opsomming van die hele stuk in 'n paar woorde).

(2) Skryf nou die kerngedagtes in die stuk, in kort sinne neer. (Net soos jy by die ontleding van paragrawe by die opstel, gedoen het.)

(3) Verbind nou hierdie gedagtes deur middel van eenvoudige duidelike volsinne sodat hulle tesame 'n mooi paragraaf uitmaak.

(4) Vergelyk hierdie paragraaf met die oorspronklike stuk en kyk of dit al die hooffeite bevat.

(5) Kyk of die uittreksel nie te lank is nie en skraap, indien dit die geval is, woorde wat nie absoluut nodig is nie soos byvoeglike naamwoorde en bywoorde.

Voorbeeld:

Stuk:

Maar, òf omdat die roeiers te gerus en eiesinnig gewees het, òf omdat hulle vir die eerste keer hul teenwoordigheid van gees verloor het, maak hulle glad 'n verkeerde draai; en die swaar brander, onder wilde krete van die meisies, wip die skuitjie in 'n kits omhoog asof dit 'n stukkie speelgoed was, smyt dit teen die klip waarvoor Johannes gevrees het, omver, en bars skuimend oor die hele span los. Vir 'n oomblik was daar byna niks van die klompie van die wal af te sien nie —

net die bodem van die omgeslaande skuit. Maar dieselfde golf wat die bootjie so meedoënloos omgegooi het, het ook die passasiers, wat daaruit geslinger was kragtig na die land gehelp. Toe die water weer aan die terugtog was, het vyf uit die ses van hulle al 'n vaste voet op die bodem gekry en, met die hulp van Joosten en Malherbe, veilig die strand bereik.

(omtrent 150 woorde.)

Opskrif: 'n Bootjie slaan om.

Hooffeite:

(1) Die roeiers maak 'n verkeerde draai en 'n groot brander smyt meteens die bootjie met passasiers en al teen 'n klip omver.

(2) Die passasiers verdwyn skreeuend in die skuim maar die brander help hulle na die land.

(3) Vyf bereik veilig die strand.

Uittreksel:

Toe die roeiers 'n verkeerde draai maak, smyt 'n groot brander die boot teen 'n klip omver. Die passasiers verdwyn skreeuend in die skuim. Die brander help hul egter na die land en vyf bereik veilig die strand.

OEFENINGE:

Maak saaklike opsommings (ongeveer een-derde so lank as die oorspronklike) van die volgende stukke:

(1) Maar waar was die sesde? En waar Johannes? Die persoon wat ongelukkig aan die agterste ent van die skuit gesit het, die jongste van die drie kappiedraers, is met die terugstroming van die water teruggevoer; en Johannes, wat dit bemerk het, het onmiddellik na haar toe geswem, sonder om 'n oomblik aan die gevaar waaraan hy homself blootstel, te dink. Maar hoe dieper hy inswem, hoe dieper trek die golf die worstelende drenkeling in; en, hoewel sy slegs kortvoor hom uit was, het sy al tweemaal heeltemal onder die water verdwyn, sonder dat hy aan haar kon raak. Die stroming sleep haar snel in die rigting van 'n skerp rots; en stellig sou haar kop daaraan vermorsel geword het, as die laaste greep wat Johannes na haar doen, nie geluk het nie. Met 'n vinnige ruk aan haar arm, vlieg haar liggaam, saam met syne, veilig, hoewel baie skram, die rots in die vliedende stroom verby;

en 'n paar sekondes later kon hy met sy linkerhand aan 'n ander rots vasklem. Sonder te veel moeite klim hy op hierdie klip met meisie en al — 'n kordaatstuk, waarvoor Malherbe en Joosten, wat albei nog kniediep in die water bly staan en met beklemde borste en wydgespalkte oë die bange toneel gadegeslaan het, hom luidrugtig toejuig.

(Uit: J. H. H. de Waal: *Johannes van Wyk.*)

(2) Die bobbejane op Sterkspruit was darem vir jou 'n afgedankste klomp adoonse! Glo vir my, daardie trop duskant die berg was net so slim soos die houtjie van die galg! Byvoorbeeld, as 'n mens die plek nader waar kees in die groentetuin links van die lande so sit en kwaaddoen, dan waarsku die een wat op die paal sit en waghou, nie vir die ander as dit 'n vroumens is nie. Maar pasop as iemand met 'n broek en baadjie na hulle aangestap kom, dan — wel, Adoons was heel eenvoudig vir vroumense op Sterkspruit nie 'n haartjie bang nie!

Oom Flip, wat vinger in die baard weer na sy vernielde lap patattas staan en kyk, merk een oggend aan sy seun langs hom op:

„Dawid, neef Adoons gaan darem vir jou nou eenmaal te straf aan. Dis wrintig waar! Daar moet ernstige stappe teen hulle geneem word, anders raak ek nog bankrot. En tog hou ek nie daarvan om die arme, ellendige goed dood te skiet nie; maar ons is gedwing om 'n voorbeeld van een of twee van hulle te maak, anders besorg hulle ons weer so 'n skade soos verlede jaar."

(Uit: Leon Maré: *Bartjie Koekemoer.*)

(3) Daar was 'n droogte wat strawwer en strawwer geword het; die waters gee op, en die wild trek weg. So moes die Boesmans en diere ook maar volg — almal in die koers van die wild.

Twee huisgesinne van Boesmans het saamgetrek. Op pad het hulle dit met kos en water baie swaar gekry, en hulle kinders huil net gedurig oor kos en water. Dit het die ouers hulle harte net seer laat voel, sodat hul soms saam met hulle kinders wou huil. Hier en daar kry hul 'n veldkossie of tel 'n skilpad op of kry 'n nes van 'n lammervanger of kuikendief waarin òf eiers òf kleintjies is; ook moes hul soms muise en akkedisse vang om daarmee hulle kinders aan lewe te hou.

Maar hoe omtrent water? Dit was hulle doodsteek!

Een aand toe die kinders al van dors wou sterwe en hul algar met hulle koppe op die grond radeloos lê, hoor die een ou Boesman vir Groot-Waterslang onder die grond kruip. Dis die groot slang met die skitterende steen op sy kop, wat vir die Boesmans water in die dor streke maak.

Die ou man begin met Waterslang te praat; hy strooi gemaalde boegoe op die grond dat die slang kan ruik en moet weet dat hy water moet kom maak of aanwys. Hy het die slang geprys, toe weer mooi gepraat, totdat die slang onder die grond antwoord gee en sê dat as dit in die oggend lig word, hy vir die Boesmans kos en water sal hê.

(Uit: G. R. von Wielligh: *Boesmanstories Deel II*)

(4) „Sikonyella het destyds gewoon aan die Witberge, nie ver van die plek waar later Harrismith uitgelê is nie. Die diefstal was reeds 'n maand of twee gelede gepleeg; maar teneinde die Zoeloes verder te oortuig, het die patroljie, wat voor Retief uit die laers is, eers die spoor gaan vat van die beeste, van die plek af waar hul van die Zoeloes afgeneem was. En slegs met groot moeite kon hul nog hier en daar in spruite en vleie die spore volg. Op dié wyse het hul gevind dat die spore regstreeks Drakensberge oorgaan, dwarsoor die Boeretrekpad in die rigting van die Witberge, waar nou nog 'n nek die naam van Retiefsnek dra."

(5) „Dit is merkwaardig dat Sarel Cilliers 'n prominente deel geneem het aan die drie vernaamste gevegte van die Groottrek, namelik Vegkop, Moordspruit en Bloedrivier. En tog was hy nie in die eerste plaas 'n vegsman nie. Die eintlike krygsmanne van die Trek, soos Potgieter, Maritz en Pretorius, was in een of meer van die genoemde gevegte betrokke, maar Cilliers het aan al drie nie slegs deelgeneem nie, maar 'n leidende aandeel geneem. Sy heldhaftigheid en selfs sy taktiese beleid het keer op keer aan die dag gekom; en die vraag ontstaan onwillekeurig of enige ander leier vir die Trek as geheel soveel en sulke veelsydige dienste bewys het as Sarel Cilliers. Groot as Godsman en groot as krygsman staan die figuur van hierdie stoere Voortrekker, wel nie so op die voorgrond as verskeie ander nie, maar in en agter al wat groot en goed was, soos die ruggraat wat vir die liggaam onmisbaar is en al die lede aanmekaar hou."

(6) „In die geskiedenis van ons ras het duisende dapper vrouens en meisies te voorskyn gekom. In die Trekdae; in die groot Kafferinvalle in die Kolonie; gedurende die inname van die noorde deur ons volk, moes die vrou dikwels plaasneem langs haar man om huis en kroos in die uiterste gevaar te beskerm. En daar is duisende wat op dié wyse hulle lewe prysgegee het.

In dié roerende dae was daar waarskynlik ook ontelbare gevalle van wat ek die hoër dapperheid noem: opoffering van die lewe sonder enige dwang van selfbeskerming, alleen uit liefde vir die naaste gebore. Baie van dié gevalle leef nog in familie-tradisies alleen; baie is vergeet. Ek wil 'n paar gevalle gee van hoogste dapperheid deur Afrikanermeisies van ons teenswoordige geslag betoon, wat myns insiens gelyk staan in reine skoonheid en aandoenlikheid met enigiets dergeliks wat die geskiedenis van die wêreld kan oplewer. Die groot onderskeid tussen ons gevalle en die gevalle onder ander volke is dat ons heldinne meestal vergeet is."

(7) Nie baie mense weet van die lyding van Jan van Riebeek en sy manskappe gedurende die eerste maande na hulle aankoms aan die Kaap nie. Dit was buitengewoon droog en daar was geen vars vleis of groente nie. Baie het gely aan skeurbuik en ingewandskoors. In die twee maande nadat hulle geland het, was daar baie sterfgevalle; en daar was so baie siek dat uit die honderd-en-sestien man net sestig in staat was om te werk. Toe dit later begin te reent, was die toestand nog erger, want hulle het geen beskutting teen wind en weer gehad nie. Maar gou het daar verandering gekom. Die tuinier, Hendrik Boom, het begin tuin maak en die groente wat gekweek is, het groot verandering in almal se gesondheid gebring.

(8) Sommige mense het van liewerlede gewend geword aan die trek- of laerlewe, sodat hulle vir jare en jare nog aan rondswerwe was van die een plek na die ander. En die lewe het dan ook sy bekoring gehad. Die wêreld was oop, die grond het aan niemand behoort nie, en waar so 'n man uitspan, daar is hy vir die oomblik heeltemal tuis. Die lewe was sorgeloos, en het desweë alleen al menigeen aangetrek. Hulle verlaat 'n ou staanplek alleen as die veld sleg word, of die

wild skaars. Die opbrengs van die jag was nie alleen meer as voldoende om die pot aan koke te hou nie, maar óok om te voorsien in die behoeftes van so 'n gesin aan klere en ander sake, wat vir horings, tande en huide geruil word van die smouse. Hulle trek bring hulle gewoonlik so na moontlik aan die toneel van die jag, waar hulle 'n geskikte plek uitsoek en aan 'n mooi watertjie onder die grootste wilde bome hulle staanplek inrig.

(9) Debatsverenigínge en Kristelike Jongeliede-Verenigínge het baie gedoen vir die ontwikkeling en vooruitgang van ons jongmense. En wie sal dit ontken dat ook die oueres daar baie geleer het en nog leer? Het hulle dit nie self herhaalde male erken nie?

Sulke verenigínge bevorder die geselligheid: hulle leer die lede om mekaar te ken, te waardeer en te respekteer. Daar geniet 'n mens ontspanning, en soms ook wel inspanning, en dit gee afleiding van die gewone daaglikse gang. Ons skoolonderwys word daar voortgesit; veel van wat ons op skool geleer het word in herinnering gebring en prakties toegepas, en so word ons beter bekwaam vir ons posisie in die maatskappy. Daar word sprekers en denkers gevorm. Baie van ons knapste manne is hul glansryke loopbaan miskien netso veel verskuldig aan sulke verenigínge as aan hulle akademiese opleiding.

(10) Die geluk van die gesin hang onteenseglik af van die sukses wat die moeder daarvan maak. As die moeder die verpersoonliking van liefde en opoffering is, sal dit die huislike lewe verbasend ophelder en verlig. 'n Aantreklike geaardheid, 'n glimlag en 'n grappie nou tot dié en dan tot daardie kind, meer belangstelling in die handelwyse van die kleinste kind sowel as van die grotere, 'n liefderyke kus en 'n druk aan die boesem van groot en klein, sal 'n onbreekbare liefde in die harte laat ontbrand en ontwikkel tot 'n ongekende grootte. Daar sal 'n wedersydse liefde en vriendskap posvat en groei tussen ouer en kind, wat met die tyd onmeetbare geluk sal verskaf, wat ten gevolge sal hê 'n ongeëwenaarde gelukkige huislike lewe, wat nie alleen sal strek tot seën van die gesin nie, maar 'n spoorslag en voorbeeld sal wees vir baie ander en onuitspreeklik baie teweeg sal kan bring.

(No. 4–10 uit eksamenvraestelle, Unie-Onderwysdept., Junior.)

COLLEGIUM-REEKS
No. 20